UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# OUD-BOSWERKERS EN NAKOMELINGE VAN BOSWERKERS IN DIE MIDDELLANDSE BOSSTREEK MET BESONDERE VERWYSING NA KNYSNA.

'n Sosiologiese Ondersoek

deur

P. F. S. J. VAN RENSBURG.

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van
die vereistes vir die graad

D. PHIL.

In die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte,
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
PRETORIA.

November, 1949.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ORD.

Dit is met waardering dat ek, by die voorlegging van hierdie verhandeling, die name van enkele persone wat my behulpsaam was, wil noem. In die eerste plek my innige dank aan my promotor, prof. dr. G. Cronjé. Die voortdurende besieling wat ek uit sy leiding, sy objektiewe benadering en sy sistematiese denkwyse geput het, is met hierdie werk bekroon.

In die tweede plek my innige dank aan dr. Harding le Riche, mediese beampte van die Gesondheidsentrum, Knysna vir sy waardevolle kommentaar oor en hulp i.v.m. die verwerking van gegewens vir Hoofstuk VIII. Ook my dank aan dr. F.S. du Toit wat hierdie hoofstuk gelees het. My waardering word ook teenoor prof. dr. B.F. Nel wat Hoofstuk VII gelees het, uitgespreek.

Verder wens ek my dank aan prof. dr. J.A.J.J. van Rensburg, Departement Sielkunde, Stellenbosch uit te spreek daar hy deur middel van een van sy senior studente my die I.K.-toetse laat bekom het.

Ook 'n woord van dank aan my eggenote wat met soveel belangstelling en geduld die manuskrip gelees het en met die nasien van statistiese gegewens en die maak van kaarte gehelp het.

Ten slotte wens ek my waardering teenoor skoolhoofde en onderwysers van Knysna uit te spreek vir die bereidwilligheid om my van die nodige gegewens te voorsien.

P.F.S.J. van Rensburg, (M.A.)(PRET),
Johannesburg,
Oktober, 1949.

De opvatting van een bepaald persoon over den zin van het leven is van groot gewicht, want zij is het richtsnoer voor zijn denken, voelen en handelen.

Alfred Adler. (Vertaald)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Inhoudsopgawe:

Hoofstuk I. Bladsy

Inleiding: .......... 1

1. Begripsbepaling .......... 1
2. Die Gebied .......... 4
3. Metodes en Bronne .......... 4
4. Die Tydperk van die Ondersoek .......... 8
5. Die Doelstelling .......... 9

Hoofstuk II.

Die Aardrykskundige Kenmerke van die Bosstreek en die Geskiedkundige Agtergrond van die Bosgemeenskap. 11

1. Die Aardrykskundige Kenmerke .......... 11
   (a) Die Ligging en Oppervlakte van die Bosstreek .......... 11
   (b) Temperatuur en Reënval .......... 17
   (c) Die Ontwikkeling van Verkeersweë en Vervoermiddels .......... 22
   (d) Landbou en Bosbou .......... 28
   (e) Minerale Stowwe .......... 32
2. Die Bevolking van die Bosstreek .......... 33
   (a) Die Oorsprong van Blankes in die Bosstreek .......... 33
   (b) Die Bevolkingsgroei .......... 38
3. Die Boswerker en Staatsbeheer .......... 42
   (a) Die Tydperk voor 1847 .......... 42
   (b) Die Tydperk 1847-1909 .......... 44
   (c) Die Tydperk 1910-1939 .......... 60

Hoofstuk III.

Verarming en Veragtering. 70

1. Teoretiese Beskouing .......... 70
2. Bosbeheer .......... 80
3. Bosbeleid .......... 83
4. Die Houthandel .......... 88
5. Beroepsbeperking .......... 97
6. Die Werksomstandighede van Boswerkers 100
7. Maatskaplike en Bloedvermenging .......... 102
8. Lektuur en Kultuurpeil .......... 110
9. Die Geestesgesteldheid van Boswerkers 113

Hoofstuk IV.

Die Geslotenheid van die Gemeenskap. 119

1. Die Ontstaan van Boswerkersfamilies .. 119
2. Ondertrouing .......... 124
3. Onbeweeglikheid .......... 143
   (a) Geboorteplekke van Ouers .......... 143
   (b) Plekke deur Ouers besoek .......... 143
   (c) Die Woonplek van werkende kinders 146

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk IV (vervolg).

4. Die Gehegtheid aan die Bosstreek...... 147
5. Die „Standeverskil"................... 152
6. Persöonlikheidstrekke................. 155

Hoofstuk V.

Die Ekonomiese Toestand van Oudboswerkers en hul Nakomelinge. 163

1. Die Opkoms van 'n Besitlose Groep..... 163
2. Die Beroep............................ 168

(a) Beroepsdistribusie van die Manlike Bevolking van Knysna........ 168
(b) Beroepsdistribusie van Gesinshoofde t.o.v. 9 Distrikskole..... 171
(c) Beroepsdistribusie by 175 Gesinshoofde.......................... 177
(d) Beroepsdistribusie by 483 Kinders 179

3. Die Inkomste en Vaste Eiendom......... 182

(a) Die Inkomste..................... 182
(b) Vaste Eiendom.................... 183

Hoofstuk VI.

Die Gesinslewe. 190

1. Ouderdom by Huweliksluiting........... 190
2. Die Kindertal......................... 197
3. Buite-egtelike Verhoudings............ 202

(a) Opmerkings....................... 202
(b) Die „Verpligte Huwelik".......... 203
(c) Die „Voor-kind".................. 204

4. Egskeiding en Verlating............... 209
5. Die Huislike Lewe..................... 210

(a) Die Woning....................... 211
(b) Die Huislike Kring............... 216

Hoofstuk VII.

Onderwys en Opvoeding. 220

1. Onderwysgeriewe...................... 220
2. Die Onderwyspeil..................... 224
3. Vergelyking tussen Bevolkingsyfer en Skoolbevolking.................... 233
4. Vertraging........................... 235

(a) Die Norm of Maatstaf............ 236
(b) Die Omvang van die Verskynsel... 239
(c) Verklaring van Vertraging....... 246

(i) Skoolbesoek............... 248
(ii) Die Verstandsfaktor....... 250
(iii) Ouderdom by Skoolaanvang... 255
(iv) Verwisseling van Skool.... 257
(v) Die Houding teenoor die Onderwys................. 259

5. Uitskakeling......................... 265

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk VIII.

Die Fisieke Toestand. 274

1. Doodsoorsake en Siektes............... 275
2. Die Voedingstoestand................. 285

Hoofstuk IX.

Slotbeskouing. 305

1. Die Probleem......................... 305

II. Vroeëre Beoordeling en Benadering van die Vraagstuk......................... 306

1. Die Bosstreek bied 'n Oplossing... 307
2. Bestaan verbonde aan Boswesé...... 309
3. Die Landbou...................... 310
4. Behuising........................ 315
5. Die Stigting van Nedersettings.... 318
6. Welsyns- en Gesondheidsentrum..... 326
7. Die Onderwys...................... 329

III. Voorgestelde Beleid.................. 332

1. Uitgangspunt...................... 332
2. Probleemvormende Gemeenskappe..... 334

(a) Die Plantasiewerkers......... 334
(b) Nedersettings................ 338
(c) Erfpagbewoners en Lewensreg-bewoners..................... 342

3. Die Proses van Ontsluiting........ 343

(a) Welsynsentrum(s)............. 345
(b) Die Organisasie.............. 347
(c) Gesins- en Groepsorg......... 348
(d) Jeugsorg..................... 350
(e) Die Gesondheidsdiens......... 353
(f) Die Onderwys................. 354

oooooo000oooooo

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel XIV. .. .. .. .. .. .. .. .. 172

Beroepsdistribusie t.o.v. Broodwinners van nege skole in die Platteland (distrik Knysna). (1946-'47).

Tabel XV. .. .. .. .. .. .. .. .. 177

Beroepsdistribusie van Gesinshoofde van 175 Bestudeerde Gesinne (1946-'47)

Tabel XVI. .. .. .. .. .. .. .. .. 179

Beroepsdistribusie van Werkende Kinders van Bestudeerde Gesinne (1946-'47).

Tabel XVI(a). .. .. .. .. .. .. .. 183

Maandelikse Inkomste per gesin vir 175 Bestudeerde Gesinne (1946-'47).

Tabel XVII. .. .. .. .. .. .. .. .. 184

Waardasie van 35 Wonings (1946-'47).

Tabel XVIII. .. .. .. .. .. .. .. 184

Grootte van 23 Grondeiendomme in Morge. (1946-'47).

Tabel XIX. .. .. .. .. .. .. .. .. 190

Die Verspreiding van die Sluitingsdatum van 175 Huwelike. (1946-'47) opgestel).

Tabel XX. .. .. .. .. .. .. .. .. 191

Ouderdom van Blankes by Huweliksluiting.in die Unie, (1944).

Tabel XXI. .. .. .. .. .. .. .. .. 191

Ouderdom by Huweliksluiting wat die 175 Bestudeerde Gesinne betref (1946-'47).

Tabel XXII. .. .. .. .. .. .. .. .. 198

Die Aantal Kinders wat uit 175 Huwelike gebore is. (1946-'47 opgestel).

Tabel XXIII. .. .. .. .. .. .. .. 214

Wonings wat deur 175 Gesinne bewoon word. (1946-'47).

Tabel XXIV. .. .. .. .. .. .. .. 224

Bevoegdheid van Boswerkers, hul Vrouens en Kinders (bo 10 jaar) om te lees en te skryf. (1882).

Tabel XXV. .. .. .. .. .. .. .. 227

Onderwyspeil van Kinders wat gebore is uit Huwelike wat tussen 1880-1829 gesluit is. (1946-'47 opgestel).

Tabel XXVI. .. .. .. .. .. .. .. 228

Verband tussen die Ouderdomme van 175 Vaders en 175 Moeders en hul Onderwyspeil (1946-'47).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel XXVII. .. .. .. .. .. .. .. 231

Leerlinge wat met Std VI die Skool verlaat het of wat verder as Std VI studeer het, vir sewe Distrikskole in Knysna tussen 1920-1947.

Tabel XXVIII. .. .. .. .. .. .. 241

Ouderdomme en Standerds van Blanke Leerlinge in Kaaplandse Laerskole, Junie 1945 en die persentasie vertraging in die Unie in 1930.

Tabel XXIX. .. .. .. .. .. .. 242

Ouderdomme en Standerds van Blanke Leerlinge in Knysnase Laerskole - Nov.1945.

Tabel XXX. .. .. .. .. .. .. .. 244

Vertraging in Sewe Distrikskole, Knysna, Desember 1947.

Tabel XXXI. .. .. .. .. .. .. .. 246

Vertraging en Normale Vordering by Kinders van 175 Bestudeerde Gesinne (Nov. 1947).

Tabel XXXII. .. .. .. .. .. .. .. 248

Die Gemiddelde Persentasie Skoolbywoning in 'n Aantal Kaaplandse Dorpe en Distrikte vir Vierde Kwartaal 1945.

Tabel XXXIII. .. .. .. .. .. .. .. 251

Vertraging by Skoolkinders in Vyf Distrikskole, Knysna.(in 1948 opgestel).

Tabel XXXIV. .. .. ... .. .. .. 252

Intelligensie Kwosiënt van Skoolkinders in Vyf Distrikskole, Knysna (in 1948 afgeneem).

Tabel XXXV. .. .. .. .. .. .. 254

Vergelyking van I.K. van Kinders van Boswerkers en van ander Kinders.(1948)

Tabel XXXVI. .. .. .. .. .. .. 255

Toelatingsouderdom by Sewe Distrikskole in Knysna (1947).

Tabel XXXVII. .. .. .. .. .. .. 257

Verband tussen Vertraging en Verwisseling van Skool: Gegewens is vir Ses Distrikskole in Knysna (1947) .

Tabel XXXVIII. .. .. .. .. .. .. 268

Uitskakeling in Blanke Hoërskole in Kaapland vir die Jare 1931 tot 1946.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabelle XXXIX en XL. .. .. .. .. .. 269

Uitskakeling in die Hoërskool, Knysna gedurende 1937-'47 (werklike aantal, en aantal met 100 as basis vir Std VIII).

Tabel XLI. .. .. .. .. .. .. .. 269

Leerlinge wat die Huishoudskool, Knysna gedurende 1943, '44 en '45 verlaat het en die sertifikate wat hulle behaal het.

Tabel XLII. .. .. .. .. .. .. .. 271

Skoolkinders in die skole in die Knysnase Gebied vir die Jare 1939 en 1945.

Tabel XLIII. . .. .. .. .. .. .. 275

Sterftesyfer en sommige Doodsoorsake vir die Unie (1945) en Knysna (1947)(Blankes.)

Tabel XLIV. . .. .. .. .. .. .. 279

Oorsake van Ongeskiktheid by Oud-Soldate en Burgerlikes in Beskutte Werk en by Ongeskiktheidsgevalle in Knysna (1947).

Tabel XLV. .. .. .. .. .. .. .. 284

Ouderdomme waarop Burgerlikes en Oud-Soldate vir die Arbeidsmark onbekwaam is; Gegewens is vir die Unie en vir Knysna. (1947).

Tabel XLVI. .. .. .. .. .. .. .. 287/291

Vergelykende tabel t.o.v. Amptelike Rantsoenskaal en werklike Voedselverbruik vir 57 Gesinne en koste van Voedsel (p.w.). (1947)

Tabel XLVII. . .. .. .. .. .. . 297

Gemiddelde Gewig in lbs. vir Kinders van Unie (1940) en Indiwiduele Gewigte vir Kinders op Karatara (1947).

Tabel XLVIII. .. .. .. .. .. .. 297

Gemiddelde Lengte in duime vir Kinders van die Unie (1940) en Indiwiduele Kinders op Karatara (1947).

Tabel XLIX. .. .. .. .. .. .. .. 299/300

Werklike Verbruikskoste per eenheid in vergelyking met Verbruiksvermoë per eenheid p.w. t.o.v. 57 Gesinne (1947).

Tabel L. .. .. .. .. .. .. .. .. 302.

Daaglikse Voedselverbruik per Eenheid vir 57 Gesinne (1947).

Tabel L I. .. .. .. .. .. .. .. 345

Die Bestemming van Dogters wat die Huishoudskool Knysna, gedurende 1945, 1946, 1947 verlaat het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## Lys van Kaarte :

Bladsy.

Kaart I. .. .. .. .. .. .. .. .. 12.

Verspreiding van Inheemse Bosse in die George-Knysna-Tzitzikama-streek.

Kaart II. . .. .. .. .. .. .. ..

Kaart van die Middellandse Bosstreek, George-Knysna-Humansdorp.

Omdat hierdie kaart die skole en bosbou-stasies aantoon, word tabelle A en B gegee om die leerlinge vir die bosstreek asmede die plantasiewerkers aan te dui. Kaart II is ontleen aan die Stalsverslag.

Kaart III. .. .. .. .. .. .. ..

In Kaart III word die bosboustasies, skole, bevolkingsverspreiding, riviere en inheemse bosse aangedui. Kaart III is ontleen aan die Afdelingskaart van die Knysnase distrik.

## Lys van Grafieke.

Grafiek I. .. .. .. .. .. .. .. 234

Verloop van die Algemene Bevolking en die Skoolbevolking vir vyf Kaaplandse Distrikte vir die Jare 1910-1945 (1946).

Grafiek II. .. .. .. .. .. .. .. 247

Vergelykende Voorstelling van Vertragings op Skool in persentasies uitgedruk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# INLEIDING.

## 1. BEGRIPSBEPALING.

Soos deur die titel van hierdie werk aangedui word, is 'n sosiologiese studie van oud-boswerkers en die nakomelinge van boswerkers in die Middellandse bosstreek, Kaapland, gemaak. Benewens enkele broodwinners wat in partikuliere bosse werk, is daar sedert 1939 nie meer boswerkers in die Knysnase inheemse bosse werksaam nie.

Hoewel daar nie meer baie van die oud-boswerkers in die lewe is nie, was dit nogtans gebiedend noodsaaklik om hulle by hierdie ondersoek in te sluit. 'n Insig in die lewenswyse van oud-boswerkers vergemaklik die insig in hul nakomelinge. Die sosioloog durf die verlede nie uit die oog verloor nie want die hede het daaruit gegroei.

Die oud-boswerkers wat in die bosstreek woonagtig is, ontvang feitlik almal staatshulp in die vorm van ouderdomspensioene en ongeskiktheidstoelaes. Sommige woon op nedersettings (departementeel en kerklik), sommige woon op paggrond wat aan hulle of hul ouers gegee is, sommige woon as bywoners of huurders by grondeienaars, terwyl ander op die sogenaamde lewensreggrond woon.

Benewens hierdie groep, vind ons die nakomelinge van boswerkers. Baie van hulle is vandag plantasiewerkers in die diens van die Departement van Bosbou. Daar is 'n groot verskil

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tussen 'n boswerker en 'n plantasiewerker. Hoewel albei by boswese betrokke is, was eersgenoemde in 'n selfstandige beroep verbonde aan die inheemse bosse werksaam, terwyl laasgenoemde 'n werknemer van die staat is. Die plantasiewerkers is hoofsaaklik in staatshuise naby die verskillende bosboustasies woonagtig. Baie nakomelinge van boswerkers is ook by ander ondernemings soos saagmeulens en meubelfabrieke werksaam. Hulle vorm hoofsaaklik die nakomelinge van die eerste geslag, terwyl hul kinders van wie sommige reeds selfstandig is, en andere nog van hul ouers afhanklik is, die nakomelinge van die derde geslag is.

Verteenwoordigers van drie geslagte vorm dus die onderwerp van hierdie ondersoek.

In tabel I word die ouderdomme van die vaders en moeders van die bestudeerde gesinne weergegee.

Tabel I.

Ouderdomsverspreiding t.o.v. Vaders en Moeders van Bestudeerde Gesinne. (1946-'47)

| Ouderdom. | 20 jr. en onder. | 21 tot 30 | 31 tot 40 | 41 tot 50 | 51 tot 60 | 61 tot 70 | 71 jr. en ouer. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vaders | - | 11 | 33 | 47 | 35 | 28 | 21 | 175 |
| Persentasie | - | 6.3 | 18.8 | 26.9 | 20.0 | 16.0 | 12.0 | 100.0 |
| Moeders | 4 | 27 | 45 | 36 | 31 | 20 | 12 | 175 |
| Persentasie | 2.3 | 15.4 | 25.7 | 20.6 | 17.7 | 11.4 | 6.9 | 100.0 |

Dit blyk volgens tabel I dat die ouderdomme van die vaders tussen 21 en 71 jaar wissel, terwyl die ouderdomme van die moeders tussen 20 en 71 jaar wissel.

Toe boswerkers in 1913 geregistreer is, was dit 'n vereiste dat hulle toe 21 jaar oud moes gewees het. Van 1913 tot 1947 toe hierdie opname

© University of Pretoria

gemaak is, het 34 jaar verloop. Hiervolgens kon alle mans wat in 1947 die ouderdom van 55 jaar bereik het as boswerkers geregistreer gewees het. Dit is dus nie onmoontlik dat sowat 38 persent van die vaders van die bestudeerde gesinne boswerkers kon gewees het nie. (Hierdie beraming is gebaseer op die helfte van die groep 51 tot 60 jaar plus die aantal van die laaste twee kolomme). Dit is die posisie by benadering. In die werklikheid was 57 gesinshoofde of 32.6 persent boswerkers, terwyl die res nl. 118 of 67.4 persent nie boswerkers was nie.

Kortom, tabel I onderstreep dus die beginsel dat daar in hierdie verhandeling nie streng onderskei word tussen oud-boswerkers en die nakomelinge van boswerkers nie.

Verder moet in gedagte gehou word dat die 57 oud-boswerkers almal self nakomelinge van boswerkers is. Hul kinders oor wie daar, eweas in die geval van die kinders van die 118 gesinshoofde, heelwat gegewens ingesamel is, dra tot die uitgebreidheid van hierdie ondersoek by, aangesien hulle binne die kader van die verhandeling val.

Daar moet op gewys word dat hierdie ouderdomsontleding in die onderhawige bespreking in gedagte gehou moet word, aangesien die feitemateriaal deur hierdie faktor bepaal is. So bv. sal gevind word dat daar kinders van die bestudeerde gesinne is wat ook al nedersetters en pensioentrekkers is omdat hulle vir die arbeidsmark ongeskik is.

Daar is doelbewus teen die gevaar van 'n eensydige voorstelling van die sogenaamde boswerkersgemeenskap te gee, gewaak. Vir geval die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bestudeerde gesinne tot 'n relatief jong groep behoort, sou ons onder hulle geen verteenwoordigers van oud-boswerkers aantref nie. Dit sou beteken dat die groep wat bestudeer word, van hul verlede losgemaak sou wees. Indien die bestudeerde gesinne daarenteen tot 'n betreklik ouere groep behoort, sou ons hoofsaaklik met oud-boswerkers te doen gehad het. Ons sou dan 'n groep bestudeer het wat in die werklikheid nie meer bestaan nie.

## 2. DIE GEBIED.

Soos in die titel van hierdie werk vermeld, is die geografiese gebied onder bespreking die bosstreek wat as die „Middellandse Bosstreek" bekend staan. Dit is die kusstrook wat 'n groot deel van die distrikte George en Humansdorp en die hele Knysnase distrik insluit. Terwyl die Knysnase distrik in die hart van die bosstreek lê, is die gegewens hoofsaaklik in hierdie distrik verkry.

## 3. METODES EN BRONNE.

Daar is in die eerste instansie van die sosiaal-historiese metode gebruik gemaak. Deur hierdie metode is getrag om 'n sintese te skep in die lig waarvan die maatskaplike verskynsels wat die gemeenskap onder bespreking kenmerk, begryp en verklaar kan word. Sonder hierdie metode sou daar haas geen vordering gemaak kon word nie.

In die toepassing van hierdie metode was die outeur byna uitsluitend op dokumentêre studies aangewese. Hierdie dokumente is hoofsaaklik in die kantoor van die Bosbewaarder op Knysna en in die Argief te Kaapstad gevind. Verskeie verslae van kommissies van ondersoek, reisbeskrywings en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander geskrifte wat op hierdie gemeenskap betrekking het, is geraadpleeg.

Die sosiaal-historiese agtergrond van hierdie gemeenskap dek o.a. die aardrykskundige kenmerke van die streek, die oorsprong en groei van die bevolking en die ontwikkeling van staatsbeheer oor die inheemse bosse.

Vervolgens is van die sosiografiese metode gebruik gemaak. Die sosiografie is 'n groot hulpmiddel om die kennis oor die mens in sy maatskaplike verband te verryk.

"Ik definiëerde haar als de studie der volken en hunner onderdeelen in hun verscheidenheid. Het onderscheid tusschen haar en de Sociologie is dus zeer groot en mag vooral niet verwaarloosd worden. Voor de socioloog bestaan de aparte volken als zoodanig niet ............... De sociologie is dus een abstrakte wetenschap....... terwyl de Sociographie bepaald een konkrete wetenschap is.......... objekt der Sociographie kan zoowel een volk als een deel van een volk zijn.............."(1)

Die sosiografie volstaan nie met die beskrywing van die maatskaplike verskynsels in 'n beperkte gemeenskap nie. Eweas die sosiologie het dit ook die verklaring van die verskynsels tot doel. Ook durf die sosiografie nóg die verskynsels nog die mens in die beperkte gemeenskap as studie-objek afsonder.

Benewens statistiese gegewens is daar ook van gesinstudies gebruik gemaak. Daar is gepoog om nie alleen syfermatige besonderhede oor die

---

(1) S.R. Steinmetz : <u>Inleiding tot de Sociologie</u>, Haarlem, 1931, p. 91.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemeenskap in te samel nie maar daar is veral getrag om 'n insig in die gemeenskap te verwerf. Derhalwe is verhoed om persoonlik waarnemings in die vorm van „populêre" en „interessante" vertellings te laat ontaard.

Die kern van die gegewens wat behandel word, bestaan uit 175 bestudeerde gesinne. Hierdie gesinne is sowel van vaderskant as van moederskant afkomstig van boswerkersgesinne wat reeds in 1882 op die bosreserwes gewoon het, terwyl die gesinshoofde hul bestaan uitsluitend in die inheemse bosse gemaak het. Die departementele verslag van 1882 (2) is die oudste dokument waarin die outeur 'n lys van name van bona fide-boswerkers kon kry.

Daar moet 'n verskil tussen bona fide-boswerkers en ander boswerkers gemaak word. Onder eersgenoemde vind ons mans wat met hul gesinne op staatsgrond gewoon het en vir hul bestaan uitsluitend op boswerk aangewese was. Onder laasgenoemde vind ons mans wat met hul gesinne op óf hul eie grond gewoon het óf as bywoners by boere gewoon het en wat af en toe in die bosse gewerk het. Vir die doel van hierdie ondersoek is die gegewens tot die nakomelinge van bona fide-boswerkers beperk.

Die gesinne wat bestudeer is, is nakomelinge van die boswerkers wie se name op die lys van 1882 voorkom. Daar is 175 gesinne bestudeer. 'n Vraelys ('n voorbeeld is aangeheg) is t.o.v. elke gesin voltooi. In die vraelys word vir die name van sowel die ouers as die voorouers voorsiening gemaak. Slegs daardie gesinne waarvan sowel die man as die vrou 'n nakomeling is van die

(2) Jackson-Verslag: Location of Immigrants in the George and Knysna Division, Cape Town (A 47 - '82).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een of ander boswerkersgesin wat in 1882 opgeneem is, is vir die doel van hierdie verhandeling gebruik. Die aard van die gegewens wat oor die gesinne ingesamel is, word in die aangehegte vraelys aangetoon.

Kortom, die outeur is tevrede dat die bestudeerde gesinne van sowel vaders- as moederskant uit gesinne spruit wat reeds in 1882 by boswerk betrokke was.

Tem einde 'n aanduiding van die omvang van ondertrouing te kry, is stambome van drie boswerkersfamilies saamgestel.

Vir sover dit die onderwyspeil van die nakomelinge van boswerkers betref, is daar, benewens die gegewens wat deur middel van die vraelys en verslae verkry is, ook opnames t.o.v. skoolkinders in Knysna gemaak. Daar is b.v. 'n opname van 587 Std VI-leerlinge gemaak. Daar is 'n opname van 1276 leerlinge gemaak met die oog daarop om die omvang van vertraging vas te stel. So 'n opname is ook t.o.v. sewe distrikskole gemaak.

Die Suid-Afrikaanse groepverstandstoets is op 149 leerlinge wat in Stds. IV, V en VI was, toegepas. Die toelatingsouderdom van 216 kinders in sewe distrikskole is ook verkry, asmede die omvang van skoolverwisseling by sewe distrikskole.

Verder is ook die proses van uitskakeling by die Knysnase Hoërskool gedurende 1937 tot 1947 nagegaan.

Gegewens is ook oor die fisieke aspek versamel. Die oorsake van ongeskiktheid by 460 oudsoldate en burgerlikes wat in beskutte werk is, is verkry. Ook is die oorsake van ongeskiktheid by

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

154 mans wat ongeskiktheidstoelaes in Knysna ontvang, verkry.

Om gegewens oor die voedingtoestand te bekom, is 'n opname van 57 gesinne gemaak. Die gegewens is sover moontlik van elke gesin verkry en daarna is die gegewens by die winkels waar voorrade gekoop word, gekontroleer. Hierdie gesinne is op die nedersetting van Karatara woonagtig. Ook is 'n ontleding van die gesinsinkomste van 57 gesinne gemaak met die doel om die bedrag wat aan voedsel bestee word, vas te stel.

Daar is gepoog om verskeie aspekte deur middel van voorbeelde op te helder. Vir hierdie doel is daar 'n ontleding van tipiese gevalle gemaak. Verder word ook van kiekies gebruik gemaak om wonings en gevalle te illustreer.

Ten slotte is daar van die begrypende metode gebruik gemaak. Daar is getrag om deur middel van waarneming 'n insig in die lewenswyse en lewenshouding van die gemeenskap te verwerf. Die feitemateriaal alleen verskaf nie die verklaring van maatskaplike verskynsels nie. Die vertolking en verklaring van maatskaplike samehange word betroubaarder na mate daarin geslaag is om die gemeenskap te begryp en te verstaan. Die ondersoeker is in die geleentheid hiertoe gestel omdat hy in hierdie omgewing en gemeenskap gewoon en gewerk het.

4. <u>DIE TYDPERK VAN DIE ONDERSOEK.</u>

Hierdie ondersoek is tussen Augustus 1946 en Januarie 1948 gedoen. Gedurende hierdie tydperk het die ondersoeker die geleentheid gehad om die gesinne te besoek en gaandeweg gegewens oor hulle te versamel. Die werkplekke van plantasie-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

werkers is besoek, noukeurige waarnemings van die aardrykskundige faktore en van die inheemse bosse is gemaak. Talle skole is herhaaldelik besoek. Meubelfabrieke, saagmeulens en die plase van verskeie boere is besoek. Daar is getrag om die menings van mense wat kennis van die gemeenskap het, te verneem. In hierdie navrae wat gedoen is, is getrag om alle moontlike aspekte wat van belang is, te bespreek. Mense wat geraadpleeg is, sluit o.a. onderwysers, predikante, mediese dokters, boere, winkeliers, werkgewers, e.d.m. in.

## 5. DIE DOELSTELLING.

Die skrywer het deurgaans tydens die ondersoek 'n bepaalde doel voor oë gehad.

In die eerste plek is gepoog om die probleemryke gemeenskap in die Middellandse Bosstreek te omlyn en te omskryf. Hierdie gemeenskap word die beste deur die begrip „oud-boswerkers en die nakomelinge van boswerkers" uitgedruk. Inderdaad is dit 'n sosiografiese studie daar dit oor die ontleding en beskrywing van 'n spesifieke gemeenskap gaan.

In die tweede plek is probeer om die verskynsels wat hierdie gemeenskap kenmerk, te verklaar. Dit het duidelik geblyk dat die verklaring van die verskynsels tot op groot hoogte in die lig van die lewenshouding wat die gemeenskap kenmerk, gesien moet word. Derhalwe was dit wenslik, inderdaad noodsaaklik, om hierdie gemeenskap sosiaalhistories te benader want die huidige gemeenskap is die produk van sy besondere verlede.

Ten slotte is daar gepoog om wenke wat die oplossing van die vraagstuk bevorder, aan die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hand te doen. Die voorgestelde beleid is eweneens nie 'n losstaande idee nie. Dit is op die welsynspogings van die verlede gebaseer. Omdat die kern van die vraagstuk in die lewenshouding van die gemeenskap opgesluit lê, word 'n wysiging van die lewenshouding as die enigste blywende oplossing van die vraagstuk byna as vanselfsprekend beskou. Dit is egter nie die bedoeling om in hierdie verband die bevindinge van die ondersoek vooruit te loop nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE AARDRYKSKUNDIGE KENMERKE VAN DIE BOSSTREEK EN DIE GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND VAN DIE BOSGEMEENSKAP.

## 1. DIE AARDRYKSKUNDIGE KENMERKE.

'n Uiteensetting van die aardrykskundige kenmerke van die bosstreek is nodig daar dit nie alleen verduidelik tot watter geografiese gebied hierdie verhandeling beperk is nie, maar ook die natuuromgewingsfaktore waaraan die bewoners van hierdie streek onderworpe was en nog is, aandui.

### (a) Die Ligging en Oppervlakte van die Bosstreek.

Die bosstreek onder behandeling staan as die Kaapse Middellandse Bosstreek bekend omdat dit tussen die bosstreek van die Oostelike Provinsie en dié van die Westelike Provinsie lê.

"The forests under discussion commence a few miles West of George and extend eastwards for a distance of about 120 miles and peter out near Clarkson, where the Tzitzikama mountains disappear into the sea. This strip is only from about 4 to 17 miles wide and is hemmed in by the lofty Outeniqua and Tzitzikama mountains on one side and on the other by the sea. The forests do not form a continuous belt but occur in patches along the foothills and spurs of the mountains and in the deep river gorges which cut across the plateau between the mountains and the sea. Here and there forests occur on the plateau itself and in a few places descend to sea level. Out of the total area of 103,000 acres owned by the state, 12,000 acres are situated in the George district, 53,000 acres in Knysna and 38,000 in Humansdorp district.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In addition to State Forests, about 50,000 acres of forested ground are privately owned."(1)

Kaart I.(2)

Verspreiding van Inheemse Bosse in die George-Knysna - Tzitzikama - Streek (Bosse in swart).




Skaal 1" = 20 myl

Ons het hier dus te doen met 'n streek wat aan die noordekant deur 'n bergreeks van die binneland afgesny is, en aan die suidekant aan die Indiese Oseaan grens. Hierdie smal strook land laat hom in dele onderskei.

Eerstens, is daar die smal strook wat al langs die voet van die bergreeks loop. Hierdie strook wat slegs 'n paar myl breed is, is swaar met inheemse bosse begroei. Die bosse groei veral aan die onderend van die klowe wat hul oorsprong hoog in die berge het. Die bosgroei volg dan veral die riviere wat deur die saamloop van die klowe gevorm word vir afstande van etlike myle. Die reënval is aan die helling van die bergreeks ook baie hoër as in die res van die gebied tussen die berg en die see. Die grond waar die natuurlike

---

(1) N.L. King : "The Knysna Forests and the Woodcutter problem", Journal of the S.A. Forestry Association. No.3. (1939) Pretoria, p.7.

(2) N.L. King : a.w., p.6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bosse staan, bekend as bosgrond, is merkwaardig vrugbaar. As gevolg hiervan is groot lappe bos deur partikuliere eienaars uitgeroei en vervang met gewasse soos koring en artappels.

In die tweede plek kry ons die strook land van drie tot vier myl breed wat parallel met die see loop. In hierdie streek kry ons van twee tot drie sandheuwels wat ook parallel met die see loop en tussen hulle word valleie gevorm wat geleidelik oorgaan in reusagtige vleie. Hierdie vleie word gevoed deur water wat vanaf die bergreeks in riviere vloei. Hierdie riviere mond nie regstreeks in die see uit nie, maar word gekenmerk deur die sogenaamde verstopping by hul monde. Wanneer swaar reëns in die berge val, swel die water in die vleie tot so 'n mate dat die sandbanke tussen die vleie en die see oopgespoel word. Sak die water in die vleie, dan word 'n nuwe bank deur die see teen die mond van die vleie gespoel. Hierdie vleie bestaan veral tussen George en Knysna. Met die uitsondering van die valleie wat tussen die sandheuwels lê en soetveld het, is die grond hier baie sanderig en onvrugbaar. Uitgestrekte sandheuwels wat slegs deur 'n nuttelose struik begroei is, lê ongebruik in hierdie streek. Denneplantasies groei teen hierdie sandhellings egter sonder moeite. Die reënval is hier baie laer as teen die berghelling.

Derdens, die gebied tussen hierdie sandheuwels en die berg is 'n plateau wat deur die talryke diep riviere in talryke stroke opgesny is. Dit kan wellig begryp word dat riviere wat oor 'n afstand van slegs sowat 10 myl vloei en wat van so 'n hoë oorsprong (twee tot vyf-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

duisend voet) na seespieël moet daal, geweldig diep beddings moet hê. In sommige gevalle is die plateau etlike honderde voet bo die rivier-bedding geleë. Dit kan ook begryp word dat deurgang per motor slegs langs 'n kronkelpad — in sommige gevalle tot vier myl lank — kan geskied. Benewens die hoofriviere is daar ook talle geniep-sige klowe wat skuins deur die plateau sny en as sytakke in die riviere uitmond. Hoewel hierdie klowe meestal droog is en na swaar reëns gou afloop, bring hulle mee dat hoof- en sypaaie deur verbasende kronkelinge gekenmerk word. Die plateau is met gras en waardelose struikgewas bedek. Die teelaarde hier is verbasend vlak — omtrent ses tot nege duim. Onder die teelaarde is 'n diep dooie potkleilaag waardeur water nie dring nie. Reënwater dring deur die teelaarde en syfer op die potklei laag weg na die talle klowe en riviere. Die gevolg hiervan is dat die teelaarde uitge-syfer en onvrugbaar gemaak word. Die dun laag teelaarde dor ook verbasend gou uit. Gereëlde bemesting en dikwelse matige sagte reëns is die enigste waarborg vir die landman. Dat water nie deur die potkleilaag dring nie, word bewys deur 'n boorgat wat gesink is. Die water wat raakgeboor is, stem ooreen met onderaardse water wat benoorde die bergreeks aangetref word. Die reenval op die plateau is hoër as dié by die see, dog laer as dié teen die berghellings.

Temperatuur-veranderings in hierdie gebied vind dikwels plaas. Hoewel dit nooit geweldig koud word nie — die temperatuur daal nooit baie laag nie en slegs baie ligte ryp val — word dit

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook selde baie warm. Die klimaat word as matig beskryf. Koel en warm weer wissel baie dikwels af.

Dit gebeur selde dat die wind nie waai nie. Die suidwestewind wat die reën bring, waai enige tyd van die jaar, terwyl die suidoostewind wat veral in die lente en somer voorkom, feitlik geen vog oor die streek invoer nie. Die noorde- of bergwind wat meer dikwels in die winter waai, is warm en droog, bereik soms 'n verbasende snelheid, en skroei en verwelk plante wat teer is. Die temperatuur bereik gewoonlik die hoogtepunt wanneer die bergwind waai. Wanneer hierdie wind waai, is bosbouers op hul hoede want dan moet teen bosbrande gewaak word. Dit was juis tydens so 'n bergwind dat 'n verwoestende bosbrand op 10 Februarie 1869 ontstaan het. Die brand het naby Mosselbaai begin en het tot by Bloukransrivier, twintig myl ten ooste van Plettenbergbaai, gewoed.

In 'n ongepubliseerde werk haal Phillips 'n beskrywing uit die pen van H.B. Darnell, ooggetuie en destydse redakteur van die Cape Argus, aan :

"As the morning advanced, denser and denser grew the smoke and brighter and brighter the glare of the fire, while the thermometer rose higher every minute. The wind, too, increased rapidly in violence. At first there was nothing to be heard but the rushing and the raging of the wind and fire, but presently above the smoke I saw the liquid fire pouring over the great wooded krantzes and below them in the fields a great stream of fire surging along in the dry grass with incon-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ceivable rapidity. It was not merely sparks or flashes of fire that were flying so thickly, but fire brands. The last day itself can scarcely present accessories more dreadful..............
I have visited the scene of this unparalleled disaster. No destruction can be more complete, nor can it be imagined without being seen.......
This was a clear sweep of everything — houses, trees, gardens, orchards, forest, all gone.......
Nature never can, nor will restore the grand old trees, not a few of them 30 feet in circumference, that stood on the great haugh on the side of the river opposite the house."(3)

So was daar verskillende bosbrande, hoewel tot kleiner gebiede beperk, wat tot die vernietiging van waardevolle lappe bosse bygedra het.

N.L. King laat hom as volg uit oor die houtsoorte wat in hierdie bosstreek aangetref word:

"There seems to be little doubt that in their virgin state the forests consisted of an upper-storey of giant Outeniqua yellowwoods (Podocarpus falcatus) with an understorey of upright yellowwood (Pod. latifolius) and many broad-leaved species such as ironwood (Olea laurifolia), assegai (Curtisia faginea), white pear (Apodytes dimidiata), stinkwood (Ocotea bullata), red els (Cunonia capensis), white els (Platylophus trifoliatus), kershout (Pterocelastrus tricuspidatus), vlier (Lachnopylis floribunda), beukenhout (Rapanca melanophleos), hard pear (Olinia cymosa), and kamassi (Gonioma kamassi). Keurboom (Virgilia capensis) is widespread but generally occurs along the forest edge and acts as a pioneer

(3) J.F.V. Phillips : History of the Midland Forests. Diepwalle, 1923. pp. 90, 91.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

to other species." (4)

Benewens die inheemse boomsoorte word daar reeds vir 'n geruime tyd uitheemse boomsoorte deur die Departement van Bosbou aangeplant. Daar staan reeds geweldige groot denneplantasies in hierdie streek. Opgeleide Bosboubeamptes — elk in bevel van 'n bepaalde gebied — is direk verantwoordelik vir die bewaring, aanplanting en ontginning van inheemse bosse en uitheemse plantasies.

(b) Temperatuur en Reënval.

Soos reeds gemeld het Knysna 'n baie matige klimaat. Hael kom selde voor en hoewel die bergtoppe gewoonlik 'n paar keer elke jaar met sneeu bedek is, smelt dit na 'n paar dae. Dit val baie selde op 'n hoogte laer as 2,000 voet.

Tabel II. (5)

Lugtemperature: Gemiddelde temperature vir die jare 1933-34 op Knysna op ongeveer 35 voet bo seespieël

| | Jan. | Feb. | Maart. | April. | Mei. | Jun. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Gem.maksim. | 77.0 | 77.2 | 71.5 | 70.7 | 68.0 | 67.8 |
| Gem. min. | 60.4 | 61.9 | 58.3 | 56.7 | 50.5 | 44.4 |
| Gem. temp. | 68.7 | 69.5 | 64.9 | 63.7 | 59.2 | 56.1 |
| Abs. mak. | 104.8 | 102.0 | 90.6 | 90.8 | 85.0 | 85.0 |
| Abs. min. | 51.0 | 56.5 | 48.0 | 46.0 | 40.0 | 36.0 |
| Gem.speling | 16.6 | 15.3 | 13.2 | 14.0 | 17.5 | 23.4 |
| Abs.speling | 53.8 | 45.5 | 42.6 | 44.8 | 45.0 | 49.0 |
| | **Jul.** | **Aug.** | **Sept.** | **Okt.** | **Nov.** | **Des.** |
| Gem.maksim. | 62.8 | 63.9 | 72.3 | 69.4 | 71.7 | 76.4 |
| Gem. min. | 42.6 | 44.9 | 53.3 | 52.2 | 57.8 | 60.6 |
| Gem. temp. | 52.7 | 54.1 | 62.7 | 60.8 | 64.7 | 68.7 |
| Abs. mak. | 77.5 | 91.7 | 94.0 | 88.0 | 83.0 | 91.5 |
| Abs. min. | 34.0 | 37.0 | 41.0 | 44.0 | 49.0 | 53.5 |
| Gem.speling | 20.2 | 19.0 | 19.0 | 17.2 | 13.9 | 15.8 |
| Abs.speling | 43.5 | 54.7 | 53.0 | 44.0 | 34.0 | 38.0 |

Uit tabel II blyk dat die gemiddelde temperatuur vir die twee jaar 62.07° Fahrenheit was.

(4) N.L. King : a.w., p.7.

(5) F.S. Laughton : Houtteelt van die Inheemse Houtbosse van die Unie van Suid Afrika, Staatsdrukker, Pretoria, 1938, p.45.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar sal opgemerk word dat die kwik in hierdie twee jaar nooit benede vriespunt gesak het nie. Die absolute laagste temperatuur was in Julie, nl. 34.0° Fahrenheit, en die absolute hoogste temperatuur was in Januarie, nl. 104.8° Fahrenheit.

Terwyl die gemiddelde speling per maand betreklik min is, toon die absolute speling dat daar 'n geweldige temperatuurstyging en -daling in dieselfde maand plaasvind. Dit gebeur dikwels dat 'n bergwind die temperatuur hoog opjaag, terwyl nog dieselfde dag of die volgende dag 'n koue suidwestewind weer die kwik skielik laat daal.

Wat die reënval betref, kan verklaar word dat Knysna tussen die somerreënvalstreek (die Oostelike Provinsie) en die Winterreënvalstreek (die Westelike Provinsie) geleë is. Die reënval gedurende die jaar word in tabel III aangetoon.

© University of Pretoria

TABEL III. (6)

Gemiddelde Reënvalsyfers op verskillende plekke gedurende 'n groot aantal jare.
(Die reënval is in duime en die gemiddelde aantal reëndae word ook gegee).

| Bosboustasie. | Knysna | | Plettenbergbaai | | Harkerville. | | Lottering. | | Suurvlakte | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoogte bokant seespieël | 30' | | 240' | | 550' | | 700' | | 710' | |
| Afstand van see in myle. | $3\frac{1}{4}$ | | $\frac{1}{2}$ | | $2\frac{3}{4}$ | | 3 | | $10\frac{1}{2}$ | |
| Periode in jare | 30 | | 30 | | 33 | | 28 | | 19 | |
| Maand. | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën |
| Januarie | 8 | 2.11 | 5 | 1.69 | 9.7 | 3.15 | 10 | 3.47 | 9.4 | 2.39 |
| Februarie | 8 | 2.15 | 5 | 1.71 | 9.3 | 3.32 | 9 | 3.83 | 8.8 | 2.40 |
| Maart | 8 | 2.47 | 5 | 1.78 | 9.2 | 3.12 | 9 | 4.14 | 10.1 | 2.98 |
| April | 8 | 2.33 | 6 | 2.12 | 7.5 | 2.93 | 8 | 2.65 | 7.9 | 2.23 |
| Mei | 7 | 2.48 | 6 | 2.49 | 8.0 | 3.46 | 8 | 3.45 | 8.2 | 2.73 |
| Junie | 6 | 2.22 | 5 | 2.25 | 7.1 | 3.07 | 7 | 3.24 | 6.4 | 1.52 |
| Julie | 7 | 2.13 | 5 | 2.04 | 7.5 | 2.97 | 6 | 2.64 | 6.3 | 1.62 |
| Augustus | 8 | 2.46 | 6 | 2.25 | 9.0 | 3.48 | 9 | 3.51 | 7.3 | 1.96 |
| September | 8 | 2.96 | 7 | 2.94 | 10.0 | 4.42 | 9 | 4.49 | 9.7 | 2.69 |
| Oktober | 9 | 2.68 | 7 | 2.55 | 9.9 | 4.44 | 10 | 4.55 | 10.1 | 2.32 |
| November | 8 | 2.37 | 6 | 1.98 | 10.0 | 3.20 | 10 | 3.76 | 9.7 | 2.79 |
| Desember. | 8 | 2.36 | 6 | 2.14 | 9.3 | 3.67 | 11 | 4.37 | 9.6 | 2.66 |
| TOTALE. | 93 | 28.72 | 70 | 25.94 | 107 | 43.23 | 106 | 45.1 | 103.5 | 28.19 |

| Bosboustasie. | George | | Concordia. | | Kaffirkop | | Millwood. | | Diepwalle. | | Buffelsnek. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoogte bokant seespieël | 750' | | 950' | | 1180' | | 1500' | | 1745' | | 2210'. | |
| Afstand van see in myle. | 7 | | $4\frac{1}{2}$ | | $5\frac{3}{4}$ | | $13\frac{1}{2}$ | | $8\frac{3}{4}$ | | $11\frac{3}{4}$ | |
| Periode in jare | 20 | | 32 | | 16 | | 33 | | 13 | | 17 | |
| Maand. | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën |
| Januarie | 10 | 3.12 | 9.6 | 3.23 | 9.7 | 2.75 | 10.1 | 3.44 | 10.2 | 3.56 | 10.1 | 3.47 |
| Februarie | 11 | 4.51 | 10.4 | 3.98 | 9.5 | 2.68 | 10.7 | 4.02 | 9.5 | 3.13 | 9.4 | 3.14 |
| Maart | 12 | 3.61 | 9.6 | 3.64 | 10.5 | 3.11 | 11.9 | 4.42 | 11.4 | 3.39 | 11.6 | 4.18 |
| April | 10 | 3.09 | 8.3 | 3.16 | 8.1 | 2.61 | 9.4 | 3.48 | 9.0 | 2.51 | 9.2 | 3.03 |
| Mei | 9 | 2.57 | 7.9 | 2.64 | 8.6 | 2.74 | 8.0 | 2.46 | 8.0 | 2.81 | 8.7 | 2.79 |
| Junie | 7 | 2.25 | 6.9 | 2.62 | 8.2 | 2.75 | 7.2 | 2.32 | 8.2 | 2.34 | 7.4 | 2.56 |
| Julie | 7 | 1.59 | 7.4 | 2.53 | 7.7 | 2.68 | 7.1 | 2.07 | 7.9 | 2.49 | 7.4 | 2.54 |
| Augustus | 9 | 1.88 | 9.4 | 3.11 | 9.2 | 2.85 | 8.9 | 2.71 | 8.8 | 3.43 | 8.6 | 2.81 |
| September | 10 | 3.45 | 9.6 | 4.42 | 11.0 | 4.05 | 11.0 | 4.24 | 11.6 | 4.52 | 10.8 | 4.01 |
| Oktober | 11 | 3.34 | 10.9 | 3.92 | 10.0 | 3.37 | 11.8 | 4.24 | 11.3 | 4.29 | 11.4 | 3.78 |
| November | 11 | 2.78 | 9.8 | 3.14 | 10.0 | 3.21 | 11.1 | 3.78 | 10.5 | 3.43 | 10.7 | 4.04 |
| Desember. | 11 | 3.66 | 9.9 | 3.69 | 9.7 | 2.98 | 11.7 | 3.93 | 11.5 | 4.17 | 11.5 | 5.25 |
| TOTALE. | 118 | 34.83 | 109.7 | 40.08 | 112.2 | 35.78 | 118.9 | 41.11 | 117.9 | 40.07 | 116.8 | 41.60 |

(6) F.S. Laughton : a.w., p.49.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel die reënval redelik eweredig oor die jaar versprei is, is daar in 'n geringe mate 'n neiging tot 'n groter reënval in September en Oktober, terwyl daar 'n geringer reënval in Junie en Julie is. Verder word opgemerk dat die reënval in 'n direkte verhouding tot die hoogte bo die seespieël staan en ook tot die afstand van die see af. Die totale gemiddelde reënval (41.60") by Buffelsnek (hoogte 2,210' en $11\frac{3}{4}$ myl van die see) in vergelyking met die totale gemiddelde reënval (28.72") vir Knysna (hoogte 30' en afstand van see $3\frac{1}{4}$ myl) toon die neiging duidelik aan. Algehele reëlmaat, as gevolg van weerkundige faktore wat hier buite rekening gelaat kan word, bestaan egter nie.

'n Faktor wat deur die reënvalsyfers aan die lig gebring word, is die gemiddelde aantal reëndae per maand en per jaar. By wyse van veralgemening kan gesê word dat die aantal reëndae wissel tussen een-vyfde van die maand tot een-derde van die maand. Indien in gedagte gehou word dat meestal sagte reëns voorkom en dat dit nie altyd reën wanneer die lug bewolk is nie — veral in die streek weg van die berg — dan kan ons aanneem dat die son in die werklikheid minder skyn as wat deur die aantal "nie-reëndae" voorgestel word.

Hoewel werklike reëndae 'n groter invloed op die bewoners van die streek het as slegs bewolkte dae, kan laasgenoemde nie sonder meer ignoreer word nie. 'n Klam streek met baie bewolkte dae kan die fisieke toestand van die mens nadelig beïnvloed.

Terwille van die interessantheid van die saak — en medici staan nie heeltemal onverskillig nie — kan hier gemeld word dat die dorre bergwind

© University of Pretoria

as die „dokter" in hierdie streek beskou word. Indien dit onmiddellik volg op reën, word alle tekens van vog op slegs een dag uitgewis.

Vanweë die belangrikheid van sonskyn in die algemeen is dit nodig om gegewens hieroor vir hierdie streek te verskaf.

Tabel IV.(7)

Ure van Direkte Sonlig op Diepwalle. Totale per maand. Gemiddelde vir 11 jaar, 1923 - 34.

| | Jan. | Feb. | Mrt. | April | Mei | Junie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | ure min | u. m. | ure m. | ure m. | ure min | ure min. |
| Werklike gem.p.m. | 251.30 | 232.24 | 192.48 | 206.00 | 204.00 | 191.12 |
| gem. per dag. | 8.06 | 8.18 | 6.12 | 6.42 | 6.36 | 6.24 |
| moontlike gem.p.d. | 14.09 | 13.08 | 12.09 | 11.07 | 10.11 | 9.32 |

| | Julie | Aug. | Sept. | Okt. | Nov. | Des. | Jaar totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | ure m. | u. m. | u. m. | u. m. | u. m. | u.m. | u. m. |
| Werklike gem.p.m. | 203.30 | 217.18 | 182.06 | 211.48 | 227.36 | 247.30 | 213.54 |
| gem.per dag. | 6.36 | 7.00 | 6.06 | 6.48 | 7.36 | 8.00 | 7.02 |
| moontlike gem.p.d. | 10.04 | 10.31 | 11.32 | 12.35 | 13.30 | 14.11 | 12.04 |

Uit tabel IV blyk dit dat uit 'n moontlike gemiddelde aantal sonure van 12 uur .04 minute per dag, daar 'n werklike gemiddelde aantal sonure van 7 uur .02 minute was. Dit beteken dat dwarsdeur die jaar daar gedurende elke dag gemiddeld vyf uur is wanneer die son nie skyn nie. Anders gestel — elke „nag" bestaan uit 17 uur en elke „dag" bestaan uit 7 uur. Nou moet daar egter op gelet word dat Diepwalle, waar hierdie waarnemings gedoen is, in die hartjie van die grootbos naby Knysna geleë is. Soos uit tabel III blyk, het Diepwalle 'n baie hoë reënval. Gevolglik is die toestand nie so erg in die res van die streek waar die reënval kleiner is nie.

(7) F.S. Laughton a.w., p.47.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens tabel III vind ons dat Diepwalle 118 reëndae per jaar het. Uit tabel IV kan vasgestel word dat die aantal bewolkte dae baie groter is. Daar is omtrent 214 sonure per maand. Met die moontlike gemiddelde van 12 sonure per dag of 360 sonure per maand van 30 dae, verloor Diepwalle weens reën en bewolkte lug maandeliks 146 sonure. Met 'n moontlike gemiddelde van 12 sonure per dag verloor Diepwalle 12 „dae" per maand of 144 „dae" per jaar. Benewens die 118 reëndae per jaar is daar dus 26 bewolkte dae per jaar waarop dit nie reën nie. Indien hier bygevoeg word dat daar elke jaar 'n moontlike van 182 sondae is, is daar in die werklikheid slegs 38 sondae.

(c) Die Ontwikkeling van Verkeersweë en Vervoermiddels.

Enige persoon wat met die geografiese toestande in die Middellandse Bosstreek bekend is, kan 'n denkbeeld vorm van die haas onoorkomelike struikelblokke waarmee die blanke pioniers te doen gehad het. Alles dui daarop dat die aantog van die trekboer vanaf die weste in die omgewing van die huidige dorp George van rigting verander het. Die trekboer het gebruik gemaak van twee uiters moeilike passe waarlangs die destydse bewoners in die omgewing van die huidige Mosselbaai en George verbinding met die Kleinkaroo agter die Outenikwaberge kon bewerkstellig.

"Geruime tyd was die enigste deurgange deur die Outeniqwaberge dié naby Klein-Brakrivier, oor die Attaquaskloof of oor Duiwelskop, naby die teenswoordige Bergplaas. ......... Kort nadat die dorp (8)

(8) Die dorp George is in 1811 aangelê.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangelê is, het Landros van Kervel 'n begin gemaak met die Cradockpas wat genoem is na die destydse goewerneur. Die roete wat gevolg is, is die wat vandag deur die wit bakens in die berg aangedui word. Hierdie pas was maar altyd 'n groot struikelblok; dit het dikwels drie dae geneem om die vyf-en-'n-half myl oor die berg af te lê. In 1843 het majoor Mitchell, destyds landmeter-generaal van die Kaapkolonie, aan die hand gedoen dat al die bandiete op sekere plekke bymekaar gebring word om saam te werk en dat daar 'n goeie pad oor die Outeniqua-berge gemaak word. Die sekretaris, van die regering, John Montagu, het hierdie plan uitgevoer. In 1844 is met hierdie groot werk begin en op 18 Januarie 1848 is die nuwe pas, met die naam Montagupas, geopen. Dit het £35,779 gekos...."(9)(10)

Die aanhaling hierbo is 'n bondige weergawe van die ontwikkeling van paaie wat George en omgewing met die Kleinkaroo verbind het. Die verbinding tussen George en Swellendam en verder na die weste het minder struikelblokke gebied aangesien daar geen bergpasse tussenin voorkom nie.

Vir die doel van hierdie verhandeling is die deurgang van George na Knysna baie belangriker. In 'n verslag wat deur J.C. Brown aangehaal word, getitel : <u>Report upon the Forests, and Timber growing therein, in the vicinity of Plettenberg Bay, together with the means of removing it therefrom to the Bay for Shipping</u> deur 'n kaptein Jones van die Koninklike Vloot, gedateer 1812 vind ons interessante gegewens.

---

(9) D.M. de Jager : <u>Gedenkboek van die Gemeente George</u>, George, 1942, p.5.

(10) Tans is daar 'n nuwe pad in aanbou deur die Montagupas wat George met Langkloof en Oudtshoorn verbind.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brown meld ook dat hierdie verslag die oudste gesaghebbende dokument is wat hy in hande kon kry i.v.m die inheemse bosse in Kaapland. Aangesien hierdie verslag verskillende gesigspunte behandel, sal by verskeie geleenthede daarvan melding gemaak word.

Na sy uiteensetting van die onmoontlikheid om die riviere te gebruik vir die vervoer van hout vanaf die binneland tot by die kus, verwys Jones na die paaie.

"The local difficulties of this country are insurmountable, at least with its present small population. The roads, except from the Poorte Forest, situated between the Knysna and the Keurbooms River, which are very good to Plettenberg Bay, are a constant succession of ascending and descending heights; nor is the labour of men to make them better effectual and lasting, since the first heavy rains render them as bad as ever. On this account I consider it totally impossible to remove any heavy timber from the forests situated between the Knysna and Kaymans Rivers. The latter is accounted the most difficult pass in Southern Africa. I should think it cannot be less than 600 or 700 feet deep to the river, and the road is for a considerable part over rocks, like steps from two to three feet in height, down which the waggon jumps, with three wheels locked, and the angle of descent and ascent is often 45 degrees, the length of the team of oxen only enabling them to get up. It is the custom of the Boers who cut and carry away wood over this pass to the Cape to unload half the freight, which is generally about 3000 lb. weight, and then proceed over with one moiety returning to fetch the other. In this business a day is often consumed, and many

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waggons broken."[11]

Hoewel Jones in sy verslag melding maak van die swak toestand van die pad vanaf Plettenbergbaai na Avontuur en Uniondale (hierdie plekke lê ook agter die bergreeks in die Kleinkaroo), is hierdie bergpas reeds in sy tyd in gebruik aangesien hy praat van voorrade wat vandaar na Plettenbergbaai gebring is.[12]

Uit aanhalings wat J.C. Brown uit 'n verslag van 'n Gekose Komitee oor die Knysna-George pad in 1861 gee, blyk dit uit die getuienis van 'n Kaptein Allen dat die talle riviere tussen George en Knysna geweldig baie moeilikhede oplewer i.v.m. die vervoer van hout per ossewa. Volgens hierdie getuie bestaan daar nêrens in die land sulke moeilike paaie nie.[13]

In ongeveer 1865 is 'n nuwe pad wat £80,000 gekos het, gemaak tussen die Keurboomrivier (Plettenbergbaai), die Vlugt en Knysna. Die afstand is 45 myl.[14]

Hoewel nie spesiaal na die pad tussen Knysna en Plettenbergbaai verwys word nie, kan aangeneem word dat die vroegste bewoners van daardie omgewing geen moeite gehad het om oor land met Knysna in verbinding te kom nie, aangesien daar geen natuurlike struikelblokke van naam in die weg tussen hierdie twee plekke is nie.

Gedurende die reis van Sparrman (1772-1776) was daar blykbaar nog geen deurgang deur die Kaaimans-

---

(11) J.C. Brown: <u>Crown Forests at the Cape of Good Hope</u>, London: Simpkin, Marshall & Co. 1887, pp. 16-17.
(12) J.C. Brown: a.w., p.18.
(13) J.C. Brown: a.w., pp. 22, 23, 24, 25.
(14) J.C. Brown: a.w., p.26.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en Touwriviere nie. Eersgenoemde is toe nog Keeromrivier genoem.(15)

Le Vaillant (1782) en Lichtenstein maak ook in hulle reisverhale melding van die moeilike deurgange by die Kaaimans- en Touwriviere tussen George en Knysna.(16) Wanneer die eerste blankes die bosstreek tussen George en Knysna en tussen Knysna en Humansdorp binnegedring het, val moeilik te bepaal. Volgens die gegewens hierbo verstrek, kan verklaar word dat dit omstreeks 1780 geskied het.

Lichtenstein maak melding van enkele blankes in die omgewing van Swartrivier en Touwrivier. Hulle het daar omstreeks 1788 ingetrek. Hy praat ook van 'n geveg by Knysna tussen blankes en kaffers wat vanaf Langkloof gekom het in 1799.(17)

Feit bly dat daar omstreeks 1780 reeds 'n verkeer, o.a. per ossewa, bestaan het tussen die plekke waar die huidige dorpe Oudtshoorn, George, Knysna, Plettenbergbaai en Uniondale staan. Daar kan aangeneem word dat die verbinding tussen die huidige Knysna en Uniondale ook omstreeks hierdie tyd moes plaasgevind het.

Benewens die gemelde paaie wat vandag besonder goed is, en gereeld in stand gehou word, is daar talryke paaie in die bosstreek. Hierdie paaie lei van die groot paaie na die verskillende bosboustasies, en ook is daar talryke amptelike paaie wat van die bosboustasies dieper die bosse en plantasies inlei. Benewens twee groot paaie tussen George en Knysna is die nasionale pad tans

---

(15) Sparrman: <u>A Voyage to the Cape of Good Hope etc., 1772-1776</u>, p.277.
(16) D.M. de Jager: a.w., p.5.
(17) Lichtenstein : <u>Travels in Southern Africa 1803-1806</u>, p.246.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in aanbou al langs die kus tussen George en Knysna.

Tans bestaan daar 'n spoorverbinding (in 1928 aangebring) tussen Knysna en George waar dit aansluit by die lyn wat Kaapstad met Port Elizabeth verbind. Daar is ook 'n smalspoor wat Avontuur met Port Elizabeth verbind. Dit val egter buitekant die bosstreek en bedien hoofsaaklik die bewoners van Langkloof. Daar is ook 'n spoorlyntjie van 12 myl tussen Knysna en Diepwalle wat deels deur die staat en deels deur partikuliere ondernemings aangebou is. Dit is hoofsaaklik vir die vervoer van hout uit die grootbos na Knysna bedoel.

In 'n ongepubliseerde werk haal J.V.F.Phillips aan uit 'n dokument getitel The Story of the Knysna deur F. Muller Rex (1916) in verband met skeepsverbinding vanaf Plettenbergbaai na Kaapstad. Die aanhaling lui dat :

"The first cargo of timber Mr. J.F. Meeding (the resident of Plettenberg Bay) shipped, was in August 1788, when the Cape packet, "Meermin", was laden with wagon-wood and material for gun-carriages. Nothing except timber, however, was taken from the port.............. From that time forward a regular wood trade was carried on between the Bay and Cape Town."(18)

Uit dieselfde bron haal Phillips aan om te wys dat die Knysnase „hawe" in 1817 bevaarbaar gevind is en dat tussen 1817 en 1839 so veel soos 172 skepe 'n totale vrag van oor die 24,000 ton hout vanaf Knysna vervoer het.(19)

---

(18) J.F.V. Phillips : a.w., p.18.

(19) J.F.V. Phillips : a.w., p.25 en p.27.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(d) Landbou en Bosbou.

Die volgende waarnemings word onder meer in die Stalsverslag vermeld:

"Dit is onmoontlik om in kontak met die toestand aldaar te kom sonder om te besef watter 'n oorheersende rol boswese speel........ Wat ook al die voorgeskiedenis van die landbou in die bosstreek was, is dit bedroewend om te sien hoe ondergeskik dit vandag is aan die bosbou."(20)

Hieruit blyk duidelik dat die mees vanselfsprekende bestaan in hierdie streek uit die inheemse bosse en die uitheemse plantasies afkomstig is.

"Dat daar 'n taamlike groot lap houtbos in die distrikte George, Knysna en Humansdorp geleë is, is hoofsaaklik toe te skryf aan die betreklik hoë, goedverspreide reënval van hierdie boswêreld, wat op sy beurt weer toe te skryf is aan die feit dat die berge naby die see geleë is."(21)

Besoekers aan hierdie streek kom almal onder die indruk van die weelderige plantegroei met die gevolg dat aangeneem word dat hierdie gebied uitstekend moet wees vir landboudoeleindes. Die praktyk het egter getoon dat dit nie die geval is nie. Dat boerdery nie eens vir die boer met 'n groot plaas 'n winsgewende onderneming skyn te wees nie — laat staan die kleinboer — blyk uit die feit dat baie boere in hierdie distrik ook 'n byverdienste het.

Die veronderstelling dat die bewoners vanaf die begin afkerig van landbou was, word deur die feite geloënstraf. Eerder het hulle afkerig geword van landbou omdat die ondervinding hulle geleer

---

(20) „Rapport van 'n Komitee oor die Maatskaplike Wantoestande in die George-Knysna-Zitzikama-Bosstreek" (1935), pp. 9, 10.
(21) F.S. Laughton : a.w., p.37.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het dat hierdie streek nie juis geskik vir landbou is nie. Dokumentêre getuienis gee deurgaans die indruk dat die oudste bewoners niks anders wou doen as boswerk nie, en nêrens word gesê dat landbou 'n danige bestaan bied nie. Die talle boere wat groot grond gehad het en boonop boswerkers was, steun hierdie vermoede. Nakomelinge van sodanige boere deel mee dat indien hul ouers kontant geld wou gehad het, hulle in die bosse gaan werk het.

Ons lees die volgende in die waardevolle verslag (1812) van kaptein Jones, soos deur Brown aangehaal:

"In the Plettenberg's Bay there grows scarcely enough corn for the supply of its few inhabitants. The Boers having so small a number of people to till the ground, and being also generally occupied in wood-cutting, are often obliged to take long and heavy journeys of 10 days for a load of corn or meal. This they generally do into the Lange Kloof, where it is much more abundant, and from whence also come the sheep. It is from the Lange Kloof then on which dependence for provisions must be placed; and under the most favourable circumstances a waggon cannot go and return under 8 to 10 days, as I am informed."(22)

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak word, is nie dat hierdie vroeë bewoners afkerig was teenoor boerdery nie. Veeleer leen hierdie streek hom tot bosbou en nie tot boerdery nie. Sou hierdie vroeë bewoners dan liefs die vermoeiende ossewarit aanvaar as om plaaslik in hul eie behoeftes te voorsien? Verder moet onthou word dat baie

(22) J.C. Brown : a.w., p.18.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die vroeë bewoners afkomstig was van die pioniers uit die weste en dat hulle moontlik eerder tot die landbou as tot boswerk geneig sou gewees het.

'n Verdere bewys van die mislukking van 'n landbou-onderneming in hierdie streek word gelewer deur die invoer van landbounedersetters vanaf Engeland in 1879. Hierdie nedersetters het 'n mislukking van die landbou gemaak en het sonder uitsondering boswerk begin doen.(23) Baie van hul nakomelinge is nog in hierdie streek en tans is baie van hulle winkeliers en klerke.

Die ongunstige faktore is reeds genoem, t.w. die vlak en arm grond. Die gevolg hiervan is dat die grond gou uitdor en die plante verdroog of dat die gesaaides maklik versuip in tye van baie reën. Boonop is die ligging baie ongelyk en dikwels word lappies land teen baie skuins hellings gevind. Uitgestrekte landerye kan weens die ligging nie onderneem word nie. Hierdie streek mag deug vir fyntuin, veral in die valleie waar die grond ook meer vrugbaar is. Fyntuin wil egter baie gereëlde reën of waterleiding hê. Die reën is nie in so 'n mate gereëld nie en verder is waterleiding buite die kwessie weens die ontsettende diep riviere. Indien dit nog 'n sukses sou wees, bestaan die mark nie. Knysnase tuiniers kan immers nie op die mark in Kaapstad meeding met die kwekers in die Kaapse vlakte en omstreke nie.

Wat veeboerdery betref, is die omstandighede eweseer nadelig. Die vee wat in hierdie streek gesien word, lyk treurig. Vandag nog koop slagters hul slagvee in die nabye Karoo agter die berge.

---

(23) N.L. King: t.a.p., p.9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Osse wat 'n groot rol in die bestaan van die boswerker gespeel het, het op groot skaal gevrek.

In die getuienis van kaptein Allen voor 'n gekose komitee in 1861, aangehaal deur Brown, word die volgende rede aangegee vir die vermindering van togry:

"It must be the cattle sickness, because most of the farmers have lost great numbers. One man once showed me four hundred fine young cattle, and he lost the whole in two months."(24)

Veevrekte, veral onder trekosse, het groot verliese vir boswerkers meegebring. In sy verslag in 1889 verklaar die Superintendent van die dwarsleggerfabriek op Knysna as volg:

"The dry winter also interfered with the regular supply of sleepers, which caused a great mortality among the oxen, upon which the industry is so dependent. It is estimated that over 600 oxen died in the district during the winter months."(25)

Sonder vrees vir enige teenspraak kan beweer word dat die bosstreek geen natuurlike aanmoediging vir landbou of veeteelt verskaf nie. Die vroegste bewoners het dit gou besef en het geen moeite gedoen om hulle hierop toe te lê nie. Hulle het na die volgende alternatief, boswerk, gegryp en is geleidelik in hierdie werk, as enigste bestaansmoontlikheid, opgeneem. Die gekapte hout het die kern van die ekonomiese lewe geword. Sonder die os kon die gekapte hout nie uit die bos gesleep en na die mark vervoer word nie, met die gevolg dat veevrektes groot verliese in die houtkap-bestaan veroorsaak het.

---

(24) J.C. Brown : a.w., p.25.
(25) Cape of Good Hope: <u>Annexures to Votes and Proceedings of Parliament</u>, Appendix I, Vol. II, 1889.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(e) Minerale Stowwe.

Daar is geen minerale rykdomme in die bosstreek wat ontginning regverdig nie. Aan die begin van 1880 is 'n verslag voorgelê aan die Kaapse Parlement deur die Kommissaris van Openbare Werke i.v.m. prospekteerwerk wat deur E.J.Dunn in die Knysnase distrik uitgevoer is. In die verslag word melding gemaak dat goud aanwesig is, dog nie in 'n betaalbare vorm nie. Hy laat hom as volg uit:

"From George Town to beyond Knysna River, and from the Outeniqua Mountains to the sea, the geological conditions are not unfavourable to the existence of the precious gold."(26)

In 1887 is 'n gebied van omstreeks 12 vierkante myl wes van die Homtini tot 'n myngebied geproklameer, asmede 'n gebied ten ooste van die Homtini wat as Millwood bekend staan. In laasgenoemde gebied is 232 alluwiale kleims geregistreer, dog weens swak opbrengs is hulle feitlik nie ontgin nie. Lisensiegelde was aanvanklik 10/- per maand en is in 1888 tot 2/6 per maand per kleim verminder. In Millwood was daar 'n bevolking van 150. Voorts word ook melding gemaak dat die spesiale hof gedurende 1889 nie minder as 36 kriminele sake en 14 siviele sake moes afhandel nie. Benewens hierdie sake het die spesiale vrederegter nog die volgende afgehandel : aanranding op polisie 21, dronkenskap 41, aanranding 10, diefstal 11, weerstand teen polisie 2.(27)

---

(26) Cape of Good Hope : Annexures to the Votes and Proceedings of the House of Assembly 2nd Session 6th Parliament 1880 - Vol.2.

(27) Cape of Good Hope: Appendix I, Vol.II to Votes and Proceedings of Parliament, 1890.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2. DIE BEVOLKING VAN DIE BOSSTREEK.

Die ontdekking en ewentuele ontginning van die inheemse bosse in die streek George, Knysna en Humansdorp is van uiters groot belang, aangesien dit lig werp op die tydperk waarin hierdie streek deur blankes bewoon geraak het en dit ook 'n aanduiding gee wie die eerste blanke boswerkers was.

### (a) Die Oorsprong van Blankes in die Bosstreek.

Dit wil voorkom asof blankes vanaf die Kaap toevallig met die inheemse bosse in aanraking gekom het.

"Een van die eerste persone wat hierdie geweste besoek het, was Vaandrig Hieronymus Cruse. Hy word in 1667 uitgestuur om vee te ruil. In die omgewing van Mosselbaai verkry hy vee van die Gouriquas en verneem van hulle dat die Attaquas ook pragtige vee het........ Ons verneem van hom dat die Attaquas woonagtig was in die streek tussen Mosselbaai en die teenswoordige dorp George, met die Outeniqua - Hottentotstam as hulle Oostelike bure. Dit was dan die vee van die Hottentotte wat die blanke na hierdie dele gelok het en op die manier het die houtbosse as tweede aantrekkingskrag bekend geraak."(28)

Vroeg reeds het die destydse bewind aan die Kaap die moontlikheid oorweeg om die inheemse bosse in die omgewing van die teenswoordige George te ontgin ten einde in die behoeftes van die blankes in die Kaap te voorsien.

"In die dagregister van Maart 1710 in die Kaapse Argief lees ons dat kaptein Adolf Jan van der Laan en onder-koopman Willem van Putten uitge-

---

(28) D.M. de Jager : a.w., p.l.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stuur is om die houtbosse te vind en daaroor te rapporteer........"(29)

Die voorposte van die blanke veeboer het op 'n baie vroee stadium in aanraking met die inheemse bosse in die omgewing van George gekom.

"Reeds in 1713 het koloniste hier grond gekry om hulle vee te laat wei. Die eerste plaas is egter eers in September 1734 aan Esajas Engelbregt Meyer toegeken, en wel die plaas Brakkefontein naby Mosselbaai."(30)

Dit ly geen twyfel nie dat reeds so vroeg as 1730 daar 'n houthandel met die Kaap ontstaan het. Onthou moet word dat wahout 'n uiters belangrike rol in die geskiedenis van die trekboer gespeel het. In die Middellandse bosstreek is wahout in 'n baie groot hoeveelheid aangetref. Geensins verbaas dit ons om die volgende te hoor nie:

"It is not known whether these people opened up a timber trade with Cape Town but it is probable they did so and thus brought the forests to the notice of the authorities. The first definite evidence of exploitation is to be found in 1772 when a 'timber post' was established alongside the George forests to supply the settlement at Cape Town with timber."(31)

Hierdie houtstasie is egter in 1820 gesluit omdat toe besluit is dat die hout nie vir die Britse Admiraliteit geskik is nie.(32)

Dat daar omstreeks hierdie tyd in die omgewing van die George-bosse 'n gereëlde bos-

---

(29) D.M. de Jager : a.w., p.l.
(30) D.M. de Jager : a.w., p.l.
(31) N.L. King : a.w., pp. 7, 8.
(32) N.L. King : a.w., p. 8.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

werkergroep ontstaan het, ly geen twyfel nie. In 1811, die jaar waarin die Drosdy George gestig is, is erwe gratis geskenk aan ses boswerkers en hul gesinne. Die skenking is gemaak met die veronderstelling dat hulle die timmerhout in verband met die aanlê van die dorp George sou verskaf.(33)

Volgens dieselfde skrywer(34) het die volgende persone hout aan die kerkraad van George verkoop vir die oprigting van 'n kerkgebou gedurende 1832-1842, t.w. H. Barnard, C. Gerber, veldkornet Weyers, P. Terblans, F. Heunis, H. Stander, T. Meiring, P. Botha, O'Connell, J. van der Watt, J.C. Gericke, F. Gerber, John Rex, J.H. Redelinghuis, C. Redelinghuis, A. Stander en van Huysteen.

Minstens vyf van hierdie vanne is van die mees tipiese vanne wat onder latere boswerkers voorgekom het. Daar kan dus aanvaar word dat van hul nakomelinge gereëlde boswerkers geword het en vandag nog in hierdie streek aangetref word.

Dat boswerkers vanaf die weste omstreeks 1770 reeds die houtbosse tussen George en Knysna tot sover as Plettenbergbaai binnegedring het, ly geen twyfel nie.

„Die datum waarop die nedersetters aan die Kaap die Middellandhoutbosse ontdek het, is onbekend maar met die ontginning daarvan is waarskynlik in omtrent 1750 begin. In 1778 het die Kompanjie 'n houtstasie by Plettenbergbaai ongeveer 20 myl oos van Knysna, opgerig met die doel om die houtbos te ontgin. Van hierdie pos is die

---

(33) D.M. de Jager : a.w., p.3.

(34) D.M. de Jager : a.w., p.27.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

timmerhout na Kaapstad verskeep, terwyl indiwiduele partikuliere boswerkers die timmerhout wat in die nabyheid van George gekap is, waarskynlik per ossewa vervoer het. Ook hierdie stasie is in 1820 gesluit."(35) (36)

Reeds het ons gesien dat hout oor see na Kaapstad vervoer is, vanaf Knysna in 1817 en vanaf Plettenbergbaai vanaf 1788.

Benewens die blankes wat die bosstreek vanaf die weste binnegedring het, is die boswerkersgroep ook langs ander weë versterk. Die eerste twee groepe van belang word in die volgende aanhaling weergegee:

"As far back as 1856 a considerable population had grown up in the vicinity of the forests and was almost, if not entirely, dependent on woodcutting for a means of livelihood. There was little else for these people to do as distances from markets, bad roads and poverty stricken soil militated against agricultural or stock farming. To make matters worse, Government embarked, in 1879, on an ill advised scheme to settle immigrants on waste lands near the forests. These immigrant locations were a failure and the settlers had perforce to turn to the forests, to earn a livelihood. Among the settlers were a number of Italians who were imported from Turin to start a silk industry near Knysna. The fact that mulberry leaves were needed to feed the silk worms was overlooked and consequently the industry failed to materialise.

---

(35) F.S. Laughton : a.w., p.19.
(36) Die reusagtige houtskuur, tans sonder dak, is nog op Plettenbergbaai te sien. Dit is onder beskerming van die Monumente Kommissie geplaas.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

To relieve their distress these Italians were employed on the construction of a road from Knysna to Gouna and in course of time they drifted into the ranks of the woodcutters."(37)

'n Volgende groep wat moontlik ook bosswerkers geword het, is die beamptes wat in diens by die houtstasies op George en Plettenbergbaai was. Daar kan met groot sekerheid aangeneem word dat die meeste van hierdie beamptes boswerkers geword het na die sluiting van hierdie houtstasies deur die Britse Admiraliteit in 1820.(38)

Benewens die blankes wat van die weste gekom het, het in die loop van tyd ook verskeie vanuit die nabye Karoo (Langkloof en Uniondale)

hierdie streek binnegetrek en boswerk gedoen. Inkomelinge wat by Knysna en Plettenbergbaai geland het, mag ook boswerk gedoen het.

Verskeie pensionarisse, veral uit die Engelse vloot en offisiere in die Engelse leër in Indië, het hulle in die omgewing van Knysna kom vestig. Bv. in 1804 het George Rex hom op die plaas Melkhoutkraal waar Knysna tans staan, gevestig. Hy is in 1839 oorlede en op die oorspronklike plaas begrawe. Van hul nakomelinge mag ook boswerkers geword het.

Behalwe die groep waaruit die boswerkers afkomstig is, is die bevolking in die bosstreek ook op ander maniere deur „uitheemse" elemente versterk. Ongeveer 1920 is staats- en kerknedersettings in die bosstreek aangebring teneinde die verarmdes uit die Karoo en elders 'n heenkome op die

---

(37) N.L. King : t.a.p., p.9.

(38) N.L. King : t.a.p., p.8.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plantasies te gee. Gedurende die staking op die Randse goudmyne is ook 'n klomp stakers op Karatara Nedersetting geplaas.

(b) Die Bevolkingsgroei.

Volgens de Jager vermeld verskeie besoekers die grootte van die bevolking van George in vroeër dae. In 1816 praat eerw. Latrobe van 100 inwoners, 'n 15 jaar later praat Steedman van 700 inwoners, insluitende kleurlinge. In 1875 deel prof. Noble mee dat George 2,000 inwoners het.(39)

Volgens Phillips verklaar John Rex, 'n seun van George Rex, in 1841 dat die totale bevolking in die omgewing van die huidige Knysna 1,000 is, „the majority were woodcutters entirely dependent on the forest estates."(40)

In tabel V word die bevolkingsaanwas vir Knysna, George, Humansdorp, Mosselbaai en Oudtshoorn sedert Unie tot 1946 verstrek.

Tabel V............/

---

(39) D.M. de Jager : t.a.p., p.5.

(40) J.F.V. Phillips : t.a.p., p.26.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(41)

Bevolkingsgroei vir Vyf Distrikte, 1911 tot 1946.

| JAAR. | KNYSNA BLANK. | KNYSNA NIE-BLANK. | GEORGE BLANK | GEORGE NIE-BLANK. | HUMANSDORP. BLANK | HUMANSDORP. NIE-BLANK. | MOSSELBAAI. BLANK. | MOSSELBAAI. NIE-BLANK. | OUDTSHOORN. BLANK | OUDTSHOORN. NIE-BLANK. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1911 | 5,029 | 5,574 | 7,264 | 8,130 | 6,330 | 10,293 | 5,965 | 5,716 | 18,496 | 18,370 |
| 1921 | 5,554 | 6,410 | 9,549 | 8,828 | 8,076 | 12,816 | 6,653 | 6,508 | 17,001 | 18,301 |
| 1936 | 7,571 | 8,769 | 13,354 | 13,432 | 9,167 | 16,633 | 7,627 | 8,306 | 12,575 | 17,717 |
| 1946 | 8,690 | 11,336 | 14,441 | 17,602 | 8,553 | 18,548 | 7,902 | [illegible] | 12,963 | 20,532 |
| Dorpe 1946 | 3,075 | 4,309 | 7,309 | 4,684 | 1,370 | 804 | 3,582 | 4,496 | 7,655 | 8,448. |
| Blankes per Vk. myl 1946....... | 10.73 | | 14.75 | | 4.39 | | 11.18 | | 9.64 | |
| Grootte in vk. myl. | 810 | | 979 | | 1950 | | 707 | | 1345. | |

(41) Saamgestel uit die Unie-Jaarboeke vir die betrokke jare. Gegewens vir 1946 is van die Direkteur vir Sensus en Statistiek afkomstig.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Paar interessante gevolgtrekkings kan uit tabel V gemaak word. Eerstens, kan gemeld word dat die distrikte in die volgende rangorde gerangskik kan word vir sover dit die grootte in vierkante myle betref, t.w. Humansdorp (1950), Oudtshoorn (1345), George (979), Knysna (810) en Mosselbaai (707). Volgens digtheid van bevolking (blankes per vierkante myl) geld die volgende volgorde: George (14.75), Mosselbaai (11.18), Knysna (10.73), Oudtshoorn (9.64) en Humansdorp (4.39).

Gedurende die tydperk 1911 tot 1946 was die bevolkingsgroei vir vier distrikte as volg: George (98%), Knysna (73%), Humansdorp (35%), Mosselbaai (32%) en Oudtshoorn tussen 1936 en 1947 (3%).(42)

Die krimping of statiese neiging by Oudtshoorn moet veral aan armoede wat veroorsaak is deur droogtes en die val van die volstruisvere gewyt word. Die bevolking in die bosstreek, veral George, het by die ekonomiese druk in die nabye Karoo gebaat.

Die „verskuiwing" van die „oortollige" bevolking het sowel die staat as die kerk bevorder deur die oprigting van nedersettings in die bosstreek. Bestaande armoede in die bosstreek is deur die byvoeging van meer armoede vergroot. Sowel by George as Knysna vind ons die drastiese toename juis net na 1921.

Die resultaat is dat sowel George as Knysna oorbevolk is, indien die bevolking vanuit 'n landboustandpunt beskou word. Soos reeds opgemerk is, is die bosstreek boonop ook nie 'n landbougebied

---

(42) Die bevolkingsgroei vir Oudtshoorn is geneem tussen 1936 en 1946 omdat die distrik by die sensus van 1936 verklein is van 1733 vk. myl tot 1345 vk. myl. Dat hierdie distrik 'n kwynende bevolking toon, wys die syfers vir 1911 en 1921 wat albei baseer is op 1733 vk. myl.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Die surplus-bevolking moet dus in die houtnywerheid (plantasies, saagmeulens, inheemse bosse en meubelfabrieke) opgeneem word. Maar ook die houtnywerheid het sy beperkings.

Tans is hierdie nywerheid — as gevolg van die aanvraag vir hout — in volle swang en derhalwe is die surplus-bevolking nie so opvallend nie. 'n Inkorting van hierdie nywerheid sal noodwendig die bevolkingsurplus akuut maak.

Knysna toon nog die besondere leemte, nl. dat meer as die helfte van die bevolking in die distrik woon en derhalwe vir 'n bestaan van die bodem afhanklik is. Dit geld ook vir Humansdorp maar 'n faktor wat hiervoor vergoed, is die ylverspreide bevolking.

In 'n distrik wat nie vir landbou geskik is nie (soos die bosstreek), behoort die dorp die grootste gedeelte van die bevolking te dra. Dit beteken dat die meeste werkkragte deur die arbeidsmark in die dorpsgebied opgeneem word. Dit op sigself beteken 'n verligting in die landelike streek.

'n Verdere rede waarom daar ten spyte van die surplus-bevolking nie van werkloosheid in die bosstreek gepraat kan word nie, is dat die oortollige bevolking in 'n groot mate uit pensioentrekkers bestaan. Deur die invoer van arm mense na die bosstreek het daar 'n akkumulasie van armoede plaasgevind. Die talle pensioentrekkers doen nie aansoek om werk nie, met die gevolg dat die surplus-bevolking nie so opvallend is nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## 3. DIE BOSWERKER EN STAATSBEHEER.

Wanneer die ontwikkeling van staatsbeheer oor die inheemse bosse nagegaan word, is dit noodsaaklik om die tweeledige aard van die vraagstuk duidelik te onderskei, t.w. die welsyn van die boswerker en sy gesin enersyds en die beskerming van die inheemse bos andersyds. Trouens, die onderhawige uiteensetting sal toon dat die vraagstuk inderdaad om hierdie twee standpunte draai. Wanneer die beskerming van die bosse voorrang geniet, word die belange van die boswerker verontagsaam, terwyl die belange van die boswerker weer ten koste van die inheemse bosse behartig is. Die een kompromie na die ander is aangegaan sonder dat enige blywende oplossing gevind is.

### (a) Die Tydperk voor 1847.

In die tydperk voor 1847 was daar algemene beperkings op die ontginning van die bosse. Die beperkings het hoofsaaklik op die verbod van kwaadwillige beskadiging van die houtbosse neergekom. Onder die Hollandse bestuur was die posisie as volg:

"Servants of the Company were placed at Woodcutters' posts, under command of Residents or Landrosts, the duties of the former being the felling, conversion and transport of timber required for the Company's use at Cape Town and environs. In no sense were fellings entirely uncontrolled; the Placaats of the Company, dated 1786, 1788 and 1792 proving that the attention of the longheaded Hollanders had been focussed on the suppression of forest irregularities and mismanagement. The outlying burghers, even, were not given their own way, but were held responsible for acts of vandalism

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

they perpetrated."

In 'n Proklamasie wat sir John Cradock op 20.10.1811 uitgevaardig het, is ontginning tussen Knysna en die Keurboomsrivier slegs tot die behoeftes van die Regering beperk, terwyl die deel tussen Harkerville en Diepwalle totaal vir ontginning gesluit is. Die bosse ten weste van die Kaaimansrivier is vir die publiek oopgelaat.(42)

Hierdie beperkings vloei uit die voorneme voort om die inheemse bosse te bewaar en sorgvuldig te ontgin met die oog op die behoeftes van die Britse Admiraliteit.

Dat hierdie inkortings seer seker nie die belange van die boswerkers geskaad het nie, kan van die feit afgelei word dat die boswerkersbevolking nie baie groot was nie en boonop was hulle in dienskontrak met die Britse bewind. Die lisensie wat hulle moes betaal, was ook baie gering — ongeveer 5/- vir 'n vrag hout. Die inheemse hout het egter ongeskik vir gebruik deur die Britse Regering geblyk met die gevolg dat belang in die bosse verloor is.

"1820 saw the termination of Admiralty Control, when the forests, once again, more or less became common and unprotected property."(43)

Vanaf 1820 tot 1846 het boswerkers absolute vrye teuels in die ontginning van inheemse bosse gehad. Phillips haal uit 'n ongepubliseerde dokument van Rex(44) aan wat aantoon dat die destydse

---

(41) J.F.V.Phillips : a.w., p.1.
(42) J.F.V.Phillips : a.w., pp. 21, 22.
(43) J.F.V.Phillips : a.w., p. 25.
(44) J.F.V.Phillips : a.w., p. 26 e.v. (Die verslag van John Rex is gedateer 5 April 1841).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


bevolking van Knysna omtrent 1000 mense was van wie die meeste boswerkers was en slegs van die bosse 'n bestaan gemaak het. Verder wys hy ook daarop dat by die opmeting van plase omstreeks 1816 groot stukke staatsgrond by die eiendom van grondeienaars ingesluit is.

Wat betref die tydperk vóór 1847 kan daarop gewys word dat, weens die geringe en selfs afwesige staatsbeheer, 'n houding by boswerkers ontstaan het waarvolgens hulle 'n alleenreg op die inheemse bosse sou hê. Dat hierdie houding diep wortel geskiet het, blyk uit die besonderhede wat oor die onderhawige tydperk verskaf is.

(b) Die Tydperk 1847 - 1909.

Op 26 Mei 1847 verskyn die volgende Goewermentskennisgewing:

"Owing to the extensive depredations and serious injuries which have for some time past been permitted in the Crown forests in the district of George, the Right Honourable the Governor has determined to issue no more licenses for felling timber therein; but being desirous not to occasion inconvenience to persons engaged in the timber trade of these forests, the whole of them have been surveyed and subdivided with the view to their being put up for public sale, at convenient intervals, and in convenient lots..........." (45)

Ingevolge hierdie kennisgewing is tussen 1847 en 1853 nie minder as 158 sulke bosplase uitgemeet nie. Hiervan is slegs 29 teen £6,532.12.0 verkoop. Die gemiddelde prys per plaas was dus sowat £225.0.0d.

---

(45) J.C. Brown : a.w., pp. 49, 50. (Onthou moet word dat Knysna onder George geval het tot 1857)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die sluiting van staatsbosse vir ontginning en die verkoop van staatsbos aan eienaars, het 'n paar repurkussies gehad. In die eerste plek was die gewone boswerker nie in die vermoë om van hierdie plase te koop nie. Dit beteken dat hy van sy bestaan ontneem is. In die tweede plek het dit 'n nuwe groep tot stand gebring, t.w. eienaars van inheemse bosse. Wat die boswerkers dus betref, is hulle aan die monopolie van partikuliere boseienaars onderwerp.

Daar was onmiddellike reaksie. Enersyds was daar die boswerkers en hul pleitbesorgers wat op die heropening van die staatsbosse aangedring het en andersyds was daar boseienaars en bosamptenare wat die bosse gesluit wou sien.

Argumente wat ten gunste van die heropening van staatsbosse aangevoer is, word as volg opgesom in 'n dokument wat deur H.B. Darnell opgestel is en deur Brown aangehaal word :

"The Government never contemplated the exclusion of the public from the enjoyment of the profits of the forest, and the advantages to be derived therefrom......... A few lots only have been sold, and the poor woodcutter, with the forest closed around him was forced to submit to the exactions of the monopoly thus created........ Thus, instead of becoming a useful member of society, he is shunned and dreaded as a bane to mankind......... Taking a very low estimate, 600 individuals earn their living by woodcutting. Allowing that each could cut and dress one load per month, we have 7,200 loads per year. We may fairly take the half as a very low estimate.

© University of Pretoria

This, by increasing the license to £1 per load, would yield a revenue of £3,600 per annum." (46)

Argumente teen die heropening van staatsbosse word deur Brown uit dieselfde bron aangehaal en lui o.a.

"that this was not a wood-cutter's question, but a question in which the whole country was interested. The wood-cutter's interests were not to be alone considered; the question simply is, whether we are to have a constant supply of wood at fair rates, or to have wood cheap for some years, and be afterwards obliged to import it, or pay for it here at enormous prices, on account of the scarcity that must ensue." (47)

Volgende op die aanhoudende vertoë tot die Regering ten gunste van heropening van staatsbosse, is 'n kommissie van ondersoek benoem om verslag te doen oor die wenslikheid al dan nie om staatsbosse te heropen. Die kommissie was ten gunste van heropening en op 5 Februarie 1856 is die heropening van staatsbosse onder sekere voorwaardes aangekondig.

Voorsiening is gemaak vir die uitreiking van lisensies teen £1 per wavrag, die benoeming van boswagters, die indeling van die bosse in vier gebiede en die reg vir boswerkers om 16 osse vir tien dae op staatsgrond te laat wei. Die verkoop van opgemete bosgrond is ook stopgesit.

"Thus the forests were re-opened to all and sundry ........ under a scheme of licence — issue for the felling of timber at specified spots.

(46) J.C. Brown : pp. 71, 72. (H.B. Darnell : "The Past, Present and Future Condition of the forests in the George, Knysna and Uitenhage Districts." 1866).

(47) J.C. Brown : a.w., p.74.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

while the conservation and the authority for obtaining obedience to the Regulations was entrusted to three Conservators and some half-a-dozen Rangers."(48)

'n Kompromie is dus aangegaan met die hoop dat sowel die belange van die boswerkers as die bewaring van die inheemse bosse verseker was.

Blykens verslae is geen van beide bereik nie. J.C. Brown wat die bosse in 1862 besoek het, verklaar o.a. die volgende oor die inheemse bosse:

"I have seen that the actual waste is considerable. Not only does the fall of one tree necessarily occasion the destruction of saplings growing around it, but noble yellowwood trees are cut down to furnish beams, twenty feet in length, and all the tree, excepting a log of that length, is left to cumber the forest and to decay."(49)

Wat die boswerkers betref, haal J.C.Brown aan uit die pamflet van Darnell waarin hul toestande gedurende die sluiting van die bosse met hul toestand na heropening van die bosse vergelyk word.

"The beneficial effects of this measure („die sluiting van die bosse") were soon felt. People began to buy land and forest. The woodcutters, who had always been squatters 'before the bush', settled generally on the neighbouring farms where they hired land, and went to cut in private forests at the proper seasons of the year. Their condition was much improved, and in many instances

(48) J.F.V. Phillips : a.w., p.31.

(49) J.F.V. Phillips : a.w., p.31.

© University of Pretoria

they began to accumulate a little property,....... The wood trade became remunerative, to some extent, to all concerned, for the first time in its history." Na die heropening vind ons : "Over-production soon reduced the price of wood to half the old rates..........the 'poor wood-cutter' is in a more abject state of poverty than ever....."(50)

Hierdie onbevredigende toestand gee in 1866 aanleiding tot die benoeming van 'n kommissie van ondersoek na „Die Werking van Staatsbosse" Die verslag van die kommissie wat op 4 Mei 1868 voorgelê is, maak voorsiening vir die volgende:(51)

Eerstens, die staatsbosse moet nie weer gesluit word nie.

Tweedens, beveel die kommissie 'n „intelligente stelsel" van bosbewaring aan. Hier word 'n rotasieplan voorgestel waardeur slegs een afdeling van die bos elke jaar bewerk word en die kap van bome tot 'n seisoen van vier maande t.w. Mei tot Augustus van elke jaar beperk moet wees.

Derdens, stel die kommissie die lokalisering van boswerkers voor op geskikte plekke waar persele teen 'n nominale huur („quit-rent") aan hulle verhuur word. Ter stawing van hierdie aanbeveling voer die kommissie die volgende aan:

"This will be a highly judicious and beneficial measure, if the forests be worked four months in the year only. The wood-cutters must seek some other means of subsistence during the remainder, and we cannot do better than stimulate them to some useful occupation.......

---

(50) J.C. Brown : a.w., pp. 70 - 75.
(51) J.C. Brown : a.w., p. 168.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By steady work during the cutting season, the wood-cutters could collect sufficient timber to supply their wants till their crops were ripe, and such a system would encourage, indeed necessitate, habits of industry and economy, to which this class has ever been averse. The erven should be let at a small annual quit-rent, for a term of about thirty (30) years, on condition of erecting a cottage and tilling the land allotted to each head of a family. A general superintendence over these villages might be exercised by the conservator, and any flagrant breach of the law should, on conviction, subject the offending party to a forfeiture of his erf."(52)

Vierdens, beveel die kommissie die voltooiing van 'n pad aan tussen George en Humansdorp al langs die kus "in order to open up the whole country thoroughly, upon making of which road destitute wood-cutters and others may find employment at a moderate rate of wages."(53)

Terselfdertyd besluit die kommissie

"We would recommend the road to be constructed by convict labour, as wood-cutters, from the evidence we have taken, object to work of this nature."(54)

Uitvoering is aan die aanbevelings, vervat in die verslag, gegee. Op 12 Augustus 1871 het regulasies wat hiervoor voorsiening gemaak het, verskyn.

Die bewaarder van bosse vir George meld die volgende in sy jaarverslag vir 1872 :

"The regulations for the conservation of the forests have been strictly acted up to,

---

(52) J.C. Brown : a.w., p. 173.
(53) J.C. Brown : a.w., p. 173.
(54) J.C. Brown : a.w., p. 175.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

and no cases of theft have been reported.

The system of allowing a few industrious wood-cutters to squat in the Government land adjacent to the forests, under certain restrictions, works well. These men, during the period when the forests are closed, occupy a portion of their time in cultivating the ground, and have raised very good crops, and are now in a better position than they were a few years back." (55)

Oordrewe waarde moet egter nie aan hierdie uitlatings geheg word nie, aangesien dit die sienswyse is van 'n amptenaar wat in die eerste instansie geneig is om 'n bestaande beleid goed te keur en verder het die aanbevelings, vir sover dit bosbewaring betref, in die smaak van bosboubeamptes geval daar die aanbevelings die beginsel van wetenskaplikheid aanvaar het. Die landbouprodukte waarvan gepraat word, was uitsluitend vir eie gebruik. Daar was geen mark nie en boonop kon op die klein persele van 'n paar akkers ook nie vir die mark geproduseer word nie. Die produkte was beperk tot koring, patats en aartappels. Latere getuienis verwerp die stelling dat hulle posisie danig verbeter het. Boonop het hierdie verslag slegs 'n jaar na die publikasie van die regulasies verskyn en was dus te vroeg om behoorlik te oordeel.

Die regulasies wat op 2 Augustus 1875 gepubliseer is, het die beheer oor die ontginning verder opgeknap. Voorsiening word o.a. vir die volgende gemaak :

Seisoene word neergelê vir die kap van bepaalde houtsoorte. 'n Vrag hout is nie langer

---

(55) J.C. Brown : a.w., p. 179.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n aantal planke nie maar wel 'n kubieke maat, gevolglik kon geen vermorsing meer plaasvind nie. Lisensies moes nou betaal word voor die hout gekap is en nie meer daarna nie omdat baie lisensiegeld vroeër nooit betaal is nie. Hout kon dus nie meer „op krediet" verkry word nie. Geen hout kon verwyder word voordat die boswagter dit met sy hamer gemerk het nie. Wanneer die hout by die saagput aankom, moes die boswagter dit weer merk. Hier kon die hout opgesaag word, solank dit binne 12 dae geskied, of die boswerker kon die hout in blokke verwyder, solank dit binne ses dae geskied.

"The time limit was a splendid innovation, demanding a certain degree of alacrity and industry on the part of the otherwise indolent and procrastinatory woodcutter. It has been discovered by the 1867-8 Commission that under the 1856 Regulations, in the Conservancies of George and Knysna, licences were allowed to cover periods varying from 16 days to 365 days".(56)

Daar moet op gelet word dat die regulasies wat van tyd tot tyd afgekondig is, slegs beoog het om die gapings in bestaande regulasies toe te stop. Hulle was die resultate van vertoë wat die bosbewaarder van tyd tot tyd tot die owerheid gerig het. So bv. is in die pas gemelde regulasies o.a. beoog om diefstal en vermorsing van hout tot 'n minimum te beperk. Die welsyn van die boswerkers is as sodanig verwaarloos, behalwe in soverre hulle op voorwaardes uit die bosse hout kon kry.

---

(56) J.F.V. Phillips : a.w., p.37.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verder moet op die feit gelet word dat deur die toename in regulasies, die toestand meer en meer ingewikkeld geword het. Meer verpligtings is op die beperkte aantal amptenare gelê en meer en meer is die boswerker aan die amptenare onderwerp. Hieruit moes noodwendig agterdog, griewe en selfs botsings spruit. Die staat, watter begripswaarde die boswerker dan ook al daaraan geheg het, was in hul oë die enigste liggaam wat hul griewe uit die weg kon ruim. Weliswaar, is van tyd tot tyd aandag aan die griewe geskenk. Die een presedent is deur 'n tweede en meer gevolg met die gevolg dat die staat as weldoener beskou is en wat verplig is óm hulp aan te bied. Hul moeilikhede is deur die staat veroorsaak en moes deur laasgenoemde verhelp word. 'n Afhanklikheids- en aanhanklikheidsgevoel van boswerker teenoor staat het ontwikkel — 'n verhouding wat vergelyk kan word met dié tussen kind en vader.

In 'n byvoegsel tot sy verslag in 1884 — aangehaal deur Brown — maak die bosbewaarder die volgende opmerkings i.v.m. die regulasies :

"Judging from the general expression of opinion the regulations work satisfactorily. To the illiterate wood-cutter, not able to read the numbers on the trees, some additional trouble is given before he can procure his license. Often they make drawings of the figures they cannot read, but the rangers and guards of sections always render every assistance by accompanying the workmen in the sections to the requisite points, and furnishing them with an exact list of trees selected by them."(57)

(57) J.C. Brown : a.w., p.255.

© University of Pretoria

Die tegemoetkomendheid kan met 'n tikkie sout geneem word, soos later aangetoon sal word.

Die jaar 1880 het 'n nuwe tydperk ingelui in die Middellandse bosstreek as gevolg van die aanstelling van Comte de Vasselot de Régné, 'n Franse bosbeampte, as superintendent van Woude en Bosse.

"It has been shewn that prior to the year 1881, the practice of forest-management had been not only unsystematic and unscientific, but also detrimental to the welfare of the forests. With the coming of the Comte de Vasselot de Régné, a new era had dawned for the forests, an era that has been termed that of "systematic forestry." (58) "

Die hoofbeginsels waarop hy ontginning van die houtbosse voorstel, is die volgende :

Die hout wat gekap word, moet die natuurlike aanwas nie oorskry nie. Bome wat gekap word, moet nie deur die boswerker uitgesoek word nie maar moet vooraf deur 'n beampte wat kennis van bosbou (sylviculture) dra, gemerk word. Die stelsel waarvolgens bome gemerk word, moet baseer wees op 'n vorm van "jardinage". Hiervolgens word die bos van ou bome, beskadigde bome en minderwaardige soorte skoongemaak om sodoende die groei van voortreflike bome te bevorder. Teneinde die jaarlikse opbrengs te bereken en om hierdie hoeveelheid te handhaaf, stel hy die verdeling van die bosse in afdelings en onderafdelings voor en dat elke afdeling in rotasie gewerk word.

Verder stel hy die aanplanting van uitheemse bome voor.

---

(58) J.F.V. Phillips : a.w., p.39.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kragtens regulasies op 10 April 1883 (59) verskyn daar bepalinge wat hierdie beginsels in werking stel. Die volgende is van belang:

Die Middellandse bosstreek is in 43 afdelings verdeel. Een-twintigste van elke afdeling is vir twee jaar oop, terwyl die res van die afdelings gesluit is. In elke afdeling sal elke boom wat gekap moet word, vooraf gemerk, gemeet en genommer word. Die lisensiegeld word nie meer volgens 'n vrag hout bereken nie maar per kubieke maat. So bv. is geelhout 3d. en stinkhout 1/- per kubieke voet. Die kubieke inhoud word bereken van die staande boom met die omtreklyn vier voet bokant die grond as basis. Die lisensies is verkrygbaar van die bosbewaarder en die boswerker moet op aanvraag al die besonderhede van die boom verskaf. Voor hy die boom kap, toon hy aan die boswagter die lisensie wat met die besonderhede van die besondere boom vergelyk word. Ook word voorsiening vir boete gemaak indien hy ander bome beskadig in die proses van die vel van die boom. Nadat die boom gevel is, moet die boswagter dit weer meet en merk teneinde die werklike inhoud te vergelyk met die geskatte inhoud van die staande boom. Indien die boswerker die regulasies oortree, kan sy lisensie gekonfiskeer word en gekapte hout verbeurd verklaar word.

In gevolge regulasies wat in 1894 gepubliseer is, is voorsiening gemaak vir drie metodes waarvolgens lisensiegeld bereken is, t.w. die reg-

---

(59) J.F.V. Phillips : a.w., p.51 e.v.
J.C. Brown : a.w., p.228 e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

streekse, die kompensasie- en die stapelmeting-metodes. Phillips som hierdie metodes as volg op[60]:

"Outright licence.

The licence could pay the full estimated value of the timber specified on the licence when taking out the latter. Thus no claim on the department could be made should the timber prove short of the estimated quantity. On the other hand, should the timber realised exceed the estimated quantity, no additional charge would be made by the Department so long as the value, at full tariff rate, of the excess timber, did not exceed 15% of the amount paid for the licence."

"Compensation licence.

Half the estimated value of the timber specified thereon would be paid when the licence was taken out, but the trees felled under its authority could not be removed from the felling area untill the balance found on remeasurement had been paid."

"Stacked measurement licence.

Half the estimated value of the timber specified thereon could be paid on taking out of the licence. The felled, or converted, timber obtained thereunder could not be removed from the pit or work station until the balance found due on remeasurement has been paid."

In verband met hierdie metodes merk Phillips op :

"The foregoing methods of licence-issue.... proved most cumbersome, time-consuming, irritating

---

(60) J.F.V. Phillips : a.w., p.55.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

and at the same time were exposed to various irregularities."(61)

Die bespreking tot dusver toon dat omstreeks 1885 'n stelsel van wetenskaplike ontginning van die inheemse bosse in swang was. Vanuit die standpunt van wetenskaplike bosboumetodes is 'n ideaal dus verwesenlik.

Laat ons nou tot die boswerker terugkeer, om na te gaan hoe hy deur die nuwe ontwikkeling beïnvloed is.

Die toepassing van die regulasies, gekoppel aan destydse toestande van ongeletterdheid, lang afstande e.d.m. het meegebring dat 'n verwronge verhouding tussen amptenaar en boswerker ontwikkel het, die gevolge waarvan nog onmiskenbaar voortbestaan.

In 1894 word daar 'n kommissie van ondersoek benoem wat o.a. die toepassing van die Boswet en die verskillende regulasies moes ondersoek. Die opvallende nadele wat die kommissie as „specially irksome and oppresive" beskryf, word hier saamgevat.(62)

Vertraging by die uitreik van lisensies en merk van bome.

Dikwels word boswerkers opgehou omdat die beampte nie beskikbaar is nie, daar hy met inspeksies of ander dringende werk weg van sy stasie af is. Boswerkers moet dus soms lank wag voordat hulle hul lisensies kry en die bome gemerk en gemeet is. Aangesien lisensies net tussen sekere

(61) J.F.V. Phillips : a.w., p.56.
(62) Report of the Departmental Forest Commission 1894, with minutes of proceedings, minutes of evidence and appendices. Cape Town, W.A. Richards & Sons, Govt. Printers (G65 - '94), p.1, e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ure op een dag per week uitgereik word, moet die boswerkers wat geen horlosie het nie of nie op die sekere dag sy opwagting kan maak nie, 'n hele week wag. Hulle het geen voertuie nie en moet dus lang afstande na die kantoor van die beampte stap.

Vertraging by die saagput.

Aangesien die meeste boswerkers voorkeur aan die stapelmeting ("stacked measurement") gegee het, omdat die lisensie hiervolgens vir die werklike hoeveelheid hout wat gekap is betaal, is groot ontberings verduur. Boswerkers is nie toegelaat om gesaagde hout van die saagput te verwyder nie alvorens al die hout wat op die lisensie vermeld is, opgesaag is nie. Dit het ontevredenheid by boswerkers laat ontstaan omdat die meeste van hulle van die hand na die mond geleef het en dus verlang het om gesaagde hout dadelik te verkoop.

Boetes.

Indien 'n boom nie voor 'n bepaalde datum uit die bos verwyder is nie, is 'n boete van tien persent van die waarde van die lisensie per maand opgelê. Dikwels is die vertraging teweeggebring deurdat die beampte nie die hout gemerk het nie, met die gevolg dat die boswerker nie eens vir die vertraging verantwoordelik is nie. 'n Geval word aangehaal waar 'n boete van £1.13.0 ten opsigte van 'n lisensie van £8.1.0 opgelê is.

Vergoeding aan Boswerkers.

Dat verskille tussen die geskatte hout en die werklike opbrengs dikwels voorgekom het, word aangetoon. Dit is vanselfsprekend omdat staande bome baie bedrieglik is; dikwels is daar holtes in die stam.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Geval word aangehaal waar die geskatte inhoud 161 kubieke voet was, terwyl die werklike inhoud slegs 31½ kub. voet was. Volgens die regstreekse meting was daar in sulke gevalle geen vergoeding nie en volgens die kompensasie-metode is vergoeding gegee in die vorm van hout afkomstig van omgewaaide bome wat die boswerker dikwels diep in die bos moes gaan haal het.

In hierdie verband stel die kommissie vas:

"That in consequence of the present system of measurement, which in many cases overestimates the cubic contents of the standing timber, and also by the difference between the estimated value and the actual value, caused principally by the dubious nature of some woods and the difficulty attending their measurement, cases occur where woodcutters have to pay more than the tariff rates, and this points to the necessity of a different system of measurement." (63)

Voordat van die tydperk voor Unie, afgestap word, is daar twee belangrike ontwikkelinge waarna verwys moet word.

Die eerste is die ontwikkeling van die stelsel van die aanplant van bome. Op hierdie aspek het die Superintendent van Woude en Bosse reeds in 1881 gewys. Aanvanklik is op 'n klein skaal en op sporadiese wyse bome aangeplant. Na Unie het hierdie onderneming geweldig uitgebrei en vandag is daar honderde broodwinners wat vir 'n bestaan van plantasie-werk afhanklik is.

---

(63) Report of Departmental forest Commission... p.3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tweede ontwikkeling is die oprigting van die dwarslegger-fabriek by Knysna.(64)

In 1881 het die Kommissaris van Staatsgronde en Openbare Werke 'n kontrak met Dunn en Fox aangegaan ingevolge waarvan laasgenoemdes jaarliks 100,000 dwarsleggers, vir 'n tydperk van vyf jaar en teen 'n totale koste van £100,000 sou lewer. Die fabriek is by Gouna, naby Knysna, begin. Die eerste dwarsleggers is in 1883 vanaf Knysna verskeep en hulle is almal afgekeur. Die kontrak is hierop gekanselleer en die Regering het die hele onderneming oorgeneem.

Vanaf 1884 het die Departement self onder beheer van die bosbewaarder die fabriek bestuur. Dat hierdie onderneming 'n groot werkgeleentheid vir boswerkers was ly geen twyfel nie. Ook hier moes die departement van tyd tot tyd toegee aan die eise van boswerkers wat toe sowel in die bos as in die fabriek gewerk het. 'n Toegewing aan die boswerkers het meegewerk dat meer en meer hul toevlug tot fabrieks- en boswerk geneem het. As gevolg van 'n bonus van vyf pennies per dwarslegger in 1905 het die aantal bona-fide-boswerkers wat in die fabriek gewerk het van 521 tot 662 toegeneem.

Die bosbewaarder laat hom in sy verslag van 1906 as volg uit :

"From a departmental point of view, or at least my point of view, the whole sleeper industry must be regarded as a sort of Government philanthropy. It may be that in the immediate interests of the existing wood-cutting class and its supporters it is a necessary one, at least in times of a weak

---

(64) J.F.V. Phillips : a.w., p.53.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waggonwood demand, when some form of livelihood other than waggonwood working must be found not only for the legitimate woodcutter, but also for the pseudo woodcutter who should find a livelihood elsewhere."(65)

Die aanvraag vir hout was geensins konstant nie. Ook die boswerkers het tye van depressie geken. Voorbeeld hiervan is die jaar 1883.

"The depression of trade has pressed heavily on all the forests of the Colony........ In the Conservancy of Knysna....... the value of licences issued has fallen from £1,706 to £1,003. The timber trade in all its branches is at a standstill."(66)

(c) <u>Die Tydperk 1910 - 1939</u>.

Namate boswerkers verplig is om hulle tot gemerkte bome in bepaalde afdelings van die bos te beperk en namate hul getalle vermeerder het, het nuwe moeilikhede vir die departement in die toekenning van bome ontstaan. Die gevolg is dat 'n nuwe stelsel ingevoer moes word om die balans tussen vraag en aanbod te handhaaf.

Die nuwe stelsel wat ingevoer is, het voorsiening vir die verkoop van gemerkte bome by wyse van 'n openbare veiling gemaak. Die bome is dus aan die persone wat die hoogste aanbod gemaak het, toegesê. By die openbare veiling kon enigeen aan die veiling deelneem — boswerker en nie-boswerker. Indien die aanwesige persone voor die veiling tot 'n vergelyk kon raak, was daar geen moeilikheid nie maar dit het selde gebeur.

---

(65) Cape of Good Hope : Annexures to Votes and Proceedings of Parliament : Report of the Superintendent of the Government Sleeper Factory - 1906.
(66) J.C. Brown : a.w., p.252.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oor hierdie prosedure laat A.D. Luckhoff hom o.a. as volg uit :

"The majority of people surely think that the woodcutter is the party to whom the standing timber is sold by the Government. This is only half a truth, because the wood merchant, the mill-owner and the whole public are likewise free to buy the timber. In a way, therefore, the biggest woodcutter of all, and yet one who is no bona fide woodcutter, is the timber merchant, the millowner, who stands out as the Goliath among the woodcutters as the woodcutter par excellence.

"It is he who is allowed to get whole sections or whole virees full of standing timber, and that moreover with substantial concessions. It is he who is permitted through his agents to buy up as much timber as he chooses on the day when the public section is put up for sale. It is he who can run up the bona fide woodcutter at the auctions. It is he who is always on the right side, always on the safe side.

"He has his agents at every public sale of standing timber, and whatever licence he pays, whatever auction dues he incurs, all this he in turn religiously gets out of the poor woodcutter. He knows the plight of the woodcutter, and after a sale he simply subleases his licences to so many impotent woodcutters......... from whom he afterwards recovers both the licence and auction dues.... His philanthropy, however, is not without its obligations, and so the assisted woodcutter is expected to deliver particular wood, if not all his worked wood, felloes, spokes, naves, etc. to his firm.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"When a compromise is made with the woodcutters before the sale, and the pernicious auction luckily thereby averted, it is he again who is the chief gainer, for the compromise includes the condition that all prepared waggon wood must afterwards be sold to him."(67)

Die bogemelde aanhaling toon ondubbelsinnig dat die openbare veiling 'n onhoudbare toestand vir die boswerker geskep het.

Die onbevredigende toestande word kernagtig deur King opgesom:

"Complaints from woodcutters were many and varied and several Commissions were appointed to enquire into their grievances, without accomplishing anything of value as far as forest conservation was concerned. In fact the position grew steadily worse as the sons of woodcutters reached manhood and took to woodcutting on their own account. It became quite obvious that, unless a halt was called to the increasing numbers of woodcutters, the forests were doomed to destruction in a comparatively short space of time."(68)

Hoewel wetenskaplike bewerking van die inheemse bosse teen 1910 vorm aangeneem het, was die moontlikheid tot oorontginning van die bosse nie uitgesluit nie, aangesien boswerkers voortdurend op meer hout aangedring het. Boswerkers het elk omtrent 700 kub. voet hout per jaar ontvang, en volgens hul klagtes was dit onvoldoende.

---

(67) A.D. Luckhoff : <u>Enquiry into the Poor White Question as affecting the Cape Province</u>, 1911., pp.11, 12.

(68) N.L. King : a.w., p.10.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1913 het daar twee belangrike veranderings i.v.m. die administrasie van die inheemse bosse plaasgevind, t.w. 'n gewysigde stelsel i.v.m. die toekenning van hout aan bona fide - boswerkers en die verpligte registrasie van bona fide-boswerkers. Die prosedure wat i.v.m. die verkoop van hout gevolg is, kom op die volgende neer :

Op die eerste Woensdag in April van elke jaar word die gemerkte bome aan die aanwesige boswerkers verkoop volgens die kubieke inhoud teen 'n vasgestelde tarief. Vir stinkhout is dit 1/- tot 1/6 per kub. vt. Die ander houtsoorte varieër tussen twee pennies tot vyf pennies per kub. voet. Voordat toekennings gemaak word, word al die aanwesige geregistreerde boswerkers getel en 'n gelyke aantal plaatjies word dan van een tot die hoogste getal genommer en in 'n hoed gegooi. Elkeen trek dan 'n plaatjie en die boswerkers word dan gerangskik volgens die nommers op hul plaatjies. Nommer een kry die eerste keuse om 'n boom, dan nommer twee tot by die hoogste nommer. Die persoon met die hoogste nommer kies twee bome en dan gaan dit weer die ry af tot by nommer een wat ook twee keuses het. So hou die proses aan totdat al die gemerkte bome in 'n bepaalde afdeling toegeken is. Hierna word 'n kap-permit aan elke boswerker gegee. Die kapseisoen duur vanaf die datum tot 31 Augustus, hoewel boswerkers tot 31 Januarie toegelaat word om hul hout uit die bos te verwyder. Hout wat dan nog nie verwyder is nie, word verbeurd verklaar. (69)

---

(69) F.S. Laughton : a.w., pp.95, 96.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tans het die staat die alleenreg op die ontginning van inheemse houtbosse. Gedurende die eerste helfte van die jaar word die gemerkte hout deur plantasiewerkers gekap. Die gekapte hout word in blokke opgesaag en in die bos op hope geplaas. In Julie elke jaar word 'n dag bepaal waarop hierdie hout per openbare veiling verkoop word. Die kopers is eienaars van meubelfabrieke.

Omdat die verpligte registrasie van boswerkers so 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Middellandse bosse is, is dit nodig om die saak meer breedvoerig uiteen te sit.

Op 6 Desember 1910 publiseer C.W. Thesen, L.P.R. vir George en vooraanstaande houthandelaar van Knysna, 'n memorandum getitel "A proposed scheme for the amelioration of the condition of the Woodcutters of the Knysna and adjoining Districts."(70)

Die belangrikste punt wat hierin beklemtoon word, is 'n voorstel wat die registrasie van alle bona fide- boswerkers verpligtend maak en dat 'n maksimum aantal boswerkers vasgestel word ooreenkomstig die draagkrag van die bosse en dat geen nuwe boswerkers geregistreer word solank die maksimum peil gehandhaaf word nie.

In sy verslag van 1911 beveel dr. Luckhoff min of meer 'n eensluidende voorstel aan. Volgens hierdie ondersoeker moet boswerkers geregistreer word, moet hout uit staatsbosse slegs aan bona fide- boswerkers verkoop word, moet openbare veilings afgeskaf word, moet daar vier jaarlikse

---

(70) Afskrif in besit van die kantoor van die Bosbewaarder, Knysna.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verkopings weeg i.p.v. een, moet boswerkers hout op krediet kry, moet die prys per dwarslegger met ses pennies verhoog word, moet plantasies uitgebrei word, moet toekenning van landbouhoewes aan boswerkers uitgebrei word, en moet skrander seuns van boswerkers as bosbouers opgelei word. Die voordele verbonde aan registrasie is dat die aanwas van boswerkers beperk kon word en dat boswerkers teen mededinging van boere en houthandelaars beskerm kan word.(71)

As gevolg van dr. Luckhoff se verslag word die Boswet van 1888 gewysig en vervang deur Wet No. 16 van 1913. In die regulasies wat onder hierdie wet gepubliseer is, word voorsiening vir die registrasie van boswerkers gemaak wat op 31 Desember 1913 minstens 21 jaar oud was. Voorsiening word ook vir die benoeming van 'n Raad vir elk van die gebiede George, Knysna en Humansdorp gemaak. Om te bepaal wie 'n <u>bona fide</u>-boswerker is, sal elke Raad in ag neem die hoeveelheid bewerkte hout en die tyd wat die applikant gedurende die twee jaar wat 31 Desember 1912 voorafgegaan het daaraan bestee het. Verder moet bepaal word of die aansoeker se bestaan persoonlik met boswerk gemoeid is en of sy bestaan ernstig getref sal word indien sy aansoek geweier word. Hierdie Rade sal elke jaar vir 'n tydperk sitting hê en die lyste hersien om diegene te skraap wat dood is of weggetrek het.

Tot tyd en wyl die aantal boswerkers daal onder 'n syfer wat die Departement van Bosbou

---

(71) A.D. Luckhoff : t.a.p., pp.27, 28.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meen 'n redelike bestaan uit die bosse kan maak, sal geen nuwe name by die register gevoeg word nie, tensy die Rade tevrede is dat die applikante geskoolde boswerkers is en geen ander heenkome het nie.

Eers is voorlopige lyste deur die bosbeamptes opgestel. 'n Afskrif van 'n kennisgewing wat in die bosstreek opgeplak is, word hier aangehaal:(72)

" UNIE VAN ZUID AFRIKA.

"BOS DEPARTEMENT : MIDDENLANDS BEWARING.

"Hiermede wordt ter algemene kennis gebracht dat ieder die zich beschouwen als bona fide houtkappers en die begerig zijn zich te laten registreren onder Regulaties te worden gemaakt onder Wet 16 van 1913 zijn uitgenodigd hunne volle namen en addressen in te leveren bij de naasten Bosambtenaar op of voor den 30ste November, 1913. Geene mannen of perzonen zal aangenomen worden die onder den 21 jaren zijn op den 30ste December, 1913.

"De provisionele lijst zal herzien worden door een Raad genomineerd door de Governement. Die Raad zal onbeperkte macht hebben om van de lijst de namen te schrapen van eenige perzoon die in hunne opinie geen bona fide houtkapper zijn.

"Die Raad wanneer het plaats neemt zal gereed zijn objecties aan te hooren tegen eenige namen op de provisionele lijst en zal macht hebben zulke namen bij te voegen als zij goedkeuren.

J.S. Henkel.
BEWAARDER VAN BOSSEN.
MIDDENLANDS BEWAARING.

Kantoor van de Bewaarder van Bossen,
Knysna. 28ste October, 1913. "

---

(72) Afskrif van kennisgewing is in die kantoor van die Bosbewaarder, Knysna, gevind.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By kennisgewing in die Staatskoerant is die volgende Rade aangestel.(73)

NOTICE NO. 61 OF 1914.

"It is hereby notified for general information that the Minister of Agriculture has been pleased, in terms of section three of Government Notice No. 15 of 1914, being special regulations, framed under the provisions of the Forest Act, No. 16 of 1913, for the control and management of Crown Forests in the George, Knysna, and Humansdorp Divisions, to appoint the following gentlemen to be chairmen and members, respectively, of the Woodcutter Boards hereunder shown, viz.:-

" George Woodcutter Registration Board. -

Herbert Owen Badnall, Esq., Resident Magistrate, George, as chairman (ex officio).

Rev. Canon Bernard Price, Rev. Andries Beyers, as members.

" Knysna Woodcutter Registration Board. -

Sebastian Daniel Cloete, Esq., Resident Magistrate, Knysna, as chairman (ex officio).

Charles Wilhelm Thesen, Esq., Lorenzo Antonio Read, Esq., Carel Stephanus Marais, Esq., Percy Topliss, Esq., as members.

" Humansdorp Woodcutter Registration Board.-

Johan Arnaud Smellekamp, Esq., Resident Magistrate, Humansdorp, as chairman (ex officio).

Jacobus Michael Rademeyer, Esq., M.L.A., Rev. Petrus Herodes Hillebrand van Huyssteen, Nicolaas Pieter Rademeyer, Esq., Jacobus Petrus du Plessis, Esq., as members.

C.E. LEGAT,
Chief Conservator of Forests."

---

(73) Afskrif van kennisgewing is in die kantoor van die Bosbewaarder, Knysna, gevind.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

King skryf:

"The original list was drawn up by Boards appointed for the purpose and contained the names of 1,267 persons. By virtue of registration these people became a privileged class and acquired a complete monopoly over the purchase of wood from the forests. Although the scheme had drawbacks, it brought the solution of the woodcutter problem within measurable distance.

"By 1923-24 the number of woodcutters had been reduced to 628." (74)

Daar het 'n geleidelike daling in die aantal geregistreerde boswerkers gekom, aangesien geen nuwe toevoegings tot die oorspronklike lys gemaak is nie en as gevolg van sterfgevalle en skraping van die name van persone wat die Boswet en spesiale regulasies oortree het. Ook is die name van die eiendomsbesitters, handelaars en ander persone wat nie vir 'n bestaan van die bosse afhanklik was nie, van die lys geskraap. In 1934-35 was die aantal geregistreerde boswerkers slegs 329. (75)

Die aantal geregistreerde boswerkers het nog verder gedaal en in 1939 is besluit om alle geregistreerde boswerkers wat nie op 'n ouderdomspensioen of 'n ongeskiktheidstoelae geregtig was nie, 'n jaargeld van £25 te betaal op voorwaarde dat hulle nie meer lisensies sou kry om in die Staatsbosse te werk nie. (76)

---

(74) N.L. King: a.w., p.9.
(75) Staatsverslag : a.w., p.9.
(76) Die bedrag van £25 is gebaseer op die gemiddelde jaarlikse verdienste van Boswerkers.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"A proclamation issued on the 15th March 1939, announced the repeal of the special regulations for the control and management of Crown Forests in the Districts of George, Knysna and Humansdorp. This Proclamation coupled with the Woodcutters' Annuity Act of 1939, brings to a close the long drawn out struggle between forest service and woodcutters."(77)

Samevattend kan gesê word dat hoewel die bosstreek 'n sagte klimaat en 'n goeie reënval het, is hierdie streek, vanweë die swak grond, nie vir landbou en veeteelt geskik nie. Die geskiktheid van die klimaat en reënval vir natuurlike plantegroei, het boswese 'n oorheersende faktor in die struktuur van hierdie gemeenskap gemaak.

Dit is nie onmoontlik dat daar reeds so vroeg as 1730 'n houthandel met die Kaap ontstaan het nie. Die eerste definitiewe bewys van so 'n handel is in 1772. Hoewel die boswerkersgemeenskap uit verskillende elemente opgebou is, moet die nakomelinge van die pioniers uit die weste as die belangrikste faktor in hierdie gemeenskap beskou word.

Die geskiedenis van die Middellandse Bosstreek is die ontwikkeling van die botsing tussen die belange van die boswerkers enersyds en die beskerming van die inheemse bosse andersyds. Die oplossing van die boswerkersvraagstuk is in 1913 binne trefafstand gebring en in 1939 is die vraagstuk, met die afskaffing van boswerkers, finaal opgelos.

---

(77) N.L. King : a.w., p.7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE AARDRYKSKUNDIGE KENMERKE VAN DIE BOSSTREEK EN DIE GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND VAN DIE BOSGEMEENSKAP.

## 1. DIE AARDRYKSKUNDIGE KENMERKE.

'n Uiteensetting van die aardrykskundige kenmerke van die bosstreek is nodig daar dit nie alleen verduidelik tot watter geografiese gebied hierdie verhandeling beperk is nie, maar ook die natuuromgewingsfaktore waaraan die bewoners van hierdie streek onderworpe was en nog is, aandui.

### (a) Die Ligging en Oppervlakte van die Bosstreek.

Die bosstreek onder behandeling staan as die Kaapse Middellandse Bosstreek bekend omdat dit tussen die bosstreek van die Oostelike Provinsie en dié van die Westelike Provinsie lê.

"The forests under discussion commence a few miles West of George and extend eastwards for a distance of about 120 miles and peter out near Clarkson, where the Tzitzikama mountains disappear into the sea. This strip is only from about 4 to 17 miles wide and is hemmed in by the lofty Outeniqua and Tzitzikama mountains on one side and on the other by the sea. The forests do not form a continuous belt but occur in patches along the foothills and spurs of the mountains and in the deep river gorges which cut across the plateau between the mountains and the sea. Here and there forests occur on the plateau itself and in a few places descend to sea level. Out of the total area of 103,000 acres owned by the state, 12,000 acres are situated in the George district, 53,000 acres in Knysna and 38,000 in Humansdorp district.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In addition to State Forests, about 50,000 acres of forested ground are privately owned."(1)

Kaart I.(2)

Verspreiding van Inheemse Bosse in die George-Knysna - Tzitzikama - Streek (Bosse in swart).




Skaal 1" = 20 myl

Ons het hier dus te doen met 'n streek wat aan die noordekant deur 'n bergreeks van die binneland afgesny is, en aan die suidekant aan die Indiese Oseaan grens. Hierdie smal strook land laat hom in dele onderskei.

Eerstens, is daar die smal strook wat al langs die voet van die bergreeks loop. Hierdie strook wat slegs 'n paar myl breed is, is swaar met inheemse bosse begroei. Die bosse groei veral aan die onderend van die klowe wat hul oorsprong hoog in die berge het. Die bosgroei volg dan veral die riviere wat deur die saamloop van die klowe gevorm word vir afstande van etlike myle. Die reënval is aan die helling van die bergreeks ook baie hoër as in die res van die gebied tussen die berg en die see. Die grond waar die natuurlike

---

(1) N.L. King : "The Knysna Forests and the Woodcutter problem", Journal of the S.A. Forestry Association. No.3. (1939) Pretoria, p.7.

(2) N.L. King : a.w., p.6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bosse staan, bekend as bosgrond, is merkwaardig vrugbaar. As gevolg hiervan is groot lappe bos deur partikuliere eienaars uitgeroei en vervang met gewasse soos koring en artappels.

In die tweede plek kry ons die strook land van drie tot vier myl breed wat parallel met die see loop. In hierdie streek kry ons van twee tot drie sandheuwels wat ook parallel met die see loop en tussen hulle word valleie gevorm wat geleidelik oorgaan in reusagtige vleie. Hierdie vleie word gevoed deur water wat vanaf die bergreeks in riviere vloei. Hierdie riviere mond nie regstreeks in die see uit nie, maar word gekenmerk deur die sogenaamde verstopping by hul monde. Wanneer swaar reëns in die berge val, swel die water in die vleie tot so 'n mate dat die sandbanke tussen die vleie en die see oopgespoel word. Sak die water in die vleie, dan word 'n nuwe bank deur die see teen die mond van die vleie gespoel. Hierdie vleie bestaan veral tussen George en Knysna. Met die uitsondering van die valleie wat tussen die sandheuwels lê en soetveld het, is die grond hier baie sanderig en onvrugbaar. Uitgestrekte sandheuwels wat slegs deur 'n nuttelose struik begroei is, lê ongebruik in hierdie streek. Denneplantasies groei teen hierdie sandhellings egter sonder moeite. Die reënval is hier baie laer as teen die berghelling.

Derdens, die gebied tussen hierdie sandheuwels en die berg is 'n plateau wat deur die talryke diep riviere in talryke stroke opgesny is. Dit kan wellig begryp word dat riviere wat oor 'n afstand van slegs sowat 10 myl vloei en wat van so 'n hoë oorsprong (twee tot vyf-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

duisend voet) na seespieël moet daal, geweldig diep beddings moet hê. In sommige gevalle is die plateau etlike honderde voet bo die rivierbedding geleë. Dit kan ook begryp word dat deurgang per motor slegs langs 'n kronkelpad — in sommige gevalle tot vier myl lank — kan geskied. Benewens die hoofriviere is daar ook talle geniepsige klowe wat skuins deur die plateau sny en as sytakke in die riviere uitmond. Hoewel hierdie klowe meestal droog is en na swaar reëns gou afloop, bring hulle mee dat hoof- en sypaaie deur verbasende kronkelinge gekenmerk word. Die plateau is met gras en waardelose struikgewas bedek. Die teelaarde hier is verbasend vlak — omtrent ses tot nege duim. Onder die teelaarde is 'n diep dooie potkleilaag waardeur water nie dring nie. Reënwater dring deur die teelaarde en syfer op die potklei laag weg na die talle klowe en riviere. Die gevolg hiervan is dat die teelaarde uitgesyfer en onvrugbaar gemaak word. Die dun laag teelaarde dor ook verbasend gou uit. Gereëlde bemesting en dikwelse matige sagte reëns is die enigste waarborg vir die landman. Dat water nie deur die potkleilaag dring nie, word bewys deur 'n boorgat wat gesink is. Die water wat raakgeboor is, stem ooreen met onderaardse water wat benoorde die bergreeks aangetref word. Die reenval op die plateau is hoër as dié by die see, dog laer as dié teen die berghellings.

Temperatuur-veranderings in hierdie gebied vind dikwels plaas. Hoewel dit nooit geweldig koud word nie — die temperatuur daal nooit baie laag nie en slegs baie ligte ryp val — word dit

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook selde baie warm. Die klimaat word as matig beskryf. Koel en warm weer wissel baie dikwels af.

Dit gebeur selde dat die wind nie waai nie. Die suidwestewind wat die reën bring, waai enige tyd van die jaar, terwyl die suidoostewind wat veral in die lente en somer voorkom, feitlik geen vog oor die streek invoer nie. Die noorde- of bergwind wat meer dikwels in die winter waai, is warm en droog, bereik soms 'n verbasende snelheid, en skroei en verwelk plante wat teer is. Die temperatuur bereik gewoonlik die hoogtepunt wanneer die bergwind waai. Wanneer hierdie wind waai, is bosbouers op hul hoede want dan moet teen bosbrande gewaak word. Dit was juis tydens so 'n bergwind dat 'n verwoestende bosbrand op 10 Februarie 1869 ontstaan het. Die brand het naby Mosselbaai begin en het tot by Bloukransrivier, twintig myl ten ooste van Plettenbergbaai, gewoed.

In 'n ongepubliseerde werk haal Phillips 'n beskrywing uit die pen van H.B. Darnell, ooggetuie en destydse redakteur van die Cape Argus, aan :

"As the morning advanced, denser and denser grew the smoke and brighter and brighter the glare of the fire, while the thermometer rose higher every minute. The wind, too, increased rapidly in violence. At first there was nothing to be heard but the rushing and the raging of the wind and fire, but presently above the smoke I saw the liquid fire pouring over the great wooded krantzes and below them in the fields a great stream of fire surging along in the dry grass with incon-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ceivable rapidity. It was not merely sparks or flashes of fire that were flying so thickly, but fire brands. The last day itself can scarcely present accessories more dreadful............... I have visited the scene of this unparalleled disaster. No destruction can be more complete, nor can it be imagined without being seen....... This was a clear sweep of everything — houses, trees, gardens, orchards, forest, all gone....... Nature never can, nor will restore the grand old trees, not a few of them 30 feet in circumference, that stood on the great haugh on the side of the river opposite the house."(3)

So was daar verskillende bosbrande, hoewel tot kleiner gebiede beperk, wat tot die vernietiging van waardevolle lappe bosse bygedra het.

N.L. King laat hom as volg uit oor die houtsoorte wat in hierdie bosstreek aangetref word:

"There seems to be little doubt that in their virgin state the forests consisted of an upper-storey of giant Outeniqua yellowwoods (Podocarpus falcatus) with an understorey of upright yellowwood (Pod. latifolius) and many broad-leaved species such as ironwood (Olea laurifolia), assegai (Curtisia faginea), white pear (Apodytes dimidiata), stinkwood (Ocotea bullata), red els (Cunonia capensis), white els (Platylophus trifoliatus), kershout (Pterocelastrus tricuspidatus), vlier (Lachnopylis floribunda), beukenhout (Rapanca melanophleos), hard pear (Olinia cymosa), and kamassi (Gonioma kamassi). Keurboom (Virgilia capensis) is widespread but generally occurs along the forest edge and acts as a pioneer

---

(3) J.F.V. Phillips : History of the Midland Forests. Diepwalle, 1923. pp. 90, 91.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

to other species." (4)

Benewens die inheemse boomsoorte word daar reeds vir 'n geruime tyd uitheemse boomsoorte deur die Departement van Bosbou aangeplant. Daar staan reeds geweldige groot denneplantasies in hierdie streek. Opgeleide Bosboubeamptes — elk in bevel van 'n bepaalde gebied — is direk verantwoordelik vir die bewaring, aanplanting en ontginning van inheemse bosse en uitheemse plantasies.

(b) Temperatuur en Reënval.

Soos reeds gemeld het Knysna 'n baie matige klimaat. Hael kom selde voor en hoewel die bergtoppe gewoonlik 'n paar keer elke jaar met sneeu bedek is, smelt dit na 'n paar dae. Dit val baie selde op 'n hoogte laer as 2,000 voet.

Tabel II. (5)

Lugtemperature: Gemiddelde temperature vir die jare 1933-34 op Knysna op ongeveer 35 voet bo seespieël

| | Jan. | Feb. | Maart. | April. | Mei. | Jun. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Gem.maksim. | 77.0 | 77.2 | 71.5 | 70.7 | 68.0 | 67.8 |
| Gem. min. | 60.4 | 61.9 | 58.3 | 56.7 | 50.5 | 44.4 |
| Gem. temp. | 68.7 | 69.5 | 64.9 | 63.7 | 59.2 | 56.1 |
| Abs. mak. | 104.8 | 102.0 | 90.6 | 90.8 | 85.0 | 85.0 |
| Abs. min. | 51.0 | 56.5 | 48.0 | 46.0 | 40.0 | 36.0 |
| Gem.speling | 16.6 | 15.3 | 13.2 | 14.0 | 17.5 | 23.4 |
| Abs.speling | 53.8 | 45.5 | 42.6 | 44.8 | 45.0 | 49.0 |
| | Jul. | Aug. | Sept. | Okt. | Nov. | Des. |
| Gem.maksim. | 62.8 | 63.9 | 72.3 | 69.4 | 71.7 | 76.4 |
| Gem. min. | 42.6 | 44.9 | 53.3 | 52.2 | 57.8 | 60.6 |
| Gem. temp. | 52.7 | 54.1 | 62.7 | 60.8 | 64.7 | 68.7 |
| Abs. mak. | 77.5 | 91.7 | 94.0 | 88.0 | 83.0 | 91.5 |
| Abs. min. | 34.0 | 37.0 | 41.0 | 44.0 | 49.0 | 53.5 |
| Gem.speling | 20.2 | 19.0 | 19.0 | 17.2 | 13.9 | 15.8 |
| Abs.speling | 43.5 | 54.7 | 53.0 | 44.0 | 34.0 | 38.0 |

Uit tabel II blyk dat die gemiddelde temperatuur vir die twee jaar 62.07° Fahrenheit was.

---

(4) N.L. King : a.w., p.7.

(5) F.S. Laughton : Houtteelt van die Inheemse Houtbosse van die Unie van Suid Afrika, Staatsdrukker, Pretoria, 1938, p.45.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar sal opgemerk word dat die kwik in hierdie twee jaar nooit benede vriespunt gesak het nie. Die absolute laagste temperatuur was in Julie, nl. 34.0° Fahrenheit, en die absolute hoogste temperatuur was in Januarie, nl. 104.8° Fahrenheit.

Terwyl die gemiddelde speling per maand betreklik min is, toon die absolute speling dat daar 'n geweldige temperatuurstyging en -daling in dieselfde maand plaasvind. Dit gebeur dikwels dat 'n bergwind die temperatuur hoog opjaag, terwyl nog dieselfde dag of die volgende dag 'n koue suidwestewind weer die kwik skielik laat daal.

Wat die reënval betref, kan verklaar word dat Knysna tussen die somerreënvalstreek (die Oostelike Provinsie) en die Winterreënvalstreek (die Westelike Provinsie) geleë is. Die reënval gedurende die jaar word in tabel III aangetoon.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL III. (6)

Gemiddelde Reënvalsyfers op verskillende plekke gedurende 'n groot aantal jare.
(Die reënval is in duime en die gemiddelde aantal reëndae word ook gegee).

| Bosboustasie. | Knysna | | Plettenbergbaai | | Harkerville. | | Lottering. | | Suurvlakte | | George | | Concordia. | | Kaffirkop | | Millwood. | | Diepwalle. | | Buffelsnek. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoogte bokant seespieël | 30' | | 240' | | 550' | | 700' | | 710' | | 750' | | 950' | | 1180' | | 1500' | | 1745' | | 2210'. | |
| Afstand van see in myle. | 3$\frac{1}{4}$ | | $\frac{1}{2}$ | | 2$\frac{3}{4}$ | | 3 | | 10$\frac{1}{2}$ | | 7 | | 4$\frac{1}{2}$ | | 5$\frac{3}{4}$ | | 13$\frac{1}{2}$ | | 8$\frac{3}{4}$ | | 11$\frac{3}{4}$ | |
| Periode in jare | 30 | | 30 | | 33 | | 28 | | 19 | | 20 | | 32 | | 16 | | 33 | | 13 | | 17 | |
| Maand. | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën | Dae | Reën |
| Januarie | 8 | 2.11 | 5 | 1.69 | 9.7 | 3.15 | 10 | 3.47 | 9.4 | 2.39 | 10 | 3.12 | 9.6 | 3.23 | 9.7 | 2.75 | 10.1 | 3.44 | 10.2 | 3.56 | 10.1 | 3.47 |
| Februarie | 8 | 2.15 | 5 | 1.71 | 9.3 | 3.32 | 9 | 3.83 | 8.8 | 2.40 | 11 | 4.51 | 10.4 | 3.98 | 9.5 | 2.68 | 10.7 | 4.02 | 9.5 | 3.13 | 9.4 | 3.14 |
| Maart | 8 | 2.47 | 5 | 1.78 | 9.2 | 3.12 | 9 | 4.14 | 10.1 | 2.98 | 12 | 3.61 | 9.6 | 3.64 | 10.5 | 3.11 | 11.9 | 4.42 | 11.4 | 3.39 | 11.6 | 4.18 |
| April | 8 | 2.33 | 6 | 2.12 | 7.5 | 2.93 | 8 | 2.65 | 7.9 | 2.23 | 10 | 3.09 | 8.3 | 3.16 | 8.1 | 2.61 | 9.4 | 3.48 | 9.0 | 2.51 | 9.2 | 3.03 |
| Mei | 7 | 2.48 | 6 | 2.49 | 8.0 | 3.46 | 8 | 3.45 | 8.2 | 2.73 | 9 | 2.57 | 7.9 | 2.64 | 8.6 | 2.74 | 8.0 | 2.46 | 8.0 | 2.81 | 8.7 | 2.79 |
| Junie | 6 | 2.22 | 5 | 2.25 | 7.1 | 3.07 | 7 | 3.24 | 6.4 | 1.52 | 7 | 2.25 | 6.9 | 2.62 | 8.2 | 2.75 | 7.2 | 2.32 | 8.2 | 2.34 | 7.4 | 2.56 |
| Julie | 7 | 2.13 | 5 | 2.04 | 7.5 | 2.97 | 6 | 2.64 | 6.3 | 1.62 | 7 | 1.59 | 7.4 | 2.53 | 7.7 | 2.68 | 7.1 | 2.07 | 7.9 | 2.49 | 7.4 | 2.54 |
| Augustus | 8 | 2.46 | 6 | 2.25 | 9.0 | 3.48 | 9 | 3.51 | 7.3 | 1.96 | 9 | 1.88 | 9.4 | 3.11 | 9.2 | 2.85 | 8.9 | 2.71 | 8.8 | 3.43 | 8.6 | 2.81 |
| September | 8 | 2.96 | 7 | 2.94 | 10.0 | 4.42 | 9 | 4.49 | 9.7 | 2.69 | 10 | 3.45 | 9.6 | 4.42 | 11.0 | 4.05 | 11.0 | 4.24 | 11.6 | 4.52 | 10.8 | 4.01 |
| Oktober | 9 | 2.68 | 7 | 2.55 | 9.9 | 4.44 | 10 | 4.55 | 10.1 | 2.32 | 11 | 3.34 | 10.9 | 3.92 | 10.0 | 3.37 | 11.8 | 4.24 | 11.3 | 4.29 | 11.4 | 3.78 |
| November | 8 | 2.37 | 6 | 1.98 | 10.0 | 3.20 | 10 | 3.76 | 9.7 | 2.79 | 11 | 2.78 | 9.8 | 3.14 | 10.0 | 3.21 | 11.1 | 3.78 | 10.5 | 3.43 | 10.7 | 4.04 |
| Desember. | 8 | 2.36 | 6 | 2.14 | 9.3 | 3.67 | 11 | 4.37 | 9.6 | 2.66 | 11 | 3.66 | 9.9 | 3.69 | 9.7 | 2.98 | 11.7 | 3.93 | 11.5 | 4.17 | 11.5 | 5.25 |
| TOTALE. | 93 | 28.72 | 70 | 25.94 | 107 | 43.23 | 106 | 45.1 | 103.5 | 28.19 | 118 | 34.83 | 109.7 | 40.08 | 112.2 | 35.78 | 118.9 | 41.11 | 117.9 | 40.07 | 116.8 | 41.60 |

(6) F.S. Laughton : a.w., p.49.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel die reënval redelik eweredig oor die jaar versprei is, is daar in 'n geringe mate 'n neiging tot 'n groter reënval in September en Oktober, terwyl daar 'n geringer reënval in Junie en Julie is. Verder word opgemerk dat die reënval in 'n direkte verhouding tot die hoogte bo die seespieël staan en ook tot die afstand van die see af. Die totale gemiddelde reënval (41.60") by Buffelsnek (hoogte 2,210' en $11\frac{3}{4}$ myl van die see) in vergelyking met die totale gemiddelde reënval (28.72") vir Knysna (hoogte 30' en afstand van see $3\frac{1}{4}$ myl) toon die neiging duidelik aan. Algehele reëlmaat, as gevolg van weerkundige faktore wat hier buite rekening gelaat kan word, bestaan egter nie.

'n Faktor wat deur die reënvalsyfers aan die lig gebring word, is die gemiddelde aantal reëndae per maand en per jaar. By wyse van veralgemening kan gesê word dat die aantal reëndae wissel tussen een-vyfde van die maand tot een-derde van die maand. Indien in gedagte gehou word dat meestal sagte reëns voorkom en dat dit nie altyd reën wanneer die lug bewolk is nie — veral in die streek weg van die berg — dan kan ons aanneem dat die son in die werklikheid minder skyn as wat deur die aantal "nie-reëndae" voorgestel word.

Hoewel werklike reëndae 'n groter invloed op die bewoners van die streek het as slegs bewolkte dae, kan laasgenoemde nie sonder meer ignoreer word nie. 'n Klam streek met baie bewolkte dae kan die fisieke toestand van die mens nadelig beïnvloed.

Terwille van die interessantheid van die saak — en medici staan nie heeltemal onverskillig nie — kan hier gemeld word dat die dorre bergwind

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as die „dokter" in hierdie streek beskou word. Indien dit onmiddellik volg op reën, word alle tekens van vog op slegs een dag uitgewis.

Vanweë die belangrikheid van sonskyn in die algemeen is dit nodig om gegewens hieroor vir hierdie streek te verskaf.

Tabel IV.(7)

Ure van Direkte Sonlig op Diepwalle. Totale per maand. Gemiddelde vir 11 jaar, 1923 - 34.

| | Jan. | Feb. | Mrt. | April | Mei | Junie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | ure min | u. m. | ure m. | ure m. | ure min | ure min. |
| Werklike gem.p.m. | 251.30 | 232.24 | 192.48 | 206.00 | 204.00 | 191.12 |
| gem. per dag. | 8.06 | 8.18 | 6.12 | 6.42 | 6.36 | 6.24 |
| moontlike gem.p.d. | 14.09 | 13.08 | 12.09 | 11.07 | 10.11 | 9.32 |

| | Julie | Aug. | Sept. | Okt. | Nov. | Des. | Jaar totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | ure m. | u. m. | u. m. | u. m. | u. m. | u.m. | u. m. |
| Werklike gem.p.m. | 203.30 | 217.18 | 182.06 | 211.48 | 227.36 | 247.30 | 213.54 |
| gem.per dag. | 6.36 | 7.00 | 6.06 | 6.48 | 7.36 | 8.00 | 7.02 |
| moontlike gem.p.d. | 10.04 | 10.31 | 11.32 | 12.35 | 13.30 | 14.11 | 12.04 |

Uit tabel IV blyk dit dat uit 'n moontlike gemiddelde aantal sonure van 12 uur .04 minute per dag, daar 'n werklike gemiddelde aantal sonure van 7 uur .02 minute was. Dit beteken dat dwarsdeur die jaar daar gedurende elke dag gemiddeld vyf uur is wanneer die son nie skyn nie. Anders gestel — elke „nag" bestaan uit 17 uur en elke „dag" bestaan uit 7 uur. Nou moet daar egter op gelet word dat Diepwalle, waar hierdie waarnemings gedoen is, in die hartjie van die grootbos naby Knysna geleë is. Soos uit tabel III blyk, het Diepwalle 'n baie hoë reënval. Gevolglik is die toestand nie so erg in die res van die streek waar die reënval kleiner is nie.

(7) F.S. Laughton a.w., p.47.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens tabel III vind ons dat Diepwalle 118 reëndae per jaar het. Uit tabel IV kan vasgestel word dat die aantal bewolkte dae baie groter is. Daar is omtrent 214 sonure per maand. Met die moontlike gemiddelde van 12 sonure per dag of 360 sonure per maand van 30 dae, verloor Diepwalle weens reën en bewolkte lug maandeliks 146 sonure. Met 'n moontlike gemiddelde van 12 sonure per dag verloor Diepwalle 12 „dae" per maand of 144 „dae" per jaar. Benewens die 118 reëndae per jaar is daar dus 26 bewolkte dae per jaar waarop dit nie reën nie. Indien hier bygevoeg word dat daar elke jaar 'n moontlike van 182 sondae is, is daar in die werklikheid slegs 38 sondae.

(c) Die Ontwikkeling van Verkeersweë en Vervoermiddels.

Enige persoon wat met die geografiese toestande in die Middellandse Bosstreek bekend is, kan 'n denkbeeld vorm van die haas onoorkomelike struikelblokke waarmee die blanke pioniers te doen gehad het. Alles dui daarop dat die aantog van die trekboer vanaf die weste in die omgewing van die huidige dorp George van rigting verander het. Die trekboer het gebruik gemaak van twee uiters moeilike passe waarlangs die destydse bewoners in die omgewing van die huidige Mosselbaai en George verbinding met die Kleinkaroo agter die Outenikwaberge kon bewerkstellig.

"Geruime tyd was die enigste deurgange deur die Outeniqwaberge dié naby Klein-Brakrivier, oor die Attaquaskloof of oor Duiwelskop, naby die teenswoordige Bergplaas. ......... Kort nadat die dorp (8)

(8) Die dorp George is in 1811 aangelê.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangelê is, het Landros van Kervel 'n begin gemaak met die Cradockpas wat genoem is na die destydse goewerneur. Die roete wat gevolg is, is die wat vandag deur die wit bakens in die berg aangedui word. Hierdie pas was maar altyd 'n groot struikelblok; dit het dikwels drie dae geneem om die vyf-en-'n-half myl oor die berg af te lê. In 1843 het majoor Mitchell, destyds landmeter-generaal van die Kaapkolonie, aan die hand gedoen dat al die bandiete op sekere plekke bymekaar gebring word om saam te werk en dat daar 'n goeie pad oor die Outeniqua-berge gemaak word. Die sekretaris, van die regering, John Montagu, het hierdie plan uitgevoer. In 1844 is met hierdie groot werk begin en op 18 Januarie 1848 is die nuwe pas, met die naam Montagupas, geopen. Dit het £35,779 gekos...."(9)(10)

Die aanhaling hierbo is 'n bondige weergawe van die ontwikkeling van paaie wat George en omgewing met die Kleinkaroo verbind het. Die verbinding tussen George en Swellendam en verder na die weste het minder struikelblokke gebied aangesien daar geen bergpasse tussenin voorkom nie.

Vir die doel van hierdie verhandeling is die deurgang van George na Knysna baie belangriker. In 'n verslag wat deur J.C. Brown aangehaal word, getitel : Report upon the Forests, and Timber growing therein, in the vicinity of Plettenberg Bay, together with the means of removing it therefrom to the Bay for Shipping deur 'n kaptein Jones van die Koninklike Vloot, gedateer 1812 vind ons interessante gegewens.

---

(9) D.M. de Jager : Gedenkboek van die Gemeente George, George, 1942, p.5.

(10) Tans is daar 'n nuwe pad in aanbou deur die Montagupas wat George met Langkloof en Oudtshoorn verbind.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brown meld ook dat hierdie verslag die oudste gesaghebbende dokument is wat hy in hande kon kry i.v.m die inheemse bosse in Kaapland. Aangesien hierdie verslag verskillende gesigspunte behandel, sal by verskeie geleenthede daarvan melding gemaak word.

Na sy uiteensetting van die onmoontlikheid om die riviere te gebruik vir die vervoer van hout vanaf die binneland tot by die kus, verwys Jones na die paaie.

"The local difficulties of this country are insurmountable, at least with its present small population. The roads, except from the Poorte Forest, situated between the Knysna and the Keurbooms River, which are very good to Plettenberg Bay, are a constant succession of ascending and descending heights; nor is the labour of men to make them better effectual and lasting, since the first heavy rains render them as bad as ever. On this account I consider it totally impossible to remove any heavy timber from the forests situated between the Knysna and Kaymans Rivers. The latter is accounted the most difficult pass in Southern Africa. I should think it cannot be less than 600 or 700 feet deep to the river, and the road is for a considerable part over rocks, like steps from two to three feet in height, down which the waggon jumps, with three wheels locked, and the angle of descent and ascent is often 45 degrees, the length of the team of oxen only enabling them to get up. It is the custom of the Boers who cut and carry away wood over this pass to the Cape to unload half the freight, which is generally about 3000 lb. weight, and then proceed over with one moiety returning to fetch the other. In this business a day is often consumed, and many

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waggons broken."[11]

Hoewel Jones in sy verslag melding maak van die swak toestand van die pad vanaf Plettenbergbaai na Avontuur en Uniondale (hierdie plekke lê ook agter die bergreeks in die Kleinkaroo), is hierdie bergpas reeds in sy tyd in gebruik aangesien hy praat van voorrade wat vandaar na Plettenbergbaai gebring is.[12]

Uit aanhalings wat J.C. Brown uit 'n verslag van 'n Gekose Komitee oor die Knysna-George pad in 1861 gee, blyk dit uit die getuienis van 'n Kaptein Allen dat die talle riviere tussen George en Knysna geweldig baie moeilikhede oplewer i.v.m. die vervoer van hout per ossewa. Volgens hierdie getuie bestaan daar nêrens in die land sulke moeilike paaie nie.[13]

In ongeveer 1865 is 'n nuwe pad wat £80,000 gekos het, gemaak tussen die Keurboomrivier (Plettenbergbaai), die Vlugt en Knysna. Die afstand is 45 myl.[14]

Hoewel nie spesiaal na die pad tussen Knysna en Plettenbergbaai verwys word nie, kan aangeneem word dat die vroegste bewoners van daardie omgewing geen moeite gehad het om oor land met Knysna in verbinding te kom nie, aangesien daar geen natuurlike struikelblokke van naam in die weg tussen hierdie twee plekke is nie.

Gedurende die reis van Sparrman (1772-1776) was daar blykbaar nog geen deurgang deur die Kaaimans-

---

(11) J.C. Brown: Crown Forests at the Cape of Good Hope, London: Simpkin, Marshall & Co. 1887, pp. 16-17.
(12) J.C. Brown: a.w., p.18.
(13) J.C. Brown: a.w., pp. 22, 23, 24, 25.
(14) J.C. Brown: a.w., p.26.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en Touwriviere nie. Eersgenoemde is toe nog Keeromrivier genoem.(15)

Le Vaillant (1782) en Lichtenstein maak ook in hulle reisverhale melding van die moeilike deurgange by die Kaaimans- en Touwriviere tussen George en Knysna.(16) Wanneer die eerste blankes die bosstreek tussen George en Knysna en tussen Knysna en Humansdorp binnegedring het, val moeilik te bepaal. Volgens die gegewens hierbo verstrek, kan verklaar word dat dit omstreeks 1780 geskied het.

Lichtenstein maak melding van enkele blankes in die omgewing van Swartrivier en Touwrivier. Hulle het daar omstreeks 1788 ingetrek. Hy praat ook van 'n geveg by Knysna tussen blankes en kaffers wat vanaf Langkloof gekom het in 1799.(17)

Feit bly dat daar omstreeks 1780 reeds 'n verkeer, o.a. per ossewa, bestaan het tussen die plekke waar die huidige dorpe Oudtshoorn, George, Knysna, Plettenbergbaai en Uniondale staan. Daar kan aangeneem word dat die verbinding tussen die huidige Knysna en Uniondale ook omstreeks hierdie tyd moes plaasgevind het.

Benewens die gemelde paaie wat vandag besonder goed is, en gereeld in stand gehou word, is daar talryke paaie in die bosstreek. Hierdie paaie lei van die groot paaie na die verskillende bosboustasies, en ook is daar talryke amptelike paaie wat van die bosboustasies dieper die bosse en plantasies inlei. Benewens twee groot paaie tussen George en Knysna is die nasionale pad tans

---

(15) Sparrman: A Voyage to the Cape of Good Hope etc., 1772-1776, p.277.
(16) D.M. de Jager: a.w., p.5.
(17) Lichtenstein : Travels in Southern Africa 1803-1806, p.246.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in aanbou al langs die kus tussen George en Knysna.

Tans bestaan daar 'n spoorverbinding (in 1928 aangebring) tussen Knysna en George waar dit aansluit by die lyn wat Kaapstad met Port Elizabeth verbind. Daar is ook 'n smalspoor wat Avontuur met Port Elizabeth verbind. Dit val egter buitekant die bosstreek en bedien hoofsaaklik die bewoners van Langkloof. Daar is ook 'n spoorlyntjie van 12 myl tussen Knysna en Diepwalle wat deels deur die staat en deels deur partikuliere ondernemings aangebou is. Dit is hoofsaaklik vir die vervoer van hout uit die grootbos na Knysna bedoel.

In 'n ongepubliseerde werk haal J.V.F.Phillips aan uit 'n dokument getitel <u>The Story of the Knysna</u> deur F. Muller Rex (1916) in verband met skeepsverbinding vanaf Plettenbergbaai na Kaapstad. Die aanhaling lui dat :

"The first cargo of timber Mr. J.F. Meeding (the resident of Plettenberg Bay) shipped, was in August 1788, when the Cape packet, "Meermin", was laden with wagon-wood and material for gun-carriages. Nothing except timber, however, was taken from the port.............. From that time forward a regular wood trade was carried on between the Bay and Cape Town."(18)

Uit dieselfde bron haal Phillips aan om te wys dat die Knysnase „hawe" in 1817 bevaarbaar gevind is en dat tussen 1817 en 1839 so veel soos 172 skepe 'n totale vrag van oor die 24,000 ton hout vanaf Knysna vervoer het.(19)

---

(18) J.F.V. Phillips : a.w., p.18.

(19) J.F.V. Phillips : a.w., p.25 en p.27.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(d) Landbou en Bosbou.

Die volgende waarnemings word onder meer in die Stalsverslag vermeld:

"Dit is onmoontlik om in kontak met die toestand aldaar te kom sonder om te besef watter 'n oorheersende rol boswese speel........ Wat ook al die voorgeskiedenis van die landbou in die bosstreek was, is dit bedroewend om te sien hoe ondergeskik dit vandag is aan die bosbou."(20)

Hieruit blyk duidelik dat die mees vanselfsprekende bestaan in hierdie streek uit die inheemse bosse en die uitheemse plantasies afkomstig is.

"Dat daar 'n taamlike groot lap houtbos in die distrikte George, Knysna en Humansdorp geleë is, is hoofsaaklik toe te skryf aan die betreklik hoë, goedverspreide reënval van hierdie boswêreld, wat op sy beurt weer toe te skryf is aan die feit dat die berge naby die see geleë is."(21)

Besoekers aan hierdie streek kom almal onder die indruk van die weelderige plantegroei met die gevolg dat aangeneem word dat hierdie gebied uitstekend moet wees vir landboudoeleindes. Die praktyk het egter getoon dat dit nie die geval is nie. Dat boerdery nie eens vir die boer met 'n groot plaas 'n winsgewende onderneming skyn te wees nie — laat staan die kleinboer — blyk uit die feit dat baie boere in hierdie distrik ook 'n byverdienste het.

Die veronderstelling dat die bewoners vanaf die begin afkerig van landbou was, word deur die feite geloënstraf. Eerder het hulle afkerig geword van landbou omdat die ondervinding hulle geleer

---

(20) „Rapport van 'n Komitee oor die Maatskaplike Wantoestande in die George-Knysna-Zitzikama-Bosstreek" (1935), pp. 9, 10.
(21) F.S. Laughton : a.w., p.37.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het dat hierdie streek nie juis geskik vir landbou is nie. Dokumentêre getuienis gee deurgaans die indruk dat die oudste bewoners niks anders wou doen as boswerk nie, en nêrens word gesê dat landbou 'n danige bestaan bied nie. Die talle boere wat groot grond gehad het en boonop boswerkers was, steun hierdie vermoede. Nakomelinge van sodanige boere deel mee dat indien hul ouers kontant geld wou gehad het, hulle in die bosse gaan werk het.

Ons lees die volgende in die waardevolle verslag (1812) van kaptein Jones, soos deur Brown aangehaal:

"In the Plettenberg's Bay there grows scarcely enough corn for the supply of its few inhabitants. The Boers having so small a number of people to till the ground, and being also generally occupied in wood-cutting, are often obliged to take long and heavy journeys of 10 days for a load of corn or meal. This they generally do into the Lange Kloof, where it is much more abundant, and from whence also come the sheep. It is from the Lange Kloof then on which dependence for provisions must be placed; and under the most favourable circumstances a waggon cannot go and return under 8 to 10 days, as I am informed."(22)

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak word, is nie dat hierdie vroeë bewoners afkerig was teenoor boerdery nie. Veeleer leen hierdie streek hom tot bosbou en nie tot boerdery nie. Sou hierdie vroeë bewoners dan liefs die vermoeiende ossewarit aanvaar as om plaaslik in hul eie behoeftes te voorsien? Verder moet onthou word dat baie

(22) J.C. Brown : a.w., p.18.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die vroeë bewoners afkomstig was van die pioniers uit die weste en dat hulle moontlik eerder tot die landbou as tot boswerk geneig sou gewees het.

'n Verdere bewys van die mislukking van 'n landbou-onderneming in hierdie streek word gelewer deur die invoer van landbounedersetters vanaf Engeland in 1879. Hierdie nedersetters het 'n mislukking van die landbou gemaak en het sonder uitsondering boswerk begin doen.(23) Baie van hul nakomelinge is nog in hierdie streek en tans is baie van hulle winkeliers en klerke.

Die ongunstige faktore is reeds genoem, t.w. die vlak en arm grond. Die gevolg hiervan is dat die grond gou uitdor en die plante verdroog of dat die gesaaides maklik versuip in tye van baie reën. Boonop is die ligging baie ongelyk en dikwels word lappies land teen baie skuins hellings gevind. Uitgestrekte landerye kan weens die ligging nie onderneem word nie. Hierdie streek mag deug vir fyntuin, veral in die valleie waar die grond ook meer vrugbaar is. Fyntuin wil egter baie gereëlde reën of waterleiding hê. Die reën is nie in so 'n mate gereëld nie en verder is waterleiding buite die kwessie weens die ontsettende diep riviere. Indien dit nog 'n sukses sou wees, bestaan die mark nie. Knysnase tuiniers kan immers nie op die mark in Kaapstad meeding met die kwekers in die Kaapse vlakte en omstreke nie.

Wat veeboerdery betref, is die omstandighede eweseer nadelig. Die vee wat in hierdie streek gesien word, lyk treurig. Vandag nog koop slagters hul slagvee in die nabye Karoo agter die berge.

---

(23) N.L. King: t.a.p., p.9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Osse wat 'n groot rol in die bestaan van die boswerker gespeel het, het op groot skaal gevrek.

In die getuienis van kaptein Allen voor 'n gekose komitee in 1861, aangehaal deur Brown, word die volgende rede aangegee vir die vermindering van togry:

"It must be the cattle sickness, because most of the farmers have lost great numbers. One man once showed me four hundred fine young cattle, and he lost the whole in two months."(24)

Veevrekte, veral onder trekosse, het groot verliese vir boswerkers meegebring. In sy verslag in 1889 verklaar die Superintendent van die dwarsleggerfabriek op Knysna as volg:

"The dry winter also interfered with the regular supply of sleepers, which caused a great mortality among the oxen, upon which the industry is so dependent. It is estimated that over 600 oxen died in the district during the winter months."(25)

Sonder vrees vir enige teenspraak kan beweer word dat die bosstreek geen natuurlike aanmoediging vir landbou of veeteelt verskaf nie. Die vroegste bewoners het dit gou besef en het geen moeite gedoen om hulle hierop toe te lê nie. Hulle het na die volgende alternatief, boswerk, gegryp en is geleidelik in hierdie werk, as enigste bestaansmoontlikheid, opgeneem. Die gekapte hout het die kern van die ekonomiese lewe geword. Sonder die os kon die gekapte hout nie uit die bos gesleep en na die mark vervoer word nie, met die gevolg dat veevrektes groot verliese in die houtkap-bestaan veroorsaak het.

---

(24) J.C. Brown : a.w., p.25.
(25) Cape of Good Hope: Annexures to Votes and Proceedings of Parliament, Appendix I, Vol. II, 1889.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(e) Minerale Stowwe.

Daar is geen minerale rykdomme in die bosstreek wat ontginning regverdig nie. Aan die begin van 1880 is 'n verslag voorgelê aan die Kaapse Parlement deur die Kommissaris van Openbare Werke i.v.m. prospekteerwerk wat deur E.J.Dunn in die Knysnase distrik uitgevoer is. In die verslag word melding gemaak dat goud aanwesig is, dog nie in 'n betaalbare vorm nie. Hy laat hom as volg uit:

"From George Town to beyond Knysna River, and from the Outeniqua Mountains to the sea, the geological conditions are not unfavourable to the existence of the precious gold." (26)

In 1887 is 'n gebied van omstreeks 12 vierkante myl wes van die Homtini tot 'n myngebied geproklameer, asmede 'n gebied ten ooste van die Homtini wat as Millwood bekend staan. In laasgenoemde gebied is 232 alluwiale kleims geregistreer, dog weens swak opbrengs is hulle feitlik nie ontgin nie. Lisensiegelde was aanvanklik 10/- per maand en is in 1888 tot 2/6 per maand per kleim verminder. In Millwood was daar 'n bevolking van 150. Voorts word ook melding gemaak dat die spesiale hof gedurende 1889 nie minder as 36 kriminele sake en 14 siviele sake moes afhandel nie. Benewens hierdie sake het die spesiale vrederegter nog die volgende afgehandel : aanranding op polisie 21, dronkenskap 41, aanranding 10, diefstal 11, weerstand teen polisie 2. (27)

---

(26) Cape of Good Hope : Annexures to the Votes and Proceedings of the House of Assembly 2nd Session 6th Parliament 1880 - Vol.2.

(27) Cape of Good Hope: Appendix I, Vol.II to Votes and Proceedings of Parliament, 1890.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2. DIE BEVOLKING VAN DIE BOSSTREEK.

Die ontdekking en ewentuele ontginning van die inheemse bosse in die streek George, Knysna en Humansdorp is van uiters groot belang, aangesien dit lig werp op die tydperk waarin hierdie streek deur blankes bewoon geraak het en dit ook 'n aanduiding gee wie die eerste blanke boswerkers was.

### (a) Die Oorsprong van Blankes in die Bosstreek.

Dit wil voorkom asof blankes vanaf die Kaap toevallig met die inheemse bosse in aanraking gekom het.

"Een van die eerste persone wat hierdie geweste besoek het, was Vaandrig Hieronymus Cruse. Hy word in 1667 uitgestuur om vee te ruil. In die omgewing van Mosselbaai verkry hy vee van die Gouriquas en verneem van hulle dat die Attaquas ook pragtige vee het........ Ons verneem van hom dat die Attaquas woonagtig was in die streek tussen Mosselbaai en die teenswoordige dorp George, met die Outeniqua - Hottentotstam as hulle Oostelike bure. Dit was dan die vee van die Hottentotte wat die blanke na hierdie dele gelok het en op die manier het die houtbosse as tweede aantrekkingskrag bekend geraak."(28)

Vroeg reeds het die destydse bewind aan die Kaap die moontlikheid oorweeg om die inheemse bosse in die omgewing van die teenswoordige George te ontgin ten einde in die behoeftes van die blankes in die Kaap te voorsien.

"In die dagregister van Maart 1710 in die Kaapse Argief lees ons dat kaptein Adolf Jan van der Laan en onder-koopman Willem van Putten uitge-

---

(28) D.M. de Jager : a.w., p.l.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stuur is om die houtbosse te vind en daaroor te rapporteer........"(29)

Die voorposte van die blanke veeboer het op 'n baie vroee stadium in aanraking met die inheemse bosse in die omgewing van George gekom.

"Reeds in 1713 het koloniste hier grond gekry om hulle vee te laat wei. Die eerste plaas is egter eers in September 1734 aan Esajas Engelbregt Meyer toegeken, en wel die plaas Brakkefontein naby Mosselbaai."(30)

Dit ly geen twyfel nie dat reeds so vroeg as 1730 daar 'n houthandel met die Kaap ontstaan het. Onthou moet word dat wahout 'n uiters belangrike rol in die geskiedenis van die trekboer gespeel het. In die Middellandse bosstreek is wahout in 'n baie groot hoeveelheid aangetref. Geensins verbaas dit ons om die volgende te hoor nie:

"It is not known whether these people opened up a timber trade with Cape Town but it is probable they did so and thus brought the forests to the notice of the authorities. The first definite evidence of exploitation is to be found in 1772 when a 'timber post' was established alongside the George forests to supply the settlement at Cape Town with timber."(31)

Hierdie houtstasie is egter in 1820 gesluit omdat toe besluit is dat die hout nie vir die Britse Admiraliteit geskik is nie.(32)

Dat daar omstreeks hierdie tyd in die omgewing van die George-bosse 'n gereëlde bos-

---

(29) D.M. de Jager : a.w., p.l.
(30) D.M. de Jager : a.w., p.l.
(31) N.L. King : a.w., pp. 7, 8.
(32) N.L. King : a.w., p. 8.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

werkergroep ontstaan het, ly geen twyfel nie. In 1811, die jaar waarin die Drosdy George gestig is, is erwe gratis geskenk aan ses boswerkers en hul gesinne. Die skenking is gemaak met die veronderstelling dat hulle die timmerhout in verband met die aanlê van die dorp George sou verskaf.(33)

Volgens dieselfde skrywer(34) het die volgende persone hout aan die kerkraad van George verkoop vir die oprigting van 'n kerkgebou gedurende 1832-1842, t.w. H. Barnard, C. Gerber, veldkornet Weyers, P. Terblans, F. Heunis, H. Stander, T. Meiring, P. Botha, O'Connell, J. van der Watt, J.C. Gericke, F. Gerber, John Rex, J.H. Redelinghuis, C. Redelinghuis, A. Stander en van Huysteen.

Minstens vyf van hierdie vanne is van die mees tipiese vanne wat onder latere boswerkers voorgekom het. Daar kan dus aanvaar word dat van hul nakomelinge gereëlde boswerkers geword het en vandag nog in hierdie streek aangetref word.

Dat boswerkers vanaf die weste omstreeks 1770 reeds die houtbosse tussen George en Knysna tot sover as Plettenbergbaai binnegedring het, ly geen twyfel nie.

„Die datum waarop die nedersetters aan die Kaap die Middellandhoutbosse ontdek het, is onbekend maar met die ontginning daarvan is waarskynlik in omtrent 1750 begin. In 1778 het die Kompanjie 'n houtstasie by Plettenbergbaai ongeveer 20 myl oos van Knysna, opgerig met die doel om die houtbos te ontgin. Van hierdie pos is die

---

(33) D.M. de Jager : a.w., p.3.

(34) D.M. de Jager : a.w., p.27.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

timmerhout na Kaapstad verskeep, terwyl indiwiduele partikuliere boswerkers die timmerhout wat in die nabyheid van George gekap is, waarskynlik per ossewa vervoer het. Ook hierdie stasie is in 1820 gesluit." (35) (36)

Reeds het ons gesien dat hout oor see na Kaapstad vervoer is, vanaf Knysna in 1817 en vanaf Plettenbergbaai vanaf 1788.

Benewens die blankes wat die bosstreek vanaf die weste binnegedring het, is die boswerkersgroep ook langs ander weë versterk. Die eerste twee groepe van belang word in die volgende aanhaling weergegee:

"As far back as 1856 a considerable population had grown up in the vicinity of the forests and was almost, if not entirely, dependent on woodcutting for a means of livelihood. There was little else for these people to do as distances from markets, bad roads and poverty stricken soil militated against agricultural or stock farming. To make matters worse, Government embarked, in 1879, on an ill advised scheme to settle immigrants on waste lands near the forests. These immigrant locations were a failure and the settlers had perforce to turn to the forests, to earn a livelihood. Among the settlers were a number of Italians who were imported from Turin to start a silk industry near Knysna. The fact that mulberry leaves were needed to feed the silk worms was overlooked and consequently the industry failed to materialise.

---

(35) F.S. Laughton : a.w., p.19.
(36) Die reusagtige houtskuur, tans sonder dak, is nog op Plettenbergbaai te sien. Dit is onder beskerming van die Monumente Kommissie geplaas.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

To relieve their distress these Italians were employed on the construction of a road from Knysna t Gouna and in course of time they drifted into the ranks of the woodcutters."(37)

'n Volgende groep wat moontlik ook boswerkers geword het, is die beamptes wat in diens by die houtstasies op George en Plettenbergbaai was. Daar kan met groot sekerheid aangeneem word dat die meeste van hierdie beamptes boswerkers geword het na die sluiting van hierdie houtstasies deur die Britse Admiraliteit in 1820.(38)

Benewens die blankes wat van die weste gekom het, het in die loop van tyd ook verskeie vanuit die nabye Karoo (Langkloof en Uniondale)

hierdie streek binnegetrek en boswerk gedoen. Inkomelinge wat by Knysna en Plettenbergbaai geland het, mag ook boswerk gedoen het.

Verskeie pensionarisse, veral uit die Engelse vloot en offisiere in die Engelse leër in Indië, het hulle in die omgewing van Knysna kom vestig. Bv. in 1804 het George Rex hom op die plaas Melkhoutkraal waar Knysna tans staan, gevestig. Hy is in 1839 oorlede en op die oorspronklike plaas begrawe. Van hul nakomelinge mag ook boswerkers geword het.

Behalwe die groep waaruit die boswerkers afkomstig is, is die bevolking in die bosstreek ook op ander maniere deur „uitheemse" elemente versterk. Ongeveer 1920 is staats- en kerknedersettings in die bosstreek aangebring teneinde die verarmdes uit die Karoo en elders 'n heenkome op die

---

(37) N.L. King : t.a.p., p.9.

(38) N.L. King : t.a.p., p.8.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plantasies te gee. Gedurende die staking op die Randse goudmyne is ook 'n klomp stakers op Karatara Nedersetting geplaas.

(b) Die Bevolkingsgroei.

Volgens de Jager vermeld verskeie besoekers die grootte van die bevolking van George in vroeër dae. In 1816 praat eerw. Latrobe van 100 inwoners, 'n 15 jaar later praat Steedman van 700 inwoners, insluitende kleurlinge. In 1875 deel prof. Noble mee dat George 2,000 inwoners het.[39]

Volgens Phillips verklaar John Rex, 'n seun van George Rex, in 1841 dat die totale bevolking in die omgewing van die huidige Knysna 1,000 is, „the majority were woodcutters entirely dependent on the forest estates."[40]

In tabel V word die bevolkingsaanwas vir Knysna, George, Humansdorp, Mosselbaai en Oudtshoorn sedert Unie tot 1946 verstrek.

Tabel V............/

---

(39) D.M. de Jager : t.a.p., p.5.

(40) J.F.V. Phillips : t.a.p., p.26.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL V.

(41)

Bevolkingsgroei vir Vyf Distrikte, 1911 tot 1946.

| | KNYSNA | | GEORGE | | HUMANSDORP. | | MOSSELBAAI. | | OUDTSHOORN. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JAAR. | BLANK. | NIE-BLANK. | BLANK | NIE-BLANK. | BLANK | NIE-BLANK. | BLANK. | NIE-BLANK. | BLANK | NIE-BLANK. |
| 1911 | 5,029 | 5,574 | 7,264 | 8,130 | 6,330 | 10,293 | 5,965 | 5,716 | 18,496 | 18,370 |
| 1921 | 5,554 | 6,410 | 9,549 | 8,828 | 8,076 | 12,816 | 6,653 | 6,508 | 17,001 | 18,301 |
| 1936 | 7,571 | 8,769 | 13,354 | 13,432 | 9,167 | 16,633 | 7,627 | 8,306 | 12,575 | 17,717 |
| 1946 | 8,690 | 11,336 | 14,441 | 17,602 | 8,553 | 18,548 | 7,902 | [illegible] | 12,963 | 20,532 |
| Dorpe 1946 | 3,075 | 4,309 | 7,309 | 4,684 | 1,370 | 804 | 3,582 | 4,496 | 7,655 | 8,448. |
| Blankes per Vk. myl 1946....... | 10.73 | | 14.75 | | 4.39 | | 11.18 | | 9.64 | |
| Grootte in vk. myl. | 810 | | 979 | | 1950 | | 707 | | 1345. | |

(41) Saamgestel uit die Unie-Jaarboeke vir die betrokke jare. Gegewens vir 1946 is van die Direkteur vir Sensus en Statistiek afkomstig.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Paar interessante gevolgtrekkings kan uit tabel V gemaak word. Eerstens, kan gemeld word dat die distrikte in die volgende rangorde gerangskik kan word vir sover dit die grootte in vierkante myle betref, t.w. Humansdorp (1950), Oudtshoorn (1345), George (979), Knysna (810) en Mosselbaai (707). Volgens digtheid van bevolking (blankes per vierkante myl) geld die volgende volgorde: George (14.75), Mosselbaai (11.18), Knysna (10.73), Oudtshoorn (9.64) en Humansdorp (4.39).

Gedurende die tydperk 1911 tot 1946 was die bevolkingsgroei vir/vier distrikte as volg: George (98%), Knysna (73%), Humansdorp (35%), Mosselbaai (32%) en Oudtshoorn tussen 1936 en 1947 (3%).(42)

Die krimping of statiese neiging by Oudtshoorn moet veral aan armoede wat veroorsaak is deur droogtes en die val van die volstruisvere gewyt word. Die bevolking in die bosstreek, veral George, het by die ekonomiese druk in die nabye Karoo gebaat.

Die „verskuiwing" van die „oortollige" bevolking het sowel die staat as die kerk bevorder deur die oprigting van nedersettings in die bosstreek. Bestaande armoede in die bosstreek is deur die byvoeging van meer armoede vergroot. Sowel by George as Knysna vind ons die drastiese toename juis net na 1921.

Die resultaat is dat sowel George as Knysna oorbevolk is, indien die bevolking vanuit 'n landboustandpunt beskou word. Soos reeds opgemerk is, is die bosstreek boonop ook nie 'n landbougebied

---

(42) Die bevolkingsgroei vir Oudtshoorn is geneem tussen 1936 en 1946 omdat die distrik by die sensus van 1936 verklein is van 1733 vk. myl tot 1345 vk. myl. Dat hierdie distrik 'n kwynende bevolking toon, wys die syfers vir 1911 en 1921 wat albei baseer is op 1733 vk. myl.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Die surplus-bevolking moet dus in die houtnywerheid (plantasies, saagmeulens, inheemse bosse en meubelfabrieke) opgeneem word. Maar ook die houtnywerheid het sy beperkings.

Tans is hierdie nywerheid — as gevolg van die aanvraag vir hout — in volle swang en derhalwe is die surplus-bevolking nie so opvallend nie. 'n Inkorting van hierdie nywerheid sal noodwendig die bevolkingsurplus akuut maak.

Knysna toon nog die besondere leemte, nl. dat meer as die helfte van die bevolking in die distrik woon en derhalwe vir 'n bestaan van die bodem afhanklik is. Dit geld ook vir Humansdorp maar 'n faktor wat hiervoor vergoed, is die ylverspreide bevolking.

In 'n distrik wat nie vir landbou geskik is nie (soos die bosstreek), behoort die dorp die grootste gedeelte van die bevolking te dra. Dit beteken dat die meeste werkkragte deur die arbeidsmark in die dorpsgebied opgeneem word. Dit op sigself beteken 'n verligting in die landelike streek.

'n Verdere rede waarom daar ten spyte van die surplus-bevolking nie van werkloosheid in die bosstreek gepraat kan word nie, is dat die oortollige bevolking in 'n groot mate uit pensioentrekkers bestaan. Deur die invoer van arm mense na die bosstreek het daar 'n akkumulasie van armoede plaasgevind. Die talle pensioentrekkers doen nie aansoek om werk nie, met die gevolg dat die surplus-bevolking nie so opvallend is nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## 3. DIE BOSWERKER EN STAATSBEHEER.

Wanneer die ontwikkeling van staatsbeheer oor die inheemse bosse nagegaan word, is dit noodsaaklik om die tweeledige aard van die vraagstuk duidelik te onderskei, t.w. die welsyn van die boswerker en sy gesin enersyds en die beskerming van die inheemse bos andersyds. Trouens, die onderhawige uiteensetting sal toon dat die vraagstuk inderdaad om hierdie twee standpunte draai. Wanneer die beskerming van die bosse voorrang geniet, word die belange van die boswerker verontagsaam, terwyl die belange van die boswerker weer ten koste van die inheemse bosse behartig is. Die een kompromie na die ander is aangegaan sonder dat enige blywende oplossing gevind is.

### (a) Die Tydperk voor 1847.

In die tydperk voor 1847 was daar algemene beperkings op die ontginning van die bosse. Die beperkings het hoofsaaklik op die verbod van kwaadwillige beskadiging van die houtbosse neergekom. Onder die Hollandse bestuur was die posisie as volg:

"Servants of the Company were placed at Woodcutters' posts, under command of Residents or Landrosts, the duties of the former being the felling, conversion and transport of timber required for the Company's use at Cape Town and environs. In no sense were fellings entirely uncontrolled; the Placaats of the Company, dated 1786, 1788 and 1792 proving that the attention of the longheaded Hollanders had been focussed on the suppression of forest irregularities and mismanagement. The outlying burghers, even, were not given their own way, but were held responsible for acts of vandalism

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

they perpetrated."

In 'n Proklamasie wat sir John Cradock op 20.10.1811 uitgevaardig het, is ontginning tussen Knysna en die Keurboomsrivier slegs tot die behoeftes van die Regering beperk, terwyl die deel tussen Harkerville en Diepwalle totaal vir ontginning gesluit is. Die bosse ten weste van die Kaaimansrivier is vir die publiek oopgelaat.(42)

Hierdie beperkings vloei uit die voorneme voort om die inheemse bosse te bewaar en sorgvuldig te ontgin met die oog op die behoeftes van die Britse Admiraliteit.

Dat hierdie inkortings seer seker nie die belange van die boswerkers geskaad het nie, kan van die feit afgelei word dat die boswerkers-bevolking nie baie groot was nie en boonop was hulle in dienskontrak met die Britse bewind. Die lisensie wat hulle moes betaal, was ook baie gering — ongeveer 5/- vir 'n vrag hout. Die inheemse hout het egter ongeskik vir gebruik deur die Britse Regering geblyk met die gevolg dat belang in die bosse verloor is.

"1820 saw the termination of Admiralty Control, when the forests, once again, more or less became common and unprotected property."(43)

Vanaf 1820 tot 1846 het boswerkers absolute vrye teuels in die ontginning van inheemse bosse gehad. Phillips haal uit 'n ongepubliseerde dokument van Rex(44) aan wat aantoon dat die destydse

---

(41) J.F.V.Phillips : a.w., p.1.
(42) J.F.V.Phillips : a.w., pp. 21, 22.
(43) J.F.V.Phillips : a.w., p. 25.
(44) J.F.V.Phillips : a.w., p. 26 e.v.
(Die verslag van John Rex is gedateer 5 April 1841).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


bevolking van Knysna omtrent 1000 mense was van wie die meeste boswerkers was en slegs van die bosse 'n bestaan gemaak het. Verder wys hy ook daarop dat by die opmeting van plase omstreeks 1816 groot stukke staatsgrond by die eiendom van grondeienaars ingesluit is.

Wat betref die tydperk vóór 1847 kan daarop gewys word dat, weens die geringe en selfs afwesige staatsbeheer, 'n houding by boswerkers ontstaan het waarvolgens hulle 'n alleenreg op die inheemse bosse sou hê. Dat hierdie houding diep wortel geskiet het, blyk uit die besonderhede wat oor die onderhawige tydperk verskaf is.

(b) Die Tydperk 1847 - 1909.

Op 26 Mei 1847 verskyn die volgende Goewermentskennisgewing:

"Owing to the extensive depredations and serious injuries which have for some time past been permitted in the Crown forests in the district of George, the Right Honourable the Governor has determined to issue no more licenses for felling timber therein; but being desirous not to occasion inconvenience to persons engaged in the timber trade of these forests, the whole of them have been surveyed and subdivided with the view to their being put up for public sale, at convenient intervals, and in convenient lots..........."(45)

Ingevolge hierdie kennisgewing is tussen 1847 en 1853 nie minder as 158 sulke bosplase uitgemeet nie. Hiervan is slegs 29 teen £6,532.12.0 verkoop. Die gemiddelde prys per plaas was dus sowat £225.0.0d.

---

(45) J.C. Brown : a.w., pp. 49, 50. (Onthou moet word dat Knysna onder George geval het tot 1857)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die sluiting van staatsbosse vir ontginning en die verkoop van staatsbos aan eienaars, het 'n paar repurkussies gehad. In die eerste plek was die gewone boswerker nie in die vermoë om van hierdie plase te koop nie. Dit beteken dat hy van sy bestaan ontneem is. In die tweede plek het dit 'n nuwe groep tot stand gebring, t.w. eienaars van inheemse bosse. Wat die boswerkers dus betref, is hulle aan die monopolie van partikuliere boseienaars onderwerp.

Daar was onmiddellike reaksie. Enersyds was daar die boswerkers en hul pleitbesorgers wat op die heropening van die staatsbosse aangedring het en andersyds was daar boseienaars en bosamptenare wat die bosse gesluit wou sien.

Argumente wat ten gunste van die heropening van staatsbosse aangevoer is, word as volg opgesom in 'n dokument wat deur H.B. Darnell opgestel is en deur Brown aangehaal word :

"The Government never contemplated the exclusion of the public from the enjoyment of the profits of the forest, and the advantages to be derived therefrom......... A few lots only have been sold, and the poor woodcutter, with the forest closed around him was forced to submit to the exactions of the monopoly thus created......... Thus, instead of becoming a useful member of society, he is shunned and dreaded as a bane to mankind......... Taking a very low estimate, 600 individuals earn their living by woodcutting. Allowing that each could cut and dress one load per month, we have 7,200 loads per year. We may fairly take the half as a very low estimate.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


This, by increasing the license to £1 per load, would yield a revenue of £3,600 per annum."(46)

Argumente teen die heropening van staatsbosse word deur Brown uit dieselfde bron aangehaal en lui o.a.

"that this was not a wood-cutter's question, but a question in which the whole country was interested. The wood-cutter's interests were not to be alone considered; the question simply is, whether we are to have a constant supply of wood at fair rates, or to have wood cheap for some years, and be afterwards obliged to import it, or pay for it here at enormous prices, on account of the scarcity that must ensue."(47)

Volgende op die aanhoudende vertoë tot die Regering ten gunste van heropening van staatsbosse, is 'n kommissie van ondersoek benoem om verslag te doen oor die wenslikheid al dan nie om staatsbosse te heropen. Die kommissie was ten gunste van heropening en op 5 Februarie 1856 is die heropening van staatsbosse onder sekere voorwaardes aangekondig.

Voorsiening is gemaak vir die uitreiking van lisensies teen £1 per wavrag, die benoeming van boswagters, die indeling van die bosse in vier gebiede en die reg vir boswerkers om 16 osse vir tien dae op staatsgrond te laat wei. Die verkoop van opgemete bosgrond is ook stopgesit.

"Thus the forests were re-opened to all and sundry ........ under a scheme of licence — issue for the felling of timber at specified spots.

---

(46) J.C. Brown : pp. 71, 72. (H.B. Darnell : "The Past, Present and Future Condition of the forests in the George, Knysna and Uitenhage Districts." 1866).

(47) J.C. Brown : a.w., p.74.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

while the conservation and the authority for obtaining obedience to the Regulations was entrusted to three Conservators and some half-a-dozen Rangers."(48)

'n Kompromie is dus aangegaan met die hoop dat sowel die belange van die boswerkers as die bewaring van die inheemse bosse verseker was.

Blykens verslae is geen van beide bereik nie. J.C. Brown wat die bosse in 1862 besoek het, verklaar o.a. die volgende oor die inheemse bosse:

"I have seen that the actual waste is considerable. Not only does the fall of one tree necessarily occasion the destruction of saplings growing around it, but noble yellowwood trees are cut down to furnish beams, twenty feet in length, and all the tree, excepting a log of that length, is left to cumber the forest and to decay."(49)

Wat die boswerkers betref, haal J.C.Brown aan uit die pamflet van Darnell waarin hul toestande gedurende die sluiting van die bosse met hul toestand na heropening van die bosse vergelyk word.

"The beneficial effects of this measure („die sluiting van die bosse") were soon felt. People began to buy land and forest. The woodcutters, who had always been squatters 'before the bush', settled generally on the neighbouring farms where they hired land, and went to cut in private forests at the proper seasons of the year. Their condition was much improved, and in many instances

---

(48) J.F.V. Phillips : a.w., p.31.

(49) J.F.V. Phillips : a.w., p.31.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

they began to accumulate a little property,....... The wood trade became remunerative, to some extent, to all concerned, for the first time in its history." Na die heropening vind ons : "Over-production soon reduced the price of wood to half the old rates..........the 'poor wood-cutter' is in a more abject state of poverty than ever....." (50)

Hierdie onbevredigende toestand gee in 1866 aanleiding tot die benoeming van 'n kommissie van ondersoek na „Die Werking van Staatsbosse" Die verslag van die kommissie wat op 4 Mei 1868 voorgelê is, maak voorsiening vir die volgende: (51)

Eerstens, die staatsbosse moet nie weer gesluit word nie.

Tweedens, beveel die kommissie 'n „intelligente stelsel" van bosbewaring aan. Hier word 'n rotasieplan voorgestel waardeur slegs een afdeling van die bos elke jaar bewerk word en die kap van bome tot 'n seisoen van vier maande t.w. Mei tot Augustus van elke jaar beperk moet wees.

Derdens, stel die kommissie die lokalisering van boswerkers voor op geskikte plekke waar persele teen 'n nominale huur („quit-rent") aan hulle verhuur word. Ter stawing van hierdie aanbeveling voer die kommissie die volgende aan:

"This will be a highly judicious and beneficial measure, if the forests be worked four months in the year only. The wood-cutters must seek some other means of subsistence during the remainder, and we cannot do better than stimulate them to some useful occupation.......

---

(50) J.C. Brown : a.w., pp. 70 - 75.
(51) J.C. Brown : a.w., p. 168.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By steady work during the cutting season, the wood-cutters could collect sufficient timber to supply their wants till their crops were ripe, and such a system would encourage, indeed necessitate, habits of industry and economy, to which this class has ever been averse. The erven should be let at a small annual quit-rent, for a term of about thirty (30) years, on condition of erecting a cottage and tilling the land allotted to each head of a family. A general superintendence over these villages might be exercised by the conservator, and any flagrant breach of the law should, on conviction, subject the offending party to a forfeiture of his erf."(52)

Vierdens, beveel die kommissie die voltooiing van 'n pad aan tussen George en Humansdorp al langs die kus "in order to open up the whole country thoroughly, upon making of which road destitute wood-cutters and others may find employment at a moderate rate of wages."(53)

Terselfdertyd besluit die kommissie "We would recommend the road to be constructed by convict labour, as wood-cutters, from the evidence we have taken, object to work of this nature."(54)

Uitvoering is aan die aanbevelings, vervat in die verslag, gegee. Op 12 Augustus 1871 het regulasies wat hiervoor voorsiening gemaak het, verskyn.

Die bewaarder van bosse vir George meld die volgende in sy jaarverslag vir 1872 :

"The regulations for the conservation of the forests have been strictly acted up to,

---

(52) J.C. Brown : a.w., p. 173.
(53) J.C. Brown : a.w., p. 173.
(54) J.C. Brown : a.w., p. 175.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

and no cases of theft have been reported.

The system of allowing a few industrious wood-cutters to squat in the Government land adjacent to the forests, under certain restrictions, works well. These men, during the period when the forests are closed, occupy a portion of their time in cultivating the ground, and have raised very good crops, and are now in a better position than they were a few years back." (55)

Oordrewe waarde moet egter nie aan hierdie uitlatings geheg word nie, aangesien dit die sienswyse is van 'n amptenaar wat in die eerste instansie geneig is om 'n bestaande beleid goed te keur en verder het die aanbevelings, vir sover dit bosbewaring betref, in die smaak van bosboubeamptes geval daar die aanbevelings die beginsel van wetenskaplikheid aanvaar het. Die landbouprodukte waarvan gepraat word, was uitsluitend vir eie gebruik. Daar was geen mark nie en boonop kon op die klein persele van 'n paar akkers ook nie vir die mark geproduseer word nie. Die produkte was beperk tot koring, patats en aartappels. Latere getuienis verwerp die stelling dat hulle posisie danig verbeter het. Boonop het hierdie verslag slegs 'n jaar na die publikasie van die regulasies verskyn en was dus te vroeg om behoorlik te oordeel.

Die regulasies wat op 2 Augustus 1875 gepubliseer is, het die beheer oor die ontginning verder opgeknap. Voorsiening word o.a. vir die volgende gemaak :

Seisoene word neergelê vir die kap van bepaalde houtsoorte. 'n Vrag hout is nie langer

---

(55) J.C. Brown : a.w., p. 179.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n aantal planke nie maar wel 'n kubieke maat, gevolglik kon geen vermorsing meer plaasvind nie. Lisensies moes nou betaal word voor die hout gekap is en nie meer daarna nie omdat baie lisensiegeld vroeër nooit betaal is nie. Hout kon dus nie meer „op krediet" verkry word nie. Geen hout kon verwyder word voordat die boswagter dit met sy hamer gemerk het nie. Wanneer die hout by die saagput aankom, moes die boswagter dit weer merk. Hier kon die hout opgesaag word, solank dit binne 12 dae geskied, of die boswerker kon die hout in blokke verwyder, solank dit binne ses dae geskied.

"The time limit was a splendid innovation, demanding a certain degree of alacrity and industry on the part of the otherwise indolent and procrastinatory woodcutter. It has been discovered by the 1867-8 Commission that under the 1856 Regulations, in the Conservancies of George and Knysna, licences were allowed to cover periods varying from 16 days to 365 days". (56)

Daar moet op gelet word dat die regulasies wat van tyd tot tyd afgekondig is, slegs beoog het om die gapings in bestaande regulasies toe te stop. Hulle was die resultate van vertoë wat die bosbewaarder van tyd tot tyd tot die owerheid gerig het. So bv. is in die pas gemelde regulasies o.a. beoog om diefstal en vermorsing van hout tot 'n minimum te beperk. Die welsyn van die boswerkers is as sodanig verwaarloos, behalwe in soverre hulle op voorwaardes uit die bosse hout kon kry.

---

(56) J.F.V. Phillips : a.w., p.37.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verder moet op die feit gelet word dat deur die toename in regulasies, die toestand meer en meer ingewikkeld geword het. Meer verpligtings is op die beperkte aantal amptenare gelê en meer en meer is die boswerker aan die amptenare onderwerp. Hieruit moes noodwendig agterdog, griewe en selfs botsings spruit. Die staat, watter begripswaarde die boswerker dan ook al daaraan geheg het, was in hul oë die enigste liggaam wat hul griewe uit die weg kon ruim. Weliswaar, is van tyd tot tyd aandag aan die griewe geskenk. Die een presedent is deur 'n tweede en meer gevolg met die gevolg dat die staat as weldoener beskou is en wat verplig is om hulp aan te bied. Hul moeilikhede is deur die staat veroorsaak en moes deur laasgenoemde verhelp word. 'n Afhanklikheids- en aanhanklikheidsgevoel van boswerker teenoor staat het ontwikkel — 'n verhouding wat vergelyk kan word met dié tussen kind en vader.

In 'n byvoegsel tot sy verslag in 1884 — aangehaal deur Brown — maak die bosbewaarder die volgende opmerkings i.v.m. die regulasies :

"Judging from the general expression of opinion the regulations work satisfactorily. To the illiterate wood-cutter, not able to read the numbers on the trees, some additional trouble is given before he can procure his license. Often they make drawings of the figures they cannot read, but the rangers and guards of sections always render every assistance by accompanying the workmen in the sections to the requisite points, and furnishing them with an exact list of trees selected by them."(57)

---

(57) J.C. Brown : a.w., p.255.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tegemoetkomendheid kan met 'n tikkie sout geneem word, soos later aangetoon sal word.

Die jaar 1880 het 'n nuwe tydperk ingelui in die Middellandse bosstreek as gevolg van die aanstelling van Comte de Vasselot de Régné, 'n Franse bosbeampte, as superintendent van Woude en Bosse.

"It has been shewn that prior to the year 1881, the practice of forest-management had been not only unsystematic and unscientific, but also detrimental to the welfare of the forests. With the coming of the Comte de Vasselot de Régné, a new era had dawned for the forests, an era that has been termed that of "systematic forestry." (58) "

Die hoofbeginsels waarop hy ontginning van die houtbosse voorstel, is die volgende :

Die hout wat gekap word, moet die natuurlike aanwas nie oorskry nie. Bome wat gekap word, moet nie deur die boswerker uitgesoek word nie maar moet vooraf deur 'n beampte wat kennis van bosbou (sylviculture) dra, gemerk word. Die stelsel waarvolgens bome gemerk word, moet baseer wees op 'n vorm van "jardinage". Hiervolgens word die bos van ou bome, beskadigde bome en minderwaardige soorte skoongemaak om sodoende die groei van voortreflike bome te bevorder. Teneinde die jaarlikse opbrengs te bereken en om hierdie hoeveelheid te handhaaf, stel hy die verdeling van die bosse in afdelings en onderafdelings voor en dat elke afdeling in rotasie gewerk word.

Verder stel hy die aanplanting van uitheemse bome voor.

---

(58) J.F.V. Phillips : a.w., p.39.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kragtens regulasies op 10 April 1883 (59) verskyn daar bepalinge wat hierdie beginsels in werking stel. Die volgende is van belang:

Die Middellandse bosstreek is in 43 afdelings verdeel. Een-twintigste van elke afdeling is vir twee jaar oop, terwyl die res van die afdelings gesluit is. In elke afdeling sal elke boom wat gekap moet word, vooraf gemerk, gemeet en genommer word. Die lisensiegeld word nie meer volgens 'n vrag hout bereken nie maar per kubieke maat. So bv. is geelhout 3d. en stinkhout 1/- per kubieke voet. Die kubieke inhoud word bereken van die staande boom met die omtreklyn vier voet bokant die grond as basis. Die lisensies is verkrygbaar van die bosbewaarder en die boswerker moet op aanvraag al die besonderhede van die boom verskaf. Voor hy die boom kap, toon hy aan die boswagter die lisensie wat met die besonderhede van die besondere boom vergelyk word. Ook word voorsiening vir boete gemaak indien hy ander bome beskadig in die proses van die vel van die boom. Nadat die boom gevel is, moet die boswagter dit weer meet en merk teneinde die werklike inhoud te vergelyk met die geskatte inhoud van die staande boom. Indien die boswerker die regulasies oortree, kan sy lisensie gekonfiskeer word en gekapte hout verbeurd verklaar word.

In gevolge regulasies wat in 1894 gepubliseer is, is voorsiening gemaak vir drie metodes waarvolgens lisensiegeld bereken is, t.w. die reg-

---

(59) J.F.V. Phillips : a.w., p.51 e.v.
J.C. Brown : a.w., p.228 e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

streekse, die kompensasie- en die stapelmeting-metodes. Phillips som hierdie metodes as volg op[60]:

"Outright licence.

The licence could pay the full estimated value of the timber specified on the licence when taking out the latter. Thus no claim on the department could be made should the timber prove short of the estimated quantity. On the other hand, should the timber realised exceed the estimated quantity, no additional charge would be made by the Department so long as the value, at full tariff rate, of the excess timber, did not exceed 15% of the amount paid for the licence."

"Compensation licence.

Half the estimated value of the timber specified thereon would be paid when the licence was taken out, but the trees felled under its authority could not be removed from the felling area untill the balance found on remeasurement had been paid."

"Stacked measurement licence.

Half the estimated value of the timber specified thereon could be paid on taking out of the licence. The felled, or converted, timber obtained thereunder could not be removed from the pit or work station until the balance found due on remeasurement has been paid."

In verband met hierdie metodes merk Phillips op :

"The foregoing methods of licence-issue.... proved most cumbersome, time-consuming, irritating

(60) J.F.V. Phillips : a.w., p.55.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

and at the same time were exposed to various irregularities."(61)

Die bespreking tot dusver toon dat omstreeks 1885 'n stelsel van wetenskaplike ontginning van die inheemse bosse in swang was. Vanuit die standpunt van wetenskaplike bosboumetodes is 'n ideaal dus verwesenlik.

Laat ons nou tot die boswerker terugkeer, om na te gaan hoe hy deur die nuwe ontwikkeling beïnvloed is.

Die toepassing van die regulasies, gekoppel aan destydse toestande van ongeletterdheid, lang afstande e.d.m. het meegebring dat 'n verwronge verhouding tussen amptenaar en boswerker ontwikkel het, die gevolge waarvan nog onmiskenbaar voortbestaan.

In 1894 word daar 'n kommissie van ondersoek benoem wat o.a. die toepassing van die Boswet en die verskillende regulasies moes ondersoek. Die opvallende nadele wat die kommissie as „specially irksome and oppresive" beskryf, word hier saamgevat.(62)

Vertraging by die uitreik van lisensies en merk van bome.

Dikwels word boswerkers opgehou omdat die beampte nie beskikbaar is nie, daar hy met inspeksies of ander dringende werk weg van sy stasie af is. Boswerkers moet dus soms lank wag voordat hulle hul lisensies kry en die bome gemerk en gemeet is. Aangesien lisensies net tussen sekere

---

(61) J.F.V. Phillips : a.w., p.56.
(62) Report of the Departmental Forest Commission 1894, with minutes of proceedings, minutes of evidence and appendices. Cape Town, W.A. Richards & Sons, Govt. Printers (G65 - '94), p.1, e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ure op een dag per week uitgereik word, moet die boswerkers wat geen horlosie het nie of nie op die sekere dag sy opwagting kan maak nie, 'n hele week wag. Hulle het geen voertuie nie en moet dus lang afstande na die kantoor van die beampte stap.

Vertraging by die saagput.

Aangesien die meeste boswerkers voorkeur aan die stapelmeting ("stacked measurement") gegee het, omdat die lisensie hiervolgens vir die werklike hoeveelheid hout wat gekap is betaal, is groot ontberings verduur. Boswerkers is nie toegelaat om gesaagde hout van die saagput te verwyder nie alvorens al die hout wat op die lisensie vermeld is, opgesaag is nie. Dit het ontevredenheid by boswerkers laat ontstaan omdat die meeste van hulle van die hand na die mond geleef het en dus verlang het om gesaagde hout dadelik te verkoop.

Boetes.

Indien 'n boom nie voor 'n bepaalde datum uit die bos verwyder is nie, is 'n boete van tien persent van die waarde van die lisensie per maand opgelê. Dikwels is die vertraging teweeggebring deurdat die beampte nie die hout gemerk het nie, met die gevolg dat die boswerker nie eens vir die vertraging verantwoordelik is nie. 'n Geval word aangehaal waar 'n boete van £1.13.0 ten opsigte van 'n lisensie van £8.1.0 opgelê is.

Vergoeding aan Boswerkers.

Dat verskille tussen die geskatte hout en die werklike opbrengs dikwels voorgekom het, word aangetoon. Dit is vanselfsprekend omdat staande bome baie bedrieglik is; dikwels is daar holtes in die stam.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Geval word aangehaal waar die geskatte inhoud 161 kubieke voet was, terwyl die werklike inhoud slegs 31½ kub. voet was. Volgens die regstreekse meting was daar in sulke gevalle geen vergoeding nie en volgens die kompensasie-metode is vergoeding gegee in die vorm van hout afkomstig van omgewaaide bome wat die boswerker dikwels diep in die bos moes gaan haal het.

In hierdie verband stel die kommissie vas:

"That in consequence of the present system of measurement, which in many cases overestimates the cubic contents of the standing timber, and also by the difference between the estimated value and the actual value, caused principally by the dubious nature of some woods and the difficulty attending their measurement, cases occur where woodcutters have to pay more than the tariff rates, and this points to the necessity of a different system of measurement." (63)

Voordat van die tydperk voor Unie, afgestap word, is daar twee belangrike ontwikkelinge waarna verwys moet word.

Die eerste is die ontwikkeling van die stelsel van die aanplant van bome. Op hierdie aspek het die Superintendent van Woude en Bosse reeds in 1881 gewys. Aanvanklik is op 'n klein skaal en op sporadiese wyse bome aangeplant. Na Unie het hierdie onderneming geweldig uitgebrei en vandag is daar honderde broodwinners wat vir 'n bestaan van plantasie-werk afhanklik is.

---

(63) Report of Departmental forest Commission... p.3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tweede ontwikkeling is die oprigting van die dwarslegger-fabriek by Knysna.(64)

In 1881 het die Kommissaris van Staatsgronde en Openbare Werke 'n kontrak met Dunn en Fox aangegaan ingevolge waarvan laasgenoemdes jaarliks 100,000 dwarsleggers, vir 'n tydperk van vyf jaar en teen 'n totale koste van £100,000 sou lewer. Die fabriek is by Gouna, naby Knysna, begin. Die eerste dwarsleggers is in 1883 vanaf Knysna verskeep en hulle is almal afgekeur. Die kontrak is hierop gekanselleer en die Regering het die hele onderneming oorgeneem.

Vanaf 1884 het die Departement self onder beheer van die bosbewaarder die fabriek bestuur. Dat hierdie onderneming 'n groot werkgeleentheid vir boswerkers was ly geen twyfel nie. Ook hier moes die departement van tyd tot tyd toegee aan die eise van boswerkers wat toe sowel in die bos as in die fabriek gewerk het. 'n Toegewing aan die boswerkers het meegewerk dat meer en meer hul toevlug tot fabrieks- en boswerk geneem het. As gevolg van 'n bonus van vyf pennies per dwarslegger in 1905 het die aantal <u>bona-fide</u>-boswerkers wat in die fabriek gewerk het van 521 tot 662 toegeneem.

Die bosbewaarder laat hom in sy verslag van 1906 as volg uit :

"From a departmental point of view, or at least my point of view, the whole sleeper industry must be regarded as a sort of Government philanthropy. It may be that in the immediate interests of the existing wood-cutting class and its supporters it is a necessary one, at least in times of a weak

---

(64) J.F.V. Phillips : a.w., p.53.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waggonwood demand, when some form of livelihood other than waggonwood working must be found not only for the legitimate woodcutter, but also for the pseudo woodcutter who should find a livelihood elsewhere."(65)

Die aanvraag vir hout was geensins konstant nie. Ook die boswerkers het tye van depressie geken. Voorbeeld hiervan is die jaar 1883.

"The depression of trade has pressed heavily on all the forests of the Colony........ In the Conservancy of Knysna....... the value of licences issued has fallen from £1,706 to £1,003. The timber trade in all its branches is at a standstill."(66)

(c) <u>Die Tydperk 1910 - 1939</u>.

Namate boswerkers verplig is om hulle tot gemerkte bome in bepaalde afdelings van die bos te beperk en namate hul getalle vermeerder het, het nuwe moeilikhede vir die departement in die toekenning van bome ontstaan. Die gevolg is dat 'n nuwe stelsel ingevoer moes word om die balans tussen vraag en aanbod te handhaaf.

Die nuwe stelsel wat ingevoer is, het voorsiening vir die verkoop van gemerkte bome by wyse van 'n openbare veiling gemaak. Die bome is dus aan die persone wat die hoogste aanbod gemaak het, toegesê. By die openbare veiling kon enigeen aan die veiling deelneem — boswerker en nie-boswerker. Indien die aanwesige persone voor die veiling tot 'n vergelyk kon raak, was daar geen moeilikheid nie maar dit het selde gebeur.

---

(65) Cape of Good Hope : Annexures to Votes and Proceedings of Parliament : Report of the Superintendent of the Government Sleeper Factory - 1906.
(66) J.C. Brown : a.w., p.252.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oor hierdie prosedure laat A.D. Luckhoff hom o.a. as volg uit :

"The majority of people surely think that the woodcutter is the party to whom the standing timber is sold by the Government. This is only half a truth, because the wood merchant, the mill-owner and the whole public are likewise free to buy the timber. In a way, therefore, the biggest woodcutter of all, and yet one who is no bona fide woodcutter, is the timber merchant, the millowner, who stands out as the Goliath among the woodcutters as the woodcutter par excellence.

"It is he who is allowed to get whole sections or whole virees full of standing timber, and that moreover with substantial concessions. It is he who is permitted through his agents to buy up as much timber as he chooses on the day when the public section is put up for sale. It is he who can run up the bona fide woodcutter at the auctions. It is he who is always on the right side, always on the safe side.

"He has his agents at every public sale of standing timber, and whatever licence he pays, whatever auction dues he incurs, all this he in turn religiously gets out of the poor woodcutter. He knows the plight of the woodcutter, and after a sale he simply subleases his licences to so many impotent woodcutters......... from whom he afterwards recovers both the licence and auction dues.... His philanthropy, however, is not without its obligations, and so the assisted woodcutter is expected to deliver particular wood, if not all his worked wood, felloes, spokes, naves, etc. to his firm.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"When a compromise is made with the woodcutters before the sale, and the pernicious auction luckily thereby averted, it is he again who is the chief gainer, for the compromise includes the condition that all prepared waggon wood must afterwards be sold to him."(67)

Die bogemelde aanhaling toon ondubbelsinnig dat die openbare veiling 'n onhoudbare toestand vir die boswerker geskep het.

Die onbevredigende toestande word kernagtig deur King opgesom:

"Complaints from woodcutters were many and varied and several Commissions were appointed to enquire into their grievances, without accomplishing anything of value as far as forest conservation was concerned. In fact the position grew steadily worse as the sons of woodcutters reached manhood and took to woodcutting on their own account. It became quite obvious that, unless a halt was called to the increasing numbers of woodcutters, the forests were doomed to destruction in a comparatively short space of time."(68)

Hoewel wetenskaplike bewerking van die inheemse bosse teen 1910 vorm aangeneem het, was die moontlikheid tot oorontginning van die bosse nie uitgesluit nie, aangesien boswerkers voortdurend op meer hout aangedring het. Boswerkers het elk omtrent 700 kub. voet hout per jaar ontvang, en volgens hul klagtes was dit onvoldoende.

---

(67) A.D. Luckhoff : Enquiry into the Poor White Question as affecting the Cape Province, 1911., pp.11, 12.

(68) N.L. King : a.w., p.10.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1913 het daar twee belangrike veranderings i.v.m. die administrasie van die inheemse bosse plaasgevind, t.w. 'n gewysigde stelsel i.v.m. die toekenning van hout aan bona fide - boswerkers en die verpligte registrasie van bona fide-boswerkers. Die prosedure wat i.v.m. die verkoop van hout gevolg is, kom op die volgende neer :

Op die eerste Woensdag in April van elke jaar word die gemerkte bome aan die aanwesige boswerkers verkoop volgens die kubieke inhoud teen 'n vasgestelde tarief. Vir stinkhout is dit 1/- tot 1/6 per kub. vt. Die ander houtsoorte varieër tussen twee pennies tot vyf pennies per kub. voet. Voordat toekennings gemaak word, word al die aanwesige geregistreerde boswerkers getel en 'n gelyke aantal plaatjies word dan van een tot die hoogste getal genommer en in 'n hoed gegooi. Elkeen trek dan 'n plaatjie en die boswerkers word dan gerangskik volgens die nommers op hul plaatjies. Nommer een kry die eerste keuse om 'n boom, dan nommer twee tot by die hoogste nommer. Die persoon met die hoogste nommer kies twee bome en dan gaan dit weer die ry af tot by nommer een wat ook twee keuses het. So hou die proses aan totdat al die gemerkte bome in 'n bepaalde afdeling toegeken is. Hierna word 'n kap-permit aan elke boswerker gegee. Die kapseisoen duur vanaf die datum tot 31 Augustus, hoewel boswerkers tot 31 Januarie toegelaat word om hul hout uit die bos te verwyder. Hout wat dan nog nie verwyder is nie, word verbeurd verklaar.(69)

(69) F.S. Laughton : a.w., pp.95, 96.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tans het die staat die alleenreg op die ontginning van inheemse houtbosse. Gedurende die eerste helfte van die jaar word die gemerkte hout deur plantasiewerkers gekap. Die gekapte hout word in blokke opgesaag en in die bos op hope geplaas. In Julie elke jaar word 'n dag bepaal waarop hierdie hout per openbare veiling verkoop word. Die kopers is eienaars van meubelfabrieke.

Omdat die verpligte registrasie van boswerkers so 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Middellandse bosse is, is dit nodig om die saak meer breedvoerig uiteen te sit.

Op 6 Desember 1910 publiseer C.W. Thesen, L.P.R. vir George en vooraanstaande houthandelaar van Knysna, 'n memorandum getitel "A proposed scheme for the amelioration of the condition of the Woodcutters of the Knysna and adjoining Districts."(70)

Die belangrikste punt wat hierin beklemtoon word, is 'n voorstel wat die registrasie van alle *bona fide*- boswerkers verpligtend maak en dat 'n maksimum aantal boswerkers vasgestel word ooreenkomstig die draagkrag van die bosse en dat geen nuwe boswerkers geregistreer word solank die maksimum peil gehandhaaf word nie.

In sy verslag van 1911 beveel dr. Luckhoff min of meer 'n eensluidende voorstel aan. Volgens hierdie ondersoeker moet boswerkers geregistreer word, moet hout uit staatsbosse slegs aan *bona fide*- boswerkers verkoop word, moet openbare veilings afgeskaf word, moet daar vier jaarlikse

---

(70) Afskrif in besit van die kantoor van die Bosbewaarder, Knysna.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verkopings weeg i.p.v. een, moet boswerkers hout op krediet kry, moet die prys per dwarslegger met ses pennies verhoog word, moet plantasies uitgebrei word, moet toekenning van landbouhoewes aan boswerkers uitgebrei word, en moet skrander seuns van boswerkers as bosbouers opgelei word. Die voordele verbonde aan registrasie is dat die aanwas van boswerkers beperk kon word en dat boswerkers teen mededinging van boere en houthandelaars beskerm kan word.(71)

As gevolg van dr. Luckhoff se verslag word die Boswet van 1888 gewysig en vervang deur Wet No. 16 van 1913. In die regulasies wat onder hierdie wet gepubliseer is, word voorsiening vir die registrasie van boswerkers gemaak wat op 31 Desember 1913 minstens 21 jaar oud was. Voorsiening word ook vir die benoeming van 'n Raad vir elk van die gebiede George, Knysna en Humansdorp gemaak. Om te bepaal wie 'n <u>bona fide</u>-boswerker is, sal elke Raad in ag neem die hoeveelheid bewerkte hout en die tyd wat die applikant gedurende die twee jaar wat 31 Desember 1912 voorafgegaan het daaraan bestee het. Verder moet bepaal word of die aansoeker se bestaan persoonlik met boswerk gemoeid is en of sy bestaan ernstig getref sal word indien sy aansoek geweier word. Hierdie Rade sal elke jaar vir 'n tydperk sitting hê en die lyste hersien om diegene te skraap wat dood is of weggetrek het.

Tot tyd en wyl die aantal boswerkers daal onder 'n syfer wat die Departement van Bosbou

---

(71) A.D. Luckhoff : t.a.p., pp.27, 28.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meen 'n redelike bestaan uit die bosse kan maak, sal geen nuwe name by die register gevoeg word nie, tensy die Rade tevrede is dat die applikante geskoolde boswerkers is en geen ander heenkome het nie.

Eers is voorlopige lyste deur die bosbeamptes opgestel. 'n Afskrif van 'n kennisgewing wat in die bosstreek opgeplak is, word hier aangehaal:(72)

" UNIE VAN ZUID AFRIKA.

"BOS DEPARTEMENT : MIDDENLANDS BEWARING.

"Hiermede wordt ter algemene kennis gebracht dat ieder die zich beschouwen als bona fide houtkappers en die begerig zijn zich te laten registreren onder Regulaties te worden gemaakt onder Wet 16 van 1913 zijn uitgenodigd hunne volle namen en addressen in te leveren bij de naasten Bosambtenaar op of voor den 30ste November, 1913. Geene mannen of perzonen zal aangenomen worden die onder den 21 jaren zijn op den 30ste December, 1913.

"De provisionele lijst zal herzien worden door een Raad genomineerd door de Governement. Die Raad zal onbeperkte macht hebben om van de lijst de namen te schrapen van eenige perzoon die in hunne opinie geen bona fide houtkapper zijn.

"Die Raad wanneer het plaats neemt zal gereed zijn objecties aan te hooren tegen eenige namen op de provisionele lijst en zal macht hebben zulke namen bij te voegen als zij goedkeuren.

J.S. Henkel.
BEWAARDER VAN BOSSEN.
MIDDENLANDS BEWAARING.

Kantoor van de Bewaarder van Bossen,
Knysna. 28ste October, 1913. "

---

(72) Afskrif van kennisgewing is in die kantoor van die Bosbewaarder, Knysna, gevind.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By kennisgewing in die Staatskoerant is die volgende Rade aangestel. (73)

NOTICE NO. 61 OF 1914.

"It is hereby notified for general information that the Minister of Agriculture has been pleased, in terms of section three of Government Notice No. 15 of 1914, being special regulations, framed under the provisions of the Forest Act, No. 16 of 1913, for the control and management of Crown Forests in the George, Knysna, and Humansdorp Divisions, to appoint the following gentlemen to be chairmen and members, respectively, of the Woodcutter Boards hereunder shown, viz.:-

" George Woodcutter Registration Board. -

Herbert Owen Badnall, Esq., Resident Magistrate, George, as chairman (ex officio).

Rev. Canon Bernard Price, Rev. Andries Beyers, as members.

" Knysna Woodcutter Registration Board. -

Sebastian Daniel Cloete, Esq., Resident Magistrate, Knysna, as chairman (ex officio).

Charles Wilhelm Thesen, Esq., Lorenzo Antonio Read, Esq., Carel Stephanus Marais, Esq., Percy Topliss, Esq., as members.

" Humansdorp Woodcutter Registration Board.-

Johan Arnaud Smellekamp, Esq., Resident Magistrate, Humansdorp, as chairman (ex officio).

Jacobus Michael Rademeyer, Esq., M.L.A., Rev. Petrus Herodes Hillebrand van Huyssteen, Nicolaas Pieter Rademeyer, Esq., Jacobus Petrus du Plessis, Esq., as members.

C.E. LEGAT,
Chief Conservator of Forests."

---

(73) Afskrif van kennisgewing is in die kantoor van die Bosbewaarder, Knysna, gevind.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

King skryf:

"The original list was drawn up by Boards appointed for the purpose and contained the names of 1,267 persons. By virtue of registration these people became a privileged class and acquired a complete monopoly over the purchase of wood from the forests. Although the scheme had drawbacks, it brought the solution of the woodcutter problem within measurable distance.

"By 1923-24 the number of woodcutters had been reduced to 628." (74)

Daar het 'n geleidelike daling in die aantal geregistreerde boswerkers gekom, aangesien geen nuwe toevoegings tot die oorspronklike lys gemaak is nie en as gevolg van sterfgevalle en skraping van die name van persone wat die Boswet en spesiale regulasies oortree het. Ook is die name van die eiendomsbesitters, handelaars en ander persone wat nie vir 'n bestaan van die bosse afhanklik was nie, van die lys geskraap. In 1934-35 was die aantal geregistreerde boswerkers slegs 329. (75)

Die aantal geregistreerde boswerkers het nog verder gedaal en in 1939 is besluit om alle geregistreerde boswerkers wat nie op 'n ouderdomspensioen of 'n ongeskiktheidstoelae geregtig was nie, 'n jaargeld van £25 te betaal op voorwaarde dat hulle nie meer lisensies sou kry om in die Staatsbosse te werk nie. (76)

---

(74) N.L. King: a.w., p.9.
(75) Stalsverslag : a.w., p.9.
(76) Die bedrag van £25 is gebaseer op die gemiddelde jaarlikse verdienste van Boswerkers.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"A proclamation issued on the 15th March 1939, announced the repeal of the special regulations for the control and management of Crown Forests in the Districts of George, Knysna and Humansdorp. This Proclamation coupled with the Woodcutters' Annuity Act of 1939, brings to a close the long drawn out struggle between forest service and woodcutters."(77)

Samevattend kan gesê word dat hoewel die bosstreek 'n sagte klimaat en 'n goeie reënval het, is hierdie streek, vanweë die swak grond, nie vir landbou en veeteelt geskik nie. Die geskiktheid van die klimaat en reënval vir natuurlike plantegroei, het boswese 'n oorheersende faktor in die struktuur van hierdie gemeenskap gemaak.

Dit is nie onmoontlik dat daar reeds so vroeg as 1730 'n houthandel met die Kaap ontstaan het nie. Die eerste definitiewe bewys van so 'n handel is in 1772. Hoewel die boswerkersgemeenskap uit verskillende elemente opgebou is, moet die nakomelinge van die pioniers uit die weste as die belangrikste faktor in hierdie gemeenskap beskou word.

Die geskiedenis van die Middellandse Bosstreek is die ontwikkeling van die botsing tussen die belange van die boswerkers enersyds en die beskerming van die inheemse bosse andersyds. Die oplossing van die boswerkersvraagstuk is in 1913 binne trefafstand gebring en in 1939 is die vraagstuk, met die afskaffing van boswerkers, finaal opgelos.

---

(77) N.L. King : a.w., p.7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk III.

## VERARMING EN VERAGTERING.

'n Geskiedkundige oorsig wat die tydperk 1750 tot 1939 dek, is gegee. Hierdie oorsig is egter onvolledig indien nie ook rekenskap van die sosiologiese faktore gegee word nie. Geskiedkundige feite sonder meer kan die maatskaplike verskynsels wat die gemeenskap, insonderheid die boswerkergroep, kenmerk, nie begryplik maak nie. Die kloof tussen die geskiedkundige feite enersyds en die maatskaplike verskynsels andersyds moet oorbrug word.

Die tyd wat tussen die boswerker en sy nakomeling verloop het, is onvoldoende om hulle van mekaar te skei. Boonop speel die bosstreek as sodanig nog 'n oorheersende rol. Verwerf ons dus insig in die boswerker dan het ons 'n sintese geskep vir die beoordeling van sy nakomeling.

### 1. TEORETIESE BESKOUING.

Indien ons die boswerkers-vraagstuk vanuit 'n deduktiewe standpunt benader, sou die stelling, t.w. die nakomelinge van 'n minderwaardige voorgeslag, die mees voor-die-hand-liggende verklaring bied.

Verwysende na die „armblankes" in die bosstreek wat as toevlugsoord vir swakkeres beskou word, laat Grosskopf hom as volg uit :

"As algemene verskynsel sien ons 'n neiging van die minder bekwame landelike bevolking om te verskuiwe uit streke van skerper ekonomiese stryd na dele waár die bestaan nog makliker is of die ruimer speling van die ouer tyd nog be-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

staan, al mag die lewe maar armoedig wees."(1)

Hierdie bewering word op geen oortuigende wyse gestaaf nie. Hoogstens is dit 'n vermoede wat op algemene waarnemings berus.

Malherbe wend 'n poging aan om hierdie sienswyse te staaf. Hoewel Knysna van die vroegste tyd af reeds gunstig afsteek by die res van Kaapland wat betref skoolbywoning, vind hy dat juis hier die laagste verstandsvermoë getoon word. Hoewel hy nie hierdie streek as toevlugsoord vir „misluktes en uitgeboerdes" beskou nie, voer hy 'n teorie van „natuurlike seleksie van verstand" in. Hy staaf hierdie teorie op 'n ondervraging van 'n paar families van wie hy verneem dat diegene met ondernemingsgees die streek verlaat het en elders welvarende boere geword het, terwyl die swakkeres agtergebly het.(2)

Behalwe gemelde mededelings is daar geen bewyse dat dit wel die skranderes is wat weggetrek het nie. Geen verklaring word ook gegee vir die sukses wat sommige blankes (insluitende nakomelinge van boswerkers) in daardie streek behaal het nie. Die beskouing dat 'n persoon uit 'n swak omgewing moet wegtrek teneinde 'n sukses elders te maak, skyn 'n veralgemening te wees sonder enige bewyse. Swak elemente, altans wat die platteland betref, word altoos naas die welvarende aangetref. Het die Hoëveld van Transvaal naas sy selfstandige bevolking, nie ook sy bywoners nie?

---

(1) J.F.W.Groskopf : Plattelandsverarming en Plaasverlating, Verslag van die Carnegie-Kommissie, Deel I, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1932, p.107.

(2) E.G. Malherbe: Onderwys en die Armblanke, Verslag van die Carnegie-Kommissie, Deel III, Stellenbosch, 1932, Pro Ecclesia-Drukkery, pp. 92, 93.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By wyse van 'n illustrasie sien hierdie teoretici die samelewing as die draaiende delwersif wat die edelgesteentes in die sentrum konsentreer en die minderwaardige stof na die rand verdring.

Meer dan 'n loutere teorie het hierdie sienswyse geen betekenis nie. 'n Ontleding van die proses waarlangs die boswerkersvraagstuk voltrek is, sal die wetenskaplike twyfelagtigheid van hierdie sienswyse aan die lig bring.

Die volgende besware word teen hierdie sienswyse ingebring vir sover dit die boswerkers betref.

Eerstens, daar bestaan geen etniese of stamboomstudies — die enigste wetenskaplike bron — wat so 'n sienswyse staaf nie. Natuurlik word dit betwyfel of hierdie gegewens ooit beskikbaar is. Vir sover dit die boswerkers betref, kon nêrens in die literatuur bewyse gevind word wat daarop dui dat hulle van mislukte en minderwaardige families afkomstig is nie. Uitsonderlike gevalle word natuurlik buite rekening gelaat.

Tweedens hierdie sienswyse word gelug op 'n stadium waar maatskaplike prosesse reeds ver gevorder het. Die kanse is dus ontsettend groot vir 'n verwarring tussen inherente swakhede en aangekweekte swakhede. Daar word gevrees dat dit juis hier die geval is. 'n Etiologie word dus deduktief aanvaar.

Laat ons egter 'n ontleding maak van die feitelike gegewens vir sover dit op die boswerkersgroep van toepassing is.

Die oorspronklike bewoning van die bosstreek deur blankes toon dat laasgenoemde nie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weens ekonomiese druk op ander plekke daarheen gevlug het nie. Ons het hier te doen met die natuurlike resultaat van blanke uitbreiding in die 18e en 19e eeue. Benewens die amptenare in diens by die bosstasie George en Plettenberg-baai was daar ook reeds voor die jaar 1800 bos-werkers afkomstig van die blanke trekboer.

Van der Merwe kom oor 'n ander gemeen-skap tot 'n gelykluidende gevolgtrekking waar hy hom as volg uitlaat:

„Oor die algemeen was dit 'n goeie tipe nedersetter wat die Kalahari ingetrek het. Hulle was omtrent almal arm, maar hulle was bereid om te werk en het 'n merkwaardige deursettingsver-moë aan die dag gelê. Die opvatting word soms gehuldig dat dit die swakste klas boere is wat wegtrek van die beskawing en hulle in pioniers-gebiede vestig. Dit kan egter beslis nie van die Kurumansrivier se boere as 'n groep gesê word nie."(3)

Die sterkste bewys teen die beskouing dat slegs die swakste elemente hier versamel het, vind ons in die ontstaan van boswerkersfamilies. In die vroegste geskiedenis — en veral daar waar die prikkels van buite nie baie sterk was nie — word gevind dat die kinders in die voetspore van hul ouers gevolg het. Dit was tradisie en het niks te doen met bekwaamhede of swakhede nie. Ook in die boswerkersgemeenskap het hierdie prak-tyk gegeld.

Reeds in 1832 vind ons sekere families

---

(3) P.J. van der Merwe : Pioniers van die Dorsland, Nas. Pers Bpk., 1941, p.132.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

alle gebiede. Die groep wat later boswerkers geword het, het ook dieselfde agtergrond gehad. Daar is op gewys dat omstreeks 1880 verskeie landbou-immigrante in die bosstreek geplaas is. Die landbou-onderneming was 'n mislukking en hulle was verplig om boswerkers te word, dog die een na die ander het hierdie bestaan laat vaar. Baie van hulle en hul nakomelinge het die streek verlaat, terwyl die nakomelinge wat tans nog in die streek is, veral in besighede betrokke is, en boonop is daar feitlik niemand van hulle vandag as plantasie-werkers werksaam nie. Die vraag wat hom aan ons opdring, is waaraan die verskil gewyt moet word indien ons veronderstel dat die basiese moontlikhede van albei min of meer gelyk is?

Die verskil in die eindresultaat moet gesoek word in die verskil in die agtergrond van die twee groepe. 'n Nakomeling van een van die immigrante het dit op insiggewende wyse opgesom deur daarop te wys dat die ideaal wat aan die seun van die boswerker voorgehou word, boswerk is omdat sy vader met boswerk grootgeword het en slegs in terme van boswerk dink, terwyl die ideaal wat aan die seun van die immigrant voorgehou is, die hoogste trap van besigheid is omdat sy vader daarmee grootgeword het en die onbeperkte moontlikhede daarvan begryp.

Hoe sterk die stempel van boswerk op die gees van die boswerker afgedruk is, word bewys deur die „gebruik" by sommige ouers om die jong babatjie se gesig na die bosse aan die voet van die berge te draai met die onuitgesproke gedagte „daar is jou toekoms". Die „liefde" vir die houtbos is die natuurlike resultaat van 'n lang

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

proses.

Die emosionele verbondenheid aan die houtbos kan as faktor in die geskiedenis van boswese in hierdie streek nie oorskat word nie. Dit oorskadu die rede en bemoeilik die rasionele proses in die gees van die boswerker.

Nêrens in die literatuur word aangevoer dat die armoede en daarmee gepaardgaande verskynsels slegs aan inherente swakhede toegeskryf moet word nie. Ook word nie aangevoer dat hul toestand slegs aan verskynsels soos misdaad, dronkenskap, werkskuheid e.d.m. gewyt moet word nie.

Die kommissie wat in 1894 die toestande van boswerkers ondersoek het, kom o.a. tot die volgende gevolgtrekking:

"We are glad to be able to report that we can find no evidence whatsoever that poverty (as has been asserted) has been caused by habits of intemperance."(4)

In sy verslag wat dr. A.D. Luckhoff op 1 Augustus 1911 aan die destydse Minister van Lande, Abraham Fischer, voorgelê het, skryf hy as volg oor die boswerkers :

"The average woodcutter according to my experience is a peaceful, hardworking, sober individual, not wanting in intelligence if he is slow in action. His failing is his lack of judgement, his shortsightedness, his almost childlike unconcern for the morrow when he has enough for today. If he has vices, they are to be accounted mis-

---

(4) Report of Departmental Forest Commission, 1894, p.7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

fortunes rather than faults......... Undoubtedly there are among the woodcutters exceptional cases of shameful indolence and painful degradation, and I have met men who are not fit to stand on their own or to work on their own. I have visited the lowest and crept in among the most despicable, and I have blushed to think that these were Europeans, so void were they of self respect, so sunken, so satisfied with their wretched condition and existence. I have been in hovels of woodcutters of a hopeless and worthless type, a disgrace to the community, unfit to live, unfitted most of all to have and rear families. It is unfortunately this type that gives the woodcutter his bad name, and it is uncommonly hard luck on the average woodcutter that his reputation should be at the mercy of his wanton brother."(5)

Hierdie sienswyse word gesterk deur die bevinding van 'n kommissie wat in 1934 met sy ondersoek begin het.

„'n Seker mate van fatalisme het besit geneem van 'n groot deel van die probleemvormende bevolking. Dit is nie 'n fatalisme wat uit roekeloosheid of onverskilligheid gebore is nie. Dit is nie luiheid of onwilligheid nie. Al die getuienis bevestig die werkwil van diegene aan wie werk gegee word. Die werkskues is uitsonderings. Hierdie sielkunde het nie gelei tot losbandigheid, wetteloosheid of demoralisasie in die gewone opvatting nie."(6)

---

(5) A.D. Luckhoff : Enquiry into the Poor White Problem as affecting the Cape Province, 1911, pp. 2, 3.

(6) Rapport van 'n Komitee oor die Maatskaplike Wantoestande in die George-Knysna-Zitzikama-Bosstreek, 1935, p.11 e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die skrywer kan die sienswyse wat in die gemelde aanhalings uitgespreek word, bevestig.

Werkskuheid is 'n verskynsel wat nie in die gemeenskap wat bestudeer word, aangetref word nie. Daar is slegs twee gevalle teëgekom waar die broodwinners as gevolg van werkloosheid nie in die behoeftes van hul gesinne voorsien het nie. In die een geval kon die vader nie met sy werkgewer klaar kom nie, met die gevolg dat hy tydelik werkloos was. Nadat hy op sy pligte gewys is, het hy werk in 'n fabriek wat buitekant die streek geleë is, aanvaar, en sy gesin het later gevolg.

In die ander geval was dit 'n wewenaar wat deur 'n getroude seun versorg is, met die gevolg dat hy homself die rus as 'n reg aangematig het, terwyl hy nog drie kinders gehad het om voor te sorg. Ook hy het werk aanvaar nadat hy van pligsversuim beskuldig is.

Albei gevalle kan nie as tipiese nakomelinge van boswerkers beskou word nie.

Die vraagstuk is nie werkskuheid nie maar wel 'n gebrekkige oorleg, beplanning en ondernemingsgees.

Weliswaar is daar 'n verskynsel wat deur mediese beamptes in daardie streek as angsneurose of as ingebeelde siektetoestande beskryf word.

'n Mediese beampte kon met 'n sekere jong man fisies niks verkeerd vind nie. Toe hom gevra is waarom hy nie werk nie, was sy antwoord dat hy nie gesond is nie „omdat hy nie die wilskrag het om te werk nie."

Hierdie verskynsel verbaas ons nie indien in ag geneem word dat juis in hierdie streek daar so baie mense is wat staatstoelaes trek vanweë hul ongeskiktheid vir die arbeidsmark.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir sover dit misdaad en drankmisbruik betref, het die skrywer eweëens geen ernstige gevalle aangetref nie. Trouens, in die bestudeerde gesinne is nie een geval van dranksugtigheid of misdadigheid teëgekom nie.

Die misdaadsyfers vir blankes vir Knysna en distrik is by die magistraatskantoor vir die jare 1910 en 1946 nagegaan. Die syfers wat hier verstrek word, is van toepassing op die hele blanke bevolking en nie slegs op oud-boswerkers en hul nakomelinge nie.

In 1910 was daar altesaam 12 sake. Die oortredings met die aantal in hakies was as volg: aanranding (4), dronkenskap (2), dieremishandeling (1), verhindering van polisie in die uitvoer van hul plig (1), openbare steurnis (1), diefstal (1), vuiltaal (1), terreinoortreding (1). Die boetes wat opgelê is, het tussen 10/- of sewe dae en £10 of twee maande gewissel.

In 1946 is daar altesaam 74 blanke persone krimineel aangekla. Die oortredings met die aantal daarnaas was as volg :
aanranding (8), dronkenskap (6), verwaarlosing van kinders (1), huisbraak en diefstal (1), dieremishandeling (1), oortreding van munisipale bywette (11), en oortreding van motorordonnansies (37). Die strawwe wat opgelê is, het van 'n waarskuwing en ontslag tot £20 boete of drie maande tronkstraf gewissel.(7)

Uit die gegewens wat hier verstrek is, blyk dit dat die oortredings nie van 'n ernstige aard is nie.

---

(7) Gegewens is uit die kriminele rekords in die Magistraatskantoor, Knysna vir die jare 1910 en 1946 saamgestel.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Weliswaar is boswerkers vroeër van oneerlikheid beskuldig vir sover dit diefstal van hout en heuning betref. Die volgende bevinding word ter stawing hiervan aangehaal :

"The woodcutters of Knysna are, as a rule, the most indolent and improvident of men. Under cover of having taken out a licence to cut timber, they obtain permission to squat upon the waste lands adjacent to the forests. They keep a few head of cattle, cultivate small gardens or mealie fields, and cut timber when disposed to do so; but much of their time is spent in idling after bees' nests, shooting and dissipation."(8)

Dat daar wel gevalle was waar boswerkers die regulasies, vir sover dit die bos betref, oortree het, blyk ook uit die rekords in besit van die Bosbewaarder, Knysna. Die gemelde aanhaling skep egter die indruk dat boswerkers gewoonte-oortreders van bosregulasies was. Dit is foutief. Oneerlikheid is nie doelbewus deur boswerkers beoog nie. Hulle het die houtbos met alles wat daarin was, as hul besitting beskou, en indien hulle deur departementele regulasies sekere dinge belet is, kon hulle dit eenvoudig nie verstaan en gehoorsaam nie.

## 2. BOSBEHEER.

Bosbeheer as sodanig het nóg regstreeks nog onregstreeks tot die verarming van die boswerker bygedra. Om hierdie bewering te staaf, word na die klagtes van boswerkers tydens die ondersoek van 1934 verwys.(9)

---

(8) Location of Immigrants in the George and Knysna Divisions, Cape Town (A47-'82), p. 15.
(9) Stalsverslag : t.a.p., p.16 e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar sal opgemerk word dat die klagtes, indien uit die weg geruim, hul posisie op ekonomiese gebied nie sou red nie.

Eerstens, 700 kubieke voet hout is onvoldoende vir 'n boswerker. 'n Groter toekenning word dus gevra. Hierteen is die beswaar dat die bos deur natuurlike aanwas homself nie sal handhaaf nie en uiteindelik uitgeput sal wees. Boonop het een boswerker nie alleen sy toekenning bewerk nie maar hy het „handlangers" gehad om hom te help. 'n Groter toekenning sou slegs 'n groter toeloop na die bosse met nadeliger gevolge vir die boswerkers beteken.

Tweedens, versoek die boswerkers dat lisensies op krediet gekry moet word. Of aan hierdie versoek voldoen is of nie, feit bly dat hulle die gelde moes betaal. Indien hulle nie gelde betaal nie, sou boswese as 'n liefdadigheidsinstelling beskou moes word.

Derdens, verklaar boswerkers dat die tydperk van ses maande wat moet verloop vanaf die toekenning van boshout totdat hulle in plantasiediens kan tree, te lank is. By gereelde werk kan elkeen sy 700 kubieke voet in twee maande bewerk en dan vir tien maande as plantasiewerker verdien. Al word dit toegestaan, verbeter hy nie sy posisie as boswerker nie. Dan moet hy liefs 'n permanente plantasiewerker word. Boonop het plantasiewerk ook niks met bosbeheer te doen nie.

Vierdens, sou dit geen wesenlike verskil maak of die lisensiegeld wat gebaseer is op die kubieke inhoud, bereken word volgens die vierkant- instede van die ronde maat nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vyfdens, is beweer dat alle ondernemingsgees by die boswerker onderdruk word deur die bepaling dat hy as boswerker geskraap word sodra hy op 'n ander manier 'n bestaan kon maak. Dit toon dat die boswerker nie 'n ander bestaan kon vind wat beter as boswerk beskou is nie. Dit is tog immers onsielkundig dat 'n mens 'n swakker bestaan bo 'n beter bestaan verkies.

Sesdens, word gevra dat geen lisensiegeld vir minderwaardige bome gevra word nie. Indien sodanige hout bemark kan word, waarom dan die kwytskelding? Indien sodanige hout nie bemarkbaar is nie, waarom dan die moeite om sulke bome te kap?

Ten slotte word gevra om die reg om hout gratis op te tel. Dit mag 'n verligting meebring maar sal hul posisie nie aanmerklik verbeter nie. Wanneer dus gesê word dat bosbeheer as sodanig nóg indirek nóg direk die welsyn van boswerkers nadelig beïnvloed het, word daardeur bedoel dat bosbeheer die vraagstukke van die boswerkers nie kon oplos nie. Trouens, bosbeheer was noodsaaklik vanuit 'n nasionale gesigspunt en indirek ook in die belang van die boswerkers omdat die totale vernietiging van die waardevolle houtsoorte verhoed is en dus ook voortdurend werk aan 'n beperkte aantal boswerkers gebied het.

Die versoeke van die boswerkers soos blyk uit die voorafgaande, kon hul moeilikhede nie oplos nie, al sou die regulasies hulle op elke punt gelyk gegee het. Meer hout beteken al die hout, lisensies op krediet beteken slegs 'n uitstel ens. ens. <u>Die onverbiddelike feit, nl. dat boswerkers uit die bosse geen menswaardige bestaan kon maak</u>

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie, kon geensins deur die wysiging van bosbeheer opgelos word nie. Trouens, toenemende staatsbeheer met geriewe soos die aanlê van bospaaie was eerder in die voordeel van boswerkers as in hul nadeel. Die totale afskaffing van boswerkers in 1939 toon dat toe eers besef is dat beheer deur regulasies nie die maatskaplike vraagstukke oplos nie. Die oorsaak van die vraagstuk, nl. boswerk as sodanig, moes uit die weg geruim word.

## 3. BOSBELEID.

Kontrasteer ons bosbeheer met bosbeleid dan kom ons tot die gevolgtrekking dat die beleid wat t.o.v. boswerkers tot 1939 gevolg is, op die uitbuiting van die arbeid van boswerkers neerkom. Hoewel bosbeheer en bosbeleid baie nou verbonde is, kan ons die een van die ander onderskei omdat eersgenoemde die bos beklemtoon het, terwyl laasgenoemde weer die boswerker beklemtoon het. Bosbeheer — soos reeds aangetoon — kon niks aan die welsyn van die boswerker doen nie, terwyl bosbeleid wesenlik by die welsyn van boswerkers tuishoort.

Ten spyte van al die stappe wat gedoen is, het die toestand van die boswerkers voortdurend versleg. Die beleid wat deurgaans gevolg is, was kortsigtig en oppervlakkig.

In 1847 word die bosse gesluit vir boswerkers en in 1856 word hulle heropen. Die rede hiervoor vind ons in die enigsins filantropiese verslag van 1866 wat deur Brown aangehaal word :

"We are of opinion that the reclosing of the Crown Forests entirely would be an injudicious measure. The woodcutters are an impoverished class, and to deprive them of their only means of subsistence would be their ruin. Few of them have

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

land of their own, and brought up from childhood to their occupation, are entirely dependent upon the forests for their daily wants." (10)

Indien die staat so oor die welslae van die beleid begaan was, waarom het hy dan nie die boswerkers teen 'n redelike loon in diens geneem nie en die hout self bemark sodat hulle dan nie alleen van 'n gereëlde bestaan verseker kon word nie maar ook gevrywaar kon word van uitbuiting op die houtmark? So 'n stap sou nie alleen 'n gesonde beleid gewees het nie maar ook doeltreffende bosbeheer moontlik gemaak het.

In stede van hierdie beleid te volg, is die boswerkers eintlik aan hul lot oorgelaat. Nie alleen was die beleid kortsigtig nie maar ook het dit neergekom op die uitbuiting van hul arbeid. Die staat was immers bewus van die feit dat hulle hul hout so-te-sê verniet moes weggee, terwyl die staat lisensiegeld ingevorder het. Immers, die bosse moes ontgin word anders sou dit teen die belange van die land ingedruis het. Die staat het die maklikste weg gevolg want die eintlike rede word in 'n kommissieverslag van 1881 baie duidelik gestel :

"Yet, however, the woodcutters form a class which would not be readily replaced if once dispersed, and which is highly necessary for the prosperity of the profitable trade in timber now being carried on in this division, and for whom something should be done by the Government." (11)

---

(10) J.C. Brown : Crown Forests at the Cape of Good Hope, London, Simpkin, Marshall & Co., 1887, p.169.

(11) Jackson-verslag : p.31.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Enersluidende is die verslag van 'n kommissie in 1894 :

"They have a right to expect that the Government should deal with them in such a way that they may be enabled to obtain a livelihood in the Crown Forests for themselves and their families."(12)

In die winsgewendheid van die bedryf het die boswerker nooit gedeel nie en om sy nood te verlig, is aan hom hoewes gegee sodat hy uit die landbou sy verdienste kon aanvul.

Ten spyte van hierdie hartroerende beroepe op die staat deur sy eie kommissies word voor die kommissie van 1894 die volgende deur 'n lid van die dorpsraad van George verklaar :

"They are getting poorer, and unless you open some industry for them I do not know what will become of them."(13)

'n Ander ondersoeker wat ook erken dat die boswerkers hul eise het, maar nie die eise soos deur vorige kommissies gesien nie, laat hom in 1911 as volg uit :

"That the woodcutter has his claims is a truth which should not be ignored. He is a law-abiding citizen; he is industrious; he pays his rates and taxes; he is a useful member of society; on him are dependent the welfare and prosperity of more than one district; he brings thousands of pounds into the Government coffers; he relieves the Government of such timber as it is disposed to

---

(12) Departmental Forest Commission : p.7.

(13) Departmental Forest Commission : p. 174.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sell; he is the scavanger of the forest; he does the manual work, the laborious work of felling, slipping, sawing and transport-riding; he fashions out of the hoary denizonz of the forest the hundreds of thousands of sleepers which we use on our railway and which have stood the test of eighteen years; he is of the forest a part; he is inseparable from the forest; he is a necessary indispensable factor; he is, in a word, an asset, a big asset, a splendid asset, a national asset. He has his claims! He may not be looked upon as a burden or as a liability. He may not be despised.

"If it cannot be conceded that the Forest is for the woodcutter then it should not be taken for granted that the woodcutter is for the forest, which unfortunately is the all too common attitude adopted towards the woodcutter by the officers of the Forest Department."(14)

'n Treffender bewys vir die beleid van uitbuiting wat vir bykans 'n eeu gevolg is, is ondenkbaar.

Hoewel voortdurend verwys is na die noodsaaklikheid dat die beleid sodanig moet wees dat boswerkersgesinne 'n bestaan moet maak, bewys die feite dat hulle voortdurend onder die armoedegrens gedwing is.

In die verslag van 1894 deel verskeie boswerkers mee hoedat hulle teen verliese en geringe voordele gewerk het.(15)

---

(14) A.D. Luckhoff : t.a.p., p.16.

(15) Departmental Forest Commission: pp. 100, 101, 133.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n Boswerker-getuie versoek byvoorbeeld dat die lisensie per disselboom verminder moet word van 1/- tot 3d. Dit neem hom veertien dae om 'n vrag disselbome bestaande uit 40 af te werk. Hy bemark dit op Humansdorp waar hy vir die vrag £5 kry. Die was vir die vervoer wat hy huur, kos hom £3.5.0. Sy lisensie kos £3. Dit beteken 'n verlies van 5/- per vrag.

'n Ander boswerker getuig dat die koste verbonde aan die maak van 60 dwarsleggers £10.2.6d. is, terwyl die markwaarde hiervan £9 is. Die verlies is dus £1.2.6d.

Toe die Departement van Bosbou in 1939 getuienis ingewin het oor die inkomste van boswerkers is gevind dat hulle slegs £25 per jaar verdien het. Hierna het die Departement besluit om aan geregistreerde boswerkers 'n jaargeld ("Annuity") van £25 te betaal op voorwaarde dat hulle die reg verbeur om hout in die bosse te kap. Hierdie jaargeld sou voortduur totdat hulle bekwaam is vir ongeskiktheidstoelaes en ouderdomspensioene. Sommige wil voorgee asof boswerkers mislei is, nl. dat hulle met opset hul inkomstes laag gestel het daar hulle hul aanspraak op groter hout-toekennings hierdeur wou steun.

Al was hierdie motief aanwesig, bly dit 'n feit dat hul verdienste ver benede die armoedegrens was. Die skrywer het met verskeie oud-boswerkers oor hul destydse inkomstes gesels. Sonder uitsondering het hul ruiterlik erken dat hulle as boswerkers geldelik baie swakker daaraan toe was as die ondersteuning wat hulle tans in die vorm van staatspensioene kry.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die bosbeleid wat gevolg is, word in 1934 op 'n oortuigende wyse verwerp. 'n Kommissie van ondersoek verklaar o.a. as volg :

„Daar bestaan egter 'n algemene oortuiging dat die huidige stelsel van boswerking nie in die beste belange van die werkers self is nie, en sekerlik nie in die nasionale belang nie, insover as dit die bosse as volksbate self affekteer. Dit word voorgestaan deur opinies wat respek afdwing, dat die bewerking van ons bosse direk deur die staat moet gedoen word en dat die huidige boswerkers besoldigde dienaars van die staat moet wees."(16)

4. DIE HOUTHANDEL.

Omdat die houthandel die kern van die bestaan van boswerkers was, is dit nodig om breedvoerig hierop in te gaan.

Soos reeds aangetoon, is hout vir die eerste keer oorsee gestuur vanaf Plettenbergbaai in 1788 en vanaf Knysna in 1817.

Phillips haal aan uit 'n ongepubliseerde dokument wat op 5 April 1841 deur John Rex van Knysna geskryf is. Dit lui o.a. as volg :

"Mr. Rex among other things, noted that of the estimated total population of the region (some 1,000) the majority were woodcutters entirely dependent on the forest estates. The woodcutters subsist chiefly from felling timber in the Government forests which they deliver either at Knysna or Plettenberg Bay for shipment to Cape Town or transport

---

(16) Stalsverslag : t.a.p., p.24.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

it with waggons to Graaf Reinet, Beaufort, Somerset etc."(17)

Daar kan aangeneem word dat tussen 1750 en 1788 uitsluitend van die ossewa as vervoermiddel van hout gebruik gemaak is. Die ossewa is vir hierdie doel gebruik selfs lank nadat see-vervoer beskikbaar geword het.

"The whole country of Outeniqua, from the chain of mountains to the sea, is inhabitated by several planters, who rear a quantity of cattle, make butter, cut down timber and collect honey, all of which they transport to the Cape."(18)

Dit moes 'n vermoeiende taak gewees het en boonop was dit die meer bemiddeldes wat van die ossewa gebruik kon maak.

Sparrman wat die omgewing van Mosselbaai en George tussen 1772 en 1776 besoek het, maak hiervan melding:

"A farmer, for instance, has a hundred hours hard driving to get his timber from Mosselbay to the Cape, and a still longer and more laborious journey from Houtniquas."(19)

Dit wil voorkom asof die hout wat per ossewa na die Kaap vervoer is, meer voordelig vir die boswerkers was.

---

(17) J.F.V.Phillips : History of the Midland Forests. Diepwalle, 1923, p.26.

(18) M. Le Vaillant : Travels into the interior Parts of Africa by way of the Cape of Good Hope (1780-1785), London, MDCCXC, p.165.

(19) Andrew Sparrmann: A Voyage to the Cape of Good Hope. Vol. 1. Dublin, p.277.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die wanywerheid — die wa het 'n belangrike rol in die tyd van die trekboer en die Voortrekkers gespeel —in die omgewing van die Kaap was vir 'n lang tyd die grootste afset vir die boswerker gewees. Dat hierdie mark van tyd tot tyd oorlaai is, word nie betwyfel nie. So bv. wys die Superintendent van die dwarslegger-fabriek op Knysna in sy verslag van 1889 daarop dat daar gedurende 1885 tot 1889 feitlik geen aanvraag vir wahout was nie, met die gevolg dat die boswerkers grootliks op die maak van dwarsleggers moes terugval.(20)

Die volgende uitlating van die Superintendent gee 'n goeie denkbeeld van die rol wat die dwarslegger-fabriek en die wanywerheid in die bestaan van die boswerkers gespeel het:

"The chief cause of the failure in the supply of sleepers was the revival in the Colonial wagonwood trade which commenced about the month of June. A great many of the woodcutters at once began to work wagon-wood and entirely left off working sleepers. The demand for wagon-wood and the high prices which have lately been obtained seemed to have arisen principally from the fact that, during the past four years very little wagon-wood has been manufactured, the woodcutters having been employed in the production of sleepers and stocks had thus been worked off. Without the sleeper trade, it seems improbable that the manufacture of wagon-wood will suffice to keep the wood-working population in employment."(21)

---

(20) To Votes and Proceedings of Parliament, Appendix I, Vol. II, 1889.
(21) To Votes and Proceedings of Parliament, Appendix I, Vol. II, 1889.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Benewens die hout wat bedoel was vir wahout, is ook hout verhandel wat in die bou van huise en die maak van meubels gebruik is.

"From the days of the establishment of timber posts at George and Plettenberg Bay, stinkwood has been rightly regarded as the most valuable wood and consequently has been the most sought after. It was used extensively for wagon and cart building, furniture, bridges and yokes, and later was even specified for railway sleepers. Next in demand were white pear for felloes, assegai for spokes and middling sized yellowwood for naves and carpentry purposes........".(22)

In 1856 is in die regulasies neergelê dat die volgende houtsoorte elk 'n vrag maak waarvoor £1 lisensiegeld betaal moet word.

"A loop(23) of wagon wood consists of the following pieces at the prices set opposite :

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | axles | at | £-. 6. 0d. |
| 2 | schamels | at | 3. 9d. |
| 1 | Draaiboard | at | 1. 6d. |
| 2 | after tongs | at | 3. 0d. |
| 1 | fore tong | at | 3. 0d. |
| 32 | long spokes | at | 7. 6d. |
| 20 | short spokes | at | 3. 9d. |
| 1 | Long wagon | at | 1. 6d. |
| 1 | disselboom | at | 1. 6d. |
| 24 | Felloes | at | 18. 0d. |
| 4 | traces | at | 4. 6d. |
| 4 | biscot | at | 12. 0d. |
| 6 | Leerbooms | at | 11. 3d. |
| | | | £3.17. 3d. |

---

(22) N.L. King :"The Knysna Forests and the Woodcutter Problem." The Journal of the S.A. Forestry Association. No.3, 1939, Pretoria., pp. 11, 12.

(23) 'n "Loop" is die hout nodig vir 'n wa.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| Two loops of waggon wood, value | £7.14.6d. | make a load; |
| 80 cubic feet or 50 planks of 20' x 20" x 1" yellow wood, value | £7.10.0d. | make a load; |
| 10 planks 20' x 12" x 3" or 50 cubic feet Stinkwood, value | £7.10.0d. | make a load." (24) |

Dit was die waarde van die hout by die hawes gelewer. Wanneer die transportryer die hout per wa na die binneland vervoer het, het hulle baie meer gekry al was dit dan in die vorm van ruil. Volgens meedelings van oud-boswerkers blyk dit dat dit meer die „welvarende" boswerkers was wat hout na die binneland vervoer het. Dié wat nie oor hul eie vervoer beskik nie, het meer as onderskiktes vir die betergesteldes gewerk.

Dit is interessant om hier op te merk dat die huidige prys van onbewerkte stinkhout sowat £7.10.0 per kubieke voet is.

Volgens dieselfde skrywer (25) was die kontrakprys tussen die Admiraliteit en die boswerkers 3/10 per kub. voet Stinkhout by die hawe gelewer, terwyl hulle aan die staat die bedrag van 1/4 per kub. voet moes betaal.

Een ding val ons op nl. dat boswerkers nie self 'n nywerheid in die vorm van wamakery of meubelmakery' begin het nie. Die belangrikste verklaring hiervoor is die negatiewe aard van hul werk, nl. hul maai waar hulle nie gesaai het nie.

---

(24) J.V.F. Phillips : a.w., pp.30 & 31.
(25) J.V.F. Phillips : a.w., pp.20, 21.
Die kontrak was tussen 1817 - 1820.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die afkap van bome wat destruktief is, het blykbaar geen konstruktiewe invloed op die gees van die boswerker kon hê nie. Boonop het hulle nog die geld nóg die ervaring gehad om so 'n onderneming te begin.

Volgens 'n aanhaling uit 'n pamflet van H.B. Darnell, getitel The Past, Present and Future condition of the Forests in the George, Knysna and Uitenhage Districts (1866), het die volgende toestand bestaan :

"Woodcutting was the only industry pursued, and wood the only currency. Two felloes, or half-a-dozen long spokes, was, for instance, the price of a bottle of brandy. A licence of six shillings was charged upon a load of wood worth from £10 to £12 in goods; but the woodcutters appear to have been always a poverty-stricken race, living from hand to mouth. The difficult nature of the country, the bad roads, and the disadvantages under which they exchanged their wood for the necessaries of life, accounted sufficiently for their condition."(26)

Die toestand van die boswerkers het radikaal verander as gevolg van die verskyning van die hout- en algemene handelaar. Die ossewa as vervoermiddel van hout wat in ruil vir negosieware in die Kaap aangebied is, het verdwyn. Die hout is aan die plaaslike houthandelaar van wie ook huishoudelike benodigdhede verkry is, gelewer.

---

(26) J.C. Brown : a.w., p.70.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nie alleen het die houthandelaar hom by sy besondere besigheid bepaal nie maar hy het self ook „boswerker" geword. Die kredietstelsel wat tussen boswerker en handelaar in swang was, het die boswerker in 'n magtelose posisie laat beland :

"The wood merchant and millowner are the parties ever on the safe side, which ever have a big pull over the woodcutter when the latter comes to them for advances with which to buy timber in the forest, and when they can make their own conditions. They have the pull again when the woodcutter comes to them with his finished and worked up wood as to the only market. They have the pull a third time when, after deducting the advances, or the licences and auction dues taken over from them by the woodcutters, they can give the balance in retailed foodstuffs that have been bought at wholesale rates.

"The woodcutter is for ever under, and under he must remain so long as the existing conditions remain. He is continually in debt, he falls deeper and deeper in debt, he is for ever in the power of the merchant and there is little or no prospect of getting out of bondage..........

"In Knysna things are out of joint, because the millowners and the wood merchants are the biggest woodcutters, And so long as the merchant, with the superior brains, with the capital, is allowed to compete with the bona fide woodcutters, yea so long as favours and concessions are bestowed upon him by the Government, so long must the woodcutter remain under and so long will we have a

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

woodcutter problem........" (27)

Hoewel boswerkers deur ondervinding aangeleer het hoe om die kubieke inhoud van hout te „bereken", moes die uitwerk van gewigte en die pryse per gewigseenheid vir die talle ongeletterdes 'n probleem gebly het. Boonop was daar berekenings van geldsomme wat hulle totaal aan die handelaar moes oorlaat.

Die nadelige posisie waarin boswerkers in hierdie opsig verkeer het, is deur 'n kommissie van ondersoek in 1882 beklemtoon :

"Moreover, the greater number of these men are simply the serfs, by means of advances in money and goods, of persons largely engaged in the timber trade, and consequently, when the Government provides homes and pasture lands, rent free, to the woodcutters, it is in point of fact providing for the trade of the wooddealer, well able himself to bear the cost of his employés." (28)

Dieselfde vraagstuk word deur 'n kommissie van ondersoek in 1934 as volg beskryf :

"Die huidige stelsel van bemarking van hout van die boswerkers is allerweë onbevredigend. Die boswerker self gebruik die hout waarop hy nog beweer geregtig te wees as middel van krediet by die winkelier en die hout-handelaar - die gewone leweransierskrediet. Hy moet gevolglik sy hout

---

(27) A.D. Luckhoff : t.a.p., pp. 12, 13.
(28) Jackson-verslag : p.15.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verkoop met al die nadele aan hierdie stelsel verbonde. Gevalle is aangehaal waar die hout sonder aflaai vir meer as dubbel die prys aan 'n derde persoon verkoop is. Die boswerker, ten spyte van sy krediet-middel, ly dus self daaronder. Die kredietgewer, nie altyd bewus van die verpanding van dieselfde artikel by ander kredietgewers nie, ly ook dikwels skade......... Die staat, deur Bosbou, moet met lede oë aansien dat talle boswerkers hulle hout 'n hele jaar in die bos hou, met die oog op verkryging van verder krediet. Verder, as gevolg van die onekonomiese prys wat die werker behaal vir sy produk, is hy, sodra sy inkomste uit hierdie bron uitgeput is, weer feitlik 'n las vir die staat, óf by wyse van onderstand óf by wyse van surplus op die plantasie-arbeidsmark. Dit dra by tot die ondermyning van die selfstandigheid van die persoon self sowel as agteruitgang van sy familie."(29)

Die gevolgtrekkings i.v.m. die nadelige wyse waarop boswerkers die produk van hul arbeid van die hand moes sit, is voor die hand liggend.

Daar kan nie nagelaat word om op die wanverhouding wat tussen handelaar en boswerker ontstaan het, te wys nie. Terwyl die boswerker bewus was van oneerlikheid teenoor hom, was hy magteloos. Deur middel van die kredietstelsel het die boswerker 'n uitweg gesien om hom te bevoordeel. Skuld het in baie gevalle by verskillende winkeliers opgeloop sonder dat die bedoeling om dit te vereffen ooit aanwesig was. Indien die een winkelier weier

---

(29) Stalsverslag : p.19.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om verder krediet te gee, is die volgende winkelier genader. Dat daar winkeliers was wat groot skades gely het, ly geen twyfel nie. Of daar winkeliers was wat die boswerker weer skaakmat gesit het deur die boswerker as groep op indirekte wyse aanspreeklik te maak vir die skulde van ander is 'n ope vraag.

Die kredietstelsel is vandag nog in swang maar die kanse om skulde eenvoudig te laat oploop, is beperk. Vir sover dit die groot aantal pensioentrekkers betref, is winkeliers verseker dat gereëlde betalings geskied. Omdat talle pensioentrekkers nie die vervoer na Knysna of George kan bekostig nie, word die skatkisorders geteken en oorhandig aan die winkelier wat wel die bank gereëld besoek. Langs hierdie weg kan die skulde van sulke mense beheer word.

Kortom, hier vind ons 'n sedelike oordeel wat tot stand gekom het — ten regte of ten onregte — onder die dwang van omstandighede. Die drang tot selfbeskerming het die boswerker gedwing om gebruik te maak van maatreëls waarmee sy sedelike bewussyn vereenselwig is.

## 5. <u>BEROEPSBEPERKING</u>.

Uit kenmerke wat eie aan hierdie gebied is, leen die bosstreek hom hoofsaaklik tot boswese. Vir geslagte aaneen het hierdie groep uitsluitend boswerk gedoen. Die gemeenskaplikheid van beroep het ook gelykheid of „enersheid" in die maatskaplik-ekonomiese lewe veroorsaak.

Benewens die halfhartige poging om belangstelling in die landbou deur middel van die uitreiking van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

landboupersele op te wek, is daar in die vroeëre geskiedenis geen alternatiewe bestaansmoontlikhede gebied nie. Latere pogings om spoorwerkers te werf, het, op 'n mislukking uitgeloop.

Die aanplant van bome is eers op 'n later stadium ingevoer en ook dit is feitlik identies met boswerk insoverre dit uitsluitend met boswese gemoeid is.

Hierdie eenrigting wat in die beroepslewe gevolg is, het alle belangstelling in ander beroepsmoontlikhede uitgeskakel. En boswerk kan beoefen word sonder enige opleiding van watter aard ook al.

Die foutiewe beleid om die bosse vir ontginning te heropen word in 'n memorandum deur Darnell uiteengesit. Brown haal die volgende hieruit aan:

"Woodcutting is an independent sort of life, and seems such a direct and certain mode of obtaining a livelihood that everybody who could use an axe rushed off to the forests. Other pursuits were abandoned, and labour was withdrawn from the farmers."(30)

Verder verneem ons die volgende:

"Not only is the woodcutter a prolific class, and not only are large families generally met with, but is it notorious that the love of the profession is overwhelming, and the woodcutter's child, when it begins to crawl, straightway it crawls to an axe."(31)

---

(30) J.C. Brown : p. 75.
(31) A.D. Luckhoff : p.9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van kleins af is seuns tot boswerk toegelaat aangesien hulle moes toulei in die bosse. Weinig belang is in onderwys gestel omdat vir die beoogde beroep geen „geleerdheid" vereis is nie.

Die uitwerking van beperkte beroepsvooruitsigte was nie slegs bepaal by boswerk as beroep nie maar boswerk het onteenseglik sy spore op die werkers in die bos gelaat. Uit die aard van die saak is boswerk 'n uiters negatiewe beroep. Daar word gemaai waar nie gesaai is nie. In die plek van die boom wat afgekap is, is nooit 'n boom geplant nie.

Die skeppingsdrang wat elke mens kenmerk, is deur die beoefening van boswerk totaal afgestomp. Die negatiewe lewenswyse het meegebring dat geen bome aangeplant is nie, geen tuinbou en landbou beoefen is nie, dat geen kuddes opgebou is nie, dat geen fatsoenlike wonings opgerig is nie, en dat geen poging tot geestelike prestasies aangewend is nie.

Hierdie beroepsbeperking, wat sterk in die hand gewerk is deur 'n bosboubeleid wat vir meer as 'n eeu gehandhaaf is, het o.a. die volgende simptome in die hand gewerk :

"Die tragiese simptome wat vir die opmerker sigbaar is, is resultate van nog meer tragiese en fundamentele wantoestande. Die mees in die ooglopende simptoom is die armoede van die probleemvormende deel. Die armoede, saam met 'n fundamenteel ongesonde stelsel, het gelei tot miserabele behuisingstoestande........ Die tevredenheid waarmee groot getalle hul krotte bewoon, versterk die indruk dat beter huise feitlik onbekend is of onnodig geag word. Al hierdie genoemde faktore wat 'n

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

circulus vitiosus van oorsaak en gevolg vorm, is gekoppel aan 'n ander fundamentele bykomende faktor — naamlik, die bewoning- en okkupasiestelsel wat veral in Knysna in swang is."(32)

## 6. DIE WERKSOMSTANDIGHEDE VAN BOSWERKERS.

Met die verdwyning van boswerk as sodanig het ook werksomstandighede wat so 'n uiters belangrike rol in die sosiaal-ekonomiese toestande van die boswerkersgroep gespeel het, verdwyn.dat 'n verwysing daarna noodsaaklik is. Boswerkers het aan die some van die bosse gewoon en plek-plek, soos Veldmanspad, Buffelsnek, Gouna e.d.m., was hulle letterlik deur bosse omring. Sommige boswerkers het egter verder weg van die bosse gewoon.

Aan die begin van die week verlaat vader en seuns hul hutte en bring die hele week in die bosse deur. 'n Simpatieke waarnemer laat hom hieroor as volg uit :

"For days and weeks at a stretch the fathers and ablebodied sons are away from home. In the Forests, where the work of felling and sawing is conducted, they live completely cut off from the home influence........

"In the Forest they shift for themselves, they pot for themselves, and live, in a word, a rude and rugged life. Their shelter at best is a roof made of a few loose iron sheets, supported by logs or sleepers, and very often nothing better than the meagre covering of twigs and fern.

---

(32) Stalsverslag : a.w., p.12.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Their work, be it felling, slipping or sawing, is laborious in the extreme : hard, rough, exhausting work, for the most part in a damp cold forest where the rainfall is excessive, where the paths are pools of mud and slush, where the undergrowth is forever damp and wet, where the sun is forever hidden. In sweat besodden clothes they toil and sleep and sleep and toil.

"A more fatiguing work, a more unhealthy occupation cannot be imagined. It is often in the most inaccessible places that the woodcutter has to conduct operations; along the slopes of steep mountains, in the bottom of deep kloofs, he has to fight his battle with the sturdy, unmanageable monsters of the woods. To see a heavy log slipped out of a deep gully and dragged to the sawpit, inch by inch, by long teams of crawling, groaning oxen, along slippery, slushy, almost impassable slip paths is a never to be forgotten sight.

"With such an occupation, under such conditions, in such environment, can it be wondered at if the fathers deteriorate, if the sons grow up dull, wooden, broken in spirit. The wonderful part of it all is that there is still so much that is good and virtuous in the woodcutter, and that he has not gone under altogether."(33)

Die moeilike omstandighede waaronder boswerkers om 'n bestaan geveg het, word ook weergegee in die verslag van Jones (1812) wat deur Phillips

---

(33) Luckhoff-verslag : a.w., pp. 1, 2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangehaal word :

"The method of getting the timber out of the forest is by slipping it on the ground with oxen, and from 24 to 28 oxen used to drag out several pieces delivered to me on contract.(34)

"A path must be made for every individual tree from the spot where it falls to the great slipping path.

"In sawing plank it must be done on the spot where the tree falls, as those fit for this purpose are much too heavy to be removed by any force that can be applied to them."(35)

Die toevallige besoeker of toeris kan geen denkbeeld vorm van die geografiese geaardheid van die bodem waarop die bosse groei nie. Die skrywer het lugfotos met diepte-effek bestudeer en vir die oog lyk dit ongelooflik dat hout uit sommige dieptes met osse gesleep kon word.

Vandag word van moderne metodes gebruik gemaak om gekapte hout uit te sleep. Trekkers katrol die hout tot bo op die wal vanwaar dit met vragmotors vervoer word.

7. MAATSKAPLIKE EN BLOEDVERMENGING.

Dit sou 'n haas onbegonne taak wees om die omvang van maatskaplike- en bloedvermenging in die bosstreek te bepaal. Derhalwe sal ons met algemene waarnemings moet volstaan.

---

(34) Destyds het die Britse Admiraliteit 'n kontrak met boswerkers vir die lewering van hout aangehad.
(35) Phillips : a.w., p.21.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dat daar reeds by die voorlopers van die boswerker gevalle voorgekom het van bloedvermenging kan nie betwyfel word nie.

Volgens Van der Merwe het J.W. Cloppenburg in 1768 'n reis deur die Kolonie onderneem. In die Houteniqualand, waar die teenswoordige George staan, het hy berigte ontvang oor die boere wat „myn bewustheid bekragtigte dat veeler huyshouding seer slordig is, en waarvan de allerslegste zijn, dat van Ehren Kroon, en Hans Dietlof, waarvan den eersten met een bastard huishoud, en den tweede met een Hottentotin, leverende dat van Fredrik Zeelen een allerslegst gebroedsel uit..........." (36)

Hoewel daar in die literatuur oor boswerkers wel melding van omgang tussen blank en nie-blank gemaak word, word besonderhede oor die aard en omvang daarvan nie gegee nie. Terwyl daar in die literatuur 'n aanduiding is van 'n moontlike verband tussen verarming enersyds en omgang tussen blank en gekleurd andersyds, is daar 'n bepaalde faktor wat, vir sover dit boswerkers betref, van groot belang is. Vir baie jare het 'n groot aantal kleurlingboswerkers nie alleen skouer aan skouer met blankes in die bos gewerk nie, maar ook het hulle saam met blanke gesinne in dieselfde woongebiede gewoon. Waar hulle dus dieselfde nering gehad het, kan verstaan word dat 'n proses van verbroedering maklik kon plaasvind. Boonop het die destydse owerheid, vir sover „regte" en „voorregte" betref, (bv. toekennings van persele)

---

(36) P.J. van der Merwe : Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842) Nas. Pers Beperk, Kaapstad, 1938., p.140.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geen onderskeid des persoons gemaak nie.

Gegewens oor die aantal kleurlingboswerkers vir die jare 1882 en 1913 is deur die skrywer opgespoor.

TABEL VI.

Verhouding tussen Blanke en Kleurlingboswerkers (1882 en 1913). (37)

| Streek. | Blankes | | Kleurlinge | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Knysna en George (1882) | 116 | 77.8 | 55 | 22.2 | 171 | 100.0 |
| Knysna (1913) | 656 | 84.9 | 116 | 15.1 | 772 | 100.0 |
| George (1913) | 149 | 100.0 | 0 | 0.0 | 149 | 100.0 |
| Humansdorp (1913) | 253 | 92.0 | 22 | 8.0 | 275 | 100.0 |

Volgens tabel VI blyk dit dat daar reeds op 'n vroeë stadium 'n groot aantal kleurlingboswerkers was wat saam met blankes gewoon en gewerk het. So laat as 1913 vind ons dat daar in Knysna alleen sowat 15 persent kleurlingboswerkers was. Daar moet in gedagte gehou word dat die opname van 1882 uitsluitend op boswerkers wat op staatsgrond gewoon het, betrekking gehad het. Hulle was die armste van alle boswerkers, hulle was die boswerkers par excellence.

Die saamwoon van blank en gekleurd in Knysna was en is nie tot boswerkers en hul nakomelinge beperk nie.

'n Kommissie van ondersoek laat hom as volg uit:

---

(37) Jackson-verslag : t.a.p., p.34 e.v. (Die gegewens vir 1913 is van die Bosbewaarder, Knysna verkry).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

„Nog 'n faktor by wyse van oorsaak en gevolg is die saamwoon met gekleurde rasse onder dieselfde ekonomiese omstandighede. Knysna het vlekke in hierdie opsig wat behalwe in enkele grootstedelike agterbuurtes nêrens elders in Suid-Afrika aan te tref is nie........

„Vergelyk hierdie twee-en-sestig blanke families saam met 202 nie-blankes op 'n plaas (Ouplaas) van ongeveer 700 morge waar die bewoner self nog 'n aansienlike deel bewoon en bewerk. Die standaard van die nie-blanke moet al meer en meer die standaard van die onvermoënde blanke word. Op Soutrivier woon ongeveer 250 gesinne — een blanke vir elke drie nie-blanke gesinne — ook deurmekaar."(38)

Hierdie toestande het onveranderd gebly sedert die verskyning van die gemelde verslag in 1934.

Dat omgang tussen boswerkers en kleurlinge voorgekom het, blyk uit die volgende :

"The Tzitzikama has a reputation for poverty, and there are to be found woodcutters of a painfully indigent and backward type. Many have reached a lower level than some of the coloured woodcutters in the vicinity, and seem to be more at home in the company of their coloured neighbours than of their European. This is a distressing feature and one which cannot be viewed without the gravest concern."(39)

Een van die gevolge van die landbouhoewes wat aan boswerkers verskaf is, is dat kleurlinge

---

(38) Stalsverslag: t.a.p., p.81.
(39) Luckhoff-verslag : t.a.p., p.4.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

saam met blankes in dieselfde woongebiede onder dieselfde omstandighede saamgebring is. Op Suurvlakte, 'n boswerkersgebied, woon daar verskeie kleurlinggesinne. Ook is daar verskeie kleurlinge wat met hul blanke vrouens in hierdie gebied bly. Die kinders, party baie lig van kleur, woon die kleurlingskool by.

Die besoeker aan hierdie kleurlinggesinne kan nie help om tot die gevolgtrekking te kom dat hul huise baie netter voorkom as die wonings van baie oud-boswerkers nie. Trouens, dat hierdie kleurlinggesinne neersien op baie van die blanke gesinne blyk uit die feit dat hulle, wanneer hulle na die blankes verwys, laasgenoemde op hul name noem. Ook is daar gevalle waar blanke gesinne huise van kleurlingeienaars huur.

Bloedvermenging raak die toestand van die kind direk. Gevalle het onder die aandag gekom waar sommige kinders van 'n gesin in 'n blanke skool is, terwyl 'n broer of suster nie in die blanke skool toegelaat word nie omdat hy of sy uitgesproke kleurlingeienskappe openbaar. Sulke kinders besoek dan geen skool nie.

In die paar gevalle waar besonderhede oor bloedvermenging gekry is, val dit op dat ons hoofsaaklik met die agterlikste tipe te doen kry. Die maatskaplike verkeer tussen blank en gekleurd word as 'n normale en alledaagse verskynsel deur dié blankes beskou. Dit wil voorkom asof die maatskaplike omgang huweliksverhoudings vooraf gaan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Geval I.

Hierdie gesin van vader, moeder en vyf kinders van wie drie dogters is, woon in 'n treurige sooihuis van drie vertrekke as die bywonergesin van 'n grondeienaar. Hulle omstandighede verskil geensins van dié van die kleurlinggesinne wat op dieselfde plaas woon nie. Die broodwinner plant groente slegs vir die gebruik van sy gesin, terwyl hy ook hout vir 'n bietjie kontant kap en verkoop.

Hierdie gesin word deur ander blankes totaal vermy en die enigste mense met wie hulle omgaan, is kleurlinge. Hoewel nie een van die dogters tot dusver met 'n kleurling getroud is nie, het al drie reeds kinders van wie die vaders kleurlinge is. Die kinders word deur die grootmoeder versorg en sy is baie trots op hulle.

Al drie die dogters was ingevolge die Kinderwet na staatsinrigtings gestuur. Ten spyte hiervan het hulle al drie, nadat hulle teruggekeer het, met kleurlinge omgang gehad.

Hoewel hulle nie wil sê wie die vaders is nie, erken hulle dat hulle kleurlinge uit die omgewing is. Nie een van hulle, insluitende die ouers, kan iets verkeerds sien met hierdie toestand nie. Hulle is „kleurblind" en opper geen besware nie.

Ons het hier egter met 'n gesin te doen waar nie alleen die grootste armoede heers nie, maar waar agterlikheid en subnormaliteit by sowel die moeder as die dogters aanwesig is. Dit is een van die swakste gesinne wat die skrywer in hierdie streek aangetref het. Die feit dat hierdie gesin ver van ander blanke gesinne en naby kleurlinggesinne woon, moet as 'n belangrike faktor beskou word.

## Geval II.

In hierdie geval het ons met 'n skrander weduwee-moeder van agt kinders te doen. Haar enigste inkomste is 'n onderhoudstoelae van die Staat. Haar man was 'n plantasiewerker en het sowat £15 per maand verdien. Haar geldelike posisie het baie verswak as gevolg van die dood van haar man. Hierdie vrou was besonder netjies en skoon in haar huis en die indruk is geskep dat sy bo haar inkomste geleef het — te oordeel na die kleredrag en algemene huishouding.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel haar kinders besonder skrander op skool was, het sy hulle uit die skool gehaal nadat hulle Std. VI geslaag het. Een van die seuns het as handlanger by 'n kleurlingmesselaar gewerk. Terwyl dit die moeder se gebruik was om geld van ander te leen, het sy naderhand, deur middel van haar seun, geld van die kleurling geleen. Die kleurling het saans gereeld besoek by haar huis afgelê en het ook klere en kruideniersware vir haar gekoop. Die vrou wat bekend was vir 'n immorele lewe, wou egter nooit erken dat sy omgang met die kleurling gehad het nie. Laasgenoemde is een nag in haar huis betrap en het ook by ondervraging erken dat daar intieme verhoudings tussen hom en die vrou bestaan het. Sy is egter later met 'n blanke getroud.

Die feit dat sy volhard het dat daar niks „verkeerds" tussen haar en die kleurling plaasgevind het nie, toon dat sy nog 'n vrees vir die openbare mening het. In haar geval was dit 'n kwessie van die doel wat die middel heilig. Die ekonomiese motief het by haar die deurslag gegee.

## Geval III.

In hierdie geval het ons met 'n dogter wat by haar ouers op 'n perseel vir boswerkers gewoon het, te doen. Dit is 'n tipiese boswerkersgesin wat in dieselfde omgewing as kleurlingboswerkers gewoon het. Sy het die skool verlaat voordat sy Std. VI geslaag het en sy het daarna by haar ouers aangebly. Sy kan nie as subnormaal beskryf word nie. As gevolg van verhoudings wat sy met 'n blanke aangeknoop het, het sy geboorte aan 'n kind gegee sonder dat die man sy belofte gestand gedoen het. Hy het van die toneel verdwyn en die kind is deur die grootouers versorg asof dit hulle kind was.

Sy het geen verdere huweliksaanbod van blankes gekry nie. 'n Kleurling wat in dieselfde omgewing gewoon het en wat 'n redelik goeie betrekking gehad het, het verhoudings met haar aangeknoop. Trouens, kleurlinge was op 'n vriendskaplike voet met hierdie gesin, met die gevolg dat hy nie moeite ondervind het om toegang tot hierdie huis te kry nie.

Hierdie dogter wat tans verskeie kleurlingkinders het, berou in geen opsig haar stap nie. Sy verklaar dat sy goed deur haar kleurlingman versorg en behandel word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Waar bloedvermenging by boswerkers voorgekom het, blyk dit dat daar veral twee faktore is wat in gedagte gehou moet word. In die eerste plek was daar die geleentheid vir verbroedering omdat kleurlinge dieselfde werk onder dieselfde omstandighede as die blankes verrig het en saam in dieselfde woongebiede gewoon het. In die tweede plek was die blanke boswerkers vir geslagte aan die grootste armoede en ellende onderhewig.

Vir sover dit die boswerkers dus betref, lyk dit nie onredelik nie om tot die gevolgtrekking te kom dat maatskaplike en bloedvermenging eerder die gevolg as die oorsaak van hul ekonomiese en maatskaplike agteruitgang is. Dat hierdie verskynsel, waar dit voorgekom het, sulke gesinne nog verder laat veragter het, ly geen twyfel nie. Die boswerker en sy nakomeling het nog lank nie sy kleurgevoel verloor nie. Sulke gesinne word deur hul eie familielede verag en verstoot. Oud-boswerkers en hul nakomelinge met wie die skrywer oor hierdie onderwerp gepraat het, het hul misnoeë oor maatskaplike en bloedvermenging uitgespreek.

In die vergelyking wat sy tref tussen die bewoners van Kentucky, V.S.A. en die boswerkers van Knysna kom Mev. M.E. Rothmann tot 'n interessante gevolgtrekking :

"Today, however, there is this difference, that while the American group I studied is strikingly homogeneous, with hardly any coloured admixture

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Leslie County has one small coloured school and 80 white schools) — the Knysna group has a considerable coloured section.

"This difference is interesting. Certain symptoms of social and economic backwardness among poor white families have been attributed by some judges to their association with coloured neighbours; for instance, Knysna district. But the same symptoms appear with far greater frequency in the far denser white population of Leslie County, for instance, wretched housing, low standards of hygiene and cleanliness, primitive superstitions; and here they cannot be attributed to the abovenamed influence."(40)

8. LEKTUUR EN KULTUURPEIL.

Slegs in sestien gevalle van die bestudeerde gesinne is gevind dat 'n koerant of tydskrif, meestal deur middel van die skoöl, deur die gesin gelees word. Nie in een geval is 'n radio - toestel aangetref nie.

Sonder enige vrees vir 'n teenspraak kan hier beweer word dat die bestudeerde gesinne — jonk en oud — op die gebied van lektuur 'n hele geslag agter die res van die plattelandse bevolking in die Unie staan.

'n Proefneming is op Karatara-nedersetting

---

(40) M.E. Rothmann : A Comparison. A Report on certain social and economic conditions in two areas Leslie County, Kentucky, U.S.A and Knysna District, S.A., Pretoria, 1940., p.7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met die instelling van 'n leeskamer gemaak. Talle koerante en tydskrifte is tot die beskikking van Nedersetters gestel. Met die uitsondering van 'n paar lofwaardige gevalle het nie een van die ouers vir 'n paar minute selfs in die leeskamer vertoef nie. Deur middel van die Provinsiale Administrasie is 'n boekskema ook ingevoer. Ook hierin het die volwassenes geen belangstelling getoon nie. Die leeslus by die skoolkinders is egter baie bemoedigend want daagliks het verskeie kinders hul opwagting vir leesboeke gemaak.

Die gevolge wat die afwesigheid van leesstof in 'n gemeenskap het, is voor die hand liggend. Onkunde, verdraaiing van nuus, verkeerde begrippe oor algemene toestande e.d.m. kenmerk die minder-gegoede deel in die bosstreek.

Indien leesstof en die daarmee gepaardgaande leeslus 'n betroubare maatstaf is waarmee die algemene kultuurpeil van 'n gemeenskap gemeet kan word, kan onvoorwaardelik bepaal word dat die minderbevoorregte groep in die bosstreek kultureel op 'n geringe trap staan. Die kulturele agterstand word nie slegs deur die afwesigheid van leesstof bewys nie maar ook deur die passiewe houding teenoor aktiwiteite in die omgewing. Wanneer debatte oor die mees elementêre onderwerp gehou word skitter die mense deur hul spraakloosheid. Wanneer hul name op die agenda geplaas word, bly hulle sonder verskoning van die verrigtings weg. Dieselfde geld vir die landbouverenigings en die organisasie van sportbyeenkomste.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nie alleen die gebrek aan leeslus nie, nie alleen die stroefheid op sosiale gebied nie, maar ook die onvrugbaarheid op kulturele gebied kenmerk hierdie gemeenskap. Hoewel 'n mate van beroepsvaardigheid in die kap van hout ontwikkel het, kan hier haas geen spore van kulturele prestasies gevind word nie. Indien kultuur 1 as die verbetering, omvorming en bewerking van die natuurlike beskou word dan val dit die waarnemer op dat hier bloedweinig presteer is, ten spyte van bewoning van ongeveer 'n anderhalwe eeu. Geen woningkultuur, geen bodemkultuur, geen gesproke of geskrewe kultuur het tot stand gekom nie.

Die styl verraai lompheid, die taal is elementêr en die uitspraak is verwaarloos en slordig. Vanaf die preekstoel en die verhoog moet abtrakte begrippe vermy word indien die spreker wil hê dat hy gevolg moet word.

Hierdie toestand moet hoofsaaklik aan die feit dat tot en met 1939 hierdie groep boswerk gedoen het, gewyt word. In daardie jaar is eers die grootste en belangrikste voorwaarde nagekom in die proses van die opheffing van die mindergegoede bevolkingsgroep, t.w. die afskaffing van die boswerker. Tot en met daardie jaar is boswerk as die bestemming van die opgroeiende jeug beskou met die gevolg dat onwilligheid en onverskilligheid teenoor opvoeding en onderwys oorheersend was.

Trots alle pogings om beter fasiliteite te verskaf, ten spyte van die aanmoediging om van hierdie geriewe gebruik te maak, is vry weinig

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


sukses behaal. 'n Gevestigde beroepsbeskouing, gesterk deur die verwante plantasiewerker, kleef nog aan hierdie bevolkingsdeel.

'n Bepaalde onderwyspeil is die voorwaarde vir leeslus en kulturele prestasies. Hieroor word nie beskik nie met die gevolg dat die onontwikkelde en onrype gees met moeite in 'n kulturele rigting beweeg.

Ons het hier dus te doen met 'n gees wat onwillig en onbekwaam is om die inisiatief te neem en deur eie krag te ontwikkel. Die gees is passief en is slegs in 'n beperkte mate ontvanklik vir prikkels van buite.

## 9. DIE GEESTESGESTELDHEID VAN BOSWERKERS.

Die ontwikkeling wat die stoflike bestaan van boswerkers betref, het 'n aantal noodwendighede meegebring wat verdere ontleding vereis. Dit gaan hier nie oor 'n welvarende landman van weleer wat moes boedel oorgee as gevolg van 'n paar natuurrampe nie, dit gaan nie oor 'n gesiene sakeman wat deur 'n dalende aandelemark oorval is nie — dit gaan hier oor 'n gemeenskap wat oor 'n aantal geslagte slegs armoede geken het.

Die verarming wat die resultaat van talryke wisselwerkende faktore was, het 'n geestesgesteldheid wat op sy beurt die kenbron van talle maatskaplike verskynsels was, gekweek. Die geestesgesteldheid is deur 'n peil wat van haas alle beskawing en kultuur ontbloot is, gekenmerk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Langs die weg van hierdie proses is 'n geestesgesteldheid gevorm wat gestalte aan verskeie maatskaplike vraagstukke gegee het.

Die wisselwerking tussen verarming enersyds en veragtering andersyds word treffend beskryf deur 'n kenner van die boswerkers:

„Destyds het die oorgrote meerderheid van die boswerkers in 'n haglike toestand verkeer. Hulle het in afgesonderde gemeenskappe in 'n toestand van volslae armoede in die bos gelewe en het oor die algemeen van niks anders geweet om 'n lewensbestaan te maak as om in die bosse te werk nie. Oor die algemeen is die gronde in die bos te skraal vir landboudoeleindes, en om hierdie rede het die mense die klein landboupersele, wat teen 'n nominale huur verkry kon word, minder winsgewend gevind as om die bos vir timmerhout te eksploiteer, 'n werk wat hulle ook baie beter verstaan het. Deur in die bosse te werk, kon hulle maklik 'n blote bestaan maak en die idee het naderhand by hulle posgevat dat hulle 'n soort van verjaringsreg oor die timmerhout in die bos besit. Hulle het geen ander lewenswyse geken nie en die blote gedagte dat hulle hul distrik en die lewe waaraan hulle gewoond was, moet verlaat, was vir hulle 'n nagmerrie. Die jammerlike toestand waarin die boswerkers verkeer het, was grotendeels te wyte aan hul toenemende getalle; die beperkte aanvraag vir timmerhout en die beperkte hoeveelheid hout wat jaarliks as gevolg daarvan verkoop kon word; die feit dat die beamptes wat vir die bestuur van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bos verantwoordelik was, begin besef het dat die bos vinnig weggekap word; en die uitbuiting van die bos-werker deur sommige hout- en ander handelaars. Die euwel was egter nie net van 'n ekonomiese aard nie; dit het selfs in groot mate die fisiese en morele toe-stand van hierdie mense, wat van kindsheid af net op swart koffie, bruin brood en patattas grootgemaak is, beïnvloed. Boonop is dit 'n distrik waar daar 'n aanmerklike tekort aan kalk in die grond en water is, sodat die mense nie alleen hul weerstandsvermoë verloor het nie, maar ook hul selfrespek en alle begeerte om hul toestand te verbeter."(41)

Nog 'n ondersoeker doen aan die hand dat die ekonomiese toestand 'n maatskaplike en geestelike verval kan veroorsaak.

"The woodcutter, together with the transport rider forms a class, than which, it is safe to say no other section of our population is more ex-posed to the dangers of a backward slide, or more liable to deterioration."(42)

Die lewensuitkyk en geesteshouding van hierdie gemeenskap word deur bepaalde eienskappe ge-kenmerk.

In die eerste plek is daar 'n uitgesproke afhanklikheidsgevoel. Afhanklikheid is nie iets wat

---

(41) F.S. Laughton : <u>Houtteelt van die Inheemse Houtbosse van die Unie van Suid Afrika</u>, Staatsdrukker, Pretoria, p.26.

(42) A.D. Luckhoff : t.a.p., p.1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die mens op spontane wyse kweek nie aangesien die drang tot selfbehoud so 'n uitgesproke rol in die lewe van die mens speel. Sodra daar egter 'n faktor van buite die afhanklikheidsneiging aanmoedig volg die mens allig die weg waar die geringste weerstand gebied word.

In hierdie gemeenskap het die samevloeiing van o.a. twee faktore 'n deurslaggewende rol in die daarstelling van 'n afhanklikheidsgevoel gespeel. Enersyds was dit die voortdurende armoede waaraan boswerkers onderworpe was en andersyds was dit die toenemende „inmenging" van die staat vir sover dit die bestaan van boswerkers betref het, wat direk aanleiding tot die ontwikkeling van afhanklikheid gegee het.

Die bosbeleid wat oor 'n lang tydperk gevolg is, het 'n toestand teweeggebring waar regte en voorregte geëis is, sonder die teenprestasie wat as verpligting bekend staan. Sy benarde toestand het hy aan die inmenging van die staat toegeskryf. Wanneer sy toestand onhoudbaar geword het, het hy dit as 'n „natuurlike reg" beskou om tegemoetkomings van die staat te eis. Hy het dit as 'n reg beskou om te ontvang sonder om te gee. Dat die politieke hefboom onder sulke omstandighede 'n rol gespeel het, ly geen twyfel nie.

Die houding van die staat was :
"to treat the woodcutter with as much consideration as you can. If they want more wood (or time) give it. The woodcutter question eventually became a

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

political matter and the welfare of the forests was subordinated to the ballot box against which representations by forest officials were of little avail."(43)

Voortspruitende uit die afhanklikheid van die staat het daar 'n negatiewe houding by die boswerkers teenoor die amptenare wat die beleid moes uitvoer, ontwikkel. Die staat, deur middel van sy amptenare, het die hele bestaan van die boswerkers beheer. Dat amptenare met agterdog bejeën is en dat hulle beskou is as verkragters van menslike regte, is begryplik indien die ontwikkeling van die botsing tussen die beskerming van inheemse bosse enersyds en die welsyn van boswerkers andersyds in gedagte gehou word. Die houding van die amptenaar en dié van die boswerker word in die volgende aanhaling weergegee:

„In sommige gevalle was die boswerkers ook in staat om hul gewig op politieke gebied te laat geld, en dit het die administratiewe moeilikhede van die Departement van Bosbou nog verder vererger, want die bosbeamptes het gevoel dat hulle nie alleen regstreeks vir die bestuur van die bosse verantwoordelik was nie, maar ook dat die verkoop aan boswerkers van toenemende hoeveelhede timmerhout in enige jaar slegs kon dien as 'n tydelike versagting van hul lot, en glad nie die grondoorsake en verdriet raak nie."(44)

Dit kan begryp word dat hierdie wanverhouding nie alleen tussen die boswerker en die ampte-

---

(43) N.L. King : a.w., p.9.
(44) F.S. Laughton : a.w., p.27.

© University of Pretoria

naar wat by boswese betrokke was, bestaan het nie. Dit het ook ander amptenare soos welsynsbeamptes en onderwysers ingesluit. Trouens, daar was agterdog teenoor almal wat getrag het om die statiese lewenswyse van die boswerker en sy gesin te verander.

Samevattend kan verklaar word dat verarming en veragtering in hierdie gemeenskap in 'n direkte **verband tot mekaar** staan.

Daar is geen feite wat die vermoede staaf, nl. dat die boswerkersgroep weens inherente swakhede verarm en veragter het nie. Die feite wat beskikbaar is, sterk die opvatting dat hierdie gemeenskap deur faktore wat grootliks buite hul beheer was, aan armoede en agterlikheid ten prooi geval het.

Terwyl bosbeheer as sodanig nie hul toestand geskep het nie, moet 'n onverstandige bosbeleid, uitbuiting deur die houthandel, die beroepsbeperking en die werksomstandighede as belangrike oorsake in die proses van agteruitgang beskou word.

Die ondergang op stoflike gebied het ook op maatskaplike en geestelike gebied onuitwisbare spore nagelaat. Maatskaplike en bloedvermenging, kulturele agterlikheid en 'n diepgewortelde afhanklikheidsgevoel is die belangrikste verskynsels in hierdie verband.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


naar wat by boswese betrokke was, bestaan het nie. Dit het ook ander amptenare soos welsynsbeamptes en onderwysers ingesluit. Trouens, daar was agterdog teenoor almal wat getrag het om die statiese lewenswyse van die boswerker en sy gesin te verander.

Samevattend kan verklaar word dat verarming en veragtering in hierdie gemeenskap in 'n direkte **verband tot mekaar** staan.

Daar is geen feite wat die vermoede staaf, nl. dat die boswerkersgroep weens inherente swakhede verarm en veragter het nie. Die feite wat beskikbaar is, sterk die opvatting dat hierdie gemeenskap deur faktore wat grootliks buite hul beheer was, aan armoede en agterlikheid ten prooi geval het.

Terwyl bosbeheer as sodanig nie hul toestand geskep het nie, moet 'n onverstandige bosbeleid, uitbuiting deur die houthandel, die beroepsbeperking en die werksomstandighede as belangrike oorsake in die proses van agteruitgang beskou word.

Die ondergang op stoflike gebied het ook op maatskaplike en geestelike gebied onuitwisbare spore nagelaat. Maatskaplike en bloedvermenging, kulturele agterlikheid en 'n diepgewortelde afhanklikheidsgevoel is die belangrikste verskynsels in hierdie verband.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk IV.

## DIE GESLOTENHEID VAN DIE GEMEENSKAP.

Hoewel die geografiese kenmerke van die streek die afsondering van hierdie gemeenskap in die hand gewerk het, verklaar dit nie die maatskaplike verskynsel wat geslotenheid genoem word nie. Die geslotenheid van die gemeenskap kan die beste begryp word wanneer bepaalde sosiologiese kenmerke van die boswerkersgroep bestudeer word.

### 1. DIE ONTSTAAN VAN BOSWERKERS-FAMILIES.

Hoewel nie beweer word nie dat al die oorspronklike boswerkers óf vir geslagte boswerkers gebly het, óf nie van tyd tot tyd deur ander elemente aangevul is nie, is dit opvallend dat daar gedurende die tydperk 1882 tot 1913 so 'n sterk toename van boswerkers wat dieselfde vanne gedra het, was.

Die skrywer het 'n lys van geregistreerde boswerkers wat in 1913 opgestel is, van die Bosbewaarder op Knysna verkry. Hierdie lys bevat die name van boswerkers vir Knysna, George en Humansdorp. Omdat Knysna die sentrum van die bosstreek is, is dertien vanne uit die Knysnase lys gekies. Op daardie lys toon die dertien vanne in verhouding tot die res van die vanne die hoogste aantal boswerkers. Die aantal boswerkers wat ook hierdie vanne dra maar wat op die lyste vir George en Humansdorp voorkom, is ook getabuleer.

Die name van boswerkers wat in 1882 op staatsgrond gewoon het en in die bosse in George en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Knysna gewerk het, verskyn in 'n verslag wat in daardie jaar deur 'n departementele kommissie uitgebring is. Die aantal boswerkers wat die dertien vanne destyds gedra het, is ook getabuleer.

In tabel VII word die dertien vanne gegee asook die aantal boswerkers wat hierdie vanne dra.

Tabel VII.

Die Vanne van Blanke Boswerkers vir George en Knysna in 1882 en vir George, Knysna en Humansdorp in 1913. (1)

| Vanne | George en Knysna (1882) | George (1913) | Knys-na (1913) | Humans-dorp (1913) | Tot. vir (1913) | Toename vir George en Knysna. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Barnard | 9 | 18 | 78 | 7 | 103 | 87 |
| Bernardo | 2 | 0 | 29 | 1 | 30 | 27 |
| Botha | 12 | 27 | 29 | 2 | 58 | 44 |
| Bouer | 2 | 0 | 16 | 0 | 16 | 14 |
| Gerber | 0 | 30 | 10 | 7 | 47 | 40 |
| Kapp | 8 | 0 | 52 | 1 | 53 | 44 |
| Koen | 5 | 1 | 22 | 0 | 23 | 18 |
| Stander | 10 | 17 | 31 | 0 | 48 | 38 |
| Terblanche | 1 | 3 | 28 | 4 | 35 | 30 |
| van Rooyen | 2 | 0 | 29 | 3 | 32 | 27 |
| Vlooh | 2 | 0 | 8 | 0 | 8 | 6 |
| Westraadt | 2 | 3 | 15 | 0 | 18 | 16 |
| Zeelie | 11 | 2 | 31 | 1 | 34 | 22 |
| Totaal | 66 | 101 | 378 | 26 | 505 | 413 |
| Aantal Blanke Bos-werkers. | 116 | 149 | 656 | 253 | 1058 | - |
| Persen-tasie. | 56.9 | 67.8 | 57.6 | 10.3 | 47.7 | - |

(1) Jackson-verslag: Location of Immigrants in the George and Knysna Divisions, Cape Town. (A 47 - '82) pp. 34 - 93. (Die gegewens vir 1913 is verkry van die Bos-bewaarder op Knysna).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die aantal vanne wat in die betrokke lyste vir die verskillende jare voor kom, word net na die distrik gegee: George en Knysna in 1882 (44), terwyl vir 1913 is dit, George (23), Knysna (152) en Humansdorp (72).

Hoewel die dertien vanne 'n beskeie aantal van al die boswerkersvanne uitmaak, is dit noemenswaardig dat hierdie vanne, met die uitsondering van Humansdorp, meer as die helfte van die boswerkers verteenwoordig.(2) Vir George en Knysna (1882) is die syfer 56.9 persent, vir George (1913) is dit 67.8 persent en vir Knysna (1913) is dit 57.6 persent. Dit is derhalwe duidelik dat hierdie dertien vanne nie alleen tipiese boswerkersvanne is nie maar dat hulle ook die boswerkersgroep baie goed verteenwoordig.

Verder, ten spyte van die drastiese toename in die aantal boswerkers vir George en Knysna (van 116 in 1882 tot 805 in 1913) het hierdie vanne nie alleen hul aandeel gehandhaaf nie maar selfs verbeter (in 1882 was die aandeel vir George-Knysna 56.9 persent, terwyl dit vir George-Knysna 62.7 persent in 1913 was).(3) Hierdie gegewens sterk die vermoede dat die boswerkers van voor 1882 (sommige van hulle was toe reeds vir 20 jaar en meer boswerkers) nie alleen boswerkers gebly het nie maar

---

(2) Humansdorp kan vir hierdie bespreking buite rekening gelaat word aangesien die boswerkers van hierdie streek meer bepaald van die ooste kom en nie van die weste nie soos in die geval van George en Knysna. Boonop kom die syfers vir Humansdorp nie in die verslag van 1882 voor nie.

(3) Die aandeel van die 13 vanne in 1913 is merkwaardiger indien in gedagte gehou word dat in daardie jaar enigeen aansoek om registrasie gedoen het, soos handelaars, boere ens.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dat ook hul seuns op so 'n groot skaal boswerkers geword het dat die pro rata-aandeel van hul vanne gehandhaaf en selfs vergroot is.

Daar word nie beweer dat die boswerkers van 1882 die vaders is van die boswerkers van 1913 nie ('n verloop van 32 jaar). Hoewel nie onmoontlik nie, skyn dit bv. onwaarskynlik vir 9 Barnard-vaders om 87 seuns te hê. Wat ons wel beweer, is dat die groot toename bv. in die Barnards nie toe te skryf is aan Barnards wat van buite die bosstreek ingetrek het nie. Die toename word toegeskryf aan Barnard-seuns plus bloedverwante en hul nakomelinge wat in die bosstreek woonagtig was. Indien in gedagte gehou word dat die Barnard-familie oorspronklik twee plase, t.w. Barnardskap en Ruigtevlei wat tot in die vierde geslag bemaak is, gehad het, kan begryp word dat as gevolg van onderverdeling van die grond baie nakomelinge hul toevlug tot boswerk moes geneem het. Dieselfde geld min of meer vir boswerkers met ander vanne.

Hoewel nie betwis word dat die teenoorgestelde ook plaasgevind het nie, nl. dat sommige van die nakomelinge van boswerkers weggetrek het, toon die gegewens dat dit slegs in uitsonderlike gevalle kon gebeur het. Omdat daar ook geen kennis van sulke gevalle gedra word nie, kan nie gesê word dat hulle meer begaafd was as hul familielede wat met boswerk volhard het nie. Ook kan geen bewyse gevind word dat mense wat dieselfde vanne dra, vanaf gebiede buite die bosstreek ingetrek het nie. Trouens, die bestudeerde gesinne wat hierdie tipiese

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vanne dra, toon baie duidelik — soms oor drie geslagte — hoe dat seuns, byna sonder uitsondering, boswerk en plantasiewerk as beroep aanvaar het.

Die ontwikkeling van boswerkersfamilies is in die hand gewerk deur verskeie faktore, w.o. isolasie, onderverdeling van plase, familiegehegtheid en beperkte beroepsmoontlikhede die belangrikste was.

Indien ons die verspreiding van boswerkers wat die gemelde vanne dra, nagaan, is dit opmerklik dat sekere families meer bepaald in sekere distrikte aangetref word. Indien ons slegs die syfers vir 1913 in aanmerking neem, vind ons o.a. die volgende:

Die families Barnard, Bernardo, Bouer, Kapp, Koen, Stander, Terblanche, van Rooyen, Vlooh, Westraadt en Zeelie word hoofsaaklik in Knysna aangetref. Die familie Gerber word weer hoofsaaklik in George aangetref.

Die feit dat daar nie 'n meer eweredige verspreiding van boswerkers met die gemelde vanne aangetref word nie, is betekenisvol aangesien dit nie alleen dui op die onbeweeglikheid van boswerkersfamilies nie maar ook verwys na die sterk neiging van verwante gesinne om hul op bepaalde plekke in die bosstreek te vestig. Daar word vandag nog, veral op erfpaggrond, 'n groot konsentrasie van boswerkersgesinne wat dieselfde van dra, aangetref. Hierdie neiging is ook deur gesinne wat na Karatara-nedersetting verhuis het, geopenbaar. Daar word van vier tot vyf gesinne — hier word tipiese boswerkersgesinne bedoel — wat dieselfde van dra, aangetref.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie neiging dui daarop dat die familiebande in hierdie gemeenskap baie sterk is.

Kortom, ons vind dat nie alleen bepaalde families in toenemende mate, hoofsaaklik deur middel van natuurlike aanwas, tot boswerk toegetree het nie maar ook dat verwante gesinne op bepaalde plekke bly woon het.

Die geslotenheid van die gemeenskap is dus aangehelp deur 'n tweërlei proses, nl. boswerkers-families wat afgesonder is van die buitewêreld en verwante boswerkersgesinne wat afgesonder was van ander boswerkersfamilies.

## 2. ONDERTROUING.

Hoewel ondertrouing aangemoedig is deur die onderverdeling van plase deurdat 'n niggie en 'n neef bv. gesamentlik meer grond kon kry as wat hulle sou hê indien hulle met vreemdes trou, raak hierdie rede vir ondertrouing die boswerkersgroep slegs wanneer sulke pare later self tot boswerk toetree. Die doel hier is egter om ondertrouing te ontleed vir sover dit die boswerkers wat byna sonder uitsondering geen grond gehad het nie, raak. Ondertrouing word hier teen die agtergrond van geslotenheid gesien.

Dit sou 'n onmoontlike taak wees om die omvang van ondertrouing in die boswerkersgemeenskap vas te stel. Die enigste manier om betroubare gegewens te bekom, is deur middel van stamboomstudies. Van hierdie metode is gebruik gemaak ten einde die aard van ondertrouing in 'n bepaalde familie te ontleed.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die samestelling van 'n stamboom is 'n uiters moeilike taak, veral as in ag geneem word dat die gemeenskap wat bestudeer word nie aantekene hou van 'n stamboom nie, soos gewoonlik aangetref word by Afrikanerfamilies, veral van die ouergeslag.

Teneinde die mees betroubare gegewens te kry vir sover dit die stamboom van 'n bepaalde familie betref, is die moeisame weg gevolg om verskillende ou mense wat die bepaalde van dra, uit te vra oor hul grootouers, hul ouers, hul broers en susters, ooms en tantes. Nadat hierdie gegewens ingesamel is, is dit kontroleer deur middel van ander bloedverwante om foute uit te skakel. Na afloop hiervan is navrae gedoen by verskillende gesinne wat die familienaam dra en langs dié weg is die stamboom verder aangevul oor die derde en vierde geslagte.

Na voltooiing van die stamboom, kon presies bepaal word wat die graad van bloedverwantskap is wat tussen man en vrou bestaan. Die enigste rede waarom 'n bepaalde familie vir hierdie doel ontleed is, is dat dit een van die mees tipiese bosswerkersfamilies is.

In die loop van die samestelling van die familiestamboom het dit nodig geword om ook die familiestamboom ten opsigte van twee ander tipiese boswerkerfamilies saam te stel, daar verskeie lede van die bestudeerde familie huwelike met lede van hierdie families aangegaan het. By die opbou van hierdie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

familiestambome is dieselfde prosedure gevolg as in die een wat bestudeer is.

Die stamvader van hierdie gesin moes omstreeks 1820 gebore gewees het, aangesien die oudste dogter van sy oudste seun op 15.5.64 gebore is. Deur middel van die oudste nakomelinge van hierdie stamvader kon nie vasgestel word waar hy vandaan kom nie. Al wat vasgestel kon word, is dat hy „oor die water kom".

Die stamvader en sy vrou het altesaam nege kinders gehad onder wie daar agt seuns en een dogter was. Vyf seuns het boswerkers in die distrik Knysna geword, terwyl die orige drie seuns en die dogter hulle in die omgewing van George en Mosselbaai gevestig het waar hulle togryers en boere was. Oor hulle nakomelinge kon geen inligting in die distrik Knysna verkry word nie.

Die stamboom is dus beperk tot die nakomelinge van die vyf seuns wat boswerkers was. Dit was nie moontlik om die name van al die nakomelinge te kry nie maar tog toon tabel VIIIaan dat nie alleen nakomelinge van elkeen van die vyf seuns aangegee is nie maar in sommige gevalle is die nakomelinge selfs volledig gegee. Die hoofletters staan vir die oorspronklike vyf seuns, die klein letters staan vir hul kinders en die syfers staan vir die klein-kinders. Kondenseer ons die tabel, dan vind ons dat oor drie geslagte die posisie as volg is :

© University of Pretoria

# TABEL VIII.

## Die aantal Nakomelinge van een Stamvader (oor drie geslagte).
(in 1946- '47 opgestel)

| | A | | | | | | | | | | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | a | b | c | d | e | f | g | h | i | j | 10 |
| | 1 | 1 | onbekend | 1 | onbekend | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| | 2 | 2 | | 2 | | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | |
| | 3 | 3 | | 3 | | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | |
| | 4 | 4 | | 4 | | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | |
| | 5 | 5 | | 5 | | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | |
| | 6 | 6 | | | | | 6 | 6 | 6 | 6 | |
| | 7 | 7 | | | | | 7 | 7 | | 7 | |
| | 8 | 8 | | | | | | | | | |
| | 9 | 9 | | | | | | | | | |
| | 10 | 10 | | | | | | | | | |
| | | 11 | | | | | | | | | |
| | | 12 | | | | | | | | | |
| Tot. | 10 | 12 | - | 5 | - | 5 | 7 | 7 | 6 | 7 | 59 |

| | B | | | Tot. |
|---|---|---|---|---|
| | a | b | c | 3 |
| | 1 | 1 | 1 | |
| | 2 | 2 | 2 | |
| | 3 | 3 | 3 | |
| | 4 | 4 | 4 | |
| | 5 | 5 | 5 | |
| | 6 | 6 | 6 | |
| | | 7 | 7 | |
| | | 8 | | |
| | | 9 | | |
| Tot. | 6 | 9 | 7 | 22 |

| | C | | | | | | | Tot |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | a | b | c | d | e | f | g | 7 |
| | onbekend | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| | | | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | |
| | | | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | |
| | | | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | |
| | | | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | |
| | | | 6 | 6 | 6 | 6 | | |
| | | | 7 | 7 | 7 | 7 | | |
| | | | | | 8 | | | |
| | | | | | 9 | | | |
| Tot. | - | 1 | 7 | 7 | 9 | 7 | 5 | 36 |

| | D | | | | | | | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | a | b | c | d | e | f | g | 7 |
| | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| | 2 | | 2 | | 2 | 2 | 2 | |
| | 3 | | 3 | | 3 | 3 | 3 | |
| | 4 | | 4 | | 4 | 4 | 4 | |
| | 5 | | | | 5 | 5 | 5 | |
| | 6 | | | | 6 | 6 | | |
| | | | | | 7 | 7 | | |
| | | | | | | 8 | | |
| | | | | | | 9 | | |
| | | | | | | 10 | | |
| | | | | | | 11 | | |
| | | | | | | 12 | | |
| | | | | | | 13 | | |
| | | | | | | 14 | | |
| Tot. | 6 | 1 | 4 | 1 | 7 | 14 | 5 | 38 |

| | E | | | | | | | | | Tot | G.T. 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | a | b | c | d | e | f | g | h | i | 9 | 36 |
| | 1 | onbekend | 1 | onbekend | onbekend | 1 | 1 | 1 | ongetroud | | |
| | 2 | | | | | 2 | 2 | 2 | | | |
| | 3 | | | | | 3 | 3 | 3 | | | |
| | 4 | | | | | 4 | 4 | 4 | | | |
| | 5 | | | | | 5 | 5 | 5 | | | |
| | 6 | | | | | 6 | 6 | 6 | | | |
| | 7 | | | | | 7 | 7 | 7 | | | |
| | | | | | | 8 | | 8 | | | |
| | | | | | | 9 | | 9 | | | |
| | | | | | | | | 10 | | | |
| Tot. | 7 | - | 1 | - | - | 9 | 7 | 10 | - | 34 | 189 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | - | 10 | - | 59 ) | |
| | B | - | 3 | - | 22 ) | |
| | C | - | 7 | - | 36 ) | Bekend. |
| | D | - | 7 | - | 38 ) | |
| | E | - | 9 | - | 34 ) | |
| Tot. | 5 | - | 36 | - | 189 ) | |

In die eerste geslag het ons met vyf persone te doen, in die tweede geslag met 36 en in die derde geslag met 189 (bekend). Ons vind dat die kinders van Ac, Ae, Ca, Eb, Ed en Ee totaal onbekend is, terwyl Ei nog ongetroud is. Ook word daar in 'n aantal gevalle rekenskap van net een nakomeling gegee. Waar die nakomelinge onbekend is, is gevind dat familielede wat ondervra is, kontak met sulke gesinne verloor het of hulle verswyg besonderhede daar sulke nakomelinge met kleurlinge getroud is.

Die stamboom word verstrek nie met die oog op sy volledigheid nie maar om die posisie aan te toon by 'n groot aantal nakomelinge van vyf boswerkers-families. Getroude nakomelinge van die vierde geslag word nie weergegee nie.

Ontleed ons die huwelike wat gesluit is deur nakomelinge wat op die stamboom voorkom en waaromtrent sekerheid in verband met verwantskap al dan nie bestaan dan vind ons die posisie soos in tabel IX weergegee word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel IX.

Ondertrouing soos dit oor vier geslagte voorkom.
(Opgestel 1946-'47)

| | Verwantskap | Geen Verwantskap | Aantal huwelike |
|---|---|---|---|
| 1e geslag | 2 | 3 | 5 |
| 2e geslag | 14 | 18 | 32 |
| 3e geslag | 33 | 59 | 92 |
| 4e geslag | 19 | 27 | 46 |
| Totaal | 68 | 107 | 175 |
| Persentasie | 38.9 | 61.1 | 100.0 |

Die graad van verwantskap word nie in die tabel aangegee nie, dog dit wissel hoofsaaklik tussen neefs en niggies (enkel en dubbel) en klein-neefs en -niggies. Voorbeelde van verwantskapshuwelike word lateraan verstrek.

Hier moet gemeld word dat ondertrouing beperk is tot die huwelike wat aangegaan is tussen mense wat voorkom op die drie stambome wat opgestel is. Huwelike wat aangegaan is met persone wat nie op die drie stambome voorkom nie, word beskou as huwelike tussen vreemdes. Met 'n groot mate van sekerheid kan beweer word dat die huwelike met „vreemdes" nie ondertrouing is nie want 'n studie van die drie stambome wys dat die „vreemde vanne" geen bloedverwantskap met die vanne op die drie stambome toon nie. Verder moet bygevoeg word dat die huwelike wat in die tabel voorkom, slegs op een stamboom betrekking het. Ontleed ons die bestudeerde stamboom (A), dan vind ons dat stamboom (B) aan die familie (A) reeds by die stamvader verbind is en dat in die eerste geslag

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

familie (A) deur twee huwelike met (C) verbind is. Vandaar die noodsaaklikheid om stambome B en C ook op te stel.

Ontleed ons die rol van ondertrouing, dan vind ons dat uit 175 huwelike daar in 68 gevalle (sowat 39 persent) sprake is van bloedverwantskap teenoor 107 gevalle (sowat 61 persent) waar daar geen bloedverwantskap bewys kan word nie. Insoverre hierdie familie 'n weerspieëling is van die posisie by ander boswerkersfamilies kan gesê word dat in sowat 39 persent van alle huwelike wat gesluit word die betrokke partye aan mekaar verwant is.

Verder moet onthou word dat indien ons van bloedverwantskap praat ons verskillende grade bedoel. 'n Huwelik tussen enkel-neef en -niggie verskil van 'n huwelik waar dubbel-niggie en -neef trou. Albei verskil van 'n huwelik tussen klein-niggie en klein-neef.

'n Paar voorbeelde word gemeld:

<u>Huwelik tussen enkel-neef en -niggie.</u>




E erf 50% van A en 50% van B. F. erf ook 50% van C en D elk. Maar omdat B en C broers (suster en broer of twee susters) is, is E en F 50% identies. Die moontlikheid dat dominante faktore na vore sal kom by die kinders van E en F is dus groter indien E en F nie bloedverwante was nie.

© University of Pretoria

Huwelik tussen dubbel-neef en -niggie.




Waar dubbel-niggie en -neef trou, kry ons 'n huwelik tussen die produkte van 'n paar huwelike wat bestaan tussen twee broers met twee susters of 'n broer en 'n suster met 'n broer en 'n suster. In hierdie geval is die latente eienskappe by E identies met dié van F. Die huwelik van 'n dubbel-neef met 'n dubbel-niggie is dus identies met 'n huwelik tussen 'n suster en 'n broer. Die kanse dat 'n dominante eienskap sal geld by die kinders wat uit so 'n huwelik gebore word, is baie groot.

Daar sal voorts 'n ontleding van 'n aantal verwantskapshuwelike gemaak word. 'n Groot faktor by die ontleding van hierdie gevalle is dat daar nie inligting oor bv. oorerflike siektes in die voorgeslag van mans en vrouens gekry kon word nie. Hier word derhalwe nie beweer dat 'n verwantskapshuwelik noodwendig minderwaardige kinders in die lewe sal bring nie. Al wat aan die hand gedoen word, is dat latente eienskappe (swak of sterk) as gevolg van akkumulasie deur ondertrouing dominant in die nakomelinge mag wees.

Omdat latente eienskappe nie bekend is nie, is dit gevaarlik om bv. aktuele swakhede by kinders soos swak vordering op skool, onaanpasbaarheid e.d.m. aan oorerwing te wyt. Onthou moet word dat omgewingsfaktore in sommige gevalle uiters swak

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is en dat dit derhalwe moeilik is om die relatiewe belangrikheid van die een of ander oorsaak te bepaal.

In die gevalle-ontleding sal daar dus naas die feit van bloedverwantskap ook klem op die milieu val.

Verder moet in gedagte gehou word dat verwantskapshuwelike hier in die belangrikste instansie as 'n manifestasie van geslotenheid behandel word. Daar is op gewys dat verwante gesinne die neiging getoon het om in bepaalde omgewings saam te woon. Die gekompliseerde verwantskapshuwelike waarvan voorbeelde gegee word, moet as 'n uitvloeisel van hierdie besondere omstandighede beskou word.

## Geval IV.




A is 'n neef van B, C en D.
B en C is broers.
D is 'n niggie van C, B en A.
Dit kan afgelei word dat die huwelik tussen Bi en Ci 'n akkumulasie van 'n oorerwingsmassa aan die kinders wat uit daardie huwelik gebore word, moet oordra.

Die vader (Ci) is gebore op 14.10.1904, het die skool verlaat toe hy in Std III was; die moeder (Bi) wat gebore is op 15.6.1915, het Std VI geslaag. Albei ouers was nog nie uit die bosstreek uit nie. Hulle bewoon 'n swak huisie van sink en hout van drie vertrekke wat op staatspaggrond staan. Die waarde van die huisie is omtrent £10.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Hierdie paar is in die Engelse Kerk getroud vyf maande voor die geboorte van die oudste kind. Die man het 'n paar maande op die pad gewerk maar is nou 'n plantasie-arbeider en verdien ontrent £15 per maand.

Die oudste kind bly by haar grootouers (moederskant). Sy is verstandelik agterlik. Sy het reeds die ouderdom van 16 jaar bereik, dog kon slegs sover as Std. V vorder. Van die orige ses kinders is vier reeds op skool. Hulle vorder almal stadig, dog dit wil voorkom, volgens hul prestasie sover, of hulle Std VI sal slaag voordat hulle sestien jaar is.

Nie een kind het liggaamlike gebreke nie en daar is ook nie kinders oorlede nie.

In hierdie geval het nóg die vader nóg die moeder enige berou dat hulle met mekaar getroud is. Trouens, hulle wys daarop dat hul kinders geen gebreke het nie.

## Geval V.




B en C is suster en broer.
C en D is neef en niggie omdat C se vader 'n broer is van D se moeder.
A en D is neef en niggie omdat A se vader 'n broer is van D se vader.

Ai is dus die produk van nie-bloedverwante.
Ci is die produk van 'n enkel-neef en-niggie.
Ai is enersyds 'n enkel-neef van Ci en andersyds 'n klein-neef van Ci.

Die vader Ai is gebore op 3.12.1904, hy het Std V geslaag en die moeder wat gebore is op 8.9.1910, het ook Std V geslaag. Die man is 'n plantasiewerker en verdien £15 per maand. Die gesin bewoon 'n houthuis met sinkdak bestaande uit vier vertrekke. Die huis staan ook op staatspaggrond. Daar is geen melk of vars groente nie. Vleis word slegs twee keer per week verkry en verder word droeë brood en swart koffie geëet.

Die vrou is sowel fisies as moreel verwaarloos en respekloos. Verkeerde voeding mag oorsaak wees van haar lompe liggaam.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy sal op uiters respeklose wyse 'n kind aan die bors voed in teenwoordigheid van 'n amptenaar. Haar taal is ru en stem ooreen met dié van 'n slet of 'n kleurling. Op goeie gesag is verneem dat sy vrylik met kleurlinge meng en toe sy en haar man vir 'n ruk uitmekaar was, sou sy ook saam met 'n kleurling gewoon het.

Uit die huwelik is daar tot dusver 8 kinders gebore van wie een op 19 maande oorlede is. Die oorsaak van die dood is onbekend. Daar is geen geval van kindersterfte nie. Die oudste seun het Std VII geslaag, dog was twee jaar vertraag. Hy het vir 'n ruk by 'n Garage gewerk, dog is ontslaan weens 'n onvermoeë om elementêre werk te doen. Hy is werkloos tuis. Die tweede seun het Std VI geslaag en was vir 'n ruk ingeskryf as vakleerling in die boubedryf, dog het eenvoudig weggebly van sy werk. Hy het toe vir 'n maand as plantasiewerker diens gedoen, dog na 'n maand het hy hierdie werk ook laat vaar. Hy is ook werkloos tuis.

Die derde seun is nog op skool maar hy is reeds twee jaar vertraag. Hy besoek die skool baie ongereëld en die moeder gaan hom hierin voor deur te sê hy moet haar tuis help. Hy sal in elk geval die skool verlaat omdat hy 16 jaar is, dog hy sal Std VI nie slaag nie.

Die vierde kind, 'n dogter, maak tot dusver normale vordering op skool.


Hoewel in hierdie geval nie juis uitgesproke sub-normaliteit is nie, word die indruk nietemin gewek dat daar by die kinders 'n inherente swakheid is om hulle in die samelewing te handhaaf. Hierdie leemte word natuurlik vererger deur die uiters swak voorbeeld van die moeder wat deur haar uitlatings laat blyk dat sy baie teen die skool en onderwyser gekant is. Die gebrekkige dissipline, afkeer teenoor die onderwys en karige belangstelling in die toekoms van die kinders het onteenseglik 'n nadelige uitwerking op die vordering van die kinders op skool.

Die regverdiging wat hierdie moeder vir haar huwelik gee, is dat verskeie ander mense ook ondertrou. Sy kan niks verkeerd in haar kinders sien nie en waarom sou daar dan fout met so 'n huwelik gevind word?

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Geval VI.




A en B is suster en broer.

In hierdie geval trou $B_2$ dus met 'n neef (Ai) van haar ma (Bi).

Die vader van hierdie gesin (Ai) is oorlede op die ouderdom van 64 jaar. Hy was ook 'n geregistreerde boswerker. Die moeder ($B_2$) is tans 66 jaar en trek 'n ouderdomspensioen. Sy woon saam met haar kinders in 'n sink- en houthuis van vier vertrekke. Dit is ook 'n woning op staatserfpaggrond wat haar man vir haar nagelaat het.

Uit hierdie huwelik is daar 10 kinders gebore. Daar is een dogtertjie dood 'n paar uur na haar geboorte. Een dogter (29) was nooit op skool nie daar sy aan vallende siekte ly. Een seun is subnormaal en het sover as Std III op skool gekom. Hy het horrelvoete. Hy is 'n plantasiewerker. Drie kinders het Std VII op Hoërskool geslaag. Twee het Std VI geslaag en die res het nie Std VI geslaag nie. Twee dogters is getroud met mans wat tot Karatara-nedersetting toegelaat is. Vier is getroud met mans wat plantasiewerkers is. Een seun werk in 'n motorfabriek in Port Elizabeth.


Hoewel hier dus abnormaliteite aanwesig is wat moontlik aan oorerwing gewyt kan word, is sommige kinders blykbaar so normaal as enige ander kind wat nie uit 'n verwantskapshuwelik gebore is nie.

In hierdie geval verklaar die moeder dat daar nie „vreemdes" in haar omgewing was nie en boonop was daar in „daardie dae" nie geleentheid en vervoer vir mans om ver te gaan kuier nie." Sy het maar by die huis gebly en nie gaan werk soos vandag nie met die gevolg dat sy nie iemand anders kon ontmoet nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Geval VII.




Die produkte van twee pare klein-niggies en -neefs trou met mekaar. Die element C wat bygevoeg is, maak die kombinasie feitlik dubbel-produkte van klein-neefs en -niggies. X staan vir 'n nie-bloedverwant met wie 'n huwelik gesluit is. Uit hierdie huwelik is daar tot dusver vier kinders gebore. Die oudste kind is by geboorte oorlede en die tweede kind is na 8 dae ook oorlede. Die jongste twee kinders is onderskeidelik 6 en 4 jaar. Hulle is dus nog nie op skool nie met die gevolg dat geen gevolgtrekkings i.v.m. hul verstandelike vermoëns gemaak kan word nie. Liggaamlik is daar oënskynlik niks met hulle verkeerd nie.

Die vader van die kinders is reeds 67 jaar, terwyl die moeder slegs 30 jaar is. Tans kry die vader 'n ouderdomspensioen, terwyl die moeder 'n onderhoudstoelae t.o.v. die kinders kry. Die vader was 'n geregistreerde boswerker en die moeder spruit ook uit 'n familie van geregistreerde boswerkers. Die gesin was slegs vir een maand op Sonop-Nedersetting, dog was onwillig om langer daar te bly. Tans woon hulle in 'n drievertrek-sink- en houthuisie wat op staatspaggrond staar Hy het die reg van 'n vorige boswerker vir £40 gekoop. Hy wil glad nie na Karatara kom nie. Die tuin is onbewerk. Daar is nie 'n melkkoei nie. 'n Besoeker word net vertel van die siekte en die „swaarkry". Die vader is ongeletterd, dog die moeder het Std VI geslaag. Brood en swart koffie vorm die belangrikste ete. Daar is omtrent nooit vleis of groente nie.

Hierdie huwelik het deur omstandighede tot stand gekom. Die vader is 'n versukkelde tipe en het 'n oujongkêrel geword. Hy het 'n verhouding met sy huidige vrou aangeknoop toe sy op sestienjarige leeftyd die skool verlaat het. Voordat sy behoorlik 'n staanplek in die lewe kon vind,


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


was die verhouding al sover gevorder dat 'n verpligte huwelik moes volg.

In hierdie geval is sowel man as vrou swygsaam oor die implikasies van hul verwantskapshuwelik. Trouens, die man is meer begaan oor pensioene waarop hy en sy vrou geregtig sou wees.

## Geval VIII.




A en B is broers.
C is 'n niggie van A en B omdat C se pa 'n broer is van A en B se ma. Bi is dus 'n produk van 'n neef en niggie (B en C) en trou toe met haar neef (Ai).

Die vader van hierdie gesin is reeds 70 jaar terwyl sy vrou 67 jaar is. Hy is heeltemal ongeletterd en sy vrou kan hoogstens haar naam teken. Die vader was 'n geregistreerde boswerker en tans kry hulle 'n gesamentlike ouderdomspensioen van £7 per maand. Hulle bewoon 'n hout- en sinkhuisie van vier vertrekke waarvoor hulle 'n huur van £1.5.0 per maand betaal.

Uit die huwelik is daar 8 kinders gebore van wie een gedurende die griep oorlede is.

Benewens die oudste drie kinders het al die kinders Std VI geslaag. Daar is geen tekens van ernstige subnormaliteit by die kinders op te merk nie. Drie seuns is plantasiewerkers, een werk in 'n meubelfabriek. Twee mans van getroude dogters werk op die pad, terwyl die man van 'n ander getroude dogter 'n spoorwerker is.


Hier is oënskynlik geen nadelige faktore wat deur oorerwing veroorsaak kon gewees het nie. Die sosiaal-ekonomiese laag waartoe die kinders behoort, moet eerder aan omgewingsfaktore toegeskryf word as aan oorerwingsfaktore.

Die houding wat deur hierdie ouers t.o.v. ondertrouing openbaar word, is opvallend. Hulle veroordeel dit nie sterk nie omdat dit ook by hul ouers voorgekom het. Hier word onteenseglik bewys dat die handelwyse en voorbeelde van ouers nie alleen nagevolg word nie maar ook goedgepraat word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## Geval IX.




In hierdie huwelik is die man (Ai) en die vrou ($B_2$) nie self die produkte van ondertrouing nie. In hierdie geval trou die dogter met 'n neef van haar vader. Die huwelik wat in 'n Engelse Kerk voltrek is, is gesluit drie maande na die geboorte van die oudste dogter. Hierdie dogter is reeds 38 jaar en is nog ongetroud en is 'n huishoudster vir 'n groot aantal jare by 'n gesin. Albei ouers is ongeletterd, en daarby baie agterlik. Die man was 'n geregistreerde boswerker en trek tans nog 'n boswerkerstoelae van £3.11.8d. aangesien hy nog nie kwalifiseer vir 'n ouderdomspensioen nie. Die vrou kry 'n ouderdomspensioen van £4 per maand.

Hierdie gesin woon ook op staatserfpaggrond waar hulle 2 morge grond en 'n drievertreksooihuis besit. Daar word hoofsaaklik swart koffie en droë brood geëet asook blikkies kos volgens die sak toelaat. Vleis, melk en groente word baie selde genuttig.

Daar is altesaam nege kinders uit die huwelik gebore. Twee kinders is dood binne 'n jaar na hul geboorte — die een was gebreklik en die ander een blykbaar as gevolg van swak vitaliteit. Aangesien die kinders almal reeds skool verlaat het, is dit moeilik om verstandelike swakhede te bepaal. Nie een kind het dit egter sover as Std VI gebring nie.


Nie een kind het die bosstreek verlaat nie. Twee seuns is plantasie-arbeiders, een getroude dogter kry 'n onderhoudstoelae, terwyl haar man 'n ouderdomspensioen kry, 'n ander dogter is getroud met 'n plantasie-arbeider en die jongste dogter is ongetroud en by haar ouers in die huis. Sy is reeds 22 jaar. Een ongetroude seun werk by 'n meubelfabriek en woon by sy ouers in. Hierdie gesin wil ook nie na Karatara gaan nie. Dit is 'n tipiese verarmde gesin.

Daar word geen selfstandige opinie deur die ouers oor ondertrouing daarop nagehou nie. Albei ouers is versukkeld en agterlik.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geval X.




D en C is dubbel-niggies aangesien hulle die produkte is van twee broers wat met twee susters getroud was.

A en B is twee broers, maar hulle is ook neefs van C en D, omdat hul moeder 'n suster was van C en D se vaders. Vanuit die standpunt van D en C trou 'n klein-niggie met 'n klein-neef en vanuit A en B se standpunt gesien trou 'n klein-neef met sy groot-niggie.

Uit die huwelik tussen $A_2$ (die vader) en Bi (die moeder) is daar altesaam 10 kinders gebore van wie drie kinders reeds voor die ouderdom van 'n jaar oorlede is. Van die sewe kinders wat lewe, is daar nog slegs die jongste kind op skool. Die oudste is heeltemal ongeletterd weens 'n swak verstand. Hy is 'n ongeskoolde werker by 'n meubelfabriek. Die ander vyf kinders wat reeds skool verlaat het, het nie een verder as Std III gevorder nie. Drie van hulle is plantasiewerkers en twee is fabriekswerkers in Port Elizabeth. Die jongste seun is nou 13 jaar en is in Std IV. Die oudste seun is getroud en hy en sy gesin toon sterk tekens van maatskaplike agteruitgang. Gedurende die naweke hou hulle omgang met kleurlinge. Hulle verkeer heeltemal op gelyke voet met die kleurlinge.


Die vader ($A_2$) wat slegs Std I geslaag het, was 'n geregistreerde boswerker en is oorlede op 48-jarige leeftyd. Die moeder (Bi) wat Std III geslaag het, is nou 55 jaar. Sy kry 'n onderhoudstoelae.van £6 per maand vir haar minderjarige seun. Hulle bewoon 'n drie-vertreksinkhuis waarvoor 'n huur van 10/- per maand betaal word.

Hierdie moeder wyt die swakhede van haar kinders tot 'n mate aan ondertrouing maar sy voel dat die onderwysers ook „skuld dra". Hulle dink haar kinders is „dom'en daarom word daar vir hulle niks gedoen nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Geval XI.




B en C is suster en broer.
A en D is suster en broer en is nie verwant aan B en C nie.
$C_2D_2$ trou dus met 'n neef van haar moeder (Ci) en aan vaderskant trou sy met haar kleinneef.

Die vader ($BiA_2$) van hierdie gesin is gebore op 3/9/1877, het nooit skoolgegaan nie en was 'n geregistreerde boswerker, wat tans in besit is van 'n ouderdomspensioen van £5 per maand.

Die moeder $C_2D_2$ is gebore op 6/3/1890 en het Std I geslaag. Sy kry nog nie 'n pensioen nie omdat sy nog nie 60 jaar is nie. Aan albei kante stam hulle uit boswerkers-families en hulle het nog nooit buitekant die bosstreek beweeg nie. Hulle woon in 'n drie-vertreksinkhuisie en betaal 'n huur van 10/- per maand.

Uit die huwelik is daar altesaam 9 kinders gebore van wie 'n seun op sewejarige leeftyd oorlede is. Die jongste dogter is nog op skool en sy is reeds twee jaar vertraag. Die tweede-jongste seun het nooit skoolgegaan nie omdat hy swaksinnig is. Weens hierdie geestelike gebrek kry hy tans 'n toelae van £4 per maand in terme van die wet op Ongeskiktheidstoelaes. Nie een van die ander kinders het dit verder as Std V gebring nie. Twee seuns het vir 'n ruk in Port Elizabeth in 'n motorfabriek gewerk. Hulle is egter weer tuis en werkloos. Die omstandighede van hul werkloosheid moet gewyt word aan gebrekkige opleiding en onvermoeë om hulle in 'n werk te handhaaf. Twee dogters is getroud met plantasie-arbeiders en 'n seun werk op die Spoorweë op Knysna en 'n ander seun is 'n vragmotorbestuurder ook op Knysna. Die houvas van die streek op die kinders skyn baie effektief te wees.

Hierdie geval bewys ook hoedat oujong-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kêrels geneig is om met 'n bloedverwant wat baie jonger as hy is, te trou. Hierdie faktor kan nie oor die hoof gesien word nie daar jong meisies maklik deur 'n man wat baie ouer is, beïnvloed word. Meisies van hul ouderdom is almal getroud, die oujongkêrel het nie middele om elders „te gaan kuier nie" en dan maak hy gebruik van die onkunde van jong bloedverwante in sy eie omgewing.

'n Ander opvallende houding is dat, hoewel daar vir moontlike nadele gevrees word, maak egpare nie 'n onderskeid tussen die graad van verwantskap nie. Enige graad van verwantskap is goed, solank dit net nie 'n suster en 'n broer is wat met mekaar trou nie.

Daar is getrag om deur middel van die voorbeelde i.v.m. verwantskapshuwelike aan te toon dat ondertrouing in die bestudeerde familie nie slegs sporadies voorkom nie. Nie alleen is gevind dat een of albei ouers die produk(te) van 'n verwantskapshuwelik(e) is nie maar ook is gevind dat sulke produkte wat self aan mekaar verwant is, trou. Die indruk word dus geskep dat daar in hierdie gemeenskap nie 'n vooroordeel teenoor ondertrouing bestaan nie. Trouens, wanneer die moontlike nadele van ondertrouing onder die aandag van sulke ouers gebring word, dan weet hulle van ander gevalle te vertel waar „gebreklikheid" en „domheid" voorkom ten spyte van 'n huwelik tussen „vreemdes". Daar is ook gevalle teëgekom waar die ouers saamstem dat sulke huwelike „verkeerd" is. Ouers wat nie verwant is nie, spreek in die reël hul afkeuring teen ondertrouing baie sterk uit.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


In die bespreking van die voorbeelde is die oog nie gesluit vir die negatiewe uitwerking wat die swak maatskaplike omstandighede moontlik op die vordering van kinders kan hê nie. Hoewel daar gevalle is waar oorerwing 'n deurslaggewende rol kon gespeel het, blyk dit in die meeste gevalle dat sowel oorerwing as omgewingsfaktore as gesamentlike oorsaak beskou moet word. Uit hierdie ondersoek is dit onmoontlik om die sterkteverhouding van hierdie oorsake te bepaal.

Die oorsaak van ondertrouing in hierdie gemeenskap moet in 'n belangrike mate gesien word as resultaat van die geslotenheid van die gemeenskap. Nie alleen vind ons die ontwikkeling van boswerkersfamilies wat as't ware van hul onmiddellike omgewing afgesny is nie, maar ook vind ons die neiging dat selfs indiwiduele families in die nabyheid van bepaalde bosse woon en werk sonder dat hulle veel kontak met ander families daarop nahou. Hierdie bepaalde omstandighede werk ondertrouing in die hand daar jong mense, in 'n geslote groep, vir die huwelik op mekaar aangewese is en die voorbeelde in die onmiddellike omgewing navolg.

Enkele van die voorbeelde laat die vermoede ontstaan dat verwantskapshuwelike ook deur buite-egtelike verkeer bevorder is. Maatskaplike verkeer is beperk tot gesinne wat aan mekaar verwant is. Omdat kinders saam opgroei, dikwels onder baie swak omstandighede, is „oortredings" in hierdie opsig nie uitgesluit nie. Soms is daar 'n ouerige man wat, in afwesigheid van 'n tydgenoot, intieme verhoudings met 'n dogter van 'n familielid aanknoop, met die gevolg dat 'n

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huwelik noodwendig moet volg.

### 3. ONBEWEEGLIKHEID.

#### (a) Geboorteplekke van Ouers.

Daar is altesaam 175 gesinne bestudeer. Daar is dus altesaam 350 ouers wat by die ondersoek betrokke is. Al die vaders is óf die nakomelinge van boswerkers óf hulle is sowel nakomelinge van boswerkers as self oud-boswerkers. Die moeders is almal nakomelinge van boswerkergesinne. Uit hoofde van hierdie feit is al 350 ouers in die bosstreek gebore, hoofsaaklik in die distrik Knysna.

Die ouderdomsdistribusie van die vaders toon aan dat hul ouderdomme tussen 21 jaar en 75 jaar wissel, terwyl die ouderdomme van die moeders tussen 17 jaar en 74 jaar wissel. Behalwe vir geringe uitsonderings het die vaders en moeders onder bespreking nog nooit hul verblyfplek in 'n ander distrik as dié van hul geboorte gehad nie.

#### (b) Plekke deur Ouers besoek.

Tydens die opname is aan elke vader en moeder gevra watter plekke hulle al besoek het asmede die redes vir die besoeke wat by die plekke afgelê is. Die gegewens is volgens die hoofde bosstreek, Kaapstad en Port Elizabeth, Karoodorpe en ander provinsies ingedeel. Die aantal onder die hoof, bosstreek het nog nooit die distrik waarin hulle gebore is, verlaat nie, terwyl die res vir 'n korter of langer tyd op plekke buite die bosstreek vertoef het.

Die verskillende hoofde spruit direk

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voort uit die aard van die gegewens soos blyk uit die bespreking van tabel X.

Tabel X.

Plekke deur Vaders en Moeders besoek.
(Opgestel in 1946- '47)

| Plekke besoek. | Bosstreek. | | Kaapstad Port Elizabeth. | | Karoodorpe. | | Ander provinsies. | | Tot. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aant. | % | Aant. | % | Aant. | % | Aant. | % | Aant. | % |
| Vaders | 100 | 57.1 | 19 | 10.9 | 38 | 21.7 | 18 | 10.3 | 175 | 100.0 |
| Moeders | 115 | 65.7 | 16 | 9.1 | 32 | 18.3 | 12 | 6.9 | 175 | 100.0 |

Uit tabel X is dit duidelik dat 100 vaders, sowat 57 persent, en 115 moeders, sowat 66 persent, nog nooit die bosstreek verlaat het nie. Daar is 19 vaders, sowat 11 persent, en 16 moeders, sowat 10 persent, wat reeds Kaapstad en Port Elizabeth besoek het. Sonder uitsondering is Kaapstad en Port Elizabeth besoek deurdat hospitaalbehandeling aldaar ondergaan is. Met sekerheid kan dus gesê word dat hierdie getal by die eerste kolom gevoeg kon word indien hospitaalbehandeling nie noodsaaklik was nie. Daar is 38 vaders, sowat 22 persent, en 32 moeders, sowat 18 persent, wat Karoodorpe besoek het. Hul besoek aan hierdie dorpe, hoofsaaklik Oudtshoorn, was van 'n baie tydelike aard omdat hierdie besoeke afgelê is by kinders en familiebetrekkings wat woonagtig in die nabye Karoo is. Ten slotte kom ons by die groep wat ander provinsies besoek het. Hierdie groep t.w. 18 vaders, sowat 10 persent, en 12 moeders, sowat 7 persent, bestaan uit gesinne wat as arbeiders in diens van die spoorweë, besproeiingskemas en op nedersettings geplaas is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ook is daar enkele gevalle wat in die leër diens gedoen het. Im sommige gevalle is jong ongetroude mans na ander Provinsies en na verloop van tyd keer hulle terug om dan met iemand in die bosstreek in die huwelik te tree. Hierdie gesinne en persone het dus teruggekeer na die bosstreek nadat hulle die bosstreek verlaat het met die doel om elders 'n heenkome te vind.

C. Die Woonplek van Werkende Kinders.

Enigsins verwant aan die voorafgaande uiteensetting is die ontleding van die verblyfplekke van werkende kinders wat nakomelinge van die ouers onder bespreking is. Dit is nie die doel om op hierdie stadium 'n ontleding te gee van wat van die kinders word nie. Hul beroepe kom hier ter sprake slegs in soverre die beroep 'n bepalende faktor van die verblyfplek is. Daar word dus slegs 'n onderskeid gemaak tussen verblyfplekke buite die bosstreek en verblyfplekke binne die bosstreek.

Tabel XI weerspieël die posisie.

Tabel XI.

Die verblyfplek van Werkende Nakomelinge van Bestudeerde Gesinne (1946-'47).

| Verblyfplek | Buite Bosstreek | Binne Bosstreek | Totaal |
|---|---|---|---|
| Aantal | 133 | 350 | 483 |
| Persentasie | 27.5 | 72.5 | 100.0 |

Dit is duidelik dat 'n beskeie getal sowat 28 persent, die bosstreek verlaat omdat hulle daartoe deur die aard van hul beroep genoodsaak is. Die oorgrote meerderheid, sowat 72 persent, is in die distrik van hul geboorte werksaam.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die gevolgtrekkings wat gemaak kan word uit die twee tabelle is dat vir sover dit die gegewens betref, ons te doen het met 'n onbeweeg-like gemeenskap en 'n traagheid om die bosstreek vir goed te verlaat.

Ter verklaring van die onbeweeglikheid wat die bewoners van hierdie streek kenmerk, is daar verskillende faktore wat vermelding verdien:

Eerstens, is daar die aardrykskundige faktore wat vroeër 'n groter rol gespeel het, dog wat selfs vandag nog nie totaal uit die oog verloor kan word nie ten spyte van die verkeersweë wat vir die afgelope aantal jare in gebruik is. Die Outeniqua- en Tzitzikama- bergreeks in die noorde en die Indiese Oseaan in die suide sonder hierdie gemeenskap wonderbaarlik af en die talryke riviere wat die bosstreek van noord na suid op baie plekke kloof, maak beweeglikheid feitlik onmoontlik. Hoewel hierdie geografiese faktore tans oorkom is, kan openbare vervoer eenvoudig nie bekostig word nie.

Dit bring ons by die tweede faktor, t.w. die armoede van die bewoners. Hulle beskik nie oor vervoermiddele nie en van openbare vervoer kan hulle feitlik nie gebruik maak nie omdat die geld daartoe ontbreek. Beweeglikheid vir die grootste gros is dus beperk tot afstande wat te voet afgelê kan word.

'n Derde faktor — en dit is uiters belangrik — is die „onbeperkte bestaansmoontlik-hede" wat die bosstreek aan die bevolking bied. Die eise wat hier gestel word, is elementêr omdat hier van geskooldheid haas geen sprake is nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die plantasie, in Departementele behuisingskemas (Bosbou en Volkswelsyn), in die saagmeulens, in die meubelfabrieke en op die plase is daar honderde persone in diens wat nóg onderwyskwalifikasies nog praktiese opleiding as 'n eis vir die beroep stel. Sonder veel hoofbrekens kan dus in die bosstreek 'n „bestaan" gemaak word. 'n Ongeskoolde arbeider bestaan in die bosstreek met gemak, dog die broodwinner kan dit nie waag om sy gesin elders te neem nie aangesien die lewenseise elders baie hoër mag wees. Wanneer 'n ongeskoolde werker 'n verandering wil maak, vind hy uit dat hy reeds te oud is om 'n geskoolde werker te word. Talle voorbeelde is vermeld deur 'n bou-aannemer wat verplig is om van kleurlinge gebruik te maak omdat blanke seuns hulle nie vir vakopleiding wil aanmeld nie. Trouens, talle gevalle kanselleer hul ooreenkoms na een of twee jaar vakleerlingskap omdat hulle meer as ongeskoolde arbeiders in die plantasies en elders kan verdien.

4. DIE GEHEGTHEID AAN DIE BOSSTREEK.

Hoewel die gehegtheid van hierdie gemeenskap aan die bosstreek as oorsaak van die onbeweeglikheid beskou kan word, word dit hier as 'n aparte manifestasie van geslotenheid behandel. Ons het hier met 'n sielkundige faktor te doen, nl. die houvas en die „bekoring" wat die bosstreek op en vir sy bewoners het.

Die onwilligheid om die bosstreek te verlaat, word tans nog aangetref. Daar is opgemerk dat selfs persone wat dit sover as onderwyser gebring het, wat na afloop van hul opleiding weer

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



terugkeer en in die bosstreek onderwyser word.

'n Paar jaar gelede het 'n beampte van die mynbedryf 'n besoek aan hierdie streek afgelê met die doel om jong manne vir die Witwatersrandse goudmyne te werf. Slegs agt jong manne het hul opwagting by 'n bepaalde kantoor gemaak. Hulle het 'n voorlopige toets deurgemaak en drie van hulle is aangesê om by latere kennisgewing na die Rand te kom. Die volgende dag het hierdie drie persone by voorbaat laat weet dat hulle nie meer bereid is om na die Rand te gaan nie. (Hulle was ongeskoolde werkers en sou hul posisie baie verbeter het.)

Hierdie houding word verder opgehelder deur die volgende gevalle :

## Geval XII.

Hier het ons te doen met 'n meisie wat in die bosstreek groot geword het. Sy het op agtienjarige leeftyd op die Rand by familie gaan kuier. Daar is sy getroud met 'n Engelssprekende persoon wat 'n geskoolde werker in die boubedryf is. Hy het in die leër gedien en na afloop van die oorlog het daar tweedrag tussen man en vrou ontstaan. Op haar inisiatief word besluit om na Knysna te kom. Op voorwendsel dat hy terug is Rand toe om weer werk te aanvaar, het hy haar verlaat. Hoewel haar huistaal eentalig Engels is, bly sy en haar sewe minderjarige kinders in Knysna agter. Sy het die geld gehad om haar man te volg toe sy onraad begin merk het. Sy en haar gesin het 'n las op die staat geword omdat haar man later spoorloos verdwyn het. Sy is egter dood tevrede om met haar kroos in die streek van haar oorsprong te bly. Na 'n afwesigheid van ruim 15 jaar keer sy terug na die bosstreek waar haar ouers en ander familie nog woon.

## Geval XIII.

In hierdie geval verlaat 'n twintigjarige jong man die bosstreek en word 'n ongeskoolde werker op die Spoorweë. Hy trou met 'n delwersdogter op Bloemhof. Na die geboorte van die eersteling pak die heimwee na sy mense in die bosstreek hom so sterk beet dat hy sy vrou oorhaal

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om saam met hom na Knysna te kom en ook besluit hy om sy werk in die spoorweë na agt jaar diens te bedank. Hy is nou 'n plantasiewerker en het vir hom, ooreenkomstig die styl van die omgewing, 'n tweevertrekhuisie van planke aanmekaar geslaan. Sy swaer het hom toegelaat om op dieselfde stukkie grond — sowat 'n honderd tree verder in die skaduwee van 'n paar bome — sy woonplek te maak. Tans is sy vrou baie ongelukkig omdat sy haar nie in die omgewing kan aanpas nie — sy dreig selfs met 'n egskeiding. As sy te lastig word dan behandel hy haar 'n bietjie hardhandig en langs die weg van intimidasie hou hy haar nog by hom. Elke argument ten gunste van herverlating van die streek smoor hy in die kiem deur aan te toon dat hy nou baie beter daaraan toe is en baie beter vir sy gesin kan sorg.

Geval XIV.

Die voorbeeld wat ons hier aantref, word verskaf deur twee broers van 22 jaar en 24 jaar onderskeidelik. As gevolg van die groot aanvraag wat daar vir werkers bestaan in die motornywerheid wat tans vinnig op Port Elizabeth ontwikkel, besluit hierdie broers om daarheen te gaan. Nadat hulle daar vir 'n aantal maande gewerk het, besluit hulle om vir hul ouers in die distrik Knysna te kom kuier. Hulle bedank hul werk en op die oomblik is hul werkloos. Daar bestaan nie by een van hulle die begeerte om terug te keer nie. Hulle is voornemens om maar in die omgewing werk te kry en intussen is hulle 'n las op die hals van die ouers. Laasgenoemde spoor hulle ook nie aan nie omdat hulle hul liefs sien kom as gaan.

So kan daar verskillende voorbeelde aangehaal word om die trek terug na die bosstreek te illustreer. Uit die 175 bestudeerde gevalle is daar 18 broodwinners wat na die bosstreek teruggekeer het, nadat hulle elders gewoon het.

In die distrik Knysna is daar 'n Nedersetting wat deur die Departement van Volkswelsyn in stand gehou word, hoofsaaklik vir arbeidsongeskikte plantasiewerkers en oudboswerkers. Indien hul gesondheid so verder dat hulle slegs halfgeskik is, kom hulle in aanmerking vir oor-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


plasing na 'n nedersetting buite die bosstreek. Hulle verkies om liefs die nedersetting te verlaat en 'n verblyf buite die nedersetting te kry as om die bosstreek te verlaat.

Die skrywer het vir twee maande navrae gedoen om 'n agtienjarige seun om as voorman op 'n Transvaalse plaas te gaan diens doen, voordat geslaag is. Die seun wat uiteindelik ingewillig het, behoort tot 'n Karoogesin wat tans in die bosstreek onder 'n kerkskema val en is dus nie 'n nakomeling van 'n boswerkersgesin nie. Dit is haas onmoontlik om 'n lid van 'n boswerkersgesin te kry vir diens buite die bosstreek.

Wat hier geld vir die persoon wat meer lig gesien het, geld baie sterker vir ongeskoolde en halfgeskoolde persone. Die houvas wat die bosstreek op die bewoners het, word ook bevestig deur getuienis van bosbouers in die Departement van Bosbou wat na jare diens so geheg raak aan die "betowering" van die inheemse bosse.

Die oppervlakkige waarnemer en selfs die ondersoekers is geneig om die onwilligheid om die bosstreek te verlaat aan 'n gebrek aan ondernemingsgees toe te skryf. Dikwels merk waarnemers op dat hierdie onwilligheid om die streek te verlaat te betreur is, daar die vraagstuk tog maklik deur emigrasie opgelos kan word.

Die volgende is 'n baie goeie voorbeeld van hierdie vorm van vertolking :

"The Knysna, George and Humansdorp Poor White — more commonly termed Knysna Woodcutter — problem is still unsolved. The problem is an ex-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


ceedingly difficult one, and every attempt to help these people has failed, mainly owing to their own inertia. Quite recently the white Labour Superintendent for Railways recruited a number of these people to work on the railways. During a recent tour I ascertained that practically all those recruited had returned to the forests owing to the work therein being by them considered more congenial and more remunerative....... In the divisions of Knysna, George and Humansdorp, the people manage to live with such little effort that it is difficult to rouse any enthusiasm for work other than woodcutting."(4)

Die onwilligheid om die bosstreek te verlaat, is die simptoom van 'n dieperliggende persoonlikheidstrek, t.w. selfonsekerheid wat gebore is uit die geslotenheid wat vir baie geslagte hierdie gemeenskap gekenmerk het. Nie alleen bestaan daar 'n onkunde oor die buitewêreld nie maar ook is daar 'n vrees vir die onbekende. Vir die boswerker is die buitewêreld vreemd, onbekend en onsimpatiek en intuïtief voel hy sy onmag om hom in die vreemde te handhaaf. Boonop het hy in sy gemeenskap wat as't ware die vorm van 'n „stam" of „grootfamilie" het so baie bande dat hy hom moeilik hiervan kan losmaak. In sy eie groep voel hy tuis en beskerm, terwyl hy van 'n bestaan buite die bosstreek geen begrip het nie. Sy

---

(4) Chief Conservator of Forests : Annual Report. Cape Town, 1911, P.2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hele wese is aan die plek van sy geboorte vasgegroei; hier sterf hy nie van die honger nie en al die „geriewe" waarvan hy kennis dra, vind hy hier.

Enigsins verwant aan die gevoel van onsekerheid is die agterdog waarmee alles wat vreemd is, bejeën word. Enige voorstel wat vreemd is, hoewel in sy eie voordeel, word deur die boswerker verwerp.

5. DIE „STANDEVERSKIL".

Die geslotenheid van die gemeenskap word nie alleen deur die afsondering van boswerkersfamilies en boswerkersgesinne gekenmerk nie, maar ook word dit deur die verskynsel, „standeverskil" gekenmerk. Daar was en is 'n kloof tussen besitter (boer, winkelier en dorpsbewoner) enersyds en besitlose (boswerker en plantasiewerker) andersyds wat maatskaplike ontwikkeling by die minderbevoorregte groep verder strem en smoor.

Hierdie „klasseverskil" word veral deur 'n besoeker van die noordelike provinsies sterk opgemerk. Die kloof tussen bywoner en boer in die noordelike provinsies is geensins so uitgesproke nie.

„Grotendeels aan die genoemde isolasie, maar sonder twyfel ook aan die blykbare onverskilligheid van betergestelde bewoners, moet die afwesigheid van elders heersende sosiale kontakte toegeskryf word. Behalwe die sosiale werksaamhede van die kerke, wat hier ook beperk is, en die sosiale werk wat die Departement van Arbeid in verband met bosbou onderneem het, bestaan daar

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die distrikte feitlik geen georganiseerde maatreëls vir sosiale kontak nie. Die skole, waarvan daar 'n groot getal in die distrikte is, werk blykbaar, met lofwaardige uitsonderings, net in die klaskamers. Eers onlangs is onder leiding van die simpatieke landbou- uitbreidingsbeampte 'n aantal landbouverenigings onder die probleemvormende bevolking in die distrikte gestig, wat noodwendig min byeenkomste kan hou. Die dorpsorganisasies wat daar nog is, het geen voeling met die buitebewoners nie. Dit geld ook van die groot meerderheid van dorpsbewoners: daar is geen of weinig verwantskap behalwe die van krediteur en debiteur. Daar is, veral in Knysna, 'n groot geestelike kloof gevorm tussen buitebewoner en dorpeling — blykbaar tot groot nadeel van beide. Die herstel van 'n broederskap, as dit ooit bestaan het, tussen dorp en buitewyke, moet 'n deel uitmaak van die maatreëls tot opbou van gemeenskaplike selfstandigheid as geheel. Die huidige blykbaar gevoellose afsydigheid van dorp teenoor die minder bevoorregte buitebewoners is pynlik in Knysna. Aan elke kant van en vas aan die dorp Knysna lê 'n groot swart klad, nl. Ouplaas en Soutrivier, skynbaar onopgemerk, behalwe as goedkoop arbeidsbron en afsetgebied. Die meer welgestelde het teenoor die minder welvarendes 'n atmosfeer geskep wat nie alleen ysig is vir die laaste nie, maar wat ook sieldodend moet wees vir die eerste."(5)

---

(5) Rapport van 'n Komitee oor die Maatskaplike Wantoestande in die George- Knysna-Zitzikama-Bosstreek, 1935., p.13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gekoppel aan hierdie kloof tussen die twee groepe was en is daar selfs nog, die veragting teenoor die mindergegoede — 'n houding waarvan laasgenoemde terdeë bewus is. Dat hierdie veragting spore nagelaat het op die mindergegoedes kom op velerlei opsig aan die lig.

Aan skrywer is met ontroering deur 'n oud-boswerker vertel hoe 'n amptenaar by die bekendstelling van 'n besoekende amptenaar aan boswerkers laasgenoemde beskryf het as 'n klomp „vuil, slegte en morsige mense". Die oud-boswerker het meegedeel dat hierdie verwysings hom diep gekrenk het omdat daar tog baie boswerkers was wat fatsoenlikheid nagestreef het.

Die veragting word ook openbaar in die slaafse nederigheid van sommige oud-boswerkers wat hul meerdere aanspreek as „baas" en verkies om plat op die vloer te gaan sit instede van op 'n stoel in die kantoor. Dat 'n „slegsê-metode", voortspruitende uit 'n veragting vir hierdie bevolkingsgroep, die opname van hierdie groep deur die res van die gemeenskap uitgeskakel het, ly geen twyfel nie.

Die kloof tussen die besitter en die besitlose blyk om sosiaal-sielkundige redes onoorbrugbaar te wees. Die opname van die minderbevoorregtes in die plaaslike gemeenskap skyn buite die kwessie te wees. Maatskaplike verkeer is tot twee definitiewe groepe beperk. Die minderbevoorregte word geduld omrede sy arbeid- en sy betekenis vir die handel. Hy is 'n middel tot 'n doel en geen doel op sigself nie.

Die verskynsel is nie beperk tot die gebrekkige doelbewuste bearbeiding van die bepaalde

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemeenskap deur die gegoede groep nie. Dit sluit die afwesigheid van spontane maatskaplike verkeer tussen twee bepaalde groepe in. Hoe voortreflik die maatskaplike bearbeiding deur staat en kerk ook al is, bly dit beperk in sy trefwydte solank die spontane maatskaplike verkeer ontbreek.

6. PERSOONLIKHEIDSTREKKE.

Die kenmerke van geslotenheid is nie tot waarneembare verskynsels soos ondertrouing en onbeweeglikheid beperk nie. Die lewenshouding en -lewensuitkyk is ook beïnvloed.

Die opvallendste persoonlikheidstrek is die eenvormigheid in sienswyse. Benewens die afwesigheid van nuwe invloede was die beroep (boswerk) 'n groot faktor in die bestendiging van 'n eenvormige lewenswyse. Dit is onteenseglik 'n feit dat die taak waarmee die mens daagliks gemoeid is, 'n stempel op hom afdruk. Indien 'n gemeenskap met dieselfde taak te doen het, van kleinsaf net een doelstelling navolg en boonop buite die bereik van nuwe invloede is, sal 'n groot mate van eenvormigheid en enersheid so 'n gemeenskap kenmerk. 'n Eenvormige lewensuitkyk hou nie alleen die ontwikkeling in 'n bepaalde gemeenskap teë nie, maar dit is ook 'n kragtige teenvoeter van onbekende en uitheemse invloede. Die grootste faktor in maatskaplike ontwikkeling is immers verskeidenheid wat wedywering en die bevordering van ondernemings moontlik maak.

Op haas geen terrein in hierdie gemeenskap is daar 'n aanduiding van verskeidenheid en wedywering nie. Die beroepslewe wat hoof-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



saaklik tot boswese beperk is, laat geen ruimte vir verskeidenheid en wedywering nie. Die woning, die huislike lewe en die voedsel wat verbruik word, word deur eenvormigheid gekenmerk.

Hierdie oortuiging word eweëens deur 'n kommissie van ondersoek bevestig:

„Wel is gedweë berusting in die teenswoordige, behalwe in sover as hulle meen dat hulle hul toestand aan Bosbou kan toeskryf, die kenmerk.

„Dit is baie duidelik dat hierdie toestand van salige tevredenheid sy oorsprong het in die afwesigheid vir geslagte van prikkelende indrukke wat van buite af moes ingewerk het. Die indruk is dat die massa afgeleer het dat die mens sy eie toestand moet verbeter........." (6)

Tradisiegebondenheid, wat enigsins verwant is aan eenvormigheid, is eweseer 'n kenmerk van die geslotenheid van die gemeenskap. Die tradisiegebondenheid word veral t.o.v. die kerkverband van hierdie gemeenskap opgemerk.

Sonder uitsondering behoort die ouers van die 175 bestudeerde gesinne aan die Nederduits-Gereformeerde Kerk. Lidmaatskap van die Kerk is nie slegs 'n betekenislose formaliteit nie; die gesag van die kerk word sonder meer aanvaar soos blyk uit die nakoming van vereistes i.v.m. die huwelik, lidmaatwording en die doop. Van die 175 huwelike is daar slegs ses huwelike deur die magistraat voltrek, en twee in die Engelse Kerk, terwyl die res in die Afrikaanse Kerk voltrek is.

---

(6) Stalsverslag : t.a.p., pp. 11,12.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel daar uitsonderings mag voorkom, is daar gewoonlik die een of ander persoonlike rede waarom die huwelik nie in die Afrikaanse Kerk voltrek word nie. Van die agt huwelike is vasgestel dat vier moeders reeds verwagtend was tydens die voltrekking van die huwelik. Dat hierdie faktor die belangrikste oorsaak van 'n huweliksvoltrekking buite die Afrikaanse Kerk is, kan begryp word indien in ag geneem word dat die risiko van sensuur en die gevolglike verspreiding van die „nuus" in die omgewing groter is wanneer die huwelik in die kerk waarvan die egpaar lede is, plaasvind.

'n Ander opvallende verskynsel i.v.m die kerkverband is die feitlike afwesigheid van sektes. Op Karatara-nedersetting, hoofsaaklik bedoel vir oud-boswerkers, is daar bv. slegs een gesin wat aan 'n sekte behoort en hierdie gesin is afkomstig uit 'n gebied wat buite die bosstreek geleë is.

Die afwesigheid van sektes moet veral aan tradisiegebondenheid toegeskryf word en die afwesigheid van kontakte met ander godsdiensoortuigings.

'n Ander persoonlikheidstrek wat as kenmerk van die geslotenheid beskou kan word, word in menslike verhoudinge openbaar. Hier word sowel die verhoudinge in die gemeenskap self as die verhoudinge tot amptenare, predikante, winkeliers, ens. bedoel. As gevolg van die „geestelike afgesonderdheid" van hierdie gemeenskap het 'n minderwaardigheidsgevoel met vervolgings- en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„grootheidswaan" as neweprodukte ontstaan. Met hul uiters beperkte blik en uitkyk is hul gedagtes, soos uit gesprekke blyk, tot voorvalle en gebeurtenisse in hul onmiddellike omgewing beperk. Wanneer huisvrouens in gesprek is, is „ander mense" hoofsaaklik die onderwerp van bespreking. Wanneer mans wat saamwerk in gesprek verkeer, lok niksbeduidende voorvalle uit die verlede omslagtige vertellery en vermaak uit. Nuusberigte word gewoonlik verdraai, verkeerd vertolk en oorvertel.

Die onderwerpe waaroor gepraat word, verraai onmiskenbaar die „geestelike isolasie" waaraan 'n groot deel van hierdie gemeenskap vandag nog onderwerp is. Dit moet dan ook as belangrikste faktor in die „wanklank" waarmee maatskaplike betrekkings gekenmerk word, beskou word. 'n Paar voorbeelde is nie onvanpas nie:

Geval XV.

In hierdie geval het ons te doen met 'n oud-bewoner wat weier om weer sy voete in die kerk te sit.( Hy het nie ongodsdienstig geraak nie want hy sê dat hy baie vreugde ondervind om sy Bybel gereeld te lees). Sy eerste rede is dat die predikant by 'n geleentheid van die kansel af „geskimp" het en nie reguit gesê het op wie hy dit bedoel nie. Sy tweede rede is dat sodra die mense die kerk verlaat, begin hulle te „skinder" oor die mense op wie die predikant dit dan sou bedoel het. Op hierdie manier het hy self by die „geskinder" betrokke geraak.

In hierdie geval kom twee eienskappe na vore. Teenoor die predikant wat sy meerdere is, voel hy hom minderwaardig en die enigste „vergelding" wat hy kan toepas, is om weg te bly van die kerk af. Teenoor sy huis en omgewing wat sy gelykes is, vertoon hy krag deur die gesag van die kerk te ignoreer. Boonop styg hy in sy eie estimasie deur die klomp praatsiekes as huigelaars te verkleineer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Geval XVI.

In hierdie geval vind ons 'n ongeletterde vader (oud-boswerker) wat met 'n skrander vrou (ook uit 'n boswerkersfamilie afkomstig) getroud is. Die man ly aan 'n geweldige minderwaardigheidsgevoel teenoor sy vrou. Deurdat die vrou skrander is, het sy geen steen onaangeroerd gelaat om haar kinders na hoërskole te stuur nie. Die gevolg is dat die kinders tans almal in betrekkings buite die bosstreek is. Wanneer hulle met vakansies tuis is, geniet die vrou die gesprekke van haar kinders, terwyl die man, wat geen behae hierin skep en ook nie kan saampraat nie, hom altyd afsydig hou. 'n Konflik het alreeds tussen man en vrou ontstaan en hy het al sulke dreigemente teenoor sy vrou ge-uiter dat sy die hulp van die welsynsbeampte moes ontbied het. Hier het ons 'n uitgesproke voorbeeld van „geestelike isolasie". Sy minderwaardigheidsgevoel teenoor sy vrou neem die vorm aan van 'n grootheidswaan, terwyl hy die beamptes beskuldig dat hulle hom wil verdruk en vervolg. Ten spyte van simpatieke optrede het die welsynsbeampte nie daarin geslaag om hom tot 'n ander insig te beïnvloed nie.

Die volgende is 'n uittreksel van 'n brief waarin die moeder die hulp van die welsynbeampte vra. Die beleefde strekking van die brief is opvallend :

"Geagte mnr.

Ek is baie jammer mnr. om u te pla want ik weet u het baie werk, maar omstandighede is so erg dat ek nie kan help nie. Ag mnr. wees tog so goed en kyk of u nie my kan help nie. Dis ook nie meer 'n geheim soos dit hier gaan nie. Sondag moes ek vlug met die kinders..... my hele lewe en gesondheid gaan daarmee heen.... hier kan my kinders nie opgevoed word nie........."

## Geval XVII.

Hier het ons met 'n moeder van vyf kinders te doen. Sy is 'n suster van die moeder in geval XVI. Hoewel sy ook 'n skrander

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tipe is, is sy getroud met 'n oorblufte en ongeletterde oud-boswerker wat tans plantasiewerker is. Sy ly aan 'n geweldige vervolgingswaan en plaas feitlik haar hele omgewing onder verdenking. Sowel die magistraat as die welsynsbeampte het byna weekliks geskrewe klagtes van haar ontvang. Haar man word verdink van ontrou, die onderwyser word beskuldig dat hy haar kinders sonder rede straf, haar bure word daarvan beskuldig dat hulle haar man teenoor haar opmaak en amptenare word daarvan beskuldig dat hulle onwillig is om haar klagtes te ondersoek.

'n Uittreksel van 'n brief van die moeder lui o.a. as volg :

"ek en my kinders word glad nie voor om ge gee nie hulle maak met my kinders in die skool soos hulle met my laat maak... ek wil hoor of u en mnr. bosbouer en mnr. prinsipaal hier wil by mekaar kom of 'n hofsaak maak........en te hoor wat mnr. - en sy vrou aan mnr. - vertel het van wat ek nie gesê het nie........almal weet elke dag meer as wat die waarheid is...."

In weerwil van simpatieke optrede kon die welsynsbeampte nie daarin slaag om haar houding teenoor haar omgewing te laat verander nie.

Die gebrekkige insig in maatskaplike verhoudings bemoeilik die taak van/die amptenaar. Vir laasgenoemde is dit uiters moeilik om in sommige gevalle die nodige samewerking by die uitvoer van sy amptelike pligte te verkry.

## Geval XVIII.

Die agterdog en gebrek aan vertroue wat sommige persone teenoor amptenare het, word in hierdie geval weerspieël. Die twee seuns van die vader het kom kla dat op pad huistoe van die winkel af ander kinders hulle geslaan het en die pakkie suiker gebreek het. Dit was reeds teen die aand toe die vader sy opwagting by die amptenaar maak. Aan hom is toe meegedeel om die volgende oggend op kantoor te verskyn sodat die saak ondersoek kon word. Die uitstel van so 'n „belangrike saak" het hom onraad laat merk en hy het onmiddellik besluit om vroeg die volgende

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oggend sy saak by die naaste magistraat wat 23 myl ver is, te gaan aanmeld. Hy het die daad by die woord gevoeg en tevoet aangestap.

Daar bestaan, soos duidelik uit hierdie geval blyk, 'n neiging om die een amptenaar teenoor die ander af te speel. Dikwels word klagtes en besware nie by die betrokke amptenaar aangemeld nie maar wel by 'n ander amptenaar wat dan moet luister na die „onregverdige behandeling" wat van 'n bepaalde amptenaar verduur moet word.

Die velerlei wanverhoudings is nie in die eerste instansie 'n vraagstuk van onkundigheid nie. Dit is die resultaat van 'n diep-gewortelde maatskaplike gebrek. Sy ontstaan is te wyte aan geestelike geslotenheid en vernouing. Hierdie persoonlikheidstrek is 'n faktor wat die opname van hierdie gemeenskap in die wyere maatskaplike verband bemoeilik en vertraag.

Samevattend kan gesê word dat die kenmerke van geslotenheid van hierdie gemeenskap velerlei en gekompliseerd is. Nie alleen het daar boswerkersfamilies ontwikkel nie maar ook het verwante boswerkersgesinne in bepaalde omgewings saamgedrom. Hierdie toestand moet as die belangrikste oorsaak van ondertrouing gesien word. Hoewel ondertrouing akkumulasie van oorerflike eienskappe in die hand werk, kan in die gevalle wat bestudeer is, nie 'n aanduiding van die relatiewe rol wat oorerwing en omgewing onderskeidelik speel, gevind word nie.

Onbeweeglikheid van die gemeenskap word veroorsaak deur 'n diepgewortelde gehegtheid

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


aan die bos en die omgewing, en is nie in die eerste instansie 'n kenmerk van 'n inherente traagheid nie. Daar is 'n diep kloof tussen gegoedes en mindergegoedes en hierdeur word die opheffing van die mindergegoedes vertraag en belemmer. Hierdie kloof beklemtoon die geslotenheid van die gemeenskap.

Die geslotenheid van die gemeenskap word ook deur bepaalde persoonlikheidstrekke gekenmerk. Hierdie kenmerke word in die talle wanverhoudings tussen meerderes en minderes en tussen minderes onder mekaar geken.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk V.

## DIE EKONOMIESE TOESTAND VAN OUD-BOSWERKERS EN HUL NAKOMELINGE.

### 1. DIE OPKOMS VAN 'N BESITLOSE GROEP.

Ons het gesien dat met die uitgang van die 18e eeu en die begin van die 19e eeu daar 'n bepaalde maatskaplik-ekonomiese groep in die Middellandse bosstreek, met Knysna as middelpunt, ontstaan het. Hierdie „gemeenskap" het hoofsaaklik uit boswerkers bestaan.

Dokumente wat oor hierdie groep mense handel, maak sonder uitsondering melding van die uiters armoedige toestande waaronder hulle geleef het. Nêrens word in die beskikbare literatuur van noemenswaardige voorbeelde van voorspoed melding gemaak nie.

In 'n reisbeskrywing van Le Vaillant, 'n Franse natuurkundige, wat in 1791 talle blanke boswerkers in die omgewing van George en Plettenbergbaai aangetref het, staan die volgende :

"They live in wretched habitations, constructed of wicker-work daubed over with clay; the skin of buffalo, fixed at the four corners to as many stakes, serves them for a bed...... In several places I observed a few more habitations, no less miserable and wretched than the former; for the distance, the dangers of the journey and other obstacles invincible to these poor people do not permit them except very rarely to drive a

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



a few oxen to the Cape." (1)

Hoewel hierdie weergawe oordrewe mag wees, lei ons hiervan af dat boswerkers in groot armoede moes verkeer het.

In 1866 skryf die lid van die Wetgewende Raad vir Queenstown, H.B. Darnell, as volg oor die ekonomiese toestand van die boswerkers:

"The wood-cutters, as a class, are worse off than ever, and the deplorable state of destitution in which they are now to be found should long ago have attracted public attention with a view to their relief." (2)

Hoewel gemelde aanhalings, wat op 'n vroeë stadium in die geskiedenis van die boswerkersgroep betrekking het, enigsins vaag en algemeen is, is hulle nietemin so uitgesproke dat daar oor die uiters swak en haglike toestande waaronder boswerkers vanaf die begin stadium verkeer het, weinig twyfel kan bestaan.

In 1882 word 'n kommissie van ondersoek na die plasing van landbou-immigrante in die George-Knysna streek aangestel. Tabel XII en aanvullende gegewens word o.a. in hierdie verslag verstrek:

---

(1) Le Vaillant : <u>Travels into the interior Parts of Africa by way of the Cape of Good Hope</u> (1780-1785). London, MDCCXC., pp. 166, 202.

(2) J.C. Brown : <u>Crown Forests at the Cape of Good Hope</u>, London Simpkin, Marshall and Co., 1887, p.18.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel XII.(3)

Besittings van 165 Boswerkers in 1882.

| Skape | Bokke | Beeste | Perde | Waens | Ploeë | Huise | Hutte |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 340 | 25 | 1419 | 72 | 37 | 27 | 16 | 25 |

Die waarde van hul osse is op £107 geskat.

Hier moet egter bygevoeg word dat ongeveer een-derde van die gemelde getal gesinshoofde kleurlinge was. Benewens die 165 gesinshoofde was daar 138 vrouens, 312 seuns en 269 dogters — altesaam 884 mense. Die „wonings" het bestaan uit sooie, hout en sink. Die meeste van hierdie hutte het bestaan uit skerms wat vandag nog as tydelike skuilings deur plantasiewerkers gebruik word. Die eensoortige werk, nl. boswerk, wat deur sowel blankes as kleurlinge verrig is, moes noodwendig die saamtrekking van albei groepe in dieselfde omgewing meebring.

Benewens die armoedige toestand wat hul lot was, maak die verslag ook daarvan melding dat hulle 'n besitlose groep uitgemaak het vir sover dit vaste eiendom betref. Die gevolgtrekking waartoe die kommissie van ondersoek kom, is :

"That 165 families of woodcutters, and six families of squatters other than woodcutters, giving respectively 884 and 27 souls, have been registered. None of these persons, save the eight joint lessees of Lot 24, have any claim or title of land of their own."(4)

(3) Cape of Good Hope. Location of Immigrants in George and Knysna, Cape Town. (A 47 -'82) p. 94.

(4) Jackson-verslag, t.a.p., p.15.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Nie alleen was die armoede tot die stoflike bestaan van die boswerkers beperk nie, maar hul hele leefwyse was deur agterlikheid gekenmerk. Die gemelde kommissie maak die volgende enigsins swartgallige verklaring :

"That................., they possess very little property of any description, and live in the most abject manner, either in hordes, or under a shelter constructed of a few of the boards at which they are at work. That they are almost devoid of either education or religion, and that they appear hopeless of improvement and uncared for by Church or State." (5)

In 'n verslag van 'n kommissie van ondersoek in 1894 lui dit in die bevindings o.a. as volg :

"The majority of the wood-cutting class is extremely poor, and their life is a hard and laborious one....... On the whole we think it will be found that the woodcutters are an indispensable portion of the community - living many of them in miserable hovels, subject to many privations and hardships." (6)

Die armoedige toestande het voortgeduur en in 1911 lees ons die volgende in 'n verslag :

"At Witelshoek quite near to Knysna are to be found woodcutters of the very lowest type. These people are partly dependent on a private forest, (Which is, however, almost denuded)

---

(5) Jackson-verslag, t.a.p., p.31.
(6) Report of the Departmental Forest Commission, 1894, p.7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

belonging to the English Church, for their livelihood. The abject poverty and misery of some of these families are appalling. There are puny sickly children too on whose faces want and privation are betrayed. In some of the hovels entrance is almost impossible.

"The Tzitzikama has a reputation for poverty, and there are to be found woodcutters of a painfully indigent and backward type.

Among all the woodcutter community the most thickly populated quarter is that of the Lakes in the George division. In this locality there are about eighty poor families, all more or less dependent on the Government Forests for their livelihood. Of these woodcutters nineteen are landed proprietors, with a joint possession, however, of only 365 morgen. Of the remaining, forty families possess no ground whatsoever and exist simply as squatters on the holdings of the other nineteen." (7)

Een van die oorsake van die maatskaplike toestande word in 1934 gestel as :

„Die algemene armoede van die bewoners wat meestal bestaan uit ongeskoolde werkers, van wie die gemiddelde loon ongeveer 2/6 per werkdag is. Van 36n huis deur die Voorsitter besoek het die gesinshoof £2 per maand verdien. Die komitee is oortuig daarvan dat dit die geval is met baie ander gesinshoofde in die streek." (8)

---

(7) A.D. Luckhoff : "Enquiry into the Poor White Problem as affecting the Cape Province" 1911, p.4.

(8) Rapport van 'n Komitee oor die Maatskaplike Wantoestande in die George-Knysna-Zitzikama-Bosstreek, 1935, p.141.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met hierdie aanhalings wil ons volstaan deur op te merk dat die armoede deurgaans onderstreep word.

## 2. DIE BEROEP.

### (a) Beroepsdistribusie van die Manlike Bevolking van Knysna.

Ongelukkig bestaan daar nie statistiese gegewens vir beroepe t.o.v. plattelandse distrikte nie aangesien die Departement van Sensus en Statistiek hierdie besonderhede nie verwerk nie.

Dit bly nietemin waardevol om 'n beraming te maak van die beroepsdistribusie in Knysna vir sover dit die blanke manlike persone oor 21 jaar betref. Hoewel die onderhawige slegs 'n beraming is en derhalwe nie sonder meer aanvaar kan word nie, sal die bronne wat geraadpleeg is, nietemin toon dat ons hier met 'n baie sterk aanduiding te doen het.

Volgens die sensus van 1946 is daar in die Munisipale gebied van Knysna 763 manlike blankes van 21 jaar en ouer, terwyl daar in die magistraatsdistrik 1,488 woonagtig is. Die totaal is 2,251.(9)

In 1944 was daar altesaam 358 eienaars en bewoners van grond in die gebied van die afdelingsraad van Knysna.(10) Soos reeds aangetoon is, kan nie sonder meer aanvaar word dat alle grondeienaars boere is nie. Daar is van hulle wat winkeliers, onderwysers, boseienaars, e.d.m. is. Indien ons die gemelde syfer met tien persent verminder, sal ons nader aan die getal bona fide-boere

---

(9) Gegewens is van die Magistraatskantoor, Knysna verkry.
(10) Gegewens van die Afdelingsraadkantoor, Knysna verkry.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kom. Daar kan dus beraam word dat sowat 322 manlike persone as boere beskou kan word. Dit beteken dat hierdie aantal vir hul bestaan uitsluitend op landbou, veeteelt en tuinbou aangewese is.

Aan die begin van 1948 was daar altesaam 405 plantasiewerkers in diens van die Departement van Bosbou.[11]

Aan die end van 1947 was daar in Knysna en distrik die volgende aantal manlike blankes wat in besit van staatspensioene was : ongeskiktheidstoelaes 55, ouderdomspensioene 136, ander pensioene 8.[12] Dit gee 'n totaal van 199. Hierby kan gevoeg word 88 gesinshoofde op Karatara-nedersetting. Dit gee ons 'n totaal van 287. In Desember 1945 was daar altesaam 40 manlike onderwysers.[13] Hierdie getal kan verdubbel word en by benadering kan ons sê dat daar 80 amptenare is. Volgens skatting is daar sowat 400 manlike persone by die handel en ander professies betrokke, terwyl werkers in meubelfabrieke, saagmeulens en ander werke op 500 geskat word. Tabel XIII sal ons dus 'n baie redelike weergawe van die beroepsdistribusie in Knysna en distrik gee.

---

(11) Gegewens is van die Departement van Bosbou, Knysna, verkry.
(12) Gegewens is van die Kommissaris van Pensioene, Pretoria, verkry.
(13) Onderwys Statistiek: Departement van Onderwys, Kaap, 1941-1945, p. 156.

© University of Pretoria

Tabel XIII.

Beraamde beroepsdistribusie van die manlike bevolking bo 21 jaar in Knysna en Distrik (1947-1948).

| Beroep. | Boere | Plantasiewerkers. | Amptenare. | Handel en Professies | Pensioenarisse Nedersetters. | Fabriek en Saagmeulens | Ander | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal. | 322 | 405 | 80 | 400 | 287 | 500 | 257 | 2251 |
| Persentasie. | 14.3 | 18.0 | 3.6 | 17.9 | 12.6 | 22.2 | 11.4 | 100.0 |

Volgens hierdie beraming blyk dit dat 18 persent plantasiewerk verrig en sowat 22 persent aan die houtnywerheid verbonde is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit beteken dat nagenoeg 40 persent direk by die boswese betrokke is. Die aantal boere vorm 'n beskeie persentasie indien daarop gelet word dat bykans twee keer soveel manlike persone in die distrik woon in vergelyking met dorpsbewoners.

(b) Beroepsdistribusie van Gesinshoofde t.o.v. 9 distrikskole.

'n Opname is gemaak van 9 distrikskole wat altesaam 553 kinders huisves. (Vgl. Tabel XIV).

Volgens tabel XIV vind ons dat nagenoeg 27 persent van die ouers — d.w.s. nedersetters en staatspensionarisse — vir hul bestaan totaal afhanklik van die staat is. Die gesinsinkomste in hierdie gevalle is minder as £10 p.m. Hoewel die inkomste — in terme van 'n geldmaatstaf bereken — baie laag is, is hierdie gesinne in baie opsigte daar beter aan toe as pensioenarisse in die stede. Benewens die feit dat hulle feitlik geen huurgelde betaal nie — die nedersetters kry staatshuise huurvry, terwyl pensioenarisse meestal 'n geringe huur betaal by boere of hul eie „sitplekkie" het — kan hulle voedsel in hul tuine produseer of dit bekom deur dienste op omliggende plase te verrig.

Hoewel toegegee word dat hierdie gesinne van die hand na die mond leef, is hul armoede nie die hoofsaak nie maar wel die feit dat omtrent 27 persent totaal afhanklik van die staat is. Terwyl ons beraming (sien tabel XIII) slegs sowat 13 persent aangee as totaal afhanklik van die staat vir die hele Knysna, vind ons dat vir sover dit die distrik betref, nie minder as nagenoeg 27 persent van die staat afhanklik is nie.

© University of Pretoria

XIV.

Beroepsdistribusie t.o.v. broodwinners van nege skole in die Platteland (Distrik Knysna)

| Skool. | Aantal kinders | Nedersetters | Staatspensionarisse | Plantasiewerkers. | Bywoners, Deelsaaiers | Winkeliers. | Bosbouers | Boere | Onderwysers | Boubedryf | Padwerkers | Spoorwerkers | Vragmotorbestuurders. | Saagmeule en fabriek | Bouaannemers | Klerke | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Redlands | 81 | 16 | 2 | 8 | 4 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | 36 |
| Sedgefield | 18 | - | 1 | 2 | - | 1 | - | - | - | 2 | 1 | - | - | - | - | - | 7 |
| Ruigtevlei. | 36 | - | 2 | 4 | 1 | | | 3 | | | 3 | 1 | 1 | -- | - | - | 15 |
| Kraaibosch | 46 | - | - | 13 | 1 | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 2 | - | - | 18 |
| Elandskraal | 53 | - | 1 | 1 | 13 | - | - | 10 | - | - | - | - | - | - | - | - | 25 |
| Goukamma | 38 | - | - | 2 | 3 | - | - | 4 | - | - | 8 | 4 | - | - | - | - | 21 |
| Karatara | 162 | 45 | | 27 | | | 1 | 1 | | 1 | - | - | - | - | - | - | 75 |
| Highway. | 37 | - | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 4 | - | - | 10 |
| Leeuwbosch | 82 | - | 2 | 17 | 4 | 2 | | 2 | 2 | | | 1 | 2 | 16 | 1 | 1 | 50 |
| Totaal | 553 | 61 | 9 | 75 | 27 | 5 | 2 | 22 | 3 | 5 | 12 | 6 | 6 | 22 | 1 | 1 | 257 |
| Persentasie | | 23.7 | 3.5 | 29.2 | 10.5 | 1.9 | .8 | 8.6 | 1.2 | 1.9 | 4.7 | 2.3 | 2.3 | 8.6 | .4 | .4 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Afhanklikheid in die Knysnase platteland is groter as in die Munisipale gebied omdat dit juis die boswerker en sy nakomeling is wat die swaarste getref is.

Afhanklikheid in hierdie streek is 'n uiters belangrike verskynsel omdat staatshulp hier as 'n reg en nie as 'n voorreg beskou word nie. Kragtens die ontwikkeling wat die boswerkergroep ondergaan het, word die staat, wat dit dan ook beteken, as die grootste „vervolger" en „onderdrukker" en derhalwe as „onderhouer" beskou. Trouens, is dit nie die staat wat die aansprake op die inheemse bos geleidelik ingekort het nie? Is dit nie die staat wat nie wou antwoord op die geroep om meer hout nie? Is dit nie die staat wat die bosse vir private ontginning gesluit het nie? Om hierdie redes word staatshulp as 'n reg opgeeis.

Die gevaar vir die opgroeiende kind is nie uitgesluit nie. Maand na maand sien die kind hoe dat sy ouers sy genadebrood van die staat ontvang. Gedurig hoor hy van die ouer dat die staat hierdie maand nie die agterstallige bygevoeg het nie of „wederregtelik" 'n oorbetaling terugvorder. Op die Nedersetting op Karatara hoor die kind maand na maand die klok lui wat aankondig dat die uitbetalings gereed is. Dit is nie lone waarvoor gewerk is nie maar wel toelaes wat wie-weet-waar-vandaan kom.

Toelaes wat in ander gebiede in die Unie uitbetaal word, is in die reël nie so op 'n bepaalde plek gekonsentreer as in hierdie streek nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens ons gegewens is meer as 'n kwart van die landelike bevolking in besit van toelaes. Op Karatara-nedersetting is alle gesinne in besit van toelaes. Hier vind ons dus nie geïsoleerde gesinne temidde van talle vooruitstrewende en selfstandige gesinne nie maar vind ons groot getalle gesinne wat aan mekaar verwant is en wat na die staat vir hul bestaan opsien.

'n Tweede belangrike feit wat noemenswaardig is, is dat nagenoeg 38 persent hul bestaan aan die boswese te danke het. Hierdie getal bestaan uit plantasiewerkers en werkers in meubelfabrieke en saagmeulens. Hierdie persentasie stem min of meer ooreen met die beraming wat in tabel XIII gedoen is. Hierdie feit verbaas ons geensins indien in ag geneem word dat Knysna by uitstek vir 'n houtnywerheid geskik is nie. Hierdie groep het 'n gemiddelde maandelikse inkomste van £15. Hoewel hulle ook tot die lae inkomstegroep behoort, is hul posisie sowel ekonomies as moreel beter as die groep „afhanklikes". Nie alleen is hul ekonomies beter gesteld nie maar ook geniet hulle feitlik dieselfde voorregte wat behuising en goedkoop stapelvoedsel betref. Van meer belang is egter die faktor dat hul besoldiging die produk van hul arbeid is en dat hul bestaan, vir sover dit die werk betref, onderhewig aan dissipline en ordelikheid is.

'n Derde opvallende verskynsel is dat slegs sowat 9 persent van die broodwinners boere is, d.w.s. grondeienaars. Volgens die beraming in tabel XIII is hierdie persentasie vir die hele Knysna omtrent 14 persent. Hierby moet

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


onmiddellik gevoeg word dat baie boere (grondeienaars) ook byverdienstes het, soos winkels, slaghuise, bosse e.d.m., wat soms van meer betekenis as die boerdery self is.

By hierdie 9 persent kan gevoeg word die 10.5 persent wat in die vorm van deelsaaiers en bywoners ook 'n bestaan uit die bodem maak. Onderhewig aan die vermelde beperkings kan ons dus sê dat hoogstens 20 persent as boere beskou kan word.

Hier het ons op ondubbelsinnige wyse die bewys van die feit dat Knysna geen landbougebied is nie. Nie alleen vind ons 'n beskeie persentasie wat uit die boerdery 'n bestaan maak nie maar ook word gevind dat die bywoner en deelsaaier asook sommige grondeienaars 'n sukkelende bestaan maak. Laasgenoemde bewering word gestaaf deur die feit dat talle sogenaamde boere aansoek doen om familietoelaes. (In die platteland is die maksimum £12 per maand). Die deelsaaier en bywoner voer 'n blote bestaan en daar word gevind dat hulle van tyd tot tyd in die plantasies gaan werk ten einde 'n bietjie kontantgeld in hande te kry. Vroeër het talle boere in die bos gaan werk om kontantgeld te verdien.

Samevattend kan ons sê dat die staat vir die onderhoud van 27 persent van die gesinne verantwoordelik is. In 34 persent van die gevalle (plantasiewerkers, padwerkers en spoorwerkers) is die staat die werkgewer. Vir sover dit Knysnase platteland betref, dra die staat meer as 60 persent van die gesinne.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die bespreking tot dusver gaan oor die gesinne in die distrik Knysna oor die algemeen. Indien ons die afhanklikheid by die oudboswerker en sy nakomeling nagaan, vind ons dat die gemelde verskynsel 'n groter omvang aanneem.

© University of Pretoria

d. BEROEPSDISTRIBUSIE BY 175 GESINS-HOOFDE.

Tabel XV.

Beroepsdistribusie van Gesinshoofde van 175 Bestudeerde Gesinne. (1946-'47.)

| Beroep. | Plantasie-werkers. | Ongeskiktheids-toelae | Oud-pensioen | Neder-setters. | Bou-bedryf | Private bos-werk | Grond-huurders. | By-woners | Kerk-neder-setting. | Klein-boere. | Plaas-voorman | Bos-bou-pensioen | Saag-meule | Vrag-motor bestuurders. | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | 60 | 15 | 25 | 39 | 10 | 4 | 1 | 1 | 7 | 4 | 1 | 1 | 6 | 1 | 175 |
| Persentasie. | 34.3 | 8.6 | 14.3 | 22.3 | 5.7 | 2.2 | .6 | .6 | 4.0 | 2.2 | .6 | .6 | 3.4 | .6 | 100.0 |

© University of Pretoria

Uit tabel XV blyk dit dat sowat 46 persent (pensioenarisse en nedersetters) van die gesinne totaal van die staat afhanklik is. Verder is die staat die werkgewer in sowat 40 persent van die gevalle (plantasie-werkers en werknemers in die bou van huise deur die Departemente van Volkswelsyn en Bosbou). Vir sover dit dus oud-boswerkers en hul nakomelinge betref, vind ons dat nagenoeg 86 persent van die gesinne vir hul bestaan van die staat afhanklik is.

Hierdie ontsettend hoë persentasie is die produk van die ontwikkeling wat die boswerkersgroep deurgemaak het. Hul geskiedenis is die geskiedenis van staatsafhanklikheid. Die staat moet voorsiening maak, en, ten spyte van die karige voorsiening wat die staat maak, is omtrent 86 persent nietemin bereid, ja verplig om daarvan gebruik te maak.

Die geringe aantal (2 persent) wat uit die bodem bestaan, is ook opvallend.

Dit sou van belang wees om na te gaan wat die neiging by opgroeiende kinders is. Vir hierdie doel word besonderhede verstrek van die kinders wat reeds skool verlaat het en tot die bestudeerde gesinne behoort. (Vgl. tabel XVI).

© University of Pretoria

## d. BEROEPSDISTRIBUSIE BY 483 KINDERS.

### Tabel XVI.

**Beroepsdistribusie van Werkende Kinders van Bestudeerde Gesinne. (1946-'47).**

| Beroepe | Arbeiders in plantasies en by saagmeulens. | Werkers in meubelfabrieke. | Arbeiders in boubedryf. | Pensioentrekkers en nedersetters. | Werksters in skoenfabriek op George. | Bediendes in hotelle en kafees. | Klerklike werk. | Fabriekswerk buite bosstreek. | Werkloos tuis. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal | 177 | 27 | 24 | 30 | 20 | 28 | 81 | 52 | 44 | 483 |
| Persentasie. | 36.6 | 5.6 | 4.9 | 6.2 | 4.1 | 5.8 | 16.8 | 10.8 | 9.2 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hier is slegs 6.2 persent (pensioentrekkers en nedersetters) w t totaal van die staat afhanklik is. Natuurlik het ons hier te doen met 'n jonger geslag as dié in die vorige tabel.

Die staat is die werkgewer in nagenoeg 40 persent van die gevalle (plantasiewerkers, uitsluitend saagmeulens, en werkers in bouery). As werkgewer bly die staat 'n belangrike faktor. Ook vir die huidige geslag blyk dit dat omtrent 40 persent van die nakomelinge van boswerkers die staat as werkgewer aanvaar, hoofsaaklik in die vorm van plantasiewerk.

Omtrent tien persent van die gevalle (uitsluitlik dogters) is in kafees, hotelle, en skoenfabrieke werksaam. Sewentien persent doen klerklike werk (junior kantoor- en winkelklerke, tiksters, e.d.m.). Nagenoeg 11 persent is in fabrieke (meestal in Port Elizabeth) werksaam en hulle het ook die bosstreek verlaat. Omtrent 9 persent van die gevalle is tuis en sonder loonarbeid.

'n Paar gevolgtrekkings moet hier op skrif gestel word.

Eerstens, 'n geringe persentasie (nagenoeg 11 persent) van die nakomelinge verlaat die bosstreek teneinde elders 'n beroep te aanvaar. Die houvas van die bosstreek op kinders wat van boswerkers stam, is nog lank nie uitgeskakel nie. Dit word gestaaf deur die hoë persentasie wat plantasiewerk tot loopbaan kies.

Tweedens, die betreklike hoë persentasie (nagenoeg 17 persent) wat hulle tot klerklike werk wend — tot dusver 'n nuwe rigting vir

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie groep — is opvallend. Hierin vind ons die bewys dat daar ook by hierdie groep talent is en dat hulle dus nie op ongeskoolde arbeid aangewese hoef te wees nie. Sonder uitsondering het hierdie aantal (sowat 17 persent) hul onderwys na Std VI voortgesit. Verskeie van hierdie gevalle het selfs Std X geslaag.

Derdens, die loopbaanvooruitsigte vir dogters met 'n Std VI of minder is onbenydenswaardig. Bediendes in kafees, hotelle en werksters in skoenfabrieke (almal beroepe wat in die bosstreek beoefen word) hou nie alleen 'n karige besoldiging (sowat £4 tot £6 per maand) in nie, maar ook is die kanse op sedelike verval baie groot.

Vierdens, die persentasie (nl. 9.2) wat tuis is en werkloos, is nie baie groot nie indien in ag geneem word dat hierdie getal grotendeels uit dogters bestaan. Nietemin, is hier 'n uiters belangrike verskynsel, veral wat die seuns betref. Hulle bestaan uit skoolverlaters (kragtens Std VI of sestien jaar) wat hul oog op die plantasie gerig hou. Omdat die Departement van Bosbou slegs persone in diens neem wat reeds agtien jaar is, gebeur dit dat sulke seuns sonder werk tuisbly totdat hulle oud genoeg is.

Geval XIX.

'n Gesin van drie seuns met die vader as plantasiewerker woon op staatsgrond. Ten spyte van onvermoeide pogings deur die hoof van die skool, die welsynsbeampte en die bosboubeampte het die ouers (veral die moeder) verseg om haar seuns verder te laat leer of werk te aanvaar wat hulle sal verplig om die ouerhuis te

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verlaat. Die ouerinstink is dominerend in hierdie geval, die toekoms van die kinders kan geruïneer word solank hierdie instink hom kan laat geld.

Daar is verskeie sulke gevalle, wat nie tot nakomelinge van boswerkers beperk is nie, waar hierdie instink 'n verderflike invloed uitoefen. Die verskoning wat altyd aangevoer word, is dat die seuns „in die grond moet werk." So word die tyd en kanse van die seuns verspeel totdat hulle 'n huwelik aangaan om dan ook een van die sukkelaars te word.

Vyfdens, is dit opmerklik hoe min gevalle in die boubedryf betrokke is. Die 4.9 persent wat vermeld word, is eintlik halfgeskoolde werkers in die diens van staatsdepartemente. Hoewel die boubedryf nie groot geleentheid aldaar bied nie, het bou-aannemers keer op keer hul misnoeë te kenne gegee oor die onwilligheid van seuns om as vakleerlinge in te skryf. Die geskoolde werklui by partikuliere bou-aannemers is hoofsaaklik kleurlinge. Seuns wat hulle wel laat inskryf, kanselleer hul kontrak sodra hulle oud genoeg is om in die plantasie te gaan werk. Die afkeer vir die kleurling onder wie die wit seun sy ambag moet leer, is nie die sterkste oorweging nie omdat talle wit seuns as handlangers vir kleurlinge optree omdat 'n handlanger meer geld as 'n vakleerling kry. Kortsigtigheid is hier die grootste rede vir die afwesigheid van belangstelling in die boubedryf.

### 3. <u>DIE INKOMSTE EN VASTE EIENDOM.</u>

#### (a) <u>Die Inkomste.</u>

Hoewel die inkomste wat die verskil-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


lende beroepe meebring, reeds by benadering vasgestel is, word hier gegewens gegee wat die posisie by die bestudeerde gevalle weergee. (Vgl. Tabel XVIa)

Tabel XVIa.

Maandelikse inkomste per gesin vir 175 bestudeerde gesinne.
(1946- '47)

| Inkomste | £10 p.m. en minder. | £11 - £20 p.m. | £21 - £30 p.m. | £31. p.m. en meer | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | 85 | 81 | 8 | 1 | 175 |
| Persentasie | 48.6 | 46.2 | 4.6 | .6 | 100.0 |

Uit tabel XVIa blyk dat sowat die helfte van die gesinne 'n inkomste van nie meer as £10 per maand het nie. Daar is 46.2 persent wat tussen £11 en £20 per maand verdien. 'n Beskeie persentasie verdien meer as £21 p.m.

Die eerste groep bestaan hoofsaaklik uit pensioentrekkers, die tweede groep bestaan hoofsaaklik uit plantasiewerkers, terwyl die derde groep uit werkers in die departementele behuisingskemas bestaan.

Die opmerkings wat reeds i.v.m. inkomste en gesinsbestaan gemaak is, is ook hier van toepassing.

(b) Vaste eiendom.

Die besonderhede wat hier verstrek word, het betrekking op 175 gesinshoofde. Daar is 35 gesinne wat hul eie huise besit en bewoon. Hiervan besit 18 slegs wonings aangesien die grond waarop die wonings staan aan die Ned. Geref.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Kerk, George, behoort in die vorm van 'n Kerk-nedersetting by Olifantshoek en Wilderneshoogte. Die orige 17 gesinshoofde besit sowel die huis as die grond waarop die huise gebou is.

Benewens die 18 huiseienaars en die 17 huis- en grondeienaars, is daar nog ses grond-eienaars, dog hul eiendomme is onbebou. Uit die totaal van 175 gesinshoofde is daar dus 41 of 23.4 persent wat wel vaste eiendom besit. Die res, 134 of 76.6 persent besit geen vaste eiendom nie.

Tabel XVII.

Waardasie van 35 wonings.
(1946- '47)

| Waardasie | Onder £50 | £51 - £100 | £101 - £150 | £151 - £200 |
|---|---|---|---|---|
| Getal | 22 | 3 | 2 | 2 |

| Waardasie | £201 - £250 | £251 - £300 | £301 en meer. |
|---|---|---|---|
| Getal | 1 | 2 | 3 |

Tabel XVIII gee die grootte van grond weer.

Tabel XVIII.

Grootte van 23 grondeiendomme in Morge.
(1946- '47)

| Grootte | 5 morg en minder | 6 - 10 morg | 11 - 15 morg | 16 - 20 morg | 21 en meer | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | 12 | 6 | 1 | 3 | 1 | 23 |

Ontleed ons tabelle XVII en XVIII, dan is dit duidelik dat die onroerende besit-tings van oud-boswerkers baie gering is. Daar is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bevind dat sowat 25 persent wel vaste eiendom besit, terwyl die res, 75 persent geen vaste besittings van enige aard het nie.

Van die wonings wat besit word, is die oorgrote meerderheid minder as £50 werd. Hulle is voor-die-voet ongeskik vir menslike bewoning. Die res van die huise kan as redelik tot goed beskryf word.

Kom ons tot die grond wat besit word, vind ons dat die grootste deel van die eiendomme minder as 5 morge is. Benewens die feit dat hierdie grond in sommige gevalle onbebоud is, is dit, met die uitsondering van die kweek van groente vir eie gebruik, heeltemal te klein vir landboudoeleindes.

<u>Lewensreggrond</u>.

Die woord lewensreg het in hierdie streek 'n besondere betekenis as gevolg van die gebruik om by wyse van 'n bemaking nie die volle seggenskap aan 'n kind toe te sê wat sy erfporsie betref nie. Tot in die vierde geslag het geen wettige erfgenaam die reg om die grond bv. te verkoop nie. Alle aanspraakmakers op die grond noem hul deel 'n lewensreg of lewensreggrond.

<u>Geval XX</u>.

> Die stamvader van 'n sekere familie het twee stukke grond gehad waarvan een in die distrik Knysna en die ander in die distrik George geleë is. Hy het altesaam 14 erfgename. Twaalf erfgename het die grond in die distrik George gekry, terwyl twee erfgename (dogter en seun) die 490 morge in die distrik Knysna gekry het.
>
> Hierdie twee erfgename het aanvanklik 'n lewensreg van 245 morge elk gekry. Die seun het op sy beurt nege erfgename

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gehad. Hulle is almal getroud en ses van hulle woon nog op die grond, twee van die gesinne het uit die bosstreek getrek en een gesin woon op 'n departementele nedersetting. Die meeste van die kinders van die nege erfgename is nog ongetroud. Daar is altesaam 66 kinders of erfgename in die 4e geslag.

Die oorspronklike vroulike erfgenaam het ses nakomelinge gehad van wie slegs een getroude dogter nog op die plaas woon. Die ander vyf werk in die plantasies.

Die plaas van 490 morge word vandag deur nege gesinne bewoon. Die meeste van hulle kan kwalik 'n bestaan maak en as dit nie was vir pensioene wat hulle van die staat kry of staatswerk op die pad of in die plantasie nie, sou hulle geensins kon bestaan nie.

'n Ander verskynsel wat hom i.v.m. lewensreggrond voordoen, is ondertrouing. Daar is bv. gevind dat uit nege kinders in die derde geslag, agt met hul niggies of neefs getroud is. Die rede hiervoor is voor-die-hand-liggend. Sowel die niggie as die neef het 'n lewensreg en indien hulle met mekaar trou het hulle gesamentlik 'n groter lewensreg as net een.

'n Ander komplikasie wat hom vandag voordoen, is dat die grond onverdeeld is. 'n Aanspraakmaker op lewensreg kan enige plek op die grond uitkies en daar vir hom 'n huis bou. Meestal is dit maar 'n houthuisie en die bewoner steur hom min aan boerdery aangesien hy elders werk. Indien boerdery 'n groot rol sou speel, sou daar baie meer onenigheid onder erfgename plaasvind want 'n botsing van belange moet in sulke omstandighede noodwendig volg.

Soms gebeur dit dat die een broer vir 'n appel en 'n ei sy lewensreg aan sy broer verkwansel, met die gevolg dat so 'n broer

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


as't ware geen „sitplek" het nie. Die indiwiduele aanspraakmakers besit geen kaart en transport nie. Trouens, om die grond te laat opmeet en op hul name oor te plaas, sou meer as die waarde van die grond kos.

Die uiteensetting wat hier van die lewensreg gegee word toon aan langs watter weg sommige nakomelinge van boswerkers en oud-boswerkers vandag oor vaste eiendom beskik. Die groep boswerkers wat van grondeienaars stam het op 'n later stadium as klein-grondbesitters tot boswerk toegetree, en boonop was hulle hoofsaaklik deeltydse boswerkers. Namate die erfgename meer geword het, het hulle voltyds tot boswerk toegetree. Oor die algemeen vorm hulle dus 'n bepaalde groep boswerkers. Die verskil is nie soseer ekonomies nie maar wel sielkundig daar hulle die gevoel van selfbesit, hoe gering ookal, nog het. By 'n groot gros van hulle word ook die neiging opgemerk om eiehandig aan 'n bestaan te kom.

<u>Erfpaggrond.</u>

'n Ander groep oud-boswerkers en hul nakomelinge beskik oor eiendom wat hulle kragtens die toekenning aan boswerkers deur die staat ontvang het. Reeds is gewys op die motief om hierdie landboupersele aan boswerkers te skenk. Hulle kon selfs hierdie persele verkoop solank dit aan 'n ander <u>bona fide</u>-boswerker is. Tans bestaan daar nie meer so iets as boswerkers nie dog talle van hulle is nog op hierdie boswerkerslokaliteite woonagtig. Die behuisingstoestand is treurig, die sosiaal-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ekonomiese toestande, as gevolg van die saamwoon met kleurlinge en die onbeheerde lewe, laat ook veel te wense oor.

Aan boswerkers en landbou-immigrante is destyds sowat 10 lokaliteite geskenk. Hierdie lokaliteite is almal aan die some van inheemse bosse geleë.

Ook hierdie gevalle word as grondeienaars beskou. Die grond is sowat drie tot sewe morge groot.

Huurders en Bywoners.

Hierdie groep huur hout- en sinkhuisies van gegoede boere teen 10/- en £1.10.0 per maand. Die wonings laat meestal ook veel te wense oor. Dieselfde geld ook vir die bewoners van Kerknedersettings waar hulle hul eie huise moet bou. Meestal bestaan dit ook uit hout- en sinkhuisies.

Staatshuise.

Die groep wat in staatshuise (Volkswelsyn en Bosbou) woon, is die beste daaraan toe. Die ou bosbouhuise is ook baie swak en hulle word nou stelselmatig deur stewige wonings vervang.

Samevattend kan gesê word dat die boswerkers hoofsaaklik 'n besitlose groep was en is. In die beroepslewe is daar veral twee opvallende verskynsels, t.w. die oorheersende rol wat boswese speel en die afhanklikheid van die staat as werkgewer en as pensioengewer. 'n Verdere noemenswaardige verskynsel is die ondergeskikte rol wat die landbou speel.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gesinsinkomste is laag en die oorgrote meerderheid kan as baie arm beskou word. Slegs 'n beskeie aantal beskik oor noemenswaardige roerende en onroerende eiendom.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel B (by Kaart II).

BOSBOUSTASIES EN PLANTASIEWERKERS IN DIE BOSSTREEK.
1948.

| Distrik | Bosboustasie. | Blankes. | Kleurlinge. | Naturellé. | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|
| | Jonkersberg | 58 | - | 36 | 94 |
| | Geelhoutboomberg | 41 | 2 | - | 43 |
| | Witfontein | 27 | 34 | - | 61 |
| | Saasveld | 25 | 4 | - | 29 |
| | Bergplaas | 52 | - | 36 | 88 |
| | Kleinplaat | 30 | 1 | 1 | 32 |
| | Woodville-Biervlei. | 57 | 2 | 1 | 60 |
| George | Totaal | 290 | 43 | 74 | 407 |
| | Karatara | 55 | 9 | 16 | 80 |
| | Farleigh | 33 | - | 29 | 62 |
| | Suurvlakte-Millwood | 44 | - | - | 44 |
| | Buffelsbaai-Swartvlei | 8 | 1 | - | 9 |
| | Buffelsnek | 42 | 2 | 80 | 124 |
| | Gouna | 10 | 10 | 15 | 35 |
| | Concordia | 51 | 44 | 7 | 102 |
| | Kruisfontein | 47 | 70 | - 7 | 124 |
| | Diepwalle | 7 | 1 | 1 | 9 |
| | Krantzbosch | 73 | 1 | - | 74 |
| | Kafferkop | 9 | - | - | 9 |
| | Harkerville | 5 | - | 9 | 14 |
| | Keurboomsrivier. | 14 | 1 | - | 15 |
| | Blaauwkrantz | 7 | 1 | 24 | 32 |
| Knysna | Totaal | 405 | 140 | 188 | 733 |
| | Lottering | 29 | 21 | 36 | 86 |
| | Stormsrivier | 13 | 11 | 54 | 78 |
| | Blouleliebos | 46 | 32 | - | 78 |
| | Witelsbos | 51 | 29 | - | 80 |
| | Krommerivier | 11 | - | 37 | 48 |
| | Willowmore | 2 | 1 | - | 3 |
| Humansdorp | Totaal | 152 | 94 | 127 | 373 |
| Bosstreek | | 847 | 277 | 389 | 1513 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Hoofstuk VI.

## DIE GESINSLEWE.

Die gesinslewe van die bestudeerde gemeenskap is van groot betekenis om 'n insig in die algemene maatskaplike lewe van die groep te verwerf. Ook die gesinslewe van hierdie gemeenskap kan eweseer nie begryp word sonder dat dit in die lig van sy geskiedkundige agtergrond gesien word nie.

### 1. OUDERDOM BY HUWELIKSLUITING.

Dit is betekenisvol om na te gaan of die bevolkingsgroep wat bestudeer word, geneig is om op 'n betreklik vroeë leeftyd in die huwelik te tree dan wel of hulle op 'n betreklik latere leeftyd 'n egverbintenis aanknoop. Ook is dit van belang om na te gaan of daar 'n verskil tussen die twee geslagte te bespeur is.

Alvorens besonderhede oor hierdie aspek verstrek word, word gegewens oor die sluitingdatums van huwelike van die bestudeerde gesinne verstrek. Hierdie besonderhede word in tabel XIX gegee.

Tabel XIX.

Die Verspreiding van die Sluitingsdatum van 175 Huwelike.
(1946 - '47 opgestel)

| Tyd perk. | Huwelike tot 1899. | 1900-1909. | 1910-1919. | 1920-1929. | 1930-1939. | Na 1940. | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal. | 15 | 14 | 31 | 47 | 52 | 16 | 175 |
| Persentasie. | 8.6 | 8.0 | 17.7 | 26.9 | 29.7 | 9.1 | 100. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit tabel XIX blyk dit dat die bestudeerde gesinne nie tot 'n betreklik jeugdige groep beperk is nie. Trouens, volgens die sluitingdatums van die huwelike blyk dit dat hierdie huwelike gedurende 'n tydsverloop van minstens 41 jaar gesluit is.

In tabelle XX en XXI word 'n vergelyking getref tussen die ouderdomme by huweliksluiting vir sover dit die algemene bevolking en die 175 bestudeerde gesinne betref.

Tabel XX.

Ouderdom van Blankes by Huweliksluiting in die Unie, 1944. (1)

| | 20 jr en onder | 21 - 24 | 25-29 | 30-34 | 35-39 | 40 en oor | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mans | 996 | 7695 | 6981 | 3124 | 1531 | 74 | 23069 |
| Persentasie | 4.32 | 33.36 | 30.27 | 13.54 | 6.64 | 11.87 | 100.0 |
| Vrouens | 7253 | 7665 | 3748 | 1758 | 1061 | 1584 | 23069 |
| Persentasie | 31.44 | 33.23 | 16.25 | 7.62 | 4.60 | 6.86 | 100.0 |

Tabel XXI.

Ouderdom by Huweliksluiting wat die 175 Bestudeerde Gesinne Betref.
(1946-'47 opgestel.)

| | 20jr en onder | 21-24 | 25-29 | 30-34 | 35-39 | 40 en ouer | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mans | 8 | 58 | 66 | 26 | 9 | 8 | 175 |
| Persentasie | 4.6 | 33.1 | 37.7 | 14.9 | 5.1 | 4.6 | 100.0 |
| Vrouens | 98 | 47 | 22 | 6 | 2 | - | 175 |
| Persentasie | 56.0 | 26.9 | 12.6 | 3.4 | 1.1 | - | 100.0 |

(1) Unie-Jaarboek, 1946 : Bevolkingstatistiek, Hoofstuk XXVI, p.32.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir sover dit die mans betref, is daar nie juis 'n opvallende verskil tussen die bestudeerde gesinne en die algemene bevolking nie. Trouens, die aantal mans wat in die ouderdomsgroep onder 25 jaar val, kom min of meer op dieselfde te staan.

Daar is egter 'n opvallende verskil tussen die vrouens in die bestudeerde gesinne en dié vir die algemene bevolking. In die groep onder 20 jaar is die persentasies 56.0 en 31.44 onderskeidelik. In die ander ouderdomsgroepe toon die bestudeerde gesinne dan laer syfers as in die geval van die algemene bevolking.

Dit is duidelik dat in die geval van die mans in die bestudeerde gesinne daar nie gesê kan word dat hulle op 'n jeugdiger ouderdom in die huwelik tree as wat die geval by mans in die algemeen is nie. Die vrouens tree egter op 'n vroeër leeftyd in die huwelik as vrouens in die algemene bevolking.

Dat daar meer mans in die ouderdomgroep, onder 20 jaar in die bestudeerde gesinne is (4.6 persent) as in die geval by die algemene bevolking (4.32 persent) moet grootliks aan beroepsomstandighede in die bosstreek toegeskryf word. 'n Man kan as plantasiewerker in diens geneem word sodra hy agtien jaar oud is. Dit is die belangrikste beroep vir jong manne in hierdie streek en sodra hy in hierdie betrekking is, ag hy hom ook in staat om 'n gesin te versorg. In hierdie beroep word daar ook geen onderwyskwalifikasies na Std VI vereis nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die groot persentasie (56.0) van die vrouens wat in die huwelik tree voordat hulle die ouderdom van 20 jaar bereik, vereis ook 'n verduideliking. Jong dogters wat die skool met of sonder Std VI verlaat, bly meestal tuis en wag as't ware op 'n huweliksaanbod. Daar is bevind dat slegs 'n geringe aantal, sowat tien, van die vrouens in die bestudeerde gesinne loonarbeid verrig het voordat hulle in die huwelik getree het.

Omdat die meeste van hierdie vrouens nie in die arbeidsmark opgeneem is voor hul huwelike nie, het hulle met mans uit hul omgewing in die huwelik getree. Die mans met wie hulle getrou het, stel self geen hoë eise aan hulself vir sover dit die beroepslewe betref nie.

Dit is juis hierdie groep wat die kern van die probleemryke gemeenskap uitmaak. Dit is hulle wat alle pogings tot opheffing bemoeilik, omdat daar vanaf 'n jeugdige stadium die begeerte tot en die strewe na 'n hoër lewenspeil ontbreek. 'n Oorgelewerde bestaanspeil word deur hierdie groep gehandhaaf en op hul beurt weer aan hul kinders oorgedra.

Daar word nie beweer dat die sluiting van huwelike op 'n relatief jeugdige ouderdom uitsluitend aan 'n gebrekkige ondernemingsgees toegeskryf moet word nie. Die oortuiging wat wel bestaan, is dat vooruitstrewendheid en ondernemingsgees vroeë huwelike teenwerk vir sover die voorbereiding vir die loopbaan 'n langer tyd van sowel man as vrou verg.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Uit die volgende voorbeelde blyk gebrekkige ondernemingsgees.

Geval XX.

Die vader van hierdie gesin was 23 jaar oud toe hy op 21.9.37 met 'n agtienjarige meisie in die huwelik getree het. Hy het slegs Std V geslaag, terwyl sy vrou Std VI geslaag het. Voor sy huwelik het hy op die pad gewerk, dog toe hy in die huwelik getree het, het hy 'n plantasiewerker geword. As plantasiewerker verdien hy omtrent £15 per maand. Die rede waarom hy van beroep verander het, was dat hy in diens van die Departement van Bosbou 'n huis gekry het waarvoor hy sowat 15/- per maand huur moet betaal. Die sinkhuisie wat bewoon word, bestaan uit vier vertrekke. Daar is reeds vier kinders uit die huwelik gebore.

Sowel man as vrou het nog nooit die distrik van hul geboorte, t.w. Knysna, verlaat nie. Hulle kry geen lektuur van enige aard in hande nie. Die ouers is totaal onkundig oor toestande in die algemeen omdat hulle feitlik geen kontak met die buitewêreld het nie. Boonop woon hulle op 'n bosboustasie wat feitlik van die res van die bosstreek afgesny is.

Die onverstandige houding wat in hierdie geval deur die ouers, maar veral deur die moeder ingeneem is, blyk uit hul weiering om die jongste kind wat 'n gebreekte been opgedoen het, na die hospitaal te laat gaan. Die moeder het volgehou dat sy die kind net so goed kan verpleeg as die verpleegsters in die hospitaal. Later het sy voorwaardelik ingestem, nl. dat sy (die moeder) by die kind in die hospitaal kon bly. Die moeder het uiteindelik ingestem toe sy met wetlike stappe gedreig is.

Die outeur het dié dag diep onder die indruk gekom dat die vermeende moederliefde in hierdie geval niks anders is as 'n oerinstink wat op selfbeskerming en beskerming van die kroos neerkom nie.

Die hele huislike atmosfeer en lewenswyse skep die indruk dat die begeerte om te verander en te verbeter heeltemal ontbreek. Die lewe word aanvaar soos dit ontvang is, en soos dit was, so moet dit ook in die toekoms wees.

Die ouers het ook geen beswaar om geïsoleerd in die bos te woon nie want

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„hulle ouers het goed in die bos gelewe." Daar bestaan ook geen begeerte om die bosstreek te verlaat nie want solank daar 'n verdienste by Bosbou is, solank sal hulle kan bestaan. Boonop is al hul familie in die bosstreek en waarom moet hulle dan na 'n vreemde plek gaan en waar sal daar in die vreemde werk gevind word.

Die ondersoeker kan in hierdie en dergelike gevalle nie nalaat om die geslote lewe waarin sommige hulle bevind, op te merk nie. Die denkwyse en lewenshouding bemoeilik in sulke gevalle alle pogings tot maatskaplike opheffing.

## Geval XXI.

In hierdie geval het die man op drie-en-twintig-jarige leeftyd op 9.4.43 met 'n meisie van negentien jaar in die huwelik getree. Hulle het albei Std VI geslaag. Die rede wat die man aanvoer waarom hy nie verder geleer het nie, was dat hy geen begeerte vir verdere onderwys gehad het nie en verder maak dit geen verskil nie want hy weet van verskeie seuns wat hoërskool toe is en tog saam met hom teen dieselfde salaris in die plantasie werk. Die moeder voer as verskoning aan dat sy haar ma wat sieklik was, moes oppas en in die huis help. Ook voer sy aan dat daar „baie" meisies is wat, hoewel hulle in die Huishoudskool was, tog maar net in die fabriek werk en later trou.

Ook hierdie gesin kry geen tydskrifte nie en hulle het nog nooit die distrik van hul geboorte verlaat nie. Sowel man as vrou beskou hulle voldoende beveilig solank hulle in die diens van die Departement van Bosbou is. Hulle begeer nie om enige verandering te maak nie want hier is hulle van 'n bestaan verseker.

## Geval XXII.

In hierdie geval het die man meer vooruitstrewendheid aan die dag gelê. Hy was reeds 29 jaar toe hy op 5.6.44 met 'n meisie van agtien jaar in die huwelik getree het. Hy het Std VIII in die Ambagskool op Oudtshoorn geslaag en het toe werk in 'n meubelfabriek gekry waar hy hom kon opwerk en waar hy 'n baie goeie toekoms gehad het. Hy het toe egter met 'n meisie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat slegs Std VI geslaag het, getrou. Sy was geensins vooruitstrewend nie daar sy, ten spyte van aanmoediging deur die onderwyser, nie verder wou studeer nie.

As gevolg van die huwelik wat hierdie man gesluit het, het hy sy werk wat goeie vooruitsigte gehad het, prysgegee. Omdat hy geen huis kon kry by sy werkgewer nie, het hy plantasiewerker geword, aangesien hy toe 'n departementele huis kon kry.

Hierdie geval bewys ondubbelsinnig dat vooruitstrewendheid nie diepgewortel is nie en heel maklik uitgedoof kan word indien daar nie voortdurend versterkende invloede inwerk nie. 'n Terugval na die tradisionele lewenswyse tree baie maklik in.

Toe die man daarop gewys is dat hy 'n goeie loopbaan vir 'n swak een verruil het, het hy as regverdiging vir sy handelwyse daarop gewys dat hy by Bosbou beter daaraan toe is want nou het hy darem ook 'n huis en waar sou hy en sy vrou beland het indien hy nie na die plantasie gegaan het nie.

## Geval XXIII.

Die vader van hierdie gesin was twintig jaar oud toe hy op 22.6.37 met 'n meisie van agtien jaar in die huwelik getree het. Hy het slegs Std IV geslaag, terwyl die vrou Std V geslaag het. As ongetroude jong man het hy by 'n selfstandige boer as voorman gewerk. Hy het redelike vooruitsigte op die plaas gehad maar omdat daar nie vir hom 'n huis was nie, het hy 'n plantasiewerker geword en is hy van 'n departementele huis voorsien.

Sowel die man as die vrou het nog nie die distrik verlaat nie. Hulle kry geen tydskrifte of koerante nie en is feitlik heeltemal uit voeling met die buitewêreld.

Daar word 'n fatalistiese houding teenoor die lewe ingeneem. Die idee dat die mens sy loopbaan moet beplan en tot op groot hoogte sy toekoms self moet uitwerk, is afwesig. Ook in hierdie geval is die man se verweer dat sy ouers 'n bestaan uit die bosse gemaak het en solank die Departement van Bosbou aan die werkers se eise voldoen, is daar niks om oor bekommerd te wees nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. DIE KINDERTAL.

Alvorens 'n ontleding van die gegewens wat oor die bestudeerde gesinne ingesamel is, gemaak word, vind hier 'n bespreking plaas van gegewens wat in 1882 deur 'n kommissie van ondersoek ingesamel is.(2)

In die gemelde verslag verskyn daar 'n lys van boswerkers tesame met die aantal kinders asook die ouderdomme van al die lede van die gesinne. Besonderhede van 81 blanke boswerkersgesinne is ontleed en daar is gevind dat daar altesaam 347 kinders is. Dit bring die gemiddelde aantal kinders per gesin op 4.3 te staan. Natuurlik gee dit nie die werklike posisie weer nie aangesien daardie kinders wat nie meer by hul ouers woon nie, by die kindertal uitgesluit is. Boonop moet in gedagte gehou word dat, uit hoofde van die ouderdomme van baie moeders, baie gesinne nie as voltooid beskou kan word nie. Daar word ook nie rekenskap van kinders wat klein dood is, gegee nie. Indien gemelde faktore in ag geneem word, kan die gemiddelde kindertal baie hoër geskat word.

Daar is 'n sorgvuldige studie van 175 gesinne gemaak, vir sover dit die kindertal betref. Alle lewendgebore kinders in die bestudeerde gesinne is opgeteken. Kinders wat uit vorige huwelike van óf die vader óf die moeder gebore is, is

---

(2) Cape of Good Hope, Location of Immigrants in the George and Knysna Divisions (A 47 - '82), Cape Town, p.34 e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitgesluit. Die kindertal beteken dus slegs daardie kinders wat gebore is uit die egverbintenis wat tydens die ondersoek bestaan het. Die posisie word in tabel XXII weergegee.

## Tabel XXII.

### Die Aantal Kinders wat uit 175 Huwelike gebore is. (in 1946-'47 opgestel).

| Kindertal | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal Huwelike | 3 | 10 | 8 | 12 | 23 | 17 | 20 | 16 | 17 | 11 | 12 | 7 | 8 | 5 | 4 | 2 | 175 |
| Persentasie | 1.7 | 5.7 | 4.6 | 6.9 | 13.1 | 9.7 | 11.4 | 9.1 | 9.7 | 6.3 | 6.9 | 4.0 | 4.6 | 2.9 | 2.3 | 1.1 | 100 |
| Aantal Kinders | 0 | 10 | 16 | 36 | 92 | 85 | 120 | 112 | 136 | 99 | 120 | 77 | 96 | 65 | 56 | 30 | 1150 |
| Persentasie. | 0.0 | 0.9 | 1.3 | 3.1 | 8.0 | 7.4 | 10.5 | 9.7 | 11.8 | 8.6 | 10.4 | 6.7 | 8.4 | 5.7 | 4.9 | 2.6 | 100. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel XXII is daar uit 175 huwelike 1150 kinders gebore. Dit beteken 'n gemiddelde van 6.6 per huwelik. Die kindertal sal in die werklikheid hoër wees indien daarop gelet word dat sommige gesinne nog onvoltooid is. Daar is gevind dat van die 175 moeders slegs 78 reeds die ouderdom van 45 jaar of ouer tydens die opname bereik het. Die res van die moeders, t.w. 97, was minder as 45 jaar oud tydens die ondersoek. Daar is bevind dat 660 kinders uit die 78 huwelike gebore is. Dit beteken 'n gemiddelde kindertal van 8.5 per gesin.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat, hoewel die kindertal besonder hoog is, die geboortes nie die netto aanwas van die bevolking weerspieël nie omdat hier nie met kindersterftes rekening gehou word nie. So kan ons bv. nie beweer dat die natuurlike aanwas van die boswerkersgemeenskap uitsluitend verantwoordelik is vir die geweldige toename van boswerkers nie. Daar is in 1882 deur 'n kommissie van ondersoek vasgestel dat daar destyds 165 voltydse boswerkers was.(3) In die jaar 1913, d.w.s. slegs 33 jaar later, is gevind dat die getal tot oor 'n duisend gestyg het.(4)

Nietemin, kan daar beweer word dat veral twee faktore vir die aanwas van boswerkers verantwoordelik was, t.w. die natuurlike aanwas van die boswerkersgemeenskap en die toetrede tot boswerk

---

(3) Jackson-verslag : t.a.p., p.34 e.v.
(4) Gegewens afkomstig van die Departement van Bosbou, Knysna.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van gesinne wat in die bosstreek woonagtig was.

'n Grootskaalse toevoer van mense buitekant die bosstreek, insonderheid vanuit die Klein-Karroo, het eers in die omtrek van 1918 as gevolg van droogtes e.d.m. plaasgevind. Blanke arbeid is toe doelbewus na die bosstreek gestuur. Die kerknedersettings by Olifantshoek en Wildernishoogte en die Bosbounedersettings by Karatara en Bergplaas was onder andere die resultaat van die toevoer van blanke arbeid. Daar moet ook op gelet word dat blankes nie vir boswerk maar wel vir plantasiewerk gewerf is. Streng gesproke het die toevoer van blankes dus nie die getalle van bosworkers as sodanig versterk nie omdat daar sedert 1913 geen nuwelinge tot die lys van boswerkers gevoeg is nie. Hoewel hul werk by boswese betrokke was, moet hulle baie streng van boswerkers onderskei word.

Ten slotte moet daar op gewys word dat moeders, deurdat hulle vroeg in die huwelik tree, in staat gestel word om oor 'n lang tydperk kinders in die wêreld te bring. Daar is op gewys dat meer as die helfte van die moeders (56.0 persent) onder die ouderdom van 20 jaar was toe hulle in die huwelik getree het.

Mediese beamptes wat in hierdie streek werksaam was en nog is, is van mening dat die groot kindertal 'n kommer by sommige ouers laat ontstaan omdat die gesinsinkomste nie met die groeiende gesin tred hou nie. Hierdie kommer ontwikkel, volgens gemelde beamptes, tot 'n angs-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevoel sodat daar later selfs ingebeelde siekte-verskynsels ontstaan.

As gevolg van die talryke beskawings-eise wat deur middel van welsynswerkers(sters), opvoedkundiges, e.d.m. begin deurdring, word daar dikwels by ouers die kommer opgemerk wanneer met hulle oor die oudste kind wat hoërskool toe moet gaan, gepraat word. Die eerste moeilikheid wat die ouers dan opper, is dat hulle nie kans sien om die huishouding te „munteneer" nie.

Die gebrekkige voorsiening vir die kinders in groot gesinne moet vir 'n groot gedeelte in die lig van die geldelike posisie van die gesinne gesien word. In terme van maatstawwe wat in 'n vooruitstrewende gemeenskap geld, is dit haas onmoontlik vir die ouers om behoorlike voorsiening vir hul kinders te maak.

Die toestand 'n kwart-eeu of meer gelede was natuurlik heel anders. Destyds was daar hoofsaaklik sprake van 'n loutere bestaan. Die lewe was een van die hand na die mond. Die seun het in die voetspore van sy vader gevolg, terwyl die dogter met 'n man wat ook in die voetspore van sy vader gevolg het, getrou het. Nóg die vader nóg die moeder het enige eise wat buite die kringloop van die onmiddellike bestaan gestrek het, gestel. Geen kontant is benodig om die skoolkinders toe te rus nie want soos hy tuis geklead was, so kon hy ook skool-toe gaan. Opleiding na Std VI was 'n moontlikheid waaraan nie gedink is nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vervolgens, toon die gegewens nie alleen dat die vrugbaarheid baie groot is nie maar ook kom daar by die 175 gesinne nie een geval van kinderloosheid voor nie. Hoewel die uitleg van hierdie verskynsel buite die bestek van hierdie verhandeling val, kan minstens verklaar word dat voedsel — altans soos dit in wetenskaplike sin beklemtoon word — met vrugbaarheid niks te doen het nie. Oor en oor word in die literatuur vermeld dat droë brood, swart koffie en patats vir 'n groot aantal jare die enigste voedsel vir hierdie gemeenskap was. Dit wil voorkom asof die lewe na-aan die natuur die enigste waarborg vir hoë vrugbaarheid is.

3. BUITE-EGTELIKE VERHOUDINGS.

(a) Opmerkings.

Buite-egtelike verhoudings is 'n verskynsel waarvan die aard en omvang baie moeilik te bepaal is, omdat dit uit die aard van die saak moeilik na die oppervlakte kom. Waar dit getroude pare betref, word dit verwag dat 'n egskeidingsgeding sal volg, aangesien dit 'n grond vir egskeiding is. Indien 'n ontleding van egskeidingsake gemaak word, sal 'n aanduiding van die aantal egskeidings wat op grond hiervan toegestaan word, gekry kan word, dog dit sal nog geensins 'n aanduiding van die omvang van buite-egtelike verhoudings in 'n bepaalde gemeenskap gee nie.

Vir sover dit die gemeenskap onder bespreking betref is daar geen syfers beskikbaar

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor egskeiding nie. Vanuit hierdie bron kan dan dus geen lig op die verskynsel gewerp word nie. Die enigste bron van inligting in hierdie verband bestaan uit voorbeelde wat onder die aandag van maatskaplike werkers, onderwysers en predikante kom.

Volgens hierdie waarnemings kom buite-egtelikheid by getroude pare wat saamlewe, baie selde voor. Buite-egtelike verhoudings in die geval van skeiding (verlating) en egskeiding kom dikwels voor, eweas by ongetroude persone.

(b) Die „Verpligte Huwelik".

Onder die „verpligte huwelik" word verstaan die sluiting of vervroegde sluiting van 'n huwelik as gevolg van swangerskap. Gegewens oor 'n onderwerp van hierdie aard kan baie moeilik ingewin word en indien die ondersoeker vrae in hierdie rigting sou stel, sou sy hele ondersoek moontlik skipbreuk ly. Volgens die gegewens waaroor beskik word, kon ons op twee maniere 'n aanduiding van die aantal huwelike wat onder hierdie kategorie val, kry. Sekere afleidings kan gemaak word van die persoon wat as huweliksbevestiger opgetree het. Deur sorgvuldige navrae het dit geblyk dat 'n paar wat verplig is om te trou — veral as swangerskap reeds gevorder is — verkies om óf na die magistraat óf na 'n ander kerk as die afrikaanse kerk te gaan. Die rede hiervoor is vanselfsprekend, nl. geheimhouding teneinde die skande verbonde aan sensuur vry te spring.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit die 175 huwelike wat deur die bestudeerde gevalle gesluit is, is daar 12 huwelike wat gesluit is deur ander huweliksbevestigers as predikante van die afrikaanse kerk. Daar bestaan nie in al die gevalle ondersteunende bewys dat die kontrakterende partye verplig was om die huwelike te sluit nie.

Die ondersteunende bewyse in tien gevalle is dat daar 'n tydperk van minder as nege maande verloop het tussen die huweliksdatum en di geboortedatum van die oudste kind. Daar is ook gevind dat in vyf gevalle huwelike tog voltrek is deur 'n afrikaanse predikant terwyl die tydperk tussen die huweliksdatum en die geboortedatum van die oudste kind minder is as nege maande.

Hierdie karige gegewens laat nietemin die vermoede ontstaan dat die „verpligte huwelik" geensins onaansienlik is nie.

(c) Die „voor-kind".

In hierdie gemeenskap het die uitdrukking „voor-kind" spreekwoordelik geword. Die ongehude moeder word geken by wyse van haar „voor-kind". 'n Verdere gebruik wat in hierdie streek in swang is, is die „aanneming" van die buite-egtelike kind deur die groot-ouers. Hulle versorg die kind asof dit hul eie is, hulle sien van die kind nie af nie en sal liefs die kind wettiglik aanneem as om hom aan sy eie moeder terug te gee, al gaan laasgenoemde 'n huwelik aan. Die moeder van die kind opper geen beswaar nie en sal selfs nie eens later — wanneer sy wel in

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



staat is om die kind te neem — moeite doen om hom terug te kry nie.

Dit is uiters moeilik om die aantal buite-egtelike kinders te bepaal aangesien daar geen bron is waaruit hierdie gegewens verkry kan word nie. In sommige gevalle — soos reeds aangetoon — word die huwelik gesluit voor die geboorte van die kind. Wat betref die nakomelinge van boswerkers, is daar besondere redes waarom sommige verwagtende moeders nie 'n huwelik voor die geboorte van die kind aangaan nie.

Die belangrikste rede is dat die verantwoordelike man nie bereid is om die huwelik te sluit nie of nie daartoe in staat is nie daar hy self 'n getroude man is. Soms het die verantwoordelike man nooit die bedoeling om met die meisie in die huwelik te tree nie. Dit gebeur veral wanneer hierdie dogters op dorpe in hotelle, kafees en fabrieke werk waar hulle die prooi van gewetenlose mans word.

Volgens die bestudeerde gesinne is daar dertien ongehude moeders van wie tien elk een buite-egtelike kind het, terwyl twee elk twee sodanige kinders het en een drie sodanige kinders het.

Dit is wenslik dat hierdie verskynsel deur middel van 'n paar voorbeelde opgehelder word.

## Geval XXIV

In hierdie geval het ons met 'n gesin wat op 'n staatsnedersetting woon,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te doen. Die vader is oorlede en die weduwee met ses afhanklike kinders is toegelaat om op die nedersetting aan te bly. Die moeder van die gesin was baie skoon en net in haar huis en haar kinders was altyd goed versorg. Sy het egter swak neigings gehad vir sover dit haar sedelike lewe betref. Dit was bekend dat sy, terwyl haar man nog geleef het, verhoudings met ander mans aangeknoop het. Na haar man se dood het sy deur middel van haar verhoudings met ander mans van hulle vergoeding ontvang. Hulle het bv. vir haar kruideniersware en klerasie gekoop.

Haar oudste kind wat 'n dogter was, het, terwyl sy nog op skool was, verhoudings met mans aangeknoop. Die moeder het altyd die gedrag van haar dogter goedgepraat en bedek. Toe sy die ouderdom van sestien jaar bereik het, moes sy werk buite die Nedersetting aanvaar. Sy het 'n ruk in 'n skoenfabriek gewerk maar, as gevolg van verhoudings wat sy toe reeds met 'n man wat deur sy vrou verlaat is, aangehad het, het sy by hom gaan inwoon as „huishoudster". Ook hierdie stap van die dogter is deur die moeder goedgepraat. Later het sy by die man 'n buite-egtelike kind gehad.

Die man het baie swak vir haar gesorg en as gevolg van haar verwaarloosde toestand het sy die prooi van tering geword.

Kort voor haar dood het die man haar na haar moeder wat toe weer getroud is, teruggebring. Die babetjie is toe as 'n sorgbehoewende kind in terme van die Kinderwet behandel.

Die swak voorbeeld wat die moeder aan die dogter gestel het — laasgenoemde was bewus van haar moeder se wangedrag — was vir die dogter se sedelik welsyn bepaald nie bevorderlik nie. Die feit dat die moeder die dogter se doen en late goedgepraat het en selfs leuens vertel het, t.w. dat die dogter met die man getroud is, het die dogter in haar kwaad gesterk. Die rede waarom die moeder haar dogter toegelaat het om by die man te gaan „werk" was van 'n ekonomiese aard want sy het vermoed dat hy taamlik gegoed was en dat hy aan haar dogter en moontlik ook aan haar gesin weldade sou bewys.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geval XXV.

Hier het ons met 'n tipiese boswerkersgesin te doen. Die vader van hierdie gesin is self 'n oud-boswerker. Die gesin bewoon 'n houthuisie wat op paggrond staan. Die betrokke dogter het 'n huishoudskool vir slegs een jaar besoek nadat sy Std VI geslaag het. Omdat daar familie van haar in die Kaap gewoon het, is sy daarheen waar sy in kafees gewerk het.

Hoewel daar geen bewyse van sedelike wangedrag by die ouers was nie, het die dogter in Kaapstad sedelik ten onder gegaan. Sy het in Kaapstad twee onegtelike kinders by verskillende mans gehad. Sy het hierna na haar ouers virgoed teruggekeer en het die twee kinders saamgebring. Albei word tans deur die grootouers versorg. Sy het vir 'n geruime tyd by haar ouers gewoon voordat sy 'n huweliksaanbod van 'n plantasiewerker gekry het. Sy het vir 'n derde keer swanger geword en kort voor die geboorte van die kind is sy getroud.

'n Belangrike aspek in die sedelike verval van hierdie dogter is die feit dat sy uit so 'n agterlike omgewing afkomstig is. Die oorgang tussen hierdie omgewing en 'n stedelike omgewing was vir die dogter 'n te groot sprong. Die geslepenheid en lis van sommige gewetenlose mans het sy geensins besef nie. Sy het self meegedeel dat die eerste man wat sy ontmoet het, huweliksbeloftes aan haar gemaak het met die gevolg dat sy hom vryhede toegelaat het.

Hierdie geval toon ondubbelsinnig dat dogters wat uit hierdie streek kom, voldoende voorligting nodig het voordat hulle in stedelike werkkringe opgeneem word. Hulle voel gevlei wanneer mans hulle met motors uitneem want vir hulle is so iets 'n vreemde en nuwe ondervinding waarvoor hulle nie voorberei is nie.

Geval XXVI.

Hier het ons met 'n plantasiewerker en sy gesin te doen. Dit is 'n uiters swak gesin te oordeel na die slordigheid en onsindelikheid in die huis. Die woning is van hout en sink gebou en het 'n grondvloer. Daar is slegs twee slaapkamers wat swak van mekaar deur

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die houtmure geskei is. Dogters en seuns moes dieselfde kamer deel. Die moeder en een inwonende getroude dogter loop kaalvoet in die huis rond.

In hierdie gesin is daar drie dogters wat as gevolg van verhoudings met mans geboorte aan kinders gegee het. Die twee oudste dogters is kort na die geboorte van die kinders met die betrokke mans getroud.

Die jongste dogter het in 'n kafee in die bosstreek gaan werk nadat sy Std VI geslaag het. Dit was gedurende die oorlog en 'n soldaat het met haar verhoudings aangeknoop. Ook hy het aan haar huweliksvoorstelle gedoen met die gevolg dat sy hom vryhede toegelaat het. Die kind word tans deur die grootouers versorg.

Ook in haar geval was sy nie opgewasse teen die versoekings in die dorp nie. Boonop was sy, as gevolg van uiters treurige en swak huislike omstandighede, nie gesterk teen versoekings nie.

## Geval XXVII.

Hier het ons met 'n gesin te doen wat, hoewel arm, tog as fatsoenlik beskryf kan word. Die vader is op proef uit 'n kranksinnige gestig gelaat. Die moeder ontvang 'n onderhoudstoelae vir haar jong kinders. Haar oudste dogter het die skool na Std VI verlaat en het in 'n hotel gaan werk om in die behoeftes van die gesin te help voorsien.

Sy het self erken dat sy hier in versoeking gekom het deur 'n man wat haar 'n huweliksaanbod gemaak het. Sy was 'n aantreklike dogter en het baie gou die prooi van 'n man geword.

Ook in hierdie geval word die kind deur die grootmoeder versorg. Hierdie dogter het haar werk by die hotel laat staan en 'n gegoede man uit 'n ander omgewing wat niks van die voorval geweet het nie, het met haar in die huwelik getree.

Sedelike verval in die gemelde gevalle word langs die weg van 'n proses voltrek. In die eerste plek is daar die swak huislike omstandighede waaronder seuns en dogters in dieselfde gesin opgroei.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In sommige gevalle het die ouers hulself vroeër aan dergelike wangedrag skuldig gemaak.

Sulke ouers handhaaf dikwels nie 'n hoë standaard in die huislike kring en in hul eie doen en late nie met die gevolg dat 'n swak voorbeeld aan die kinders gestel word.

'n Verdere stap in die proses van sedelike verval, is die versoeking waarin gewetenlose mans die dogters stel. Dit geld veral in gevalle waar die dogters buite die bosstreek in betrekkings is. In gevalle waar dogters in die bosstreek deur mans verlei word, lei dit dikwels tot 'n huwelik.

4. EGSKEIDING EN VERLATING.

Sonder twyfel kan gesê word dat egskeiding vrywel onbekend is en dat verlating baie selde voorkom vir sover dit die gemeenskap onder bespreking betref. In die bestudeerde gesinne is daar nie een geval van egskeiding of verlating teëgekom nie.

Weliswaar is daar 'n paar gevalle wat egter nie by die bestudeerde gesinne ingesluit is nie, aangetref waar verlating die optrede van welsynsbeamptes genoodsaak het. 'n Paar sulke gevalle sal hieronder aangehaal word.

Dit ly geen twyfel nie dat partye liefs mekaar sal verlaat as om te skei aangesien hul eerstens onkundig is oor die wetsprosedure en tweedens nie in die geldelike posisie is om 'n egskeiding te bekostig nie. Die afwesigheid van egskeidings bewys nie dat die gronde tot egskeiding heeltemal afwesig is nie. Inteendeel, die gevalle waar verlating plaasgevind het, toon dat daar voldoende gronde tot 'n egskeiding bestaan. Hierdie stap word om die gemelde redes

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



egter nie gedoen nie.

## Geval XXVIII.

Hier het ons met twee huwelikspare te doen wat ook nakomelinge van boswerkers is. In die een geval is die man oorlede en in die ander geval het die man — hy was met sy niggie getroud — sy vrou verlaat. Hierdie man het saam met die weduwee gaan woon as man en vrou. Die vrou wat deur haar man verlaat is, het weer saam met 'n ongetroude man gewoon as man en vrou.

## Geval XXIX.

In hierdie geval het 'n man sy vrou en twee jong kinders verlaat. Hy bly saam met 'n ander vrou wat ook deur haar man verlaat is. Die vrou met die twee kinders woon in by haar ouers en sy ontvang onderhoud van haar man vir die twee kinders. Daar moet egter bygevoeg word dat slegs die een man 'n nakomeling van boswerkers is, terwyl die ander drie partye nakomelinge van mense van die nabye Karoo is.

## 5. DIE HUISLIKE LEWE.

In die moderne samelewing vorm die huislike lewe van elke gesin 'n veel-eenheid. Wanneer die elemente van die huislike lewe harmonies ontwikkel, word 'n teënwig teen die ontstaan van disintegrasie gevorm.

Bestudeer ons die huislike lewe van nakomelinge van boswerkers, dan vind ons dat dit onontwikkeld is. Hierdie bevinding wat gebaseer is op die waarneming van honderdtalle gesinne wat besoek is, sal hieronder gestaaf en verklaar word. Daar sal gepoog word om op die belangrikste aspekte van die huislike lewe in te gaan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(a) Die Woning.

Die benarde woningtoestande waaronder boswerkers vir 'n aantal geslagte verkeer het, moet hier beklemtoon word. Daar is op gewys dat 165 boswerkers en hul gesinne in 1882 slegs 16 huise en 25 hutte bewoon het. Dit ly dus geen twyfel nie dat daar vry weinig huislike trots en sindelikheid onder sulke omstandighede kon ontwikkel het.

Oud-boswerkers en die nakomelinge van boswerkers wat hulle nog in die bosstreek bevind, woon op plekke wat onder 'n aantal hoofde ingedeel kan word.

Eerstens is daar die groep wat vir die arbeidsmark ongeskik is en wat op die Nedersetting van die Departement van Volkswelsyn op Karatara woon. Op die oomblik woon daar sowat 100 gesinne. Wanneer die beoogde skema voltooi is, sal daar huisvesting vir sowat 150 gesinne wees. Hierdie wonings bestaan uit drie slaapkamers, eetkamer, kombuis, badkamer en buitegebou. Die mure is van sementstene, daar is plankvloere, plafonne, 'n staandak, water is aangelê en daar is 'n stoof en 'n bad. Dit is 'n volledige, gerieflike en moderne huis. Elke huis staan op 'n half-akker tuingrond.

Tweedens, kry ons die wonings wat deur die Departement van Bosbou aan sy werkers met hul gesinne verskaf word. Hierdie huise kan in twee groepe verdeel word. Ten eerste vind ons die huise wat ongeveer 1916 tot 1925

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opgerig is. Hierdie huise wat op Bosbougrond staan, bestaan meestal uit drie slaapkamers, 'n eetkamer en kombuis. Die huise is van sooie gebou, het grondvloere en geen plafon nie. Sommige is sink- en hout-huisies.

Hierdie huise word in die omgewing van elke Bosboustasie aangetref. In die bosstreek tussen George en Humansdorp is daar ongeveer 400 sulke wonings wat deur plantasiewerkers bewoon word.

Die Departement van Bosbou is vir ongeveer twee jaar reeds besig om beter en permanente wonings vir sy werkers by die Bosboustasies op te rig, en die ou tipe woning sal ewentueel verdwyn. Tot dusver is daar sowat 50 huise onder die nuwe skema opgerig. Hierdie wonings is ook heeltemal modern en is feitlik dieselfde as die huise wat deur Volkswelsyn opgerig word. Instede van sementstene word bakstene gebruik. Daar word 15/- per maand aan huur betaal.

In die derde plek is daar die groep wat op paggrond woonagtig is. Hier is die bewoner in die werklikheid eienaar van die woning en grond van sowat anderhalf morg. In hierdie wonings is daar plantasiewerkers, pensionarisse en werkers in meubelfabrieke woonagtig. In hierdie gemeenskappe word ook kleurlinggesinne wat nakomelinge van kleurlingboswerkers is, aangetref. Die wonings bestaan gewoonlik uit sooie, hout en sink. Meestal is daar grondvloere, in

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heelwat gevalle is daar nie 'n stoof in die kombuis nie en vuur word op 'n vuurherd gemaak, terwyl die dak pikswart van die roet is. Dit is moeilik om te skat hoeveel huise daar is wat onder hierdie kategorie val. Daar sal egter nie minder as sowat 500 in die bosstreek wees nie.

In die vierde plek is daar die huisies wat op die grond van selfstandige boere staan. In hierdie huisies woon sowel bywoners as plantasiewerkers en pensioentrekkers. Hierdie huise is soortgelyk aan die huise in die derde groep beskryf. Daar word 'n huur betaal wat tussen 10/- tot £1.10.0 per maand wissel. Dit is moeilik om 'n skatting van die aantal wonings op plase te maak. Daar kan alleen gesê word dat hulle talryk is, daar sommige boere tot tien sulke gesinne op sy plaas het.

In die vyfde plek vind ons die gesinne wat woon op die landboupersele wat onder die kerknedersettings op Olifantshoek en Wilderneshoogte in die distrik George val. Hoewel die grond aan die kerk behoort en huur slegs ten opsigte van die perseel betaal word, is dit die plig van die huurder om self 'n woning op te rig. Omtrent 50 persent van die wonings behoort tot die derde groep. Hier woon sowat 300 gesinne van wie omtrent die helfte nakomelinge van boswerkers is, terwyl die res van die nabye Karoo afkomstig is.

Ten slotte het ons die groep wat op

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eiendomme woon wat as lewensreg bekend staan. Die grond is bemaak tot in die vierde geslag. 'n Huisie word deur 'n erfgenaam opgerig en gewoonlik is dit sink- en houthuisies van 'n paar vertrekke. Hierdie tipe huis kom ooreen met die groep wat onder die derde hoof beskryf is. Die waarde van die huise wissel tussen £50 en £100.

Tabel XXIII toon die woningverspreiding van die bestudeerde gesinne.

Tavel XXIII.

Wonings wat deur 175 gesinne bewoon word. (1946-'47).

| Wonings. | Nedersetting Dept. v. Volkswelsyn. | Dept. van Bosbou (Ou Skema) | Paggrond | Bywonershuise. | Kerk Nedersetting. | Lewensreg-eiendom. | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Gesinne | 40 | 34 | 26 | 38 | 18 | 19 | 175 |
| Persentasie. | 22.9 | 19.4 | 14.8 | 21.7 | 10.3 | 10.9 | 100.0 |

In tabel XXIII vind ons die belangrikste wonings waarin oud-boswerkers en die nakomelinge van boswerkers woon.

Dat die behuisingstoestand van die nakomelinge van boswerkers veel te wense oorlaat, word op ondubbelsinnige wyse deur tabel XXIII bewys. Met die uitsondering van die 40 gesinne, sowat 23 persent, wat op die nedersetting van die Departement van Volkswelsyn woon, kan gesê word dat die behuisingtoestand sorgwekkend is. Die oorgrote meerderheid van die bestudeerde gevalle, sowat 77 persent, woon in huise wat ongeskik vir

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


bewoning deur blanke gesinne is. Die huise is ongeskik om verskillende redes soos bv. oorbewoning, bouvalligheid, ondigtheid, onvoldoende ventilasie, klamheid, grondvloere, ens.

Met hierdie opmerkings voorop is dit duidelik dat die woning 'n uiters nadelige uitwerking op die huislike lewe van die bewoners moet hê.

Waar oorbewoning voorkom, word kinders van verskillende ouderdomme en geslagte in een of twee vertrekke met die ouers saamgehok. Mediese beamptes getuig hoedat hulle by 'n noodgeval in die nag oor verskillende lede van die gesin moet „klim" om by die pasiënt te kom wat die verste na agter in dieselfde vertrek as die res van die gesin slaap. Hoewel dit onmoontlik is om bewyse te vind vir sedelike verval wat uit sulke omstandighede spruit, kan gesê word dat sulke toestande nie bevorderlik is vir die welsyn van die kinders nie.

In gevalle waar klamheid en ondigtheid van die wonings die grootste swakheid verteenwoordig, moet nadelige gevolge op die gesondheid onbeperk wees. Die skrywer kan verskillende voorbeelde aanhaal waar wonings onvoldoende beskutting bied teen die koue wind en reën. In een besondere geval, was daar twee siek kinders in 'n huis met mure van sparre („skale") en die wind het aanhoudend dwarsdeur die mure gewaai.

Die wonings met grondvloere dien geensins as aanmoediging tot netheid, skoonheid,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en huislike trots nie. Daarom is die oorgrote meerderheid van die wonings vuil, onnet en slordig. In baie wonings bestaan die "versierings" aan mure uit groot stukke koerante waarop fotos van egpare en filmsterre verskyn. Dit kom voor asof die koerantpapier gebruik word vir sowel plakpapier as portrette. Die onnetheid en vuilheid word vererger in daardie wonings waar daar nie eens 'n stoof is nie. In daardie gevalle is die as, stof en roet nie tot die kombuis beperk nie omdat dit deur die hele huis gewaai word.

Die leser kan wel 'n begrip vorm wat die invloed van hierdie swak wonings, wat in baie gevalle nie verskil van dié waarin die kleurlinge woon nie, op die inwoners moet hê vir sover dit selfrespek en fynheidsgevoelens betref. Die gebrek aan woningtrots moet noodwendig in die lig van die geskiedkundige agtergrond van hierdie gemeenskap gesien word.

(b) Die Huislike Kring.

Onder die huislike kring word verstaan die som-totaal van die verhoudings tussen die lede van die gesin. In die westerse samelewing is die vrou die kern van die huishouding en sy is uit hoofde van hierdie feit by magte om 'n groot invloed sosiaal, sielkundig en opvoedkundig uit te oefen, veral op die ontluikende kindergemoed.

Dit is 'n tragiese feit dat die moeder, in die gemeenskap onder bespreking, nie 'n faktor

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


is wat haar funksie op waardige wyse vervul nie. Omdat hierdie moeders, sonder enige uitsonderings, geen loonarbeid verrig nie, kan verwag word dat hulle onbeperkte tyd aan die huishouding kan bestee. Dit is nie die geval nie.

Die „afleiding" wat die moeder soek, is nie binne haar huis geleë nie maar wel daarbuite. 'n Plek wat baie aftrek kry, is die Poskantoor en die winkel wat gewoonlik bymekaar is. Dit neem soms ure om 'n paar onbenullige inkopies te doen. Die winkel is soms 'n paar myl van die woning geleë sodat uithuisigheid hierdeur aansienlik in die hand gewerk word, aangesien hulle oor geen vervoer beskik nie.

Wanneer die moeder tuis is, is dit ook moeilik om vas te stel waarmee sy juis doenig is. In baie tientalle wonings word daar geen middagete voorberei nie. Die skrywer kan verklaar dat in geen tien persent van die gevalle wat bestudeer is, die moeder oor 'n naaimasjien beskik of besig gevind is met lap- en stopwerk nie. Hoewel gesinne besoek is om en by middagete is nooit gevind dat daar tafel gedek is en die gesin om die tafel vergader nie. Trouens, baie tafels wat swaar belaai is met koppies en glasware getuig dat daar nooit tafel gedek word nie. Wat wel aangetref is, is dat aan kinders wat van die skool af kom 'n stuk brood en 'n beker swart koffie gegee word en dan sit hulle oral op die vloer rond — veral in die kombuis — en eet. Die waarnemer

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kan nie help om te glo dat die kenmerke hierbo omskryf op persoonsverwording neerkom nie. 'n Mediese beampte wat 'n paar jaar lank hierdie gemeenskap bearbei het, het tot die slotsom geraak dat in baie gevalle daar by die vrou geen sprake van selfrespek is nie. Hy is ook die mening toegedaan dat die ontaarding meer opvallend by die vrou as by die man is.

Kom ons tot die broodwinner dan word gevind dat sy werkomstandighede — versterk deur die oorgelewerde leefwyse — alle belangstelling in sy huis teenwerk. Dit geld veral vir die plantasiewerkers. Sommige van hulle verlaat hul huise Maandagoggend om eers Vrydagaand terug te keer. Gedurende sy verblyf in die plantasie slaap hy snags in 'n skerm. Hoewel hy maklik in 'n natuurmens kan ontaard, is daar dié voordeel aan sy werk verbonde dat hy onderwerp is aan dissipline en die leuse-arbeid adel.

Samevattend kan verklaar word dat, hoewel die huweliksouderdom by mans feitlik dieselfde is as by die algemene bevolking, is dit nie die geval by vrouens nie. 'n Baie groot persentasie sluit die huwelik voordat die ouderdom van twintig jaar bereik is. Die geringe loonarbeid van die vrou, veral by die vroeëre geslag, is grootliks hiervoor verantwoordelik.

Die hoë kindertal word onteenseglik deur hierdie verskynsel bevorder. Sowel die natuurlike aanwas as die toevloei van gesinne uit die bosstreek tot boswerk het die boswerkersgemeenskap so uitgebrei.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Terwyl egskeiding en verlating 'n seldsame verskynsel is, is buite-egtelike verhoudings, veral onder ongetroudes, geen ongewone verskynsel nie. Hierdie verskynsel word veral in die „verpligte huwelik" en in die „voorkind" aan die lig gebring. Buite-egtelike kinders word gewoonlik deur die grootmoeder versorg en as haar eie kind beskou.

Die huislike lewe is onontwikkeld. Hierdie verskynsel moet veral in die lig van die tradisionele swak behuisingstoestand en die powere rol van die vrou in die huis gesien word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk Vll.

## ONDERWYS EN OPVOEDING.

### 1. ONDERWYSGERIEWE.

Omdat aanvaar word dat onderwys en opvoeding die middel is waardeur die mens in staat gestel word om homself in die samelewing te handhaaf, is dit vanpas om 'n ontleding te maak van die onderwysgeriewe wat boswerkers en hul kinders tot hul beskikking gehad het en nog het.

'n Paar grepe word hier uit die ontwikkeling van Staatsonderwys in Kaapland gedoen.(1)

Malherbe haal sensussyfers vir 1891 aan om die persentasie blanke kinders, tussen die ouderdomme van bokant vyf jaar en onder vyftien jaar, wat op skool was, aan te toon. Hierdie persentasies varieer tussen 1.30 vir Prieska en 71.92 vir Stellenbosch. Knysna het 'n persentasie van 46.45, George 42.63, Mosselbaai 41.65, Humansdorp 27.38 en Oudtshoorn 26.52.(3)

Met die oog op die relatief hoë persentasie kinders wat in Knysna en George skool besoek het, en die feit dat daar toe (1930) groot maatskaplike vraagstukke was, en tans nog is, wyt Malherbe o.a. aan die natuurlike seleksie van verstand. Hierdie faktor meen Malherbe was in George

---

(1) E.G. Malherbe: Onderwys en die Armblanke. Verslag van die Carnegie-kommissie. Pro Ecclesia-drukkery, Deel 111, Stellenbosch, 1932, p.26 e.v.

(3) Malherbe: t.a.p. pp. 41, 42.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


en Knysna sterker as die invloed van die onderwys. Ter stawing van sy sienswyse wys hy daarop dat die feite afkomstig van 'n aantal families getoon het dat die skranderes en energiekes weggetrek het, terwyl „die pappes en luies...... bly sit het en hulle self voortgeplant het". Die wat weggetrek het, is deur swak elemente vanaf die Karoo opgevolg.(4)

Hieruit moet afgelei word — indien ons aanneem dat die proses nog voortgaan — dat Knysna stelselmatig in 'n streek van swakkeres ontaard. Hoewel hy die positiewe invloed van onderwys aanvaar, meen hy dat Knysna nie die breinkrag het om daarby te baat nie. Wat die verlede betref, verloor hy blykbaar die feit uit die oog dat die skole aldaar — volgens gegewens wat hy self verstrek - voor die jaar 1900 van feitlik nul en gener waarde was ten spyte van die relatief hoë persentasie skoolbywoning. Verder is dit nog 'n ope vraag of die persentasie skoolbesoekers in Knysna uit kinders van boswerkers bestaan het, dan wel uit kinders van winkeliers, handelaars, pensioenarisse, e.d.m.

Volgens die gegewens hierbo verstrek, blyk dit dat eers vanaf 1893 'n ernstige poging aangewend is om onderwys tot die beskikking van die mindergegoede blanke te stel, al het hierdie derdeklasskole slegs opleiding tot Std V verskaf. Volgens die rekords van sewe distrikskole in Knysna word die volgende datums vir die inskrywing van die eerste leerlinge vir die onderskeie skole verskaf: Leeuwbosch (1890), Westfordbrug (1894), Elandskraal (1905), Kraaibosch (1906), Redlands (1912),

---

(4) Malherbe : t.a.p., p.93.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Highway (1919), Karatara (1923). Met die stigting van hierdie en ander skole in die distrik het die onderwysgeriewe op 'n geskikte wyse ter beskikking van boswerkergesinne gekom.

In 1911 word die posisie as volg gevind:-

"A bright feature of the districts in which the woodcutters reside is the ample provision in regard to the schools and facilities for education. Perhaps no other part of the Province is so rich in schools as the Knysna and George divisions....... But on the other hand.... education....... achieves very little in these districts. ........ In the education system no account whatsoever is taken of the conditions of the people, of the circumstances, of the requirements, of the future of the children. The mother tongue is discarded, the children are drenched in a language which they neither understand nor use, nor even ever will require.......

"As long as the education which a poor truggling woodcutter father can secure for his son, can do no better for that son than to make him a candidate for the woodcutter profession, so long that education must be held to be a failure, and to be conducted on wrong lines and wrong principles. ........ One of the reasons certainly why we have a woodcutter problem at all is simply because we are not giving the children the correct education." (5)

In verband met hierdie toestande wat tot 1911 voortbestaan het, mag die vraag gestel word of onderwys en opvoeding in die verlede ooit 'n rol ter versagting van die toestand van boswerkers kon

---

(5) A.D. Luckhoff: Enquiry into the Poor White Question as affecting the Cape Province, 1911, pp. 21, 22.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

speel. Trouens, is dit die niksseggende onderwysgeriewe of "minderwaardige breinkrag" wat vir die maatskaplike en ekonomiese ellende van die boswerkersgroep verantwoordelik was?

Tans bestaan daar in Knysna en distrik 26 laerskole, een hoërskool en een junior hoërskool. Benewens hierdie skole is daar ook 'n huishoudskool op Knysna onder die beheer van die Departement van Unie-Onderwys. Die moeilikheid vandag is nie dat daar te min skole is nie, maar wel te veel. Daar is skooltjies wat uit 13, 14, 18, 26, 33 en 34 kinders bestaan en baie skole is slegs 'n paar myl van mekaar geleë.

## 2. DIE ONDERWYSPEIL.

Nadat die ontwikkeling van onderwysgeriewe kortliks geskets is, is dit van belang om die onderwyspeil van boswerkers en hul nakomelinge te ontleed.

Die vroegste gegewens wat 'n aanduiding van die onderwyspeil van boswerkers gee, is afkomstig uit 'n amptelike verslag wat in 1882 publiseer is. Die besonderhede het betrekking op die vermoë van blanke boswerkers, hul vrouens en kinders (ouer as tien jaar), om te lees en te skryf.

Tabel XXIV.

Bevoegdheid van Boswerkers, hul Vrouens, en Kinders (bo tien jaar) om te lees en te skryf (1882). (6)

| Bevoegdheid. | boswerkers | | | vrouens | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Tot. | Ja | Nee | Tot. |
| Aantal | 60 | 32 | 92 | 71 | 21 | 92 |
| Persentasie | 65.2 | 34.8 | 100.0 | 77.2 | 22.8 | 100.0 |

| Bevoegdheid. | Kinders. | | |
|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | Tot. |
| Aantal | 65 | 120 | 185 |
| Persentasie | 35.2 | 64.8 | 100.0 |

(6) Cape of Good Hope: Location of Immigrants in the George and Knysna Divisions. Capetown (A47-'82) p.34 e.v. (tabel self saamgestel).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA 

Tabel XXIV weerspieël geletterdheid en ongeletterdheid by boswerkergesinne omstreeks 1880. Uit hierdie tabel is daar twee opvallende afleidings te maak. Eerstens vind ons dat geletterdheid by vrouens sowat 12 persent hoër is as by hul eggenote. Die tweede afleiding is dat die kinders 'n baie groter mate van ongeletterdheid as hul ouers toon.

Dat vrouens 'n hoër graad van „geleerdheid" openbaar as hul mans moet aan die feit toegeskryf word dat seuns reeds op 'n vroeë leeftyd hul boswerker-vaders in die bosse moet help. Aan hulle is nie die geleentheid gegee om die skool by te woon nie. 'n Werk wat veral geskik vir jong seuns was, het bestaan in toulei wanneer die gekapte blokke uit die bos gesleep en later na Knysna per ossewa vervoer is. Ook moes hulle die osse oppas en aankeer en help om die osse in te span. Hulle moes vir hul vaders koffie bring wat by die verskillende skerms in die houtbos voorberei is. Hierdie toestand het selfs in 1930 nog bestaan.(7)

Met die dogters, daarenteen, was dit anders gesteld. In die krotte waarin boswerkergesinne gewoon het, was daar vir die dogters niks te doen nie. Hoewel hulle gehelp het in die klein tuintjies en met die grootmaak van die kleintjies, het hulle tog tyd gehad om die skool by te woon. So kon die dogters darem 'n bietjie geleerdheid opdoen, terwyl die meeste van hul boeties daarsonder moes bly. Trouens, die onderwys het geen betekenis gehad nie, en na 'n paar jaar op skool het die kind virgoed van die skool weggebly.

Indien ons egter aanneem dat hierdie

---

(7) W.A. Murray: <u>Die fisieke toestand van die Armblanke:</u> Verslag van die Carnegie-kommissie. Deel IV. Pro Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1932, p.13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

faktor vir sowel die ouers as hul kinders gegeld het, dan mag ons vra waaraan die geweldige daling van geletterdheid by die kinders toegeskryf moet word. Aangesien ons hier te doen het met kinders wat ouer as tien jaar is, moes hulle gebore gewees het voor 1870. Die ouers se ouderdomme varieer tussen 20 jaar en 60 jaar. Hulle moes dus gebore gewees het tussen 1820 en 1860.

'n Paar redes wat hierdie verskil mag verklaar, word hier aangevoer. Sommige van die ouers wat tussen 1820-1860 gebore is, mag van gegoede dele met beter onderwysgeriewe afkomstig wees. Verder, sommige van die ouers wat in die bosstreek gebore is, was moontlik die kinders van boere en kon meer gebruik van die skool maak as die kinders van boswerkers.

Feit bly egter dat die toppunt van ongeletterdheid onder die boswerkersgroep omstreeks die laaste kwart van die 19e eeu bereik is. Onthou moet word dat die bosse in 1856 weer vir ontginning oopgestel is en sedertdien het sowel die aantrekkingskrag vir as die houvas van die bosse op hierdie groep verstewig.

Hierdie proses het 'n hoogtepunt omstreeks 1870-1890 bereik. 'n Kommissie van ondersoek wat in 1882 verslag uitgebring het, verklaar oor die boswerkersgesinne "that they are almost devoid of either education or religion, and they appear hopeless of improvement and uncared for by church or state."(8)

Dit kom voor of ná 1900 sowel die houvas van die skool op die kinders as hul onderwyspeil

---

(8) Jackson-verslag: t.a.p., p.31.

© University of Pretoria

verbeter het.

Om 'n aanduiding van die posisie te kry, is die huweliksdatum van 175 vaders en 175 moeders met die onderwyspeil van hul kinders in verband gebring. Die onderwyspeil is van 483 kinders verkry. Die posisie word in tabel XXV weergegee.

Hoewel tabel XXV die verskynsel nie baie goed kon vertolk nie omdat daar 'n groot ouderdomsverskil is tussen kinders wat uit dieselfde huwelik gebore is, is daar nietemin 'n aanduiding dat die onderwyspeil verbeter namate die huweliksluitings op jonger datums plaasgevind het.

Die onderwyspeil van die vaders en moeders in die 175 bestudeerde gesinne is ook nagegaan en in tabel XXVI word die onderwyspeil met die ouderdomme van mans en vrouens in verband gebring.

Tabel XXV.

Onderwyspeil van Kinders wat gebore is uit Huwelike wat tussen 1880 en 1929 gesluit is (In 1946-'47 opgestel)

| Huweliksgroep | Std.V en minder | | Std VI. | | Stds. VII en VIII | | Stds. IX en X. | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % | Aantal. | % |
| 1880-1884. | 32 | 96.9 | 1 | 3.1 | - | - | - | - | 33 | 100.0 |
| 1885-1889. | 8 | 100 | - | - | - | - | - | - | 8 | 100.0 |
| 1890-1894. | - | - | - | - | - | - | - | - | | |
| 1895-1899 | 59 | 81.9 | 8 | 11.2 | 5 | 6.9 | - | - | 72 | 100.0 |
| 1900-1904 | 25 | 50. | 18 | 36 | 7 | 14 | - | - | 50 | 100.0 |
| 1905-1909 | 23 | 60.5 | 5 | 8.3 | 10 | 26.3 | 1 | 4.9 | 38 | 100.0 |
| 1910-1914 | 54 | 47.4 | 38 | 33.3 | 21 | 18.4 | 1 | .9 | 114 | 100.0 |
| 1915-1919 | 19 | 32.2 | 32 | 54.2 | 6 | 10.2 | 2 | 3.4 | 59 | 100.0 |
| 1920-1924 | 23 | 34.8 | 22 | 33.3 | 16 | 24.2 | 5 | 7.7 | 66 | 100.0 |
| 1925-1929 | 21 | 48.8 | 13 | 30.2 | 4 | 10.5 | 4 | 10.5 | 43 | 100.0 |
| Totaal | 264 | 54.6 | 137 | 28.4 | 69 | 14.3 | 13 | 2.7 | 483 | 100.0 |

© University of Pretoria

## TABEL XXVI

**Verband tussen die Ouderdomme van 175 Vaders en 175 Moeders en hul Onderwyspeil (In 1946-'47 opgestel)**

| Geboortejaar | Ouderdom | M A N S | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen Onderwys | | Std V en minder | | Std VI | | Std VII en VIII | | Stds IX en X | | Totaal | |
| | | aant. | % | aant. | % | aant. | % | aant. | % | aant. | % | aant. | % |
| Na 1926 | Onder 20jr. | | | | | | | | | | | | |
| 1921 – 1925 | 21 – 25jr. | | | 1 | 33.3 | | | 2 | 66.7 | | | 3 | 100 |
| 1916 – 1920 | 26 – 30jr. | | | 5 | 62.5 | 3 | 47.5 | | | | | 8 | 100 |
| 1911 – 1915 | 31 – 35jr. | 1 | 8.3 | 7 | 58.4 | 3 | 25 | 1 | 8.3 | | | 12 | 100 |
| 1906 – 1910 | 36 – 40jr. | 1 | 4.8 | 15 | 71.4 | 5 | 23.8 | | | | | 21 | 100 |
| 1901 – 1905 | 41 – 45jr. | 2 | 6.7 | 23 | 76.6 | 3 | 10.0 | 2 | 6.7 | | | 30 | 100 |
| 1896 – 1900 | 46 – 50jr. | 5 | 29.4 | 12 | 70.6 | | | | | | | 17 | 100 |
| 1891 – 1895 | 51 – 55jr. | 5 | 31.2 | 10 | 62.5 | 1 | 6.3 | | | | | 16 | 100 |
| 1886 – 1890 | 56 – 60jr. | 9 | 47.4 | 9 | 47.4 | 1 | 5.2 | | | | | 19 | 100 |
| 1881 – 1825 | 61 – 65jr. | 9 | 60.0 | 6 | 40.0 | | | | | | | 15 | 100 |
| 1876 – 1880 | 66 – 70jr. | 12 | 92.3 | 1 | 7.7 | | | | | | | 13 | 100 |
| Voor 1875 | 71 en ouer | 20 | 95.2 | 1 | 4.8 | | | | | | | 21 | 100 |
| | TOTAAL | 64 | 36.6 | 90 | 51.4 | 16 | 9.1 | 5 | 2.9 | | | 175 | 100 |

| Geboortejaar | Ouderdom | V R O U E N S | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen Onderwys | | Std V en minder | | Std VI | | Std VII en VII | | Stds IX en X | | Totaal | |
| | | aant. | % | aant. | % | aant. | % | aant. | % | aant. | % | aant. | % |
| Na 1926 | Onder 20jr. | | | 2 | 50% | 2 | 50% | | | | | 4 | 100% |
| 1921 – 1925 | 21 – 25jr. | | | 3 | 37.5 | 3 | 37.5 | 2 | 25 | | | 8 | 100 |
| 1916 – 1920 | 26 – 30jr. | | | 6 | 31.6 | 11 | 57.9 | 2 | 10.5 | | | 19 | 100 |
| 1911 – 1915 | 31 – 35jr. | | | 12 | 57.1 | 7 | 33.3 | 2 | 9.6 | | | 21 | 100 |
| 1906 – 1910 | 36 – 40jr. | 1 | 7.2 | 15 | 65.2 | 6 | 23.2 | 1 | 7.2 | | | 23 | 100 |
| 1901 – 1905 | 41 – 45jr. | | | 17 | 80.9 | 2 | 9.5 | 1 | 4.8 | 1 | 4.8 | 21 | 100 |
| 1896 – 1900 | 46 – 50jr. | | | 12 | 80 | 3 | 20 | | | | | 15 | 100 |
| 1891 – 1895 | 51 – 55jr. | 5 | 18.5 | 19 | 70.4 | 3 | 11.1 | | | | | 27 | 100 |
| 1886 – 1890 | 56 – 60jr. | | | 5 | 100 | | | | | | | 5 | 100 |
| 1881 – 1825 | 61 – 65jr. | 4 | 40 | 5 | 50 | 1 | 10 | | | | | 10 | 100 |
| 1876 – 1880 | 66 – 70jr. | 6 | 60 | 4 | 40 | | | | | | | 10 | 100 |
| Voor 1875 | 71 en ouer | 10 | 83.4 | 1 | 8.3 | 1 | 8.3 | | | | | 12 | 100 |
| | TOTAAL | 25 | 14.3 | 101 | 57.7 | 40 | 22.8 | 8 | 4.6 | 1 | .6 | 175 | 100 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Bepaal ons ons aandag eers by die twee kolomme wat te doen het met ongeletterdheid, dan vind ons dat ongeletterdheid sterk toeneem namate die persone ouer is.

'n Baie interessante verskynsel openbaar hom in die „Std. V en minder" kolom vir sowel mans as vrouens. Hoewel daar 'n dalende tendens by die hoër ouderdomme is, verteenwoordig hierdie kolom die grootste aantal gevalle (sowat 51 persent van die mans en nagenoeg 58 persent van die vrouens).

Hierin word die opvatting oor die onderwys van die boswerker baie duidelik weergegee. Vir sy beroep het hy baie weinig onderwys nodig, hoewel dit hom darem betaam om 'n bietjie geleerdheid op te doen. Of hy nou Std V of Std I slaag, maak aan sy loopbaan geen verskil nie. Trouens, hoe langer hy op skool bly, hoe groter sy verlies in die houtbos. Die onnodigheid van danige geleerdheid speel eweseer 'n rol by die dogter.

Wat Std VI betref, vind ons by sowel mans as vrouens 'n toename namate die persone jonger is. Dieselfde geld in mindere of meerdere mate vir die hoër standerds. As ons na die totale kyk, dan vind ons dat karige onderwys meer by mans voorkom as by vrouens. Dit word veral weerspieël in die geval van ongeletterdheid (mans 36.6%, vrouens 14.3%). Van die mans het 9.1% Std VI geslaag en van die vrouens 22.8%.

Hier is ons verplig om tot die gevolgtrekking te kom dat, hoewel swak verstand wel 'n rol kan speel, dit nie die belangrikste faktor is wat onderwys by die boswerker teenwerk nie. Gemiddeld het dogters en seuns dieselfde breinkrag en tog vorder seuns aansienlik swakker as die dogters. Die redes hiervoor is geensins te wyte

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die verstandspeil nie maar wel daaraan dat die seun sy toekoms in die houtbos sien.

Die swak onderwyspeil (Std V en minder) by albei moet eweëens aan die houding teenoor die onderwys gewyt word.

Kortom, omgewingsfaktore het so 'n sterk rol gespeel dat die onderwys met moeite 'n houvas op die boswerker kon kry en selfs vandag nog, soos later aangetoon sal word, word in talle gevalle die gebrek aan belangstelling teenoor die onderwys opgemerk.

Nietemin, dwing die feite ons daartoe om te verklaar dat die rol wat die onderwys speel, aan die toeneem is. Die kind van die boswerker het die vermoë om by die onderwys te baat. Hy kan in die reel Std VI volgens verdienste slaag.

'n Opname is gemaak van 587 leerlinge wat Std VI tussen 1920 en 1947 in sewe laerskole in die distrik Knysna geslaag het en wat óf gaan werk het óf verder studeer het. Die grootste meerderheid van hierdie kinders is nakomelinge van boswerkers.

Hoewel die aantal leerlinge wat Std VI geslaag het, van 2 in 1920 tot 43 in 1947 toegeneem het, bied die toename in die bevolking nie die enigste verklaring hiervan nie. Trouens, die toename in die ywer om die onderwys na Std VI voort te sit, is 'n bewys dat die houvas van die skool sterker geword het.

Daar word toegegee dat die getalle nie groot genoeg is om absolute betroubaarheid te waarborg nie, maar tabel XXVII toon duidelik 'n toenemende neiging by leerlinge om die onderwys na Std VI voort te sit.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel XXVII.

Leerlinge wat met Std VI die Skool verlaat het of wat verder as Std VI studeer het, vir sewe Distrikskole in Knysna tussen 1920 en 1947.

| Jaar. | Skool met Std. VI verlaat | | Verder studeer | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal. | Persentasie. | Aantal. | Persentasie. | Aantal. | Persentasie. |
| 1920 | 2 | 100.0 | 0 | 0.0 | 2 | 100.0 |
| 1921 | 2 | 66.7 | 1 | 33.3 | 3 | 100.0 |
| 1922 | 3 | 37.5 | 5 | 62.5 | 8 | 100.0 |
| 1923 | 4 | 57.1 | 3 | 42.9 | 7 | 100.0 |
| 1924 | 4 | 57.1 | 3 | 42.9 | 7 | 100.0 |
| 1925 | 3 | 50.0 | 3 | 50.0 | 6 | 100.0 |
| 1926 | 10 | 71.4 | 4 | 38.6 | 14 | 100.0 |
| 1927 | 8 | 80.0 | 2 | 20.0 | 10 | 100.0 |
| 1928 | 9 | 69.2 | 4 | 30.8 | 13 | 100.0 |
| 1929 | 7 | 58.3 | 5 | 41.7 | 12 | 100.0 |
| 1930 | 6 | 50.0 | 6 | 50.0 | 12 | 100.0 |
| 1931 | 6 | 66.7 | 3 | 33.3 | 9 | 100.0 |
| 1932 | 7 | 53.8 | 6 | 46.2 | 13 | 100.0 |
| 1933 | 8 | 66.7 | 4 | 33.3 | 12 | 100.0 |
| 1934 | 11 | 91.7 | 1 | 8.3 | 12 | 100.0 |
| 1935 | 10 | 45.4 | 12 | 54.6 | 22 | 100.0 |
| 1936 | 8 | 53.3 | 7 | 46.7 | 15 | 100.0 |
| 1937 | 17 | 60.7 | 11 | 39.3 | 28 | 100.0 |
| 1938 | 11 | 45.8 | 13 | 54.2 | 24 | 100.0 |
| 1939 | 11 | 37.9 | 18 | 60.1 | 29 | 100.0 |
| 1940 | 15 | 45.4 | 18 | 54.6 | 33 | 100.0 |
| 1941 | 20 | 50.0 | 20 | 50.0 | 40 | 100.0 |
| 1942 | 20 | 51.3 | 19 | 48.7 | 39 | 100.0 |
| 1943 | 18 | 38.3 | 29 | 61.7 | 47 | 100.0 |
| 1944 | 17 | 41.5 | 24 | 58.5 | 41 | 100.0 |
| 1945 | 15 | 37.5 | 25 | 62.5 | 40 | 100.0 |
| 1946 | 17 | 36.9 | 29 | 63.1 | 46 | 100.0 |
| 1947 | 15 | 34.9 | 28 | 65.1 | 43 | 100.0 |
| Totaal | 284 | 48.4 | 303 | 51.6 | 587 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Dit is nie alleen beter onderwysgeriewe wat hiervoor verantwoordelik is nie maar ook 'n veranderde opvatting by die ouers vir sover dit die onderwys betref. Namate die houvas van boswerk verslap het, na die mate het die houvas van die skool verstewig. In 1938 oortref die leerlinge wat verder studeer, die skoolverlaters. Sedert 1913 het die getal boswerkers van meer as 'n duisend tot sowat 130 in 1939 - die jaar waarin boswerkers afgeskaf is - gedaal. Hoewel die aantal plantasiewerkers gestyg het namate die aantal boswerkers afgeneem het, impliseer plantasiewerk iets anders as boswerk vir sover dit die kinders betref. Boswerk was 'n selfstandige werk en die vader het sy seun in boswerk nodig gehad. Die plantasiewerker is 'n arbeider in die diens van die Departement van Bosbou. Verder, 'n seun kan nie in plantasiediens geneem word voordat hy 18 jaar oud is nie.

Hier het ons dus 'n treffende bewys van hoe boswerk as sodanig die grootste vyand van die onderwys was.

'n Lewensopvatting vestig hom by die mens langs die weg van 'n proses. Volgens die ontwikkeling van die houding teenoor die onderwys onderskei ons die volgende stadia: Ongeletterdheid is oorwegend tot omstreeks 1890. Die vermoë om te lees en te skryf word aangekweek tussen 1890 en 1920. Die neiging om Std VI te bekom, neem geleidelik toe vanaf 1920 en verander omstreeks 1938 in 'n neiging om onderwys na Std VI voort te sit. Natuurlik moet hierdie stadia nie streng afgebaken word nie. Ons het hier te doen met 'n algemene tendens wat deur verskeie faktore teweeggebring is. Kortom, daar is voldoende bewys om te verklaar dat die houvas van die onderwys op die boswerkerkind

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

steeds sterker word. Volgens tabel XXVII het die aantal skoolverlaters na Std VI afgeneem van 100 persent tot 34.9 persent, terwyl die aantal wat hul studie na Std VI voortsit, van 0 persent tot 65.1 persent toegeneem het.

Die onderwyser self speel 'n groot rol om kinders en ouers te beweeg om hul kinders verder te laat leer. Laksheid by die onderwyser het 'n nadelige uitwerking op die kinders. 'n Baie goeie voorbeeld is gevind by twee skole waar kinders van dieselfde sosiaal-ekonomiese laag skoolgaan. In die een skool het 9 uit die 11 kinders verder studeer, terwyl in die ander skool slegs 4 uit 17 verder studeer het. Kortom, benewens die bybring van kennis het die skool alhier ook dié belangrike funksie om die opvatting oor onderwys te wysig.

'n Leemte bestaan ook in die onderwyswet deurdat die Onderwys Ordonnansie, No.5 van 1921, skoolbesoek tussen sewe en sestien jaar verpligtend maak, dog kinders wat Std VI geslaag het en in 'n vaste betrekking werksaam is, kwyt skeld hoewel hulle nog nie sestien jaar is nie.

### 3. VERGELYKING TUSSEN BEVOLKINGSYFER EN SKOOLBEVOLKING.

Omdat aanvaar word dat daar 'n verband bestaan tussen die aanwas en afname van die algemene bevolking en dié van die skoolbevolking, is dit van belang om die posisie in Knysna in oënskou te neem. Daar dit nodig is om hierdie verskynsel by wyse van vergelyking voor te stel, word die syfers hier verstrek vir George, Knysna, Humansdorp, Mosselbaai en Oudtshoorn. Ongelukkig is die syfers nie beskikbaar vir die jare voor Unie nie.

Vir sover dit Knysna betref, blyk dit volgens grafiek I dat daar 'n definitiewe verband


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Grafiek I.

(9)

**Verloop van die algemene bevolking en die skoolbevolking vir vyf Kaaplandse distrikte vir die jare 1910 tot 1945 ('46).**




(9) Verkry van die Unie-Jaarboeke vir die betrokke jare en verslae van die S.G.O., Kaapland vir die betrokke jare.

© University of Pretoria

tussen die al[...]king en die skoolbevolking bestaan. Hierdie verloop kenmerk min of meer ook die ander vier distrikte tot 1940. Terwyl die algemene bevolking vir George na 1940 'n opwaartse neiging toon, toon die skoolbevolking 'n dalende neiging. Dieselfde geld vir Oudtshoorn. Terwyl die skoolbevolking vir Mosselbaai konstant was, was daar 'n geringe opwaartse bevolkingsverloop. By Humansdorp was daar 'n daling in sowel die skoolbevolking as in die algemene bevolking. Die toename van die algemene bevolking vir George en Oudtshoorn kan aan oorlogstoestande toegeskryf word. 'n Groot aantal soldate was in genoemde dorpe gedurende die oorlog gestasioneer. Die skoolbevolking is egter nie hierdeur beïnvloed nie.

## 4. VERTRAGING.

Vertraging is 'n uiters belangrike verskynsel wat sowel met die onderwys as met die maatskaplike peil van die gemeenskap verband hou. Dit baar sorg vir die onderwys omdat dit van laasgenoemde buitengewone maatreëls verg vir sover dit die bestryding daarvan betref. Die oorsake van vertraging wortel ten dele in die maatskaplike peil van die gemeenskap.

„Wanneer 'n kind druip en gevolgelik twee jaar moet sit oor die werk van een jaar, is dit begrypelik dat hy in vergelyking met ander leerlinge wat nie gedruip het nie, 'n agterstand beklee. Dit is egter duidelik dat 'n leerling kan druip as gevolg van tydelike en toevallige omstandighede soos 'n skielike siekte, skielike verhuising van een provinsie na 'n ander net voor die eksamen ens., maar ook, dat hy kan druip as 'n gevolg van voortdurende en permanente omstandighede. In verband

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met laasgenoemde kan onderskei word tussen aangebore en omgewingsfaktore, bv. swak verstandelike aanleg en maatskaplik-ekonomiese faktore onderskeidelik. 'n Mens tref dus 'n agterstand aan wat tydelik en minder ernstig is, en 'n agterstand wat permanent en dus ernstig van aard is." (10)

(a) Die Norm of Maatstaf.

Alvorens tot die beskrywing en verklaring van vertraging in hierdie gemeenskap oor te gaan, is dit noodsaaklik om 'n maatstaf te formuleer waarvolgens vertraging vasgestel kan word.

Malherbe omskryf hierdie begrip as volg:

„In die praktyk, dink ek, moet 'n leerling vertraag genoem word wanneer sy te-oud-heid vir 'n besonder standerd, ten gevolge van langsame vordering, spesiale administratiewe stappe vereis.

„In elke geval word grense van hierdie aard na willekeur getrek; maar as die grens bv. twee jaar bokant die ouderdom van die gemiddelde kind in 'n besondere standerd getrek word, dan lyk dit asof dit die grens sal wees waarbo kinders 'n probleem vir die klas word en spesiale aandag van die onderwyser vereis." (11)

Die maatstaf wat deur Malherbe toegepas is, sal nie in hierdie verhandeling gebruik word nie, daar dit ons insiens 'n té wye speling toelaat. Die redes hiervoor word verstrek.

Eerstens, wanneer die verskynsel, vertráging, bestudeer word, is daar twee faktore

---

(10) B.F. Nel : Druiping by Skoolleerlinge, Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg 1945, pp. 31, 32.
(11) E.G.Malherbe: a.w., p .151.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat van onmiddellike en direkte belang is, tw. druiping en die toelatingsouderdom. Die agterstand op skool kan dus sowel in die loop van die skooljare as by die aanvang intree.

Sedert die bevindings van Malherbe (omstreeks 1930) het daar 'n groot aanmoediging vir vroeër toelating tot die skool plaasgevind. Malherbe wys self daarop dat die aanvangsouderdom in die Unie vanaf 1920 tot 1930 met sowat 2½ maande vervroeg is. Indien dit as 'n tendens beskou word, kan vermoed word dat 'n verdere vervroeging sedertdien plaasgevind het. In Kaapland — die provinsie van direkte belang in hierdie verhandeling — is die posisie tans as volg :

„Met ingang 1 Januarie 1942 is aan skole verlof toegestaan om leerlinge tot die skool toe te laat aan die begin van die kalenderjaar waarin hulle die ouderdom van ses jaar bereik."(12)

Hoewel hierdie magtiging dit toelaat dat kinders, voor hulle ses jaar oud is, ingeskryf kan word, beteken dit nie dat die toelatingsouderdom bloot hierop baseer kan word nie.

Derhalwe is dit nodig om 'n aanduiding te gee van die werklike ouderdom waarop kinders tot die skole toegelaat word. Volgens die Jaarverslag van die Kaaplandse Onderwysdepartement blyk dit dat op 5 Junie 1945 daar 9,999 kinders onder die ouderdom van sewe jaar in Sub A was, terwyl 4,965 sewe jaar oud was en die res, 1120, agt jaar en ouer was.(13)

---

(12) Verslag van die S.G.O., 1941-1945, Departement van Openbare Onderwys, Kaapland, p.23.
(13) Verslag van die S.G.O., t.a.p., p.127.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit blyk dat die meerderheid, omtrent 63 persent, begin skoolgaan voordat hulle sewe jaar oud is. Vir sover dit toelatingsouderdom betref, kan hulle dus Sub A slaag voordat hulle agt jaar oud is. In die werklikheid behoort die persentasie hoër te wees indien hul ouderdom in Januarie — die maand waarin die meeste nuwelinge begin skoolgaan — bereken word in stede van Junie en indien onthou word dat sommige reeds in Sub A gedruip het. Dit is nie onredelik om te verwag dat die persentasie nader aan 70 as aan 60 sal wees nie.

Uit syfers wat die ondersoeker by sewe distrikskole gevind het (vgl. tabel XXXVI) blyk dit dat sowat 82 persent van die kinders begin skoolgaan het voordat hulle sewe jaar oud was.

Vir sover dit die toelatingsouderdom betref, skyn dit nie onredelik te wees om te verwag dat 'n kind Sub A. moet slaag voordat hy agt jaar oud is nie.

Tweedens, kan die meer moderne metodes wat sedert 1930 in die skole toegepas word as 'n teënwig teen vertraging beskou word. Op skool word tans alle moontlike pogings aangewend om vertraging te verminder. Hier word veral gedink aan stappe i.v.m. ongereëlde skoolbesoek, swak huislike omstandighede, beter onderwysgeriewe, toerusting en metodes. Deur middel hiervan moet vertraging as gevolg van druiping noodwendig teëgewerk word.

Derdens, beskou die ondersoeker 'n maatstaf wat op die gemiddelde ouderdom van bepaalde klasse gebaseer is, as onverdienstelik. So 'n maatstaf kan nie op eenvormigheid aanspraak maak nie, aangesien die gemiddelde ouderdom van klas tot klas verskil. So bv. mag die gemiddelde ouderdom vir 'n Std VI-klas in skool A dertien jaar

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

drie maande wees, terwyl dit vir dieselfde klas op dieselfde datum in skool B dertien jaar en nege maande is. Die verskil mag selfs groter wees.

Uit hierdie drie oorwegings het die ondersoeker besluit om alle kinders as vertraag te beskou wat ouer as die volgende ouderdomme vir die verskillende klasse is :
Sub A (7 jaar +), Sub B (8 jaar +), Std I (9 jaar +), Std II (10 jaar +), Std III (11 jaar +), Std IV (12 jaar +), Std V (13 jaar +), en Std VI (14 jaar +). Daar sal opgemerk word dat hierdie maatstaf ongeveer twee jaar strenger is as dié wat deur Malherbe toegepas is.[14]

Kortom, terwyl Malherbe vertraging koppel aan die administratiewe moeilikhede wat kinders op skool oplewer, sien skrywer dit in die lig van kinders wat deur 'n laat inskrywing en/of druiping by die grootste gros kinders agterraak.

(b) <u>Die Omvang van die Verskynsel</u>.

Ongelukkig was die ondersoeker nie in staat om syfers wat ongeveer op dieselfde datum van die verskillende kalenderjare opgestel is, te kry nie. Die enigste syfers wat vir die Unie beskikbaar is, is dié van Malherbe vir die jaar 1930. Reeds is daarop gewys dat daar 'n verskil van ongeveer twee jaar tussen sy maatstaf en ons maatstaf is.

Hoewel die ondersoeker dus nie ongevoelig staan teenoor die leemte in die vergelykings wat in die onderhawige gemaak sal word nie, is die vergelykings immers nie so waardeloos dat selfs 'n aanduiding uitgesluit is nie.

In tabel XXVIII word die vertraging in Kaaplandse skole met vertraging in die skole van die Unie vergelyk. Daar moet egter op gelet word

---

(14) Vergelyk Malherbe : t.a.p., p.152.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat die gegewens vir die Unie op 'n ouderdom wat gemiddeld twee jaar hoër is as dié vir Kaapland bereken is. Indien dieselfde maatstaf gebruik is, sou die persentasie vir vertraging vir die Unie baie hoër gewees het.

Indien hierdie faktor in gedagte gehou word, is dit redelik om te konkludeer dat vertraging sedert 1930 afgeneem het. Benewens Sub A en B, Std II, en Std VI toon die Unie, ten spyte van die ruimer maatstaf, meer vertraging as die Kaaplandse skole.

Indien ons vertraging by Kaaplandse skole (tabel XXVIII) met die posisie by Knysnase skole (tabel XXIX) vergelyk, val die omvang van vertraging by Knysna ons onmiddellik op. Wat veral opvallend is, is die groot persentasie vertraging reeds by die sub-standerds (12.5 en 12.6 teenoor 7.0 en 7.7). 'n Ander opmerklike verskynsel is ook die sterk daling van vertraging in Std VI, t.w. 17.9 persent wat goed vergelyk met 16.9 persent vir Kaapland. Vir hierdie verskynsel is 'n verklaring nodig.

Wat Kaapland betref, is daar 3391 kinders of 2.2 persent van die skoolbevolking wat nie by die gegewens ingesluit is nie omdat hulle in spesiale klasse is. In Knysna is die kinders wat normaalweg in spesiale klasse tuishoort, by die gegewens ingesluit. In Knysna dus, word die subnormale kind in die gewone skool as "meeloper" toegelaat. Dit is 'n bepalende faktor t.o.v. vertraging wat reeds vanaf die sub-standerds as verskynsel voorkom. Hierdie kinders woon die gewone klasse by en die meeste van hulle word kragtens hul ouderdom bevorder. Teen die tyd dat hulle Std V bereik, is hulle reeds 16 jaar oud en ver-

© University of Pretoria

## TABEL XXV111

### Ouderdomme en Standerds van Blanke Leerlinge in Kaaplandse Laërskole, Junie 1945 en die persentasie vertraging in die Unie in 1930. (15)

| Ouderdom | Sub A | Sub B | Std 1 | Std 11 | Std 111 | Std 1V | Std V | Std V1 | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Onder 7 | 9999 | 1704 | 152 | 1 | - | - | - | - | 11856 |
| 7 + | 4965 | 6670 | 3410 | 172 | 7 | - | - | - | 15224 |
| 8 + | 948 | 3648 | 7367 | 3444 | 232 | 10 | - | - | 15649 |
| 9 + | 129 | 792 | 3999 | 6826 | 3344 | 251 | 3 | - | 15344 |
| 10 + | 27 | 157 | 1136 | 3783 | 6275 | 3048 | 214 | 6 | 14646 |
| 11 + | 6 | 34 | 234 | 1199 | 3810 | 5574 | 3122 | 220 | 14199 |
| 12 + | 5 | 8 | 60 | 329 | 1424 | 3687 | 5551 | 2908 | 13972 |
| 13 + | 5 | 4 | 14 | 84 | 501 | 1736 | 3933 | 5352 | 11629 |
| 14 + | - | - | 4 | 17 | 149 | 598 | 1971 | 3894 | 6633 |
| 15 + | - | - | 4 | 4 | 39 | 182 | 754 | 1909 | 2892 |
| 16 + | - | - | - | 2 | 6 | 23 | 113 | 608 | 752 |
| Totaal | 16084 | 13017 | 16380 | 15861 | 15787 | 15109 | 15661 | 14897 | 122796 |
| Normale Vordering | 14964 | 12022 | 14928 | 14226 | 13668 | 12570 | 12823 | 12380 | 107581 |
| Persentasie | 93.0 | 92.3 | 91.1 | 86.8 | 86.6 | 83.2 | 81.9 | 83.1 | 87.6 |
| Vertraag | 1120 | 995 | 1452 | 1635 | 2119 | 2539 | 2838 | 2517 | 15215 |
| Persentasie | 7.0 | 7.7 | 8.9 | 13.2 | 13.4 | 16.8 | 18.1 | 16.9 | 12.4 |
| Unie 1930 Persentasie | 5.3 | 6.6 | 9.1 | 13.0 | 17.7 | 19.6 | 18.4 | 15.9 | - |

15) Verslag van die S.G.O. : t.a.p. p. 127 en Malherbe: t.a.p. p. 153.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## TABEL XXIX.

### Ouderdomme en Standerds van Blanke Leerlinge in Knysnase Laerskole, November 1945. (16)

| Ouderdom | Sub A | Sub B | Std 1 | Std 11 | Std 111 | Std 1V | Std V | Std V1 | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Onder 7 | 100 | 15 | 3 | – | – | – | – | – | 118 |
| 7 + | 75 | 80 | 6 | – | – | – | – | – | 161 |
| 8 + | 13 | 30 | 54 | 11 | 1 | – | – | – | 109 |
| 9 + | 8 | 12 | 72 | 44 | 6 | – | – | – | 142 |
| 10 + | 4 | 5 | 36 | 62 | 41 | 1 | 1 | – | 150 |
| 11 + | – | 1 | 13 | 38 | 66 | 49 | 4 | – | 171 |
| 12 + | – | – | 2 | 19 | 34 | 49 | 27 | 6 | 137 |
| 13 + | – | – | – | 3 | 25 | 30 | 42 | 40 | 140 |
| 14 + | – | – | 1 | 1 | 4 | 15 | 29 | 46 | 96 |
| 15 + | – | – | – | – | 5 | 10 | 13 | 15 | 43 |
| 16 + | – | – | – | – | – | – | 4 | 5 | 9 |
| Totaal | 200 | 143 | 187 | 178 | 182 | 154 | 120 | 112 | 1276 |
| Normale Vordering | 175 | 125 | 135 | 117 | 114 | 99 | 74 | 92 | 931 |
| Persentasie | 87.5 | 87.4 | 72.2 | 65.7 | 62.6 | 64.3 | 61.7 | 82.1 | 72.7 |
| Vertraag | 25 | 18 | 52 | 61 | 68 | 55 | 46 | 20 | 345 |
| Persentasie | 12.5 | 12.6 | 27.8 | 34.3 | 37.4 | 35.7 | 38.3 | 17.9 | 27.3 |

16) Die gegewens is van die hoofde van skole verkry.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

laat hulle die skool. Dit moet as die belangrikste faktor vir die geweldige daling in vertraging in Std VI beskou word.

Die feit dat die Kaaplandse skole 'n voorsprong van ses maande bo Knysnase skole het omdat die gegewens in Junie en November onderskeidelik geneem is, versag die posisie wel vir sover dit Knysna betref, dog verklaar nie die hoë vertraging in Knysna nie.

Die omvang van vertraging in die Knysnase distrik is meer opmerklik indien die posisie in sewe distrikskole nagegaan word, (vergelyk tabel XXX). Hoewel ons hier met 'n geringe aantal kinders en slegs sewe distrikskole te doen het, is die baie hoë persentasie vertraging vir al die klasse nie sonder betekenis nie.

Indien ons tabelle XXIX en XXX met mekaar vergelyk, vind ons dat die posisie vir die hele Knysna en die sewe distrikskole as volg is: 12.5% en 11.7%, 12.6% en 16.9%, 27.8% en 46.5%, 34.3% en 25%, 37.4% en 37.1%, 35.7% en 47.2%, 38.3% en 44.1%, 17.9% en 53.2%. Die vertraging in die sewe distrikskole is veral opvallend in standerds IV, V en VI. Dit wil dus voorkom of die onderwys in hierdie sewe skole 'n besondere houvas op die vertraagde kinders het. Dit wil sê die kinders gaan voort met hul onderwys ten spyte daarvan dat hul vordering uiters vertraag is.

Vir hierdie skole geld 'n verklaring wat vermelding verdien. Twee van hierdie skole, Karatara en Redlands word hoofsaaklik deur die nedersetters op Karatara gevoed. Die nedersetters is onderworpe aan regulasies wat op die welsyn van die kind deur middel van die skool toegespits is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL XXX

Vertraging in sewe Distrik Skole, Knysna Desember 1947. (17)

| Ouderdom | Sub A | Sub B | Std 1 | Std 11 | Std 111 | Std 1V | Std V | Std V1 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 Jaar en onder | 68 | 43 | - | - | - | - | - | - | 111 |
| 8 + | 5 | 11 | 12 | - | - | - | - | - | 28 |
| 9 + | 3 | 7 | 26 | 10 | 2 | - | - | - | 48 |
| 10 + | 1 | 2 | 25 | 17 | 14 | - | - | - | 59 |
| 11 + | - | 2 | 5 | 6 | 23 | 15 | - | - | 51 |
| 12 + | - | - | 3 | 2 | 8 | 22 | 13 | 1 | 49 |
| 13 + | - | - | - | - | 6 | 14 | 20 | 3 | 43 |
| 14 + | - | - | - | - | 7 | 9 | 14 | 18 | 48 |
| 15 + | - | - | - | 1 | 1 | 7 | 9 | 16 | 34 |
| 16 + | - | - | - | - | 1 | 3 | 3 | 9 | 16 |
| Totaal | 77 | 65 | 71 | 36 | 62 | 70 | 59 | 47 | 487 |
| Normale Vordering | 68 | 54 | 38 | 27 | 39 | 37 | 33 | 22 | 318 |
| Persentasie | 88.3 | 83.1 | 53.5 | 75.0 | 62.9 | 52.8 | 55.9 | 46.8 | 65.3 |
| Vertraag | 9 | 11 | 33 | 9 | 23 | 33 | 26 | 25 | 169 |
| Persentasie | 11.7 | 16.9 | 46.5 | 25.0 | 37.1 | 47.2 | 44.1 | 53.2 | 34.7 |

17) Die gegewens is van die hoofde van die betrokke Skole verkry.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Benewens hierdie feit is daar ook in 1945 'n kantoor van die Departement van Volkswelsyn op Karatara gestig.(18) Een van die belangrike funksies van die Volkswelsynbeampte was om skoolbywoning van skoolpligtige leerlinge te bevorder. Hierdie taak is veral in die omgewing van die kantoor uitgevoer. Gevalle wat as gevolg van lakse optrede reeds die skool verlaat het, is weer teruggebring, terwyl moontlike skoolverlaters ook aandag geniet het. Benewens die ordonnansie wat skoolbesoek verpligtend maak, is die hande van die amptenaar verder gesterk deur die voorwaardes waaronder onderhoudstoelaes aan behoeftige gesinne uitbetaal word. Hoewel dreigemente slegs in uitsonderlike gevalle gebruik is, blyk dat die algemene bearbeiding tot resultaat gehad het dat ouers in die belang van hul kinders begin saamwerk het. Hierdie faktor het, tydens die opname, nie gegeld in die res van die distrik Knysna nie. Verskeie onderwysers van die gemelde skole het keer-op-keer hul erkentlikheid uitgespreek teenoor die amptenaar vir die vrug wat welsynspogings in hierdie rigting gehad het.

Indien daar nie doelbewuste optrede is nie, verloop vertraging min of meer soos in tabel XXIX aangedui. Dit styg geleidelik tot omstreeks Std V. Dan het die vertraagdes meestal 16 jaar bereik en op grond van hul ouderdom die skool verlaat.

Vind daar „inmenging" plaas, soos in die geval van die sewe skole, dan styg die vertraging vanaf Std I nog hoër; dieselfde geld vir die ander standerds insluitende Std VI.

---

(18) Hierdie kantoor is in 1948 gesluit.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten slotte is 'n ontleding van die vordering van 302 skoolgaande kinders van die 175 bestudeerde gesinne gemaak. Hoewel die kinders nie volgens klasse en ouderdomme ingedeel is nie, is dieselfde maatstaf toegepas om normale vordering en vertraging aan te toon. Hierdie kinders is versprei oor die klasse vanaf Sub A tot Std VI. Die posisie word in tabel XXXI weergegee:

Tabel XXXI.

Vertraging en Normale vordering by Kinders van 175 Bestudeerde Gesinne (November 1947).

| | Normale vordering. | Vertraag. | Tot. |
|---|---|---|---|
| Aantal | 173 | 129 | 302. |
| Persentasie | 57.3 | 42.9 | 100.0 |

Terwyl die 175 gesinne uitsluitend van boswerkersgesinne afkomstig is, lyk dit nie onredelik, volgens tabel XXXI, om te konkludeer dat hierdie gemeenskap 'n baie belangrike faktor in vertraging in Knysnase skole is nie.

Kortom, vir die hele Knysna is 27.3 persent van die kinders vertraag (tabel XXIX), in die sewe distrikskole is 34.7 persent van die kinders vertraag (tabel XXX), terwyl 42.7 persent van die kinders van boswerkersgesinne vertraag is (tabel XXXI).

Om die statistiese gegewens wat verstrek is, oorsigtelik te maak, word grafiek II verstrek. Natuurlik, moet die tekortkomings wat reeds gemeld is, in gedagte gehou word.

(c) Verklaring van Vertraging.


Wat ook al die versagtende omstandighede vir die hoë vertragingsyfer in Knysna is, kan die hoë syfer nie slegs in gevolge onderwysomstandighede verklaar word nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Grafiek II.

**Vergelykende voorstelling van vertragings op skool. (In persentasies uitgedruk).**




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons het hier met 'n vraagstuk te doen wat verdere verduideliking vereis.

(i) Skoolbesoek:

Dat skoolbesoek 'n belangrike rol by vertraging speel, is vanselfsprekend. Ongereëlde skoolbesoek mag deur verskillende faktore veroorsaak word, soos bv. siektes, ongestadige weersomstandighede, stokkiesdraai, agtelosige ouers, ens. Skoolbesoek word hier as oorsaaklike faktor behandel — en nie as resultaat van ander faktore nie. Indien swak skoolbesoek 'n faktor is wat vertraging in die hand werk, dan word tegelyk daardie faktore wat op hul beurt die skoolbesoek beinvloed, onder behandeling geneem.

Ten einde vas te stel wat die relatiewe invloed van ongereëlde skoolbesoek op vertraging is, is die vergelykende tabel XXXII saamgestel.

Tabel XXXII.

Die Gemiddelde Persentasie Skoolbywoning in 'n aantal Kaaplandse Dorpe en Distrikte vir vierde kwartaal 1945.(19)

| Plek | Gem. op register | Gem. skool besoek. | Gem.persentasie aanwesig | Gem.persentasie afwesig. |
|---|---|---|---|---|
| Knysna | 1977 | 1823 | 92.2 | 7.8 |
| Mosselbaai | 1652 | 1542 | 93.3 | 6.7 |
| George | 3218 | 3046 | 94.6 | 5.4 |
| Humansdorp | 1991 | 1841 | 92.5 | 7.5 |
| Oudtshoorn | 2700 | 2552 | 94.5 | 5.5 |
| Worcester | 2688 | 2576 | 95.8 | 4.2 |
| Robertson | 1412 | 1342 | 95.1 | 4.9 |

Indien ons na die laaste twee kolomme kyk, kry ons 'n betroubare aanduiding in hoeverre swak skoolbywoning voorkom. Inderdaad vind ons dat

(19) Saamgestel uit die verslag van die S.G.O., 1945.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Knysna die hoogste gemiddelde persentasie afwesigheid toon, nl. 7.8% teenoor 4.2% by Worcester byvoorbeeld. Hoewel Knysna die swakste vertoon, is die gemiddelde afwesigheid nie soveel hoër as dié van die ander plekke dat dit as 'n deurslaggewende faktor in verband met vertraging beskou kan word nie. Inteendeel, die gevolgtrekking is dat swak skoolbesoek waarskynlik verantwoordelik is vir slegs 'n geringe gedeelte van die vertraging.

Indien aanvaar word dat swak skoolbesoek altyd vertraging meebring, afgesien van die duur van afwesigheid, dan kan ons sê dat in die geval van Knysna hierdie faktor verantwoordelik is vir hoogstens 7.8 persent van al die vertragings. In die werklikheid is dit baie minder want die 7.8 persent is versprei oor al die 1977 kinders. Dit beteken dat slegs in 'n beskeie persentasie van die gevalle swak skoolbesoek so aanhoudend was dat dit die vordering van kinders nadelig beïnvloed het.

Van meer belang is egter om 'n antwoord te vind vir die vraag waarom swak skoolbesoek in Knysna hoër is as in die ander distrikte.

In die eerste plek moet onthou word dat Knysna hoofsaaklik uit landelike skole bestaan. Dit beteken dat die grootste gros van die kinders te kampe het met die weersomstandighede in soverre hulle skool toe moet loop. Die afstand wat die meeste kinders skool toe loop, wissel van een tot twee myl. Wat weersomstandighede betref, word Knysna die swaarste getref. Hier moet egter gemeld word dat die reën dikwels meer 'n verskoning as 'n werklike oorsaak van swak skoolbesoek is.

Uit ondervinding kan skrywer verklaar dat swak skoolbywoning 'n verskynsel is wat veral voorkom by 'n bepaalde tipe kind, soos diegene wat swak vorder, byna sestien jaar oud is, e.d.m.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar kan volstaan word met die redes wat aangevoer word vir afwesigheid, t.w. die kind was siek, hy moes boodskappe of inkopies doen of na die kleiner kinders kyk ens.

(ii) Die Verstandsfaktor.

Malherbe beskou 'n gebrek aan intelligensie as die grootste enkele oorsaak van swak vordering (druiping) wat op sy beurt identies met vertraging is.[20]

Die kinders van boswerkers toon die laagste gemiddelde intelligensie (90.8) van die verskillende groepe „armblanke" kinders wat deur Wilcocks getoets is.[21] Ook die resultate van rekenkundige en woordeskattoetse wat deur Malherbe ingestel is, toon dat die kinders van die George-Knysna-bosstreek feitlik die swakste is.[22]

Dat die bosstreek so 'n lae persentasie skoolkinders toon bo Standerds VI en VIII wyt Malherbe in die eerste instansie aan die inherente swak breinkrag en steun hiervoor word gevind in die ondersoek van dr. M.L. Fick wat in 1931 aangetoon het dat die verstandelik-agterlikes vir die Kaapse Kusstreek 15 persent is in vergelyking met 9 persent vir die hele Kaapland.[23]

Volgens die ondervinding en die waarnemings van sommige onderwysers en inspekteurs sou ons tot die gevolgtrekking moes kom dat die nakomelinge van boswerkers op skool vertraag is as gevolg van onvoldoende breinkrag. Kortom, subnormaliteit

---

(20) Malherbe : t.a.p., p.198.
(21) R.W. Wilcocks: Die Armblanke. Carnegie-verslag Deel II. Stellenbosch, 1932, p.148.
(22) Malherbe: t.a.p., p.317.
(23) Malherbe: t.a.p., p. 90.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou as die grootste en belangrikste oorsaak van vertraging beskou moes word.

Ten einde die relatiewe betekenis van die verstandsfaktor as sodanig te bepaal, is daar ten opsigte van 149 kinders 'n tweërlei toets toegepas. 'n Groepsverstandstoets is afgeneem en ook is die vertraging op skool vasgestel volgens standerd en ouderdom. Hierdie kinders is oor vyf distrikskole in Knysna versprei. Die bevindings word in tabel XXXIII weerspieël.

Tabel XXXIII.

Vertraging by Skoolkinders in vyf Distrikskole, Knysna. (in 1948 opgestel).(24)

| Ouderdom | Std IV. | Std V. | Std VI. | Tot. |
|---|---|---|---|---|
| 10 + | 7 | 2 | - | 9 |
| 11 + | 20 | 9 | 3 | 32 |
| 12 + | 10 | 13 | 5 | 28 |
| 13 + | 12 | 11 | 23 | 46 |
| 14 + | 3 | 5 | 12 | 20 |
| 15 + | 3 | 4 | 4 | 11 |
| 16 + | - | 2 | 1 | 3 |
| Totaal | 55 | 46 | 48 | 149 |
| Normale vordering | 37 | 35 | 43 | 115 |
| Persentasie | 67.3 | 76.1 | 89.6 | 77.2 |
| Vertraag | 18 | 11 | 5 | 34 |
| Persentasie | 32.7 | 23.9 | 10.4 | 22.8 |

Volgens tabel XXXIII blyk dit dat sowat 23 persent van die leerlinge vertraag is, terwyl die res, sowat 77 persent normaal op skool vorder.

(24) Omdat die verstandstoetse slegs op Std IV, V en VI-leerlinge toegepas is, is die gegewens in hierdie tabel ook beperk tot die drie standerds.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is opvallend dat normale vordering styg vanaf Std IV tot Std VI, terwyl vertraging weer daal vanaf Std IV tot Std VI. Die grootste rede hiervoor is, soos reeds aangetoon, die uitskakeling van vertraagdes voordat hulle in Std VI kom.

In tabel XXXIV word die resultate van verstandstoetse t.o.v. dieselfde 149 kinders weergegee.

Tabel XXXIV.

Intelligensiekwosiënt van skoolkinders in vyf Distrikskole, Knysna, (1948).

| I.K. | Std IV. | Std V. | Std VI. | Tot. | Persentasie. |
|---|---|---|---|---|---|
| 75 - 79 | 2 | - | - | 2 | 6.0 |
| 80 - 84 | 3 | 4 | - | 7 | |
| 85 - 89 | 4 | 1 | 3 | 8 | 5.4 |
| 90- 94 | 11 | 7 | 4 | 22 | 14.7 |
| 95 - 99 | 7 | 11 | 15 | 33 | 22.2 |
| 100-104 | 9 | 3 | 9 | 21 | 14.1 |
| 105-109 | 11 | 7 | 8 | 26 | 37.6 |
| 110-114 | 4 | 7 | 6 | 17 | |
| 115-119 | 2 | 3 | 2 | 7 | |
| 120-124 | 2 | 2 | 1 | 5 | |
| 125-130 | - | 1 | - | 1 | |
| Aantal | 55 | 46 | 48 | 149 | 100.0 |

Indien ons die norm wat tans deur die Departement van Onderwys, Transvaal gebruik word, toepas, vind ons volgens tabel XXXIV dat ses persent van die getoetste kinders Std VI nie sal slaag nie as gevolg van 'n té lae intelligensie. Vir sover dit die laerskool dus betref, kan ses persent van die kinders as gevolg van 'n swak verstand vertraag wees. Uit hoofde van die verstandsfaktor behoort ses persent van die getoetste gevalle spesiale onderrig te ontvang.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Everything considered, the Committee must, therefore, conclude that in this country I.Q.'s of from ± 50 to ± 80 constitute the most suitable intelligence limits to be considered for the placing of pupils in special classes or schools."(25)

Verder blyk dit dat 5.4 persent net Std VI sal slaag, 14.7 persent net Std VII sal slaag, 22.2 persent net Std VIII sal slaag, 14.1 persent net Std IX sal slaag, terwyl 37.6 persent Matriek sal slaag.

Indien tabelle XXXIII en XXXIV met meka. vergelyk word blyk dit volgens die vordering op skool dat 22.8 persent van die getoetste kinders vertraag is, terwyl die loutere verstandsfaktor aantoon dat slegs 6 persent vertraag behoort te wees. Hiervolgens blyk dit dat die verstandsfaktor verantwoordelik is vir slegs sowat eenvierde van die vertraging. Hoewel toegegee word dat die getoetste gevalle 'n beskeie persentasie van die skoolbevolking van Knysna is en hoewel die toets nie op kinders onder Std IV toegepas is nie, wil dit voorkom of swak breinkrag in die verlede te veel beklemtoon is.

Voordat getrag word om rekenskap te gee van ander faktore wat vir vertraging verantwoordelik is, is dit nodig om die oorsake van swak verstand nader toe te lig.

Om dit enigsins te bepaal, is die kinders wat getoets is, in twee groepe verdeel, t.w. nakomelinge van boswerkers en ander kinders. Hoewel onder laasgenoemdes kinders van meer bevoorregte

---

(25) Report of the Inter-departmental Committee on deviate children. U.G. 30/1945. Staatsdrukker, p. 153.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ouers (amptenare ens. - omtrent vyf persent) ingesluit is, is die merendeel van hulle afkomstig van ouers wat tot dieselfde sosiaal-ekonomiese laag as kinders in die eerste groep behoort.

Tabel XXXV.

Vergelyking van I.K. van kinders van Boswerkers en van ander Kinders (1948).

| I.K. | Kinders van Boswerkers. | | Ander Kinders. | |
|---|---|---|---|---|
| 75-79 | 1 | 9.3% | 1 | 2.7% |
| 80-84 | 6 | | 1 | |
| 85-89 | 7 | 54.7% | 1 | 29.7% |
| 90-94 | 16 | | 6 | |
| 95-99 | 18 | | 15 | |
| 100-104 | 9 | 36.0% | 12 | 67.6% |
| 105-109 | 8 | | 18 | |
| 110-114 | 7 | | 10 | |
| 115-119 | 3 | | 4 | |
| 120-124 | - | | 5 | |
| 125-130 | - | | 1 | |
| Aantal | 75 | 100.0% | 74 | 100.0% |

Volgens die gegewens in tabel XXXV blyk dit dat die nakomelinge van boswerkers 'n laer I.K. as die „ander kinders" het.

Dit is moontlik dat ondertrouing wat so dikwels in die boswerkersgemeenskap voorgekom het, hiermee iets te doen het. Wilcocks het ook ondertrouing as 'n faktor wat die intelligensie negatief beïnvloed, beskou.(26)

Die skrywer het die posisie by 13 kinders uit verwantskapshuwelike en 24 kinders wat nie uit sulke huwelike spruit nie, nagegaan. Al hierdie kinders is nakomelinge van boswerkersfamilies. By die eerste groep is die helfte van die kinders vertraag op skool en by die tweede groep is slegs een-derde vertraag.

---

(26) Wilcocks : t.a.p., p.152.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die onderwyspeil is ook by 47 nie-skoolgaande kinders van die eerste groep en by 10 nie-skoolgaande kinders van die tweede groep nagegaan. By die eerste groep is 32 sonder Std VI van wie 3 geen onderwys geniet het nie weens swaksinnigheid, terwyl slegs 2 by die tweede groep nie Std VI geslaag het nie.

(iii) Ouderdom by Skoolaanvang.

In die verklaring van vertraging in die Unie het Malherbe tot die slotsom gekom dat die aanvangsouderdom in minder as 20 persent van die gevalle 'n rol speel.(27)

'n Sorgvuldige opname is gemaak van die ouderdomme waarop 216 kinders in sewe distrikskole in Knysna tot die skool toegelaat is.

Tabel XXXVI.

Toelatingsouderdom by sewe Distrikskole in Knysna. (1947)

| Ouderdom | 5 jr + | 6 jr + | 7 jr + | 8 jr + | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | 34 | 143 | 35 | 4 | 216 |
| Persentasie | 15.7 | 66.2 | 16.2 | 1.9 | 100.0 |

Uit tabel XXXVI blyk dit dat die oorgrote meerderheid, sowat 82 persent, begin skoolgaan nog voordat hulle die sewende lewensjaar bereik het. Indien daar dus op hul pad nie ander hindernisse opduik nie, behoort dieselfde persentasie standerd VI te slaag voordat hulle 15 jaar oud is - m.a.w. hul vordering op skool behoort normaal te wees volgens die maatstaf wat deurgaans toegepas is.

Dat die toelatingsouderdom sedert die verslag van die Carnegie-kommissie baie vervroeg het, ly geen twyfel nie. Belangrike faktore het

(27) Malherbe: t.a.p., p.198.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sedertdien op die voorgrond getree. In die eerste plek is die toelatingsouderdom verlaag en word strenger beheer oor skoolbesoek ingevolge die verpligte ouderdomsgrense toegepas. Dog, 'n ander belangrike faktor moet genoem word, t.w. die geleidelike afname van die aantal boswerkers sedert 1913 en die uiteindelike afskaffing van boswerkers in 1939. Hoewel hierdie faktor nie direk tot 'n vervroeging van skoolbesoek bygedra het nie, het dit tog indirek daartoe bygedra in soverre die onderwys 'n belangriker rol begin speel het.
Toe boswerk nog die alles-oorheersende faktor was, was die volgende die toestand:

„Die aantrekkingskrag van die bosse is vir hulle onweerstaanbaar. Hulle gaan as klein seuntjies uit om water vir die werksmense aan te dra, wilde heuningneste te berowe, bosduiwe te skiet, vuur te maak, en vir die mans hulle koffie te bring. Geen wonder dat hulle nie lank op skool gehou kan word nie. Al gou nadat hulle verby 'n jaar of twaalf kom, is hulle gereed om met byl en saag te swoeg oor omgekapte boomstamme. Die houtkapper kan nie verder sien as die digte muur van sy bosse, weet van geen ander toekoms vir sy kinders nie."(28)

Boswerk as selfstandige loopbaan bestaan nie meer nie. Die skool word meer en meer as die sleutel tot die beroepslewe beskou. Vroeër is gemeen dat skoolgaan die boswerkloopbaan benadeel, nou begin die oortuiging veld wen dat 'n skoolloopbaan wat vroeg begin word, voordelig is.

---

(28) W.A. Murray: <u>Die Fysiese toestand van die Armblanke</u>, Carnegie-verslag. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1932, p.13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(iv) Verwisseling van Skool.

Hoewel dit veronderstel kan word dat verwisseling van skool 'n nadelige uitwerking op die skoolvordering kan hê, moet versigtigheid aan die dag gelê word deur die aard van die skoolverwisseling in gedagte te hou. Daar is bv. 'n verskil wat betref skoolverwisseling waar 'n kind van die een provinsie na 'n ander gaan of van 'n landelike skool na 'n stedelike skool of van 'n stadsskool na 'n naburige stadskool.

Schoeman weerlê die sienswyse van Malherbe en beweer dat skoolverwisseling volgens sy gevalle 'n belangrike faktor in druiping en vertraging is.(29)

In tabel XXXVII word die gegewens van ses skole in Knysna gegee.

Tabel XXXVII.

Verband tussen Vertraging en Verwisseling van skool : Gegewens is vir ses Distrikskole in Knysna (1947). (30)

| Skoolposisie | Vertraag. | | Normale vordering. | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % |
| Verwisseling | 44 | 48.4 | 55 | 29.8 |
| Geen Verwisseling | 47 | 51.6 | 130 | 70.2 |
| Totaal. | 91 | 100.0 | 185 | 100.0 |

Volgens tabel XXXVII het 48.4 persent van die 91 kinders wat vertraag is, van skool verwissel, terwyl 51.6 persent nie van skool verwissel het nie. Vir sover dit normale vordering betref

---

(29) H.S. Schoeman: Volkswelstand: "Skoolverwisseling en Vertraging", Jaargang I, No.4; 1940, p.158 e.v.

(30) Gegewens is deur skrywer versamel.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

blyk dit dat slegs 29.8 persent van skool verander het, terwyl die res, t.w. 70.2 persent geen verandering gemaak het nie. Daar het dus veel meer skoolverwisseling by vertraagde as by nie-vertraagde kinders voorgekom.

Vir sover dit die Knysnase kinders betref, is daar faktore wat eie aan die streek is en hierdie faktore mag nie oor die hoof gesien word wat die gegewens betref nie.

In die eerste plek moet daarop gewys word dat van die 91 vertraagde kinders slegs 8 kinders van skole buite die bosstreek afkomstig is. Die res (83) verwissel van skole in die bosstreek self. Die skole in die bosstreek is nie ver van mekaar nie en as gevolg van die omvangryke bloedverwantskap in hierdie streek vind kinders ander skole nie „vreemd" nie. In die bosstreek is die kind tuis of hy in skool A of skool B is. Aanpassing by 'n „nuwe" onderwyser, skool, omgewing, leerplan, e.d.m. is in die bosstreek nie noodwendig moeilik nie.

In die tweede plek moet beklemtoon word dat die Knysnase distrik baie skole het. Verwisseling van skool word nie altyd veroorsaak deur 'n verandering van verblyfplek van die ouers nie. Heen-en-weer-lopery tussen buurskole is geensins 'n seldsame verskynsel nie. Hierdie toestand word bevorder deurdat daar geen magtiging vir die skoolraad bestaan om gebiede waaruit skole hul leerlinge mag trek, af te baken nie. Dit gebeur dikwels dat geoorloofde streng optrede van 'n onderwyser tot gevolg het dat die ouer gebelgd voel en sy kinders na 'n ander skool wat hulle met oop arms ontvang, verwyder. Omdat groot groepe kinders in 'n bepaalde skool verwant is, gebeur dit dat ander ouers, omdat hul familie gesteurd

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voel, ook hul kinders verwyder. So is daar bv. op een dag nege kinders verwyder deur twee ouers omdat een van hulle nie met die onderwyser se optrede akkoord gegaan het nie.

Dit is nie alleen straf op skool wat tot verwydering van die kind lei nie, maar ook die swak vordering van 'n kind word dikwels deur die ouer aan die onderwyser gewyt, met die gevolg dat die toevlug tot 'n ander skool geneem word. In hierdie gevalle kon die verwisseling van skool eerder as 'n gevolg dan wel as oorsaak van swak skoolvordering beskou word.

Verwisseling van skool in die bosstreek het 'n besondere betekenis, t.w. die ondermyning van skooldissipline. Hiertoe dra die gebrekkige toepassing van die regulasies wat bepaal dat 'n kind nie sonder 'n oorplasingskaart op die register geplaas kan word nie, by.

Schoeman het in sy ondersoek beklemtoon dat die moeite wat die kind ondervind om by die nuwe skool „op stryk te kom" was belangrike nadelige gevolg van die verwisseling van skool beskou moet word.(31)

(v) Die Houding teenoor die Onderwys.

Die houding wat sommige ouers teenoor die skool en die onderwys openbaar, moet as een van die belangrikste oorsake van vertraging en uitskakeling beskou word. Juis omdat ons hier nie met 'n meetbare verskynsel te doen het nie, kan slegs hy wat 'n grondige insig in die houding van die ouers het, dit waag om 'n uitspraak te gee. Hoewel toegegee moet word dat die onderwystoestande

---

(31) H.Schoeman : Die Gedruipte Leerling. Pretoria, 1941; p.62.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van sowat 'n dekade gelede nie meer aangetref word nie, is die opvatting van sommige ouers op die onderwys nog baie negatief. Hierdie houding kom aan die lig wanneer gevalle van swak skoolbesoek ondersoek word.

Daar is ouers wat hulle kinders uit die skool hou omdat hulle 'n grief teen die een of ander onderwyser het. Daar is sommige wat hulle kinders uit die skool hou omdat ander kinders hulle op pad skool toe afknou. Sommige hou hulle kinders tuis omdat hulle daar „nodig" is.

Hierdie verskynsel gryp egter baie dieper as die ongereëlde skoolbesoek in. Dit verraai verwronge en ongesonde maatskaplike houdinge wat uit die oorgelewerde vervolgingsidee voortspruit. Laasgenoemde word deur eiebelang geprikkel. Wanneer die gedagte aan onderdrukking en verdrukking eers posgevat het, word die amptenaar of onderwyser wat die „skuldige" is ongenadiglik deur sulke ouers in die aanwesigheid van hul kinders gekasty. Met minagting word van die onderwyser gepraat en langs dié weg word die gesag en prestige van die onderwyser of amptenaar by die kinders ondermyn. In die drif van die oomblik word onverantwoordelike dinge voor die kind gesê, die gedrag van die kind word beskerm en goedgepraat. So bv. het 'n moeder 'n onderwyser een oggend op pad skool toe onder 'n stok laat deurloop omdat hy haar kind „geslaan" het. Sy het 'n opgeskorte vonnis gekry.

Dit is nodig om die houding van sommige ouers teenoor die onderwys deur middel van voorbeelde op te helder.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geval XXX.

In hierdie geval vind ons die vader wat in 'n meubelfabriek werk. Hy woon in 'n huisie wat uit sink en hout bestaan. Hoewel die vyftienjarige dogter reeds in Std VI is, het sy baie uit die skool gebly. Dit het by navraag geblyk dat die moeder baie verskonings het. Sy het eers gesê dat die dogter siek was. Sy kon egter geen mediese sertifikaat toon nie. Daarna het sy verwyte teen die hoof gemaak. Ten slotte het sy gesê dat haar dogter lank genoeg skoolgegaan het; en terwyl sy (die moeder) haar sover versorg het, kan sy dit in die toekoms ook doen. Die dogter wat ook in die huis was, het die hele gesprek gehoor. Dit het egter later geblyk dat die eintlike rede vir die gebrek aan belangstelling in die skool voortgespruit het uit die dogter se voorneme om in die huwelik te tree.

Die moeilike taak van die amptenaar kan in sulke gevalle allerweë besef word. Hy het dikwels met 'n bekrompe gees, minderwaardigheidsgevoel, liggeraaktheid en agterdog te doen.

Geval XXXI.

Hier het ons met sewe ouers wat op 'n nedersetting woon, te doen. Hulle is feitlik totaal van die staat afhanklik. Met groot moeite is daarin geslaag om die ouers se toestemming te verkry om hul kinders na 'n hoërskool te stuur. Beurse is gekry, die nodige losies en vervoer is gereël. Die sewe kinders was kwalik 'n week op skool of een van die ouers ontvang 'n brief van sy seun wat kla oor die „mishandeling" in die koshuis. Al die ouers was onmiddellik opgesweep en ten spyte van hul armoede het hulle 'n motor gehuur en die kinders gaan haal. Net twee kinders het agtergebly. Die „mishandeling" was veroorsaak deurdat die kinders die vloer van die koshuis moes uitvee en opvryf, hul beddens moes opmaak, ens. Ook kon hulle net op gesette tye hul maaltye kry en gevolglik sou hulle honger ly.

In hierdie geval blyk die houding teenoor die onderwys weer baie duidelik. Die onderwys is vir baie ouers iets wat „van buite af" op hul af gedwing word. Indien daar iets „verkeerd" gaan, dan is hulle selfs bereid om die loopbaan van hul kinders op te offer. Baie ouers vereenselwig hulle nie met die onderwys nie.

Geval XXXII.

In hierdie geval vind ons 'n moeder wie se vyftienjarige seun wat in Std V was, die skool baie ongereëld besoek het. Haar eerste

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verweer was dat die skoolbesoek tog nutteloos was omdat die hoof dan sou gesê het dat haar seun „geen verstand" het nie. Hoewel hy nie skrander was nie, kon hy tog Std VI geslaag het, volgens die hoof aan skrywer meegedeel het.

Haar tweede verweer was dat haar seun siek was. Toe sy hierdie ekskuus nie kon staaf nie, het sy meegedeel dat sy haar seun tuis nodig gehad het. Trouens, sy het haar beroep op 'n bevinding van 'n magistraat wat sou gesê het dat 'n ouer op die dienste van sy seun gedurende twee dae per week geregtig is.

Hier blyk dit baie duidelik dat die moeder 'n grief teen die skool het. Telkemale word gevind dat so 'n gesindheid die grondoorsaak van swak skoolbesoek is.

Geval XXXIII.

In hierdie geval vind ons die gebrek aan opoffering wat sommige ouers kenmerk. Hier het ons met 'n geval te doen waar die vader 'n wewenaar was. Boonop was hy sieklik en het saam met sy drie seuns en twee dogters gewoon. Die jongste dogter was besonder skrander en nadat sy Std VI geslaag het, het hy haar teen haar begeerte tuisgehou. Die dogter wou baie graag verder gaan leer het. Die vader is in die jaar na haar skoolverlating oorlede. Die welsynsbeampte het 'n beurs vir hierdie dogter gekry en die volgende jaar is sy na die hoërskool waar sy besonder goed vorder. Hier sien ons weer hoedat die belange van die ouer bo die welsyn van die kind gestel word.

Sulke gevalle is volop. Hulle geld nie net in gevalle van wewenaars of weduwees nie maar ook in gevalle waar albei ouers nog leef. In die gevalle waar slegs een ouer nog leef, het laasgenoemde net 'n sterker saak deurdat hy(sy) sogenaamd nie sonder die hulp van die kind kan klaar kom nie.

Hierdie voorbeelde word aangehaal om te toon dat die opvatting van sommige ouers op die onderwys nie alleen vir swak skoolbesoek en uitskakeling verantwoordelik is nie maar ook tot vertraging op skool bydra. Die nadelige uitwerking daarvan kom veral aan die lig wanneer die ouer 'n grief teen die onderwyser het. Die gesag en prestige van die skool word in die kinderlike gemoed

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geskaad en in stede van dat die ouer met die skool meewerk, opponeer hy die onderwys.

Geen wonder dat onderwysers wat hierdie opvatting goed verstaan, tot die gevolgtrekking kom dat swak skoolvordering in die belangrikste mate nie aan subnormaliteit by die kinders nie maar aan "subnormale" huislike omstandighede gewyt moet word. Die opmerking verbaas ons geensins nie want byna alles wat in die skool opgebou word, word tuis weer afgebreek.

Die houding teenoor die onderwys is 'n nawerking van die maatskaplike ontwikkeling wat in hierdie gemeenskap plaasgevind het.

Nie alle ouers in hierdie streek het hulle reeds ten volle met die onderwys vereenselwig nie. Almal beskou die onderwys nog nie as die belangrikste sleutel tot die beroepslewe nie.

In die voorafgaande is getrag om die oorsake van vertraging te omlyn. Hoewel die oorsake van mekaar onderskei kan word, kan hulle nie van mekaar geskei word nie omdat die mens 'n veeleenheid is.

Niet alleen 't bewuste, noch alleen het onbewuste, noch alleen de intelligentie, noch alleen 't affectleven, noch alleen de omstandigheden, noch alleen het aangeborene bepalen ons handelen. Maar steeds is er samewerking of wisselwerking."(32)

Dit is wenslik, inderdaad noodsaaklik, dat na ondersoeke wat in hierdie verband gedoen is, verwys word. Hier wil ons veral twee aspekte beklemtoon, t.w. die verband tussen huislike omstandighede en skoolprestasie enersyds en die ver-

---

(32) W. Stern : De Puberteitsleeftyd, Groningen, 1935, p.58.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

band tussen huislike omstandighede en die intelligensiekwosiënt andersyds.

Robbertse het in sy ondersoek gepoog om 'n verband tussen die huislike milieu en die skoolprestasie aan die lig te bring. Hy het verskillende gesinsaspekte met die skoolprestasie vergelyk en konkludeer dat die intelligensiekwosiënt as sodanig nie 'n voldoende verklaring van die verband tussen swak skoolprestasie en swak huislike milieu verskaf nie. Met betrekking tot die verband tussen beroepsmilieu en skoolprestasie laat hy hom o.a. as volg uit:

„Die algemene neiging skyn te wees, dat hoe hoër die beroep van die ouer, des te beter presteer die kind op skool; en hoe laer die beroep van die ouer, des te swakker presteer die kind op skool."(33)

Dit is oorbodig om weereens die swak huislike milieu van die gemeenskap wat bespreek word, te herhaal. Ons volstaan deur daarop te wys dat die kinders onder bespreking onderhewig is aan al die maatskaplike nadele wat deur Robbertse vermeld word en indien laasgenoemde betroubare gevolgtrekkings gemaak het, het ons 'n belangrike verklaring vir die swak skoolprestasie en vertraging wat reeds bespreek is.

Riemersma wat benewens die bevindings van ander navorsers ook die resultate van sy eie ondersoek bespreek, verklaar dat daar 'n verband tussen die intelligensiekwosiënt enersyds en die

---

(33) P.M. Robbertse: Die Verhouding tussen die skoolprestasie en huislike milieu van laerskoolleerlinge in sover dit ekonomiese beroeps- en strukturele omstandighede van die Gesinne betref. 1946; p.17. (sien volledige verhandeling Merensky-Biblioteek, U.P.)

© University of Pretoria

huislike omstandighede andersyds is.

In sy eie ondersoek probeer Riemersma o.a. 'n verband aantoon tussen die I.K. enersyds en die huislike omstandighede, die voeding, die kleding, die beroepe van vaders en die grootte van gesinne andersyds.

Die algemene gevolgtrekkings wat hy maak, is o.a. die volgende:

„Dit skyn of daar 'n verband is tussen I.K. en huislike omstandighede sowel as voeding en kleding.

„Die verskil tussen die beste en die swakste sosiale status, in I.K.-punte uitgedruk, is ± 20 punte.

„Die persentasie leerlinge wat onder 100 I.K. toets skyn baie meer te wees by die laer status-groepe as by die hoër statusgroepe."(34)

Ook in hierdie verband is dit onnodig om verdere kommentaar oor die gemeenskap wat bestudeer is, te maak. Ons volstaan deur te sê dat dit redelik is om die swakker I.K. van boswerkerskinders, in vergelyking met ander kinders, in 'n belangrike instansie aan die swak huislike omstandige van enersgenoemdes te wyt.

5. UITSKAKELING.

Naas vertraging op skool vorm uitskakeling 'n uiters belangrike opvoedkundige en maatskaplike vraagstuk. Vertraging en uitskakeling is nou aan mekaar verbonde. Gedwonge uitskakeling d.w.s. die leerling gee die stryd gewonne — is

---

(34) R.T. Riemersma: Sekere Sielkundig-Opvoedkundige en Maatskaplike aspekte van die Intelligensiekwosiënt, Pretoria, 1944; p.165.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meestal 'n direkte gevolg van vertraging. Hierdie vorm van uitskakeling vind hoofsaaklik plaas gedurende die leeftyd wat aan verpligte skoolbesoek onderhewig is. Vrywillige uitskakeling vind hoofsaaklik plaas na die behaling van die verpligte skoolbesoekleeftyd.

Uitskakeling het hoofsaaklik betrekking op drie groepe kinders, t.w. diégene wat weens liggaamlike en geestelike gebreke onbekwaam is om 'n normale skoolloopbaan te hê. Hulle bestaan veral uit sertifiseerbare swaksinniges. Die tweede groep bestaan uit kinders wat nie in staat is om standerd VI te behaal nie. Die derde groep bestaan uit kinders wat nie standerd X behaal nie.

Vir die doel van die bespreking kan die sertifiseerbare swaksinniges (idiote, morone e.d.) weggelaat word, aangesien hulle nie in die normale klas onderrig word nie en dus nie met die gewone onderwys in verband gebring ~~werd~~ nie.

Wat die groep betref wat in die laerskole uitgeskakel word, d.w.s. hoofsaaklik tussen 6 en 16 jaar, sal die bespreking hoofsaaklik beperk wees tot kinders wat weens geestesgebreke uitgeskakel word. Kinders wat aan fisieke gebreke, soos blindheid en doofheid ly, asook epileptici, is in die meeste gevalle opvoedbaar en kan in spesiale skole onderrig word.

Uitskakeling in hoërskole vind plaas weens verskeie faktore soos armoede, gebrekkige belangstelling, verstandelike onvermoë, e.d.m.

Malherbe het bevind dat uitskakeling vir die Unie as volg is : 8.5 persent sonder

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Std IV en 44 persent sonder Std VI. Daar is 33 persent wat net Std VI het, 6.3 persent wat net Std VII het, 9 persent wat net Std VIII het en 7.7 wat Std X het.(35)

Dr. J.A.J. van Rensburg wat daarop aanspraak maak dat sy gegewens op die werklike toestand berus vir sover dit 90 persent van Kaaplandse skole betref, konkludeer:

"...........dat van al die leerlinge wat die skool verlaat" 15.5 persent die matriekstanderd behaal het, 4.1 persent standerd IX, 15.6 persent standerd VIII, 11.1 persent standerd VII, 40 persent standerd VI, 13.7 persent minder as standerd VI. Om saam te vat: van al die leerlinge wat die skool verlaat, het 53.7 persent slegs die laerskool of gedeelte van die laerskool deurgemaak, teenoor 46.3 persent wat 'n hoërskool of gedeeltelike hoërskool-loopbaan gehad het."(36)

Uit tabel XXXVIII is dit duidelik hoeveel leerlinge jaarliks uit elke 100 std VI-leerlinge na Std VII, VIII ens. bevorder word. Die drastiese toename sedert 1931 tot 1946 is opvallend. In Std VII was daar 'n toename van 54 tot 74, in Std VIII van 39 tot 55, Std IX van 23 tot 34, en in Std X van 20 tot 29.

Ook word daarop gewys dat hierdie syfers nie die kinders wat in Ambagskole of Tegnieseskole is, insluit nie.

Besonderhede is verkry vir die hoërskool op Knysna vir die jare 1937 tot 1947 t.o.v. stds. VIII, IX en X. Tabelle XXXIX en XL weerspieël die posisie.

(35) Malherbe: Carnegie-verslag; t.a.p., p.71.
(36) Die Onderwysgaset, Kaap die Goeie Hoop, Deel XLII, No.4, Kaapstad, 21.1.43, p.212.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die werklike gegewens asmede die posisie met 100 as basis vir Std VIII word weergegee.

Tabel XXXVIII.

Uitskakeling in Blanke Hoërskole in Kaapland vir die Jare 1931 tot 1946. (37)

| Jaar | Std VI. | Std VII | Std VIII | Std IX | Std X |
|---|---|---|---|---|---|
| 1931 | 100 | - | - | - | - |
| 1932 | 100 | 54 | - | - | - |
| 1933 | 100 | 54 | 39 | - | - |
| 1934 | 100 | 54 | 39 | 23 | - |
| 1935 | 100 | 59 | 39 | 24 | 20 |
| 1936 | 100 | 64 | 45 | 26 | 22 |
| 1937 | 100 | 66 | 48 | 27 | 23 |
| 1938 | 100 | 66 | 49 | 29 | 24 |
| 1939 | 100 | 70 | 50 | 30 | 25 |
| 1940 | 100 | 70 | 52 | 30 | 26 |
| 1941 | 100 | 70 | 52 | 31 | 26 |
| 1942 | 100 | 71 | 51 | 29 | 26 |
| 1943 | 100 | 73 | 54 | 31 | 25 |
| 1944 | 100 | 77 | 56 | 33 | 26 |
| 1945 | 100 | 75 | 56 | 34 | 27 |
| 1946 | 100 | 74 | 55 | 34 | 29 |

Sedert 1937 was daar 'n toename in die aantal kinders in elke klas. Die toename in die voortsetting van die onderwys na Std VIII is egter nie so opvallend nie.

Daar kan nie beweer word dat die meeste van hierdie leerlinge nakomelinge van boswerkers is nie. Dat daar egter baie arm leerlinge is, kan ook nie betwis word nie. Trouens, die ekonomiese

(37) Verslag van die Superintendent-Generaal van Onderwys oor die jare 1941-1945 en 1946. (Dept. van Openbare Onderwys, Kaapland), p.21 en 23 respektiewelik.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

faktor speel 'n baie belangrike rol in die ontmoediging van 'n hoërskoolloopbaan. Hoewel daar ruimskoots voorsiening gemaak word vir beurse, bly die addisionele klere en die busvervoer nog altyd vir talle ouers 'n belemmering.

Ook is besonderhede verkry van uitskakeling in die huishoudskool op Knysna. Tabel XLI gee die posisie weer.

Tabelle XXXIX en XL.

Uitskakeling in die Hoërskool, Knysna, gedurende 1937 tot 1947 (Werklike aantal, en aantal met 100 as basis vir Std VIII.

| Jaar | Std. VIII | Std. IX. | Std. X. |
|---|---|---|---|
| 1937 | 29 | 10 | 6 |
| 1938 | 24 | 15 | 10 |
| 1939 | 28 | 10 | 13 |
| 1940 | 30 | 17 | 10 |
| 1941 | 32 | 20 | 14 |
| 1942 | 34 | 17 | 17 |
| 1943 | 31 | 19 | 17 |
| 1944 | 39 | 17 | 13 |
| 1945 | 37 | 23 | 12 |
| 1946 | 35 | 18 | 10 |
| 1947 | 36 | 18 | 12 |

| Jaar | Std. VIII | Std. IX. | Std. X. |
|---|---|---|---|
| 1937 | 100 | - | - |
| 1938 | 100 | 52 | - |
| 1939 | 100 | 42 | 45 |
| 1940 | 100 | 61 | 42 |
| 1941 | 100 | 66 | 50 |
| 1942 | 100 | 53 | 57 |
| 1943 | 100 | 56 | 53 |
| 1944 | 100 | 55 | 38 |
| 1945 | 100 | 59 | 36 |
| 1946 | 100 | 49 | 26 |
| 1947 | 100 | 51 | 32 |

Tabel XLI.

Leerlinge wat die Huishoudskool, Knysna gedurende 1943, 1944 en 1945 verlaat het en die Sertifikate wat hulle behaal het.

| Jaar | Sonder Sert. | Junior Sert. | Sert. vir Asst.-Matrone. | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1943 | 1 | 16 | 10 | 27 |
| 1944 | 3 | 13 | 5 | 21 |
| 1945 | 2 | 20 | 11 | 33 |
| Totaal | 6 | 49 | 26 | 81 |
| Persentasie. | 7.4 | 60.5 | 32.1 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel XLI word aangehaal nie soseer om 'n toename of 'n afname oor die drie jaar aan te toon nie maar wel om die resultate te toon wat die huishoudskool lewer. Hieruit blyk dit dat slegs 7.4 persent die skool verlaat sonder enige sertifikaat, terwyl 60.5 persent die juniorsertifikaat bekom en 32.1 persent die assistent-matrone-sertifikaat. Hierdie gegewens is indrukwekkender indien gemeld word dat die meeste van hierdie dogters nakomelinge van boswerkers is.

Dit wil voorkom asof 'n paar gedagtes oor spesiale klasse en/of skole in die bosstreek nie onvanpas is nie. Daar kan by benadering vasgestel word hoeveel subnormale kinders daar in Knysna alleen is.

Volgens Malherbe het dr. M.L. Fick bevind dat 9 persent van die Kaaplandse kinders nie genoeg verstand het om volgens verdienste Std VI te slaag nie, terwyl die persentasie vir die kusstreek 15 is.(38)

Volgens die berekening van die interdepartementele komitee wat ondersoek na afwykende kinders ingestel het, het 4.6 persent van die skoolbevolking in die Unie 'n I.K. tussen 50 en 80 wat 'n geskikte groep vir spesiale klasse en skole vorm.(39)

In tabel XLII verstrek ons die Knysnase skoolbevolking vir Desember 1939 en Desember 1945 asook die werklike en persentasie-toename oor ses jaar en die gemiddelde skoolbesoek. Die werklike toename was 196 en die persentasie-toename 9.9. Daar was in Desember 1945 altesaam 1977 blanke leerlinge in die Knysnase skole.

Indien ons 15 persent van hierdie kinders

---

(38) Malherbe: t.a.p., p.90.
(39) De Vos Malan-verslag, t.a.p., p.155.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as geskik vir spesiale onderrig beskou, is daar 297 sodanige kinders. Indien ons die persentasie op die posisie in die Unie baseer, sê 5 persent, dan is daar 99 sodanige kinders.

Kortom, dit skyn duidelik te wees dat in hierdie streek 'n groot behoefte aan geriewe vir spesiale onderrig bestaan.

Tabel XLII.

Skoolkinders in die Skole in die Knysnase gebied vir die jare 1939 en 1945. (40)

| Jaar / Skool | Des. 1939 Gem. aantal leerlinge. | Des. 1939 Gem. skoolbesoek | Des. 1945 Gem. Aantal leerlinge. | Des. 1945 Gem. skoolbesoek. | Verskil. | Verskil in % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoërskool Knysna. | 169 | 159 | 188 | 181 | + 19 | +10.1 |
| Wittedrift Sekondêr. | 115 | 103 | 159 | 151 | + 44 | +27.7 |
| Bosky Dell. | 30 | 26 | 36 | 32 | + 6 | +16.7 |
| Bracken Hill | 39 | 37 | 58 | 53 | + 19 | +32.7 |
| Covie. | 22 | 20 | 14 | 13 | - 8 | -57.1 |
| Elandskraal. | 71 | 66 | 53 | 48 | -18 | -33.9 |
| Formosa | 26 | 25 | 40 | 38 | + 14 | +35.0 |
| Gouna. | 28 | 25 | 33 | 30 | + 5 | +15.1 |
| Gouwkamma. | 29 | 26 | 38 | 34 | + 9 | +23.7 |
| Grootbrak. | 42 | 40 | 34 | 33 | - 8 | -23.5 |
| Highway. | 60 | 53 | 37 | 35 | - 23 | -67.6 |
| Kafferskop. | 27 | 25 | 28 | 26 | + 1 | + 3.6 |
| Karatara. | 79 | 71 | 162 | 141 | + 83 | +51.2 |
| Knysna (Laerskool). | 272 | 258 | 378 | 355 | +106 | +28.1 |
| Kraaibosch. | 30 | 25 | 46 | 38 | + 16 | +34.8 |
| Krantzbosch. | 56 | 47 | 69 | 61 | + 13 | +18.8 |
| Kruisrivier. | 82 | 75 | 63 | 54 | -19 | -30.1 |
| Leeuwbosch. | 73 | 65 | 82 | 75 | + 9 | +10.9 |
| Middelrug. | 14 | 12 | 13 | 12 | - 1 | - 7.7 |
| Ou Plaas. | 54 | 50 | 60 | 55 | + 6 | +10.0 |
| Pisangrivier. | 31 | 30 | 36 | 35 | + 5 | +13.9 |
| Redlands. | 49 | 47 | 81 | 76 | + 32 | +39.5 |
| Ruigtevlei. | 32 | 28 | 36 | 33 | + 4 | +11.2 |
| Soutrivier. | 74 | 69 | 80 | 74 | + 6 | + 7.5 |
| Sedgefield. | 19 | 17 | 18 | 17 | - 1 | - 5.5 |
| Veldmanspad. | 57 | 54 | 36 | 34 | -21 | -58.3 |
| Westford. | 44 | 41 | 26 | 20 | - 18 | -69.2 |
| Woodlands. | 83 | 76 | 73 | 69 | - 10 | -13.7 |
| Ingelyf by ander skole (Hollywood Park. | 11 | 11 | - | - | - 11 | -100.0 |
| (Sunnyside. | 36 | 35 | - | - | -36 | -100.0 |
| (Uplands | 16 | 15 | - | - | - 16 | -100.0 |
| (Zwartrivier. | 11 | 10 | - | - | - 11 | -100.0 |
| | 17811 | 1641 | 1977 | 1823 | +196 | + 9.9 |

(40) Saamgestel uit die Jaarverslae van die Departement van Openbare Onderwys, Kaapland vir die jare 1941-1945 en 1939.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Samevattend wil ons graag die volgende sê:

Die swak onderwyspeil van boswerkers en hul kinders moet veral aan twee faktore gewyt word, t.w. die swak onderwysgeriewe (vergelyk die staatsondersteunde kerkskole) en die traagheid van die boswerkerskind om die skool te besoek daar hy van kleinsaf in die bos gehelp het. Sedert 1890 het daar 'n verbetering as gevolg van beter skole ingetree en sedert 1920 verbeter die posisie verder deurdat boswerkers as sodanig vinnig begin afneem het (vergelyk verpligte registrasie van boswerkers in 1913). 'n Verdere verbetering vind omstreeks 1939 plaas — die jaar waarin boswerkers afgeskaf is.

Vertraging op skool skyn 'n baie groot omvang in Knysna te hê. Vir sover dit laerskool betref, toon sowel die hele Knysna as sewe distrikskole 'n baie groter omvang as die Unie en Kaapland. Dit geld vir elke klas in die Laerskool.

Verskeie moontlike oorsake ter verklaring van die verskynsel is aangevoer. Hieronder is swak skoolbywoning, swak verstand, ouderdom by skoolaanvang, verwisseling van skool en die houding teenoor die onderwys. Hoewel die verskillende oorsake nie van mekaar geskei kon word nie, wil dit voorkom asof die swak huislike omstandighede die belangrikste enkele oorsaak van vertraging is. Die direkte verband wat daar tussen die I.K. en die skoolprestasie enersyds en die swak huislike omstandighede andersyds bestaan, sterk hierdie vermoede onteenseglik.

Hoewel gegewens nie verstrek kon word vir sover dit uitskakeling op laerskool betref nie, mag dit aansienlik wees uit hoofde van die grootskaalse vertraging.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is bereken dat tussen 99 en 297 kinders wat tans die gewone klasse in Knysna bywoon, in spesiale klasse behoort te wees.

© University of Pretoria

Tabel A. (by Kaart II).

SKOLE EN LEERLINGE IN DIE BOSSTREEK - DESEMBER 1945.

| GEORGE. | | KNYSNA. | | HUMANSDORP. | |
|---|---|---|---|---|---|
| Skool | Leer-linge. | Skool | Leer-linge. | Skool | Leer-linge |
| Jonkersberg | 54 | Sedgefield | 18 | Coldstream | 35 |
| Geelhoutboom | 75 | Karatara | 162 | Kleinbos | 32 |
| Kleinfontein | 31 | Redlands | 81 | Storms-rivier. | 29 |
| v.d.Hoven | 90 | Kraaibos | 46 | Storms-riviermond | 33 |
| Nooitzekama | 30 | Elandskraal | 53 | Bloulelies-bos. | 37 |
| Blanco | 151 | Ruigtevlei | 36 | Fynboshoek | 50 |
| George | 1528 | Middelrug | 13 | Witels-rivier. | 39 |
| Wildernes-hoogte | 133 | Gouwkama | 38 | Robben-hoek. | 45 |
| Olifantshoek | 133 | Leeubosch | 82 | Oudebos. | 31 |
| Langvlei | 70 | Highway | 37 | Eerste-rivier | 19 |
| Rondevlei | 65 | Westford | 26 | Hofmans-bos I. | 30 |
| Dieprivier | 58 | Soutrivier | 80 | Hofmans-bos 2. | 22 |
| Bergplaas | 64 | Gouna | 33 | Klipdrift | 36 |
| Kleinplaat | 39 | Knysna Laer | 378 | Karree-douw. | 260 |
| Totaal. | 2521 | Knysna Hoër | 188 | Totaal | 698 |
| | | Ou Plaas | 60 | | |
| | | Veldmanspad | 36 | | |
| | | Kruisrivier | 63 | | |
| | | Krantzbosch | 69 | | |
| | | Kafferskop | 28 | | |
| | | Brackenhill | 58 | | |
| | | Bosky Dell | 36 | | |
| | | Groot Brak | 34 | | |
| | | Pisangrivier | 36 | | |
| | | Formosa | 40 | | |
| | | Wittedrift | 159 | | |
| | | Woodlands | 73 | | |
| | | Covie | 14 | | |
| Totaal | 2521 | Totaal | 1977 | Totaal | 698. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# Hoofstuk VIII.

## DIE FISIEKE TOESTAND.

Alvorens tot die bespreking van gegewens oorgegaan word, is dit nodig om 'n paar moeilikhede waarvoor die skrywer te staan gekom het, hier te noem. Hoewel besef word dat die fisieke aspek eintlik buite die bestek van hierdie verhandeling val, word hierdie aspek nogtans bespreek omdat die mens wat 'n veel-eenheid is, beter begryp kan word indien soveel aspekte as moontlik behandel word.

'n Struikelblok is ook gevind in die afwesigheid van gegewens oor 'n ander Suid-afrikaanse gemeenskap wat goed met die bestudeerde gemeenskap vergelyk kan word. Vir sover dit oorsake van ongeskiktheid vir die arbeidsmark betref, is gegewens oor oud-soldate en burgerlikes, wat in beskutte werk in die Unie is, asook gegewens oor manlike persone, wat ongeskiktheidstoelaes in Knysna ontvang, verkry. Daar kan besef word dat die twee groepe nie goed vergelykbaar is nie. Hoewel nie veel waarde aan die gevolgtrekkings geheg kan word nie, kan 'n vergelyking tog 'n aanduiding van die posisie gee, want dit sou oordrewe wees om alle oorsake van ongeskiktheid by soldate aan oorlogsdiens te koppel.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. DOODSOORSAKE EN SIEKTES.

Die doel hier is om gegewens te verstrek oor die sterftesyfer, kindersterfte en oorsake van ongeskiktheid vir die arbeidsmark.

Tabel XLIII.

Sterftesyfer en sommige Doodsoorsake vir die Unie en Knysna (Blankes). (1)

| | Unie | | Knysna. | |
|---|---|---|---|---|
| | 1943 | 1944 | 1945 | 1946. |
| Sterftesyfer (werklik) per 1000. | 9.53 | 9.33 | 7.62 | 7.01 |
| Siektes van hart en bloedsomloop per 100,000. | 211.92 | 214.83 | 242.00 | 404.00 |
| Longontsteking en bronchitis per 100,000. | 92.23 | 84.78 | 46.00 | 11.00 |
| Kanker per 100,000. | 109.98 | 111.96 | - | 115.00 |
| Tering (alle vorms) per 100,000. | 33.16 | 34.17 | 34.65 | 34.69 |

Daar moet nie 'n oordrewe betekenis aan die gegewens vir Knysna geheg word nie. Dit is begryplik dat waar die gegewens per 100,000 van die bevolking verstrek word, foute wat ingesluip het, baie vergroot sal word. Boonop sal 'n berekening per 100,000 van die bevolking (waar die werklike bevolking maar slegs 11,000 is) ongeregverdigde belangrikheid aan slegs 'n paar gevalle verleen.

Neem ons egter die gesigswaarde van die

(1) Jaarverslag Departement van Gesondheid - 1945 (U.G.6 - 1946), p.3.
Jaarverslag : Gesondheidsentrum, Knysna - 1947, p.1.

© University of Pretoria

syfers, dan is dit opvallend dat Knysna 'n laer sterftesyfer toon as die Unie as geheel. Die siektes van die hart en bloedsomloop toon 'n hoër syfer vir Knysna as vir die Unie, terwyl longontsteking en bronchitis weer baie laer is in Knysna.

Waar daar egter so 'n geringe aantal van elke kategorie is, is dit belangriker om die werklike aantal doodsoorsake in Knysna te kry. Die werklike oorsake van sterftes in die 62 blanke gevalle in Knysna vir 1946 was as volg : Hart- en bloedvaatsiektes (35), longontsteking en bronchitis (1), siektes van senustelsel (1), tering (3), witseerkeel (1), oorgeërfde sifilis (1), kanker (10), kinderdiarree (1), kroniese nierontsteking (1), lewersiekte (1), swak omskryf of ongespesifiseerd (7).(2)

Dit is opvallend dat hart- en bloedvaatsiektes as alleenstaande oorsaak van sterfte verreweg die belangrikste is. Hierdie oorsaak is verantwoordelik vir meer as die helfte van alle sterftes gedurende 1946. Kanker is op een na die belangrikste oorsaak en dan kom tering. Die res van die oorsake speel 'n gelyke rol by sterftes.

Vir sover dit die kindersterfte betref, het ons eweëns in Knysna met klein syfers te doen wat 'n vergelyking met die syfer vir die Unie bemoeilik. Die kindersterfte vir die Unie in 1944 was 42.53, terwyl dit vir Knysna 53.81 en 27.23 was vir die jare 1945 en 1946 onderskeidelik. (Syfers is bereken per 1,000 lewendgebore kinders).(3)

---

(2) Jaarverslag: Mediese Beampte, Knysna, t.a.p. p.2.
(3) Jaarverslag: t.a.p., p.1 en 3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar kan egter nie betwyfel word dat die kindersterfte in Knysna 'n dalende neiging toon nie. Hoewel die daling seer sekerlik nie so drasties is as wat deur die syfers vir 1945 en 1946 voorgegee word nie, toon die gegewens wat verkry is van 175 gesinne wat die tydperk van 'n hele geslag verteenwoordig, 'n geweldige hoë kindersterfte. Volgens hierdie gegewens is daar uit die 175 huwelike altesaam 1315 geboortes. Dit beteken 'n kindertal van 7.5 per gesin. Uit hierdie geboortes was daar 'n kindersterftesyfer van 195 of 140.73 per 1000 geboortes. Omdat ons ook hier met twee stelle gegewens te doen het wat moeilik met mekaar vergelyk kan word, moet die belangrikheid hiervan nie oordryf word nie. Verder mag daar nie uit die oog verloor word nie dat hierdie gegewens slegs op gesinne van oud-boswerkers en hul nakomelinge betrekking het. Aangesien kindersterfte met sosiaal-ekonomiese toestande verband toon, moet aangeneem word dat hierdie groep veral vir die hoë kindersterfte verantwoordelik is. Hoewel die gemelde syfer dus nie op die hele Knysna betrekking het nie, moet aanvaar word dat so 'n hoë syfer onder hierdie groep die kindersterftes vir die hele Knysna in die verlede positief beïnvloed het. Daar word gesê die verlede omdat die oorgrote gros gegewens op geboortes wat 'n dekade of meer gelede plaasgevind het, betrekking het.

Ons vind dat die kindersterfte by die bestudeerde gesinne selfs hoër is as dié by die

© University of Pretoria

huidige kleurlingbevolking. Die syfer vir l.g. is 128.83 en 120.35 vir 1945 en 1946 onderskeidelik.(4)

Die daling in die kindersterfte moet nie alleen in die lig van verbeterde sosiaal-ekonomiese toestande gesien word nie, maar veral die waarde van die georganiseerde gesondheidsdiens aldaar gedurende die afgelope paar jaar mag nie geringskat word nie. Die werk van vroedvroue en die diens i.v.m. die moeder- en kinderkliniek speel 'n groot rol.

In die verlede het hierdie dienste, vir sover dit die verarmde deel van die gemeenskap betref, feitlik totaal ontbreek.

In tabel XLIV word die oorsake van ongeskiktheid by twee groepe weergegee.

Die eerste kolom het te doen met burgerlike persone wat in beskutte werkswinkels in Johannesburg werksaam is. Die syfers vir kolomme 2 tot 9 verstrek besonderhede oor oud-soldate wat werksaam is in die verskillende beskutte werkswinkels vir oud-soldate in die Unie.(5)

In die laaste kolom word besonderhede verstrek ten opsigte van persone in Knysna wat weens die een of ander liggaamlike of geestelike oorsaak geregtig is op 'n ongeskiktheidstoelae.(6)

---

(4) Jaarverslag : t.a.p., p.1.
(5) Gegewens is verkry van die Senior Mediese Beampte van die Ontslagdepot, Johannesburg.
(6) Gegewens is verkry van die voorgeskrewe mediese vorms wat deur distriksgeneeshere voltooi word.

© University of Pretoria

# Tabel XLIV.

## Oorsake van Ongeskiktheid by Oud-soldate en Burgerlikes in Beskutte Werk (1945) en by Ongeskiktheidsgevalle in Knysna. (1947)

| Groep | Gebied | 1 Hartkwale | 2 Borskwale | 3 Ortopediese toestand | 4 Rumatiek | 5 Senutoestand | 6 Subnormaliteit | 7 Epelepsie. | 8 Maagkwale | 9 Psigopate en alkoholiste. | 10 Nierkwale | 11 Geestesafwykings | 12 hoofbeserings | 13 Tering | 14 Ander | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Burgerlikes, | Johannesburg | 1 | 2 | 5 | 2 | 1 | 14 | 7 | 0 | 3 | 0 | 4 | 1 | 0 | 9 | 49 |
| 2. Oud-soldate | " | 5 | 11 | 6 | 3 | 2 | 4 | 10 | 0 | 8 | 1 | 6 | 0 | 0 | 9 | 65 |
| 3. " | Oos-London | 3 | 4 | 3 | 2 | 1 | 1 | 2 | 0 | 4 | 1 | 2 | 1 | 1 | 4 | 29 |
| 4. " | Grahamstad | 0 | 8 | 0 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 0 | 0 | 1 | 1 | 2 | 19 |
| 5. " | Potchefstroom. | 2 | 5 | 0 | 9 | 0 | 3 | 2 | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 23 |
| 6. " | Durban | 10 | 7 | 4 | 6 | 2 | 2 | 0 | 2 | 3 | 0 | 1 | 1 | 0 | 4 | 42 |
| 7. " | Bloemfontein | 4 | 7 | 2 | 3 | 5 | 3 | 0 | 3 | 1 | 0 | 0 | 1 | 0 | 7 | 37 |
| 8. " | Kimberley | 8 | 9 | 3 | 5 | 4 | 2 | 2 | 1 | 3 | 3 | 0 | 1 | 0 | 12 | |
| 9 " | Hector Norris Johannesburg | 25 | 31 | 15 | 7 | 7 | 1 | 1 | 6 | 15 | 2 | 2 | 9 | 3 | 19 | 143 |
| | Tot. | 58 | 83 | 39 | 39 | 23 | 32 | 25 | 14 | 39 | 7 | 15 | 15 | 5 | 66 | 460 |
| | Persentasie | 12.6 | 18.1 | 8.5 | 8.5 | 5.0 | 6.9 | 5.4 | 3.1 | 8.5 | 1.5 | 3.3 | 1.1 | 3.3 | 14.2 | 100.0 |
| 10. Burgerlikes | Knysna | 16 | 14 | 2 | 46 | 7 | 8 | 6 | 5 | 0 | 1 | 0 | 0 | 8 | 11 | 154 |
| | Persentasie | 29.9 | 9.1 | 1 3 | 29.9 | 4.5 | 5.2 | 3.9 | 3.2 | 0 | .6 | 0 | 0 | 5.2 | 7.2 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Terwyl die gegewens beïnvloed is deur die feit dat verskillende geneeshere hierdie ondersoeke gedoen het, kan hierdie gegewens hoogstens 'n aanduiding gee van siekteverskynsels soos dit in Knysna en in die res van die Unie voorkom. Hoewel sommige oud-soldate tans in beskutte arbeid op plekke is waar hulle nie normaalweg woonagtig is nie, is die groot meerderheid nog in die dorp of die gebied waar hulle vroeër woonagtig was, gevestig.

Feit bly dat ons hier te doen het met persone wat weens liggaamlike of geestelike gebreke ongeskik is vir die ope arbeidsmark en derhalwe moet hulle geheel of gedeeltelik deur die staat versorg word.

Die mees opvallende verskynsel wat hier opgemerk word, is dat siektes van die hart in Knysna 'n baie groter rol as oorsaak van ongeskiktheid speel as in die res van die Unie. In Knysna is die syfer 30 persent, terwyl dit vir die Unie slegs 13 persent is.

Rumatiek, toon eweseer 'n baie hoër persentasie nl. (29.9) by Knysna terwyl die persentasie (8.5) vir die res van die Unie geld. Teringgevalle is by Knysna ook hoër t.w. 5.2 persent, terwyl dit by die Unie slegs 1.1 persent is. Die frekwensiesyfer ten opsigte van die res van die oorsaaklike faktore is by Knysna baie meer beskeie as vir die Unie.

So bv. word gevind dat borskwale in Knysna slegs in 9.1 persent van die gevalle voorkom, terwyl die syfer vir die Unie 18.1 persent is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Subnormaliteit is ook 'n geringer faktor in Knysna as in die Unie — 5.2 persent en 6.9 persent onderskeidelik. 'n Interessante verskynsel is dat psigopatiese en alkoholiese faktore in 8.5 persent van die gevalle vir die Unie is, terwyl daar geen gevalle vir Knysna is nie.

By wyse van 'n vergelykende samevatting kan gesê word dat die belangrikste oorsake in Knysna hartkwale, rumatiek en tering is. Hierdie drie kwale is verantwoordelik vir sowat 65 persent van die ongeskiktheidsyfer in Knysna. Die belangrikste oorsake vir die res van die Unie (ook by wyse van vergelyking) is, borskwale, ortopêdiese toestande, verstandelike steurings, psigopatiese en alkoholiese toestande en hoofbeserings. Hierdie vyf oorsake is verantwoordelik vir die ongeskiktheid van sowat 42 persent oud-soldate en burgerlikes wat in beskutte arbeid werksaam is.

Groepeer ons die volgende faktore, t.w. senu-afwykings, verstandsafwykings, subnormaliteit, vallende siekte en psigopatiese en alkoholiese verskynsels, dan vind ons dat vir die Unie die syfer 29.1 persent is, terwyl dit vir Knysna 13.6 persent is.

In sy skriftelike kommentaar aan skrywer laat dr. H. le Riche, hoof van die Gesondheidsentrum te Knysna, hom as volg uit :

„Ek is nie so seker dat hartkwaal meer in Knysna as in ander dele van die land voorkom nie. Die drie grootste oorsake van hartaandoenings by blanke volwassenes is :

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

„(a) die groep kwale wat saam met hoë bloeddruk, verkalking van die are en nephritis pas; (b) die gevolge van jigkoors; en (c) die gevolge van sifilis.

„In Knysna is hartkwaal 'n populêre siekte wat deel van die sielkundige agtergrond van die mense geword het. Met nadere mediese ondersoek word gevind dat harte nie so patologies is as wat in die verlede gedink is nie.

„Daar is in Knysna 'n uiters interessante studieveld i.v.m. psychosomatiese artsenykunde. Die mense hou daarvan om „siek" te wees omdat „siekte" sekuriteit in die vorm van pensioene beteken.

„Terwyl die Knysna „jig" baie voorkom, is die voorkoms van rumatiekkoors nie hoër as in ander dele van die land nie. Die oorsake van die Knysna „jig" is nog nie duidelik nie. Een teorie is dat dit heelwat te doen het met die kalsium- en fosfor-tekort in die grond en ook in die voeding. Tekorte aan vitamine van die B-groep sal ook hier 'n rol speel.

„Borskwale onder blankes kom in Knysna meer voor as bv. op die Hoëveld. Syfers vir tering is ook hoër as in baie dele van die land. Asma en bronchitis kom dikwels voor onder boswerkers. Onthou moet word dat 'n taamlike aantal blanke teringlyers weggaan uit die Knysnase streek, óf na hospitale óf na die Karoo. Hulle sterftesyfer sal dus nie in die Knysnase verslae getel word nie."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


In tabel XLV word 'n vergelyking verskaf van die ouderdomme waarop die twee groepe ongeskik vir die arbeidsmark gevind is. Hierdie gegewens is afkomstig van dieselfde bronne as dié vir tabel XLIV.

Uit hierdie tabel blyk dat die persentasie ongeskiktheid in die Unie vir die groep onder 29 jaar ruim drie-keer so hoog as vir Knysna is — 18.5 persent en 6.5 persent onderskeidelik. Terwyl die hoogste persentasie vir die Unie in die groep onder 29 jaar val, is dit by Knysna vir die groep 40 tot 44 jaar. Laat ons die jeugdige ouderdomsgroepe buite rekening, vind ons dat albei min of meer 'n konstante persentasie handhaaf vanaf die groep (40 - 44 jaar), hoewel die persentasies vir Knysna deurgaans op 'n hoër peil is.

Afgesien van die jeugdige ouderdomsgroep (wat hoofsaaklik gevalle van sub-normaliteit en liggaamlike beserings insluit) blyk dit dat ongeskiktheid in die Knysna-distrik nie soseer met ouderdom gepaard gaan nie. Ongeskiktheid vir die arbeidsmark in Knysna tree blykbaar vroeër en meer drasties in as elders. Hierdie verskynsel moet in die belangrikste instansie gewyt word aan 'n vroeër en skerper „slytasie" van die liggaam.

Die agteruitgang van die liggaam kan aan toestande soos behuising, voeding ens. gewyt word.

Benewens die oorsake van ongeskiktheid word op die mediese vorm ook die algemene fisieke en voedingstoestand van die applikant vermeld. Uit die 154 gevalle is die toestand bevind

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel XLV.

Ouderdomme waarop Burgerlikes en Oudsoldate vir die Arbeidsmark onbekwaam is :
Gegewens is vir die Unie en vir Knysna (1945 en 1947 onderskeidelik.)

| Groep | Gebied. | 29 jaar en onder | 30-34 jaar | 35-39 jaar | 40-44 jaar | 45-49 jaar | 50-54 jaar | 55-59 jaar | 60- jaar | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Burger-likes | Johannes-burg. | 20 | 1 | 2 | 4 | 7 | 3 | 2 | 10 | 49 |
| Oud-soldate | " | 17 | 8 | 5 | 9 | 6 | 6 | 3 | 11 | 65 |
| " | Oos London | 8 | 5 | 1 | 2 | 3 | 2 | 4 | 4 | 29 |
| " | Grahamstad | 5 | 3 | 2 | 4 | 4 | 0 | 1 | 0 | 19 |
| " | Potchefstroom | 0 | 3 | 0 | 3 | 7 | 8 | 2 | 0 | 23 |
| " | Durban | 5 | 2 | 3 | 4 | 8 | 7 | 9 | 4 | 42 |
| " | Bloemfontein | 4 | 3 | 4 | 2 | 2 | 3 | 9 | 10 | 37 |
| " | Kimberley | 6 | 3 | 3 | 5 | 4 | 6 | 10 | 16 | 53 |
| " | Hector Norris Johannesburg | 20 | 11 | 15 | 20 | 12 | 20 | 13 | 32 | 143 |
| | Totaal | 85 | 39 | 35 | 53 | 53 | 55 | 53 | 87 | 460 |
| | Persentasie | 18.5 | 8.5 | 7.6 | 11.5 | 11.5 | 11.9 | 11.5 | 19.0 | 100.0 |
| Burger-likes | Knysna | 10 | 5 | 18 | 27 | 25 | 25 | 23 | 21 | 154 |
| | Persentasie | 6.5 | 3.2 | 11.7 | 17.5 | 16.2 | 16.2 | 14.9 | 13.8 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as : 26 goed, 66 redelik en 62 swak.

2. DIE VOEDINGSTOESTAND.

'n Opname is gemaak van 57 gesinne op die Karatara-nedersetting vir sover dit die voedselverbruik betref. Benewens die gegewens wat deur die gesinne self verstrek is, is ook navrae by die winkelier van wie die gesinne hul voorrade kry, gedoen. - Omdat dit onmoontlik is om die juiste hoeveelheid groente wat verbruik word, vas te stel, is hierdie kolom blank gelaat en moet daar volstaan word met 'n paar algemene opmerkings. Wat groente betref, is hierdie gesinne uitsluitend op hul tuine aangewese, met die gevolg dat die groentevoorraad grootliks afhang van die seisoen en reënval. (Nou dat die waterskema vir hierdie nedersetting voltooi is, kan groente van die een of ander soort die hele jaar beskikbaar wees). Vir die doel van die gegewens wat hier behandel word, is die belangrikste groente-soorte artappels en patats en die verbruik hiervan is bepaald genoegsaam. Wat ander soorte, soos ertjies, boontjies, wortels ens. betref, is die voorraad onvoldoende omdat dit ongereëld is. 'n Verdere faktor wat in ag geneem moet word, is dat die groentes, hoewel beskikbaar, nie deur alle gesinne gereëld opgedis word nie.

In tabel XLVI volg 'n dubbelkolom voedselsoorte agter die opskrifte „rantsoen" en „verbruik". Die verbruikskolom het betrekking op die werklike voedsel wat elke gesin weekliks verbruik. Die rantsoenkolom toon aan watter

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoeveelheid voedselsoorte, volgens 'n rantsoenskaal, van die Departement van Gesondheid die verskillende gesinne behoort te gebruik.(7)

In die laaste kolom word die werklike weeklikse verbruikskoste vir elke gesin aangetoon.

Indien die voedselkolomme in volgorde behandel word, vind ons onder die item vleis slegs een gesin wat nie van hierdie voedselsoort gebruik maak nie. Feitlik deurgaans word gevind dat minder vleis verbruik word as wat deur die rantsoenskaal voorgeskryf word. In baie gevalle is dit nie die helfte van die voorgeskrewe hoeveelheid nie.

Onder die item droë ertjies en boontjies is daar 22 gesinne wat nie hiervan gebruik maak nie. Ook hier is die verbruik oor die algemeen minder. Opvallend van die suiker is dat groot hoeveelhede suiker verbruik word — altans groter as die voorgeskrewe hoeveelhede. Afgesien van 'n aantal gesinne wat nie mieliemeel verbruik nie, is die hoeveelheid ook kleiner as wat amptelik voorgeskryf word. Boermeel word weer deurgaans in groter hoeveelhede verbruik. Die hoeveelheid botter en vet wat verbruik word, is ook minder as die voorgeskrewe hoeveelhede. Melkpoeier word glad nie gekoop nie omdat varsmelk die plek hiervan inneem. Die hoeveelheid koffie en tee, hoofsaaklik koffie, wat gekoop word, is ook deurgaans hoër as die voorgeskrewe hoeveelhede. Die melkposisie is ook baie gesond. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat die Departement melk aan die nedersetters teen een-en-'n-half pennie per pint verskaf.

(7) Vir rantsoenskaal sien Hersiene Memorandum oor Armsorg: Departement van Volkswelsyn, Pretoria, 1945, p.7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel XLVI.

Vergelykende tabel t.o.v. amptelike rantsoenskaal en werklike voedselverbruik vir 57 gesinne en koste van voedsel (per week). (1947.)

| | Vleis | droë ertjies boontjies | suiker | mielie-meel | Boer-meel | Botter en vet | Melk poeier | Tee koffie. | Groente | Melk. | Verbruikskoste. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (Rantsoen | 13lbs | 5¼lbs | 6¾lbs | 10½lbs | 18lbs | 5lbs | 2lbs | 2lbs | 20lbs | 2pte | £ s d. |
| 1. (Verbruik | 4" | 1 " | 9 " | 9½ " | 25 " | 1 " | - | 1⅔" | | 19 " | 1. 3. 9 |
| 2. (Rantsoen | 10" | 4½" | 5¼ " | 9½ " | 9 " | 3¾" | 2 " | 2 " | 16 " | 14 " | |
| (Verbruik | 2" | 1¾" | 8 " | - | 25 " | 1 " | - | 1⅛" | | 14 " | 0.16. 3 |
| 3. (Rantsoen | 12" | 5" | 6½" | 10½" | 17 " | 4½" | 2 " | 2" | 19 " | 21 " | |
| (Verbruik | 3" | 3" | 7½" | 6 " | 25 " | 2 " | - | 2½" | | 14 " | 1. 4.11 |
| 4. (Rantsoen | 8" | 4" | 4 " | 8 " | 12 " | 3 " | 2 " | 2 " | 12 " | | |
| (Verbruik | 3" | 1½" | 9½" | 3¼" | 25 " | 1 " | - | 2 " | - | 21 " | 1. 0. 3 |
| 5. (Rantsoen | 10" | 4" | 5 " | 8 " | 13 " | 3¾" | 1½" | 1½" | 15 " | 14 " | |
| (Verbruik | 4" | 2" | 7½" | 4 " | 25 " | ¾" | - | 3¼" | | 10 " | 1. 4. 6 |
| 6. (Rantsoen | 8" | 3½" | 4 " | 7 " | 11 " | 3" | 1½" | 1½" | 12 " | 7 " | |
| (Verbruik | - | 1" | 9 " | 5 " | 12½" | 1 " | - | 1⅛" | | 15 " | -. 9. 7 |
| 7. (Rantsoen | 4" | 2" | 2 " | 4 " | 6 " | 1½" | 1 " | 1 " | 6 " | - | |
| (Verbruik | 4" | ½" | 5 " | ¼ " | 12½" | 1 " | - | 1¼" | | 14 " | 14.11 |
| 8. (Rantsoen | 6" | 3" | 3" | 6 " | 9 " | 2¼" | 1½" | 1½" | 9 " | - | |
| (Verbruik | 2" | - | 5" | 3 " | 12½" | 1 " | - | 1⅝" | | 14 " | 12. 3 |
| 9. (Rantsoen | 8" | 4" | 4" | 8 " | 12" | 3 " | 2" | 2 " | 12 " | - | |
| (Verbruik | 3" | - | 8½" | - | 25" | - | - | 1⅛" | | 14 " | 17. 3 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | Vleis | droë ertjies boontjies. | suiker. | mielie meel. | boermeel. | botter en vet. | Melkpoier | Tee koffie. | Groente. | melk. | Verbruikskoste. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | £ s d |
| 10. (Rantsoen | 8 lbs. | 3 lbs | 4 lbs | 6 lbs | 10 lbs | 3 lbs | 1 lbs | 1 lbs | 12 lbs | 14 pte. | |
| (Verbruik | 5 " | 8¾" | 9" | 7" | 25" | 3" | - | 2½" | | 15 " | 1.14. 8d. |
| 11. (Rantsoen | 6 " | 3 " | 3" | 6" | 9" | 2¼" | 1½" | 1½" | 9 " | - | |
| (Verbruik | 4 " | - | 9" | 3" | 12½" | 1 " | - | 1½" | | 14 " | -.19. 5d. |
| 12. (Rantsoen | 9 " | 4¼" | 5¾" | 8½" | 15" | 4¼" | 1½" | 1½" | 17" | 21 " | |
| (Verbruik | 6 " | - | 9" | 6" | 25" | 2 " | - | 1⅝" | | 14 " | 1. 1. 1d. |
| 13. (Rantsoen | 10" | 5" | 5" | 10" | 15" | 3¾" | 2½" | 2½" | 15" | - | |
| (Verbruik | 4" | - | 9" | 3" | 12½" | 1 " | - | 1½" | | 14 " | -.16. 1d. |
| 14. (Rantsoen | 4" | 2" | 2" | 4" | 6 " | 1½" | 1 " | 1 " | 6 " | | |
| (Verbruik | 3" | 2" | 5" | 3" | 12½" | 1 " | - | 2 " | | 7 " | 12.10d. |
| 15. (Rantsoen | 4" | 1½" | 2" | 3" | 5 " | 1½" | ½ " | ½ " | 6 " | 7 " | |
| (Verbruik | 1½" | ½" | 4" | 4" | 12½" | 1 " | - | 1⅛" | | 7 " | -.16. 1d. |
| 16. (Rantsoen | 4" | 2" | 2" | ʃ" | 6 " | 1½" | 1" | 1 " | 6 " | - | |
| (Verbruik | 2" | 1" | 8" | 2½" | 6¼" | 8¼" | - | 1 " | | 7 " | -.11. 3d. |
| 17. (Rantsoen | 8" | 3½" | 4" | 7 " | 11 " | 3 " | 1½" | 1½" | 12 " | 7 " | |
| (Verbruik | 4" | 1" | 9" | 6" | 25" | 2 " | - | 2½" | | 14 " | 1. 4. 9d. |
| 18. (Rantsoen | 4" | 2" | 2" | 4 " | 6 ". | 1½" | 1 " | 1 " | 6 " | - | |
| (Verbruik | 4" | - | 4" | 11" | 8¼" | ¼" | - | 1¾" | | 12 " | -.15. 5d. |
| 19. (Rantsoen | 8" | 3½" | 4" | 7 " | 11" | 3 " | 1½" | 1½" | 12 " | 7 " | |
| (Verbruik | 3" | - | 9" | 4 " | 25" | 1 " | - | 2½" | | 14 " | -.18. 3d. |
| 20. (Rantsoen | 10" | 4½" | 5" | 9 " | 14" | 3¾" | 2" | 2" | 15 " | 7 " | |
| (Verbruik | 4" | 1¼" | 10½" | 1 " | 25" | 1 " | - | 2½" | | 21 " | 1.1_. 9d. |
| 21. (Rantsoen | 4" | 1½" | 2 " | 3 " | 5" | 1½" | ½" | ½ " | 6 " | 7 " | |
| (Verbruik | 4" | 1" | 4 " | 2 " | 12½" | 1 " | - | 1⅝" | | 7 " | .14. 6d. |



© University of Pretoria

| | Vleis | droë ertjies boontjies. | suiker. | mieliemeel | boermeel | botter en vet. | melkpoeier | Tee koffie. | Groente. | melk. | Verbruikskoste. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 22.(Rantsoen | 13lbs | 5¼lbs | 6¾lbs | 10½lbs | 18lbs | 4¾" | 2lbs. | 2lbs | 21lbs. | 28pte | |
| (Verbruik | 4" | 1¼" | 8 " | 5½ " | 25 " | ¼" | | 2¼" | | 14 " | 1. 0. 7 |
| 23.(Rantsoen | 15" | 6¾" | 7¾" | 13½" | 22 " | 5¾" | 3 " | [illegible] " | 23lbs | 14 " | |
| (Verbruik | 4" | - | 9 " | 6½" | 50 " | ¼" | - | 2⅛" | | 21 " | 1. 0. 7 |
| 24.(Rantsoen | 6" | 3 " | 3 " | 6 " | 9 " | 2¼" | 1½" | 1½" | 9 " | - | |
| (Verbruik | 3" | 1 " | 9 " | 2 " | 25 " | ¼" | - | 2⅛" | - | 15 " | 18. 8 |
| 25.(Rantsoen | 9" | 3¾" | 4¾" | 7½" | 13 " | 3¼" | 1½" | 1½" | 15 " | 21 " | |
| (Verbruik | 8" | 3 " | 9 " | 4 " | 25 " | 1¼" | - | 1½" | | 14 " | 1.11.11 |
| 26.(Rantsoen | 5" | 2¼" | 2¾" | 4½" | 8 " | 2 " | 1 " | 1 " | 8 " | 7 " | |
| (Verbruik | 5" | - | 9" | 2 " | 12½" | 1 " | 2⅛" | | | 15 " | 1. 1. 1 |
| 27.(Rantsoen | 4" | 2" | 2" | 4 " | 6 " | 1½" | 1 " | 1 " | 6 " | - | |
| (Verbruik | 4" | 1¾" | 3½" | 1¾" | 12½" | 1 " | - | 1¼" | | 21 " | -.16. 9 |
| 28.(Rantsoen | 11" | 4¼" | 5¾" | 8½" | 15 " | 3¾" | 1½" | [illegible] " | 17" | 21 " | |
| (Verbruik | 5" | 1¾" | 9" | 5" | 25" | 1 " | - | 2 " | | 14 " | 1. 5. 8 |
| 29.(Rantsoen | 6" | 2½" | 3" | 5" | 8" | 2¼" | 1 " | 1 " | 9 " | 7 " | |
| (Verbruik | 4" | - | 8" | 3" | 12½" | 1" | - | 2 " | | 2 " | 16. 2d. |
| 30.(Rantsoen | 7" | 2¾" | 3¾" | 5½" | 10 " | 2¾" | 1 " | 1 " | 11 " | 14 " | |
| (Verbruik | 7" | 1" | 6¼" | 8½" | 25" | 1" | - | 2¼" | | 7 " | 1. 7. 6d. |
| 31.(Rantsoen | 9" | 3¾" | 4¾" | 7½" | 13" | 3½" | 1½" | 1½" | 14" | 14 " | |
| (Verbruik | 4" | 1¾" | 9 " | 7¼" | 25" | 1 " | - | 2 " | | 14 " | 1. 2 4d. |
| 32.(Rantsoen | 8" | 4" | 4 " | 8" | 12" | 3 " | 2 " | 2" | 12" | - | |
| (Verbruik | 4" | | 9 " | 3" | 25" | 1½" | - | 1¾" | | 14 " | 19. 9d. |
| 33.(Rantsoen | 7" | 2¾" | 3¾" | 5½" | 9" | 2¼" | 1 " | 1 " | 10" | 14 " | |
| (Verbruik | 6" | - | 7½" | 3 " | 12½" | 1 " | - | 1½" | | 21 " | 16. 5d. |
| 34.(Rantsoen | 13" | 5¾" | 6¾" | 11½" | 18 " | 4¼" | 4¾" | 2½" | 20 " | 7 " | |
| (Verbruik | 4" | 8" | 10 " | 9 " | 25 " | - | - | 2⅝" | | 21 " | 1. 3. 5d. |

© University of Pretoria

| | Vleis | droë ertjies boontjies. | suiker. | mielie-meel. | Boermeel. | Botter en vet. | Melkpoeier | Tee koffie. | Groente. | Melk. | Verbruikskoste. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 35. (Rantsoen | 4lbs | 2lbs | 2lbs | 4lbs | 6lbs | 1½lbs | 1lbs | lbs | 6lbs | - | £.s. d. |
| (Verbruik | 4" | ½" | 5" | 2" | 12½" | 1" | - | 1¾" | | 14pte. | -.16.10d. |
| 36. (Rantsoen | 15" | 6¼" | 7½" | 12½" | 20" | 4¾" | 2½" | 2½" | 23 " | 21" | |
| (Verbruik | 5" | ¾" | 11½" | 6 " | 50" | 1 " | - | 2½" | | 21" | 1. 8. 6d. |
| 37. (Rantsoen | 10" | 4" | 5" | 8" | 13" | 3½" | 1½" | 1⅓" | 16 " | 21" | |
| (Verbruik | 4" | 2" | 8" | 7" | 18" | 1 " | - | 2 " | | 21" | 1. 4.11d. |
| 38. (Rantsoen | 9" | 3¾" | 4¾" | 7½" | 13lbs | 4½" | 1½" | 1½" | 14 " | 14" | |
| (Verbruik | 4" | - | 9 " | ¾" | 25" | 1 " | - | 2½" | | 14" | 1. 1. 2d. |
| 39. (Rantsoen | 5" | 2½" | 3 " | 5" | 8 " | 2 " | 1 " | 1 " | 12 " | 7" | |
| (Verbruik | 5" | 3½" | 9 " | 5" | 25" | - | - | 1¼" | | 5" | 1.10. 2d. |
| 40. (Verbruik | 4" | - | 5" | ¾ " | 8 " | 1 " | - | ⅞ " | | 7" | 12.7d. |
| (Rantsoen | 4" | 2 " | 2" | 4" | 6 " | 1½" | 1 " | 1 " | 6 " | - | |
| 41. (Verbruik | 4" | 1 " | 7" | 7 " | 25" | 1 " | - | 2⅛" | - | 21" | 1. 2. 6d. |
| (Rantsoen | 12" | 5" | 6¼" | 10 " | 17" | 4½" | 2 " | 2" | 16 " | 21" | |
| 42. (Rantsoen | 8" | 3 " | 4¼" | 6 " | 11" | 3" | 1 " | 1" | 13 " | 21 " | |
| (Verbruik | 4" | 3 " | 9 " | 10½" | 25" | [illegible] | [illegible] | 1" | | 14" | 1. 5. 2d. |
| 43. (Rantsoen | 4" | 2 " | 2" | 4 " | 6 " | 1½" | 1 " | 1 " | 6 " | - | |
| (Verbruik | 4" | - | 8" | 3½" | 12½" | 1 " | - | 1⅛" | | 14" | 16. 6d. |
| 44. (Rantsoen | 6" | 2½" | 3" | 5" | 8 " | 2½" | 1 " | 1 " | 9 " | 7" | |
| (Verbruik | 2" | 2 " | 5 " | 2 " | 12" | 1 " | - | 2 " | | 7" | 12. 2d. |
| 45. (Rantsoen | 8" | 2¾" | 4" | 8 " | 11" | 2¾" | 1½" | 1½" | 13 " | 14" | |
| (Verbruik | 4" | - | 9 " | - | 25" | 2 " | - | 2¼" | | 21" | 1. 3. 8d. |
| 46. (Rantsoen | 17" | 7¼" | 8½" | 14½" | 23" | 6¼" | 3 " | 3 " | 26 " | 21" | |
| (Verbruik | 9" | 3 " | 11" | 8½" | 50" | 1½" | - | 3¼" | | 28" | 1.14. 2d. |
| 47. (Rantsoen | 8" | 3½" | 4" | 7 " | 11" | 3 " | 1½" | 1½" | 12" | 7" | |
| (Verbruik | 5" | - | 10" | 6 " | 25" | - | - | 2¾" | | 21" | 1. 5. 1d. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | Vleis | droë ertjies boon-tjies. | sui-ker. | mie-lie-meel. | Boer-meel |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 48. | (Rantsoen | 9lbs | 3¾lbs | 4¾lbs | 7½lbs | 13lbs |
| | (Verbruik | 3 " | 2 " | 10 " | 6 " | 25" |
| 49. | (Rantsoen | 9 " | 3¼" | 3½" | 6½" | 11" |
| | (Verbruik | 5 " | 2½" | 9 " | 6 " | 25" |
| 50. | (Rantsoen | 14" | 5½" | 7¼" | 11" | 19" |
| | (Verbruik | 6" | - | 9 " | 4 " | 25" |
| 51. | (Rantsoen | 10" | 4½" | 5" | 9 " | 14" |
| | (Verbruik | 6" | 2 " | 11½" | 3 " | 25" |
| 52. | (Rantsoen | 4" | 2 " | 2 " | 4 " | 6 " |
| | (Verbruik | 6" | ½" | 2½" | 1½" | 10" |
| 53. | (Rantsoen | 9 " | 3¾" | 4¾" | 7½" | 3 " |
| | (Verbruik | 5 " | | 10¼" | - | 12½" |
| 54. | (Rantsoen | 11 " | 4¾" | 5¾" | 9½" | 16 " |
| | (Verbruik | 3 " | 2½" | 8 " | 7½" | 37½" |
| 55. | (Rantsoen | 12" | 4½" | 6¼" | 9 " | 16 " |
| | (Verbruik | 6" | - | 10" | 10" | 33½" |
| 56. | (Rantsoen | 4" | 2" | 2" | 4 " | 6 " |
| | (Verbruik | 4 " | | 6¾" | ½ " | 12½" |
| 57. | (Rantsoen | 8 " | 3" | 4" | 6 " | 10" |
| | (Verbruik | 2 " | | 7½" | 4 " | 12½" |
| | Tot. | 235½" | 69¾" | 455¾" | 244½" | 1151¼" |
| | Gemiddelde | 4.1lbs | 1.2lbs | 8.0 " | 4.3 " | 20.2" |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Botter en vet | Melkpoeier | Tee koffie | Groente | Melk | Verbruiskoste. |
|---|---|---|---|---|---|
| 3½lbs | 1½lbs | 1½lbs | 14lbs | 14pte. | |
| 1 " | - | 1⅝" | | 14 " | 1. 0.10d. |
| 3¼" | 1/2" | 1 " | 14" | 21 " | |
| 1 " | - | 3 " | | 8 " | 1. 3. 4d. |
| 5¼" | 2 " | 2 " | 22" | 28 " | |
| 1½" | - | 2⅝" | | 2 " | 1. 4. 6d. |
| 3¾" | 2 " | 2 " | 15" | 7 " | |
| 2 " | - | 2¼" | - | 21 " | 1.10. 3d. |
| 1½" | 1 " | 1 " | 6 " | - | |
| 1 " | - | 2¼" | | 14 " | 17. 2d. |
| 3½" | 1½" | 1½" | 14" | 14 " | |
| 1 " | - | 1⅛" | | 7 " | 17. 2d. |
| 4¼" | 2 " | 2 " | 17" | 14 " | |
| ¼" | - | 2 " | | 14 " | 1. 3.11d. |
| 4½" | 1½" | 1½" | 19" | 28 " | |
| 1 " | - | 3¾" | | 21 " | 1.13.10d. |
| 1½" | 1 " | 1 " | 6 " | - | |
| 1 " | - | 1½" | | 14 " | 15. 0d. |
| 3 " | 1 " | 1 " | 12" | 14 " | |
| 1 " | - | 1¼" | | 14 " | 12. 5d. |
| 63½" | - | 110½" | | 811 " | 59.14. 5d. |
| 1.1" | - | 1.9 " | | 14 2" | 1. 0.11d. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oor die algemeen kan gesê word dat die voedselposisie van die nedersetters nie swak is nie. Hoewel daar te min van sekere soorte is, word die nodige voedselsoorte min of meer almal vervat in hul daaglikse ete. Die belangrike rol wat suiker, koffie en brood speel, moet gesien word in die lig van die voedsel waaraan hierdie gesinne gewoond was.

'n Ander nadelige faktor is die manier waarop voedsel deur gesinne in die algemeen voorberei word. Behoorlike maaltye op vasgestelde tye ontbreek nog. Feit bly egter dat op die nedersetting en onder die invloed van die algemene toesig die toestand by baie gesinne verbeter het.

Die posisie by die mindergegoedes wat buitekant die nedersetting woonagtig is, is by ver nie so bevredigend nie.

Gedurende 1948 het die mediese beampte in bevel van die Gesondheidsentrum op Knysna 'n ondersoek ingestel na die voedings- en gesondheidstoestande van ses gesinne op Veldmanspad. Hierdie gesinne bevind hulle in die hartjie van die grootbos naby Knysna en hulle woon op bosgrond wat behoort aan 'n partikuliere boseienaar. Die gemiddelde maandelikse inkomste stem met dié van plantasiewerkers in diens van die Departement van Bosbou ooreen. Die behuising laat ook veel te wense oor, dog die tuingronde is van die vrugbaarste in die hele streek omdat dit bosgrond is. Dit is goed beskut en die reënval is groter en gereelder. Kortom, hul sosiaal-ekonomiese toestand kom ooreen met dié van die probleemvormende gemeenskap in die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bosstreek. Die mediese beampte laat hom as volg uit :

"Most of the people of Veldmanspad have excellent gardens producing a variety of vegetables mainly during the period November to April. With more skill in gardening it should be possible to grow vegetables all the year round as the rainfall is high and there is no frost. The soil is deficient in most mineral salts, but in spite of this vegetables grow easily. From past analyses it is known that the soil is acid and deficient in calcium and phosporus. Recent analysis also indicate a deficiency in mangenese.

"Livestock do badly in the forest area. Certain people keep poultry many keep a pig and a few own miserable cows which give very little milk.

"Health conditions are not particularly good, though certainly not as bad as has been stated by a number of investigators in the past. The teeth of the people are carious at an early age and many young adults are edentulous. During the last two years the state has provided artificial dentures at a nominal fee, or entirely free, to the people in the Knysna area. This has led to an improvement in health, although naturally the old cases of dyspepsia still remain. Chest complaints such as asthma are fairly common at Veldtmanspad. The head of one family has pulmonary tuberculosis with a positive sputum, while his brother also has chest disease, not proved as yet to be tuberculosis.

© University of Pretoria

Most of the children have intestinal worms. From actual haemoglobin estimations marked aneamia is not as common as would appear from the pale complexion of the people. Large families are common, resulting in the usual varicose veins and genito-urinary troubles amongst the women. Obvious signs of malnutrition, apart from cheilosis, a few causes of angular stematitis and rough skins are uncommon. No cases of rickets were seen."(8)

'n Verband wat hierdie ondersoeker vasstel tussen die voedingstoestand en die resultate van mediese ondersoeke laat hom die volgende opmerkings maak :

"(a) In general the diets are low in fat, calcium and riboflavin.

(b) The common diseases of the people are: slight anaemia, intestinal worms and early signs of ariboflavinous and possibly of other B vitamins.

(c) Dietary iron intakes are apparently satisfactory.

(d) Expenditure per head per week varies from 3/5 to 20/4 on food."(9)

'n Distriksgeneesheer wat vroeër in die bosstreek diens gedoen het, het aan die skrywer die volgende opmerkings gemaak wat hy op sy ondervinding gegrond het :

---

(8) H. le Riche : A Note on the diet and health of European Woodcutters of Veldmanspad. Knysna, 1949, p.2.

(9) H. le Riche : t.a.p., p.13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Die gebrek aan anorganiese soute in die grond is die oorsaak van 'n swak beengehalte. Die gebrek aan jodium was in die verlede die oorsaak van baie skildkliervergroting omdat in die verlede uitsluitlik voedsel geëet is wat van hierdie streek afkomstig was. Natuurlike gebreke mag moontlik die oorsaak wees van 'n swak beengehalte en 'n verswakte spierstelsel. Melk wat gewoonlik 'n konstante soutgehalte het, word deur die grootste gros nie verbruik nie.

„Die water wat gebruik word, is blootgestel aan besmetting. Die water wat vir menslike gebruik beskikbaar is, is opgevangde reënwater of strome wat oor die oppervlakte vloei. Deurdat mense in lokaliteite konsentreer is, kan hierdie water as gevolg van swak sanitasie besmet word.

„Daar is geen behoorlike toesig oor voedsel in die distrikte nie en maselagtige vleis mag versprei word. Daar is oor die algemeen 'n gebrek aan kennis om die voedsel behoorlik voor te berei.

„Die gesondheid van die bewoners word benadeel deur die plakkerstelsel waardeur tydelike huise van hout, sooie en sink permanent bewoon word. Hierdie huise is oorbewoon, het 'n swak ventilasie en is dikwels in klam dele opgerig. Onder hierdie plakkersgemeenskappe is Veldmanspad, Ou Plaas, Soutrivier en die omgewing van Plettenbergbaai die swakste. Die tipiese kwale onder hierdie mense is longkwale, maagkwale en rumatiekagtigheid. Die oorsake word gewyt aan slegte

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voeding, slegte behuising en onkunde i.v.m. gesonde lewensgewoontes. Huidsiektes soos velsere en jeuksiekte asook ingewandswurms onder kinders kom dikwels voor. Swak voeding en besmette water is die hoofoorsake hiervan. Die agtereenvolgende swangerskappe en borsvoeding ruïneer die gesondheid van die vrouens. Onvoldoende gekwalifiseerde verpleegsters en opgeleide vroedvroue is 'n groot gebrek. Gevalle kom voor waar kleurlingvroue blanke vroue behulpsaam is. 'n Neurotiese toestand het ontwikkel waarvolgens die arm tipe sy swakhede versteek agter sy siektetoestand en die houding inneem dat hy „beseer" is deur die samelewing."(10)

Op Karatara-nedersetting is daar 62 kinders deur 'n mediese beampte ondersoek. Vir sover dit die voeding betref, was die bevinding dat dit in 19 gevalle goed was, by 35 redelik en by 8 swak. By 23 was die tande goed, by 20 was dit redelik en by 19 was dit swak. Die toestande van die vel was by 47 normaal, by 8 gevalle was daar 'n grofheid en by 7 was daar velaandoenings soos velsere, jeuksiekte e.d.m.(11)

Die gewigte is geneem van 29 kinders op Karatara met ouderdomme wat wissel tussen 8 en 12 jaar. 'n Vergelyking van hierdie gewigte met die gemiddeldes vir die Unie, vind ons in tabel XLVII.

---

(10) Besonderhede verstrek aan skrywer deur 'n distriksgeneesheer.
(11) Besonderhede verkry van die Mediese beampte op Karatara.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabel XLVII.

Gemiddelde gewig in 1b vir Kinders van Unie en individuele gewigte vir kinders op Karatara. (12)

| Oud. | Geslag. | Gemid. vir Unie | Karatarase Kinders (Gevalle) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 8 | Seuns | 56.63 | 46 | 38 | - | - | - |
| 9 | | 62.08 | 53 | - | - | - | - |
| 10 | | 67.81 | 50 | 63 | 65 | 66 | - |
| 11 | | 74.21 | 60 | 64 | - | - | - |
| 12 | | 81.22 | 88 | 72 | - | - | - |
| 8 | Dogters | 55.43 | 40 | 50 | 68 | 48 | - |
| 9 | | 61.42 | 45 | 58 | - | - | - |
| 10 | | 67.92 | 58 | 52 | 58 | - | - |
| 11 | | 76.51 | 78 | 53 | 74 | 106 | - |
| 12 | | 86.72 | 58 | 74 | 78 | 90 | 72 |

Tabel XLVIII illustreer die lengtes:(12)

Tabel XLVIII.

Gemiddelde lengte in duime vir kinders van die Unie en individuele kinders op Karatara.

| Oud. | Geslag. | Gemid. vir Unie. | Karatarase kinders (Gevalle) | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 8 | Seuns | 50.39 | 43 | 44 | - | - | - |
| 9 | | 52.34 | 54 | - | - | - | - |
| 10 | | 54.16 | 50 | 53 | 55 | 56 | - |
| 11 | | 56.05 | 53 | 54 | - | - | - |
| 12 | | 57.93 | 56 | 59 | - | - | - |
| 8 | Dogters | 50.03 | 46 | 50 | 52 | - | - |
| 9 | | 52.08 | 49 | 53 | - | - | - |
| 10 | | 54.17 | 51 | 53 | - | - | - |
| 11 | | 56.48 | 53 | 54 | 57 | 58 | - |
| 12 | | 58.89 | 50 | 51 | 55 | 57 | 63 |

(12) Report on the Nutritional Condition of European School Children in the Union of South Africa : Department of Public Health, 26th February 1940, pp. 10, 11.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit die voorafgaande tabelle word getoon — hoewel ons gegewens baie beperk is — dat die lengte en gewig van die kinders van Karatara ver onder die gemiddelde vir die Unie is. Hierdie neiging het dr. le Riche ook in sy gevalle teëgekom, veral wat die groter kinders betref. Hy merk op:

"From these measurements one has the impression that the Veldmanspad children start out well but become somewhat stunted as they grow older. This, however, is merely an impression gained from a few cases."(13)

Daar is baie faktore wat in die een of ander kombinasie 'n rol by die voeding van die mens speel.

"Malnutrition results not only as a consequence of food imbalance but as a result of disease, lack of sleep, over exercise and other indirect factors such as poverty, ignorance and psychological factors."(14)

Omdat armoede 'n belangrike verskynsel by die bestudeerde gemeenskap is, word die vermoede gewek dat die ekonomiese toestand 'n groot rol in die voeding moet speel. Vir hierdie doel is die inkomste van die 57 bestudeerde gesinne ontleed. Onder inkomste is o.a. die volgende ingesluit : toelaes wat gesinne van die Departement van Volkswelsyn ontvang, bydraes deur kinders, verdienste op die nedersetting, ens. Die aantal gesinslede sluit almal in wat uit die totale inkomste van die nodige voorsien moet word.

---

(13) H. le Riche : t.a.p., pp. 11 e.v.
(14) H. le Riche : Physique and Nutrition, S.A. Council for Educational and Social Research Series, No.13, 1940, p.11.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie gegewens word in tabel XLIX weergegee.

Tabel XLIX.

Werklike Verbruikskoste per eenheid in vergelyking met Verbruiksvermoë per eenheid per week ten opsigte van 57 Gesinne. (1947.)

| No. | Gesins-lede. | Inkomste per week £ s d | Vermoë per eenheid per week. £ s d | Verbruikskoste per week. £ s d | Verbruikskoste per eenheid per week £ s d |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 7 | 2.14. 6 | 0. 7. 9 | 1. 3. 9 | 0. 3. 4 |
| 2 | 6 | 1. 7. 0 | 0. 4 .6 | 0.16. 3 | 0. 2. 8 |
| 3 | 7 | 1.14. 6 | 0. 4.11 | 1. 4.11 | 0. 3. 6 |
| 4 | 4 | 2.15. 6 | 0.13.10 | 1. 0. 3 | 0. 5. 0 |
| 5 | 5 | 2. 1. 6 | 0. 8. 3 | 1. 4. 6 | 0. 4.10 |
| 6 | 4 | 1. 8. 6 | 0. 7. 1 | 0. 9. 7 | 0. 2. 4 |
| 7 | 2 | 1.10. 0 | 0.15. 0 | 0.14.11 | 0. 7. 5 |
| 8 | 3 | 1. 2. 6 | 0. 7. 6 | 0.12. 3 | 0. 4. 1 |
| 9 | 4 | 5.14. 3 | 1. 8. 6 | 0.17. 3 | 0. 4. 3 |
| 10 | 4 | 2. 1. 6 | 0.10. 4 | 1.14. 8 | 0. 8. 8 |
| 11 | 3 | 1. 8. 6 | 0. 9. 6 | 0.19. 5 | 0. 6. 5 |
| 12 | 6 | 1. 9. 6 | 0. 4.11 | 1. 1. 1 | 0. 3. 6 |
| 13 | 4 | 2. 1. 0 | 0.10. 3 | 0.16. 1 | 0. 4. 0 |
| 14 | 2 | 1. 2. 6 | 0.11. 3 | 0.12.10 | 0. 6. 5 |
| 15 | 2 | 0.18. 0 | 0. 9. 0 | 0.16. 1 | 0. 8. 0 |
| 16 | 2 | 0.18. 0 | 0. 9. 0 | 0.11. 3 | 0. 5. 7 |
| 17 | 4 | 1. 8. 6 | 0. 7. 1 | 1. 4. 9 | 0. 6. 2 |
| 18 | 2 | 1. 2. 6 | 0.11. 3 | 0.15. 5 | 0. 7. 8 |
| 19 | 4 | 2. 1. 6 | 0.10. 4 | 0.18. 3 | 0. 4. 6 |
| 20 | 5 | 4. 6. 9 | 0.17. 4 | 1.13. 9 | 0. 6. 9 |
| 21 | 2 | 0.18. 0 | 0. 9. 0 | 0.14. 6 | 0. 7. 3 |
| 22 | 8 | 2. 0. 9 | 0. 5. 1 | 1. 0. 7 | 0. 2. 6 |
| 23 | 8 | 2. 4. 6 | 0. 5. 6 | 1. 0. 7 | 0. 2. 6 |
| 24 | 3 | 1. 8. 6 | 0. 9. 6 | 0.18. 8 | 0. 6. 2 |
| 25 | 6 | 2. 5. 8 | 0. 7. 7 | 1.11.11 | 0. 5. 3 |
| 26 | 3 | 1.12. 6 | 0.10.10 | 1. 1. 1 | 0. 7. 0 |
| 27 | 2 | 1. 7. 6 | 0.13. 9 | 0.16. 9 | 0. 8. 4 |
| 28 | 6 | 2. 2. 0 | 0. 7. 0 | 1. 5. 8 | 0. 4. 3 |
| 29 | 3 | 1. 5. 6 | 0. 8. 6 | 0.16. 2 | 0. 5. 4 |
| 30 | 4 | 1. 8. 6 | 0. 7. 1 | 1. 7. 6 | 0. 6.10 |
| 31 | 5 | 2. 3. 3 | 0. 8. 7 | 1. 2. 4 | 0. 4. 5 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | Inkomste per week | | | Vermoë per eenheid per week. | | | Verbruikskoste per week. | | | Verbruikskoste per eenheid per week. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| No. | Gesinslede. | £ | s | d | £ | s | d | £ | s | d | £ | s | d |
| 32 | 4 | 1. | 5. | 6 | 0. | 6. | 4 | 0. | 19. | 9 | 0. | 4. | 11 |
| 33 | 4 | 1. | 16. | 6 | 0. | 9. | 1 | 0. | 16. | 5 | 0. | 4. | 1 |
| 34 | 7 | 2. | 2. | 0 | 0. | 6. | 0 | 1. | 3. | 5 | 0. | 3. | 4 |
| 35 | 2 | 1. | 15. | 6 | 0. | 17. | 9 | 0. | 16. | 10 | 0. | 8. | 5 |
| 36 | 8 | 2. | 5. | 9 | 0. | 5. | 8 | 1. | 8. | 6 | 0. | 3. | 6 |
| 37 | 6 | 2. | 0. | 9 | 0. | 6. | 9 | 1. | 4. | 11 | 0. | 4. | 1 |
| 38 | 5 | 1. | 16. | 6 | 0. | 7. | 3 | 1. | 1. | 2 | 0. | 4. | 3 |
| 39 | 3 | 1. | 8. | 6 | 0. | 9. | 6 | 1. | 10. | 2 | 0. | 10. | 0 |
| 40 | 2 | 1. | 2. | 6 | 0. | 11. | 3 | 0. | 12. | 7 | 0. | 6. | 3 |
| 41 | 7 | 2. | 3. | 3 | 0. | 6. | 2 | 1. | 2. | 6 | 0. | 3. | 2 |
| 42 | 5 | 1. | 11. | 6 | 0. | 6. | 3 | 1. | 5. | 2 | 0. | 5. | 0 |
| 43 | 2 | 1. | 2. | 6 | 0. | 11. | 3 | 0. | 16. | 6 | 0. | 8. | 3 |
| 44 | 3 | 1. | 5. | 6 | 0. | 8. | 6 | 0. | 12. | 2 | 0. | 4. | 0 |
| 45 | 5 | 1. | 15. | 3 | 0. | 7. | 0 | 1. | 3. | 8 | 0. | 4. | 8 |
| 46 | 9 | 4. | 0. | 9 | 0. | 8. | 11 | 1. | 14. | 2 | 0. | 3. | 10 |
| 47 | 4 | 3. | 8. | 6 | 0. | 17. | 1 | 1. | 5. | 1 | 0. | 6. | 3 |
| 48 | 5 | 1. | 16. | 6 | 0. | 7. | 3 | 1. | 0. | 10 | 0. | 4. | 2 |
| 49 | 5 | 2. | 4. | 0 | 0. | 8. | 10 | 1. | 3. | 4 | 0. | 4. | 8 |
| 50 | 8 | 2. | 19. | 6 | 0. | 7. | 5 | 1. | 4. | 6 | 0. | 3. | 0 |
| 51 | 5 | 1. | 16. | 6 | 0. | 7. | 3 | 1. | 10. | 3 | 0. | 6. | 0 |
| 52 | 2 | 1. | 2. | 6 | 0. | 11. | 3 | 0. | 17. | 2 | 0. | 8. | 7 |
| 53 | 5 | 2. | 18. | 9 | 0. | 11. | 9 | 0. | 17. | 2 | 0. | 3. | 5 |
| 54 | 7 | 2. | 4. | 6 | 0. | 6. | 4 | 1. | 3. | 11 | 0. | 3. | 5 |
| 55 | 7 | 2. | 15. | 9 | 0. | 7. | 11 | 1. | 13. | 10 | 0. | 4. | 10 |
| 56 | 2 | 1. | 2. | 6 | 0. | 11. | 3 | 0. | 15. | 0 | 0. | 7. | 6 |
| 57 | 4 | 2. | 11. | 6 | 0. | 12. | 10 | 0. | 12. | 5 | 0. | 3. | 1 |

Die eerste kolom gee die aantal gesinne, die tweede gee die aantal gesinslede. Die geldkolomme gee die totale inkomste per week, die vermoë per eenheid per week, die totale verbruikskoste per week en die werklike verbruikskoste per eenheid per week. Die eerste geldkolom moet dus saam met die derde en die tweede

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet saam met die vierde gelees word.

'n Vergelyking tussen die vermoë per eenheid per week en die werklike verbruikskoste per eenheid per week is hier van die meeste belang. Dit blyk dat die verbruikskoste tussen 2/4 en 10/- per eenheid per week wissel. Dr. le Riche het in sy gevalle gevind dat die weeklikse voedselverbruik tussen 3/5 en 20/4 per eenheid per week wissel. Die bedrag van 20/4 is egter misleidend daar dit betrekking op 'n alleenloper het wat sy hele pensioen aan voedsel bestee.(15)

Dit blyk ook dat die werklike vermoë per eenheid per week tussen 4/6 en £1.8.6 wissel.

Daar bestaan ook nie 'n vaste reël, nl. hoe hoër die vermoë, deste hoër die verbruikskoste per eenheid per week nie. Om dit te illustreer, noem ons gevalle (6) en (39) wat die laagste en hoogste verbruikskoste per eenheid per week onderskeidelik verteenwoordig en gevalle (2) en (9) wat die laagste en hoogste vermoë per eenheid per week onderskeidelik verteenwoordig. Geval (6) het sowat een-derde van sy vermoë bestee; geval (39) het selfs meer as sy vermoë bestee; geval (2) het meer as die helfte van sy vermoë bestee, terwyl geval (9) slegs sowat 'n sewende van sy vermoë bestee het.

Dit blyk ook dat 42 gevalle meer

---

(15) H. le Riche : t.a.p., pp. 12 en 13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as die helfte van hul vermoë aan voedsel bestee. Indien hier koste-items soos huur, water, klere, e.d.m. bygevoeg word, sal die verbruikskoste baie hoër wees. Indien hierdie groep 'n aanduiding van die posisie in die algemeen is, kan besef word dat die ekonomiese faktor 'n groot rol in die voedingstoestand moet speel. Wat op die voeding „bespaar" word, word aan ander huislike noodsaaklikhede bestee en omgekeerd. Ons het hier natuurlik slegs met mense wat staatstoelaes ontvang, te doen, en hul toestand kan bv. nie goed met plantasiewerkers vergelyk word nie.

Die gegewens t.o.v. die 57 gesinne is aan dr. H. le Riche voorgelê en sowel tabel XLX. as die kommentaar is van hom verkry.

Tabel XLX.

Daaglikse Voedselverbruik per eenheid vir 57 Gesinne.

| | Proteïne | Proteïne afkomstig van diere. | Vette | Kalorieë | Kalsium | Yster. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Gem. | 69.92 grm. | 21.6 grm. | 39.16 g rm. | 2274 | 549 m. grm. | 30.3 m.grm. |
| S.D. | ± 24 | 10.08 | ± 15.84 | ± 624 | ± 259 | ± 9.21 |
| S.E. | ± 3.63 | ± 2.91 | ± 2.14 | ± 84.14 | ± 34.91 | ± 1.24 |
| Koëf. van variasie. | 35.34 | 46.65 | 40.44 | 27.45 | 47.18 | 30.4 |

Dr. le Riche maak die volgende kommentaar :

„Veral in die verlede was voedingstoestande in Knysna baie treurig. Die tekort is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vandag nog aan eiwitstowwe en minerale en hoofsaaklik aan die B-groep vitamine. Die tabel, deur le Riche (1949) opgestel op die gegewens van van Rensburg, is uitgewerk per hoof van die bevolking. Onthou moet word dat die syfers slegs gemiddeldes aantoon. As ons 'n standaard van 45 gram eiwitstof neem per hoof van die bevolking, vind ons dat 5 families onder hierdie perk val. Wat kalsium betref, val 8 families onder 'n standaard van ...44 gram, per hoof per dag. Die Karatara-nedersetters kry heelwat meer melk as soortgelyke mense in die distrik. Die gemiddelde melkinname is 3.71 pinte per hoof per week. (S.D. ± 2.06, S.E. ± .28, variasie-koëffisiënt 62.6%). Vleis-inname is gemiddeld 17.5 onse per hoof per week (S.D. ± 7.8, S.E. ± 1.04, en variasie-koëffisiënt is 44.75%).

„Die ysterinname is hoog, 'n groot deel daarvan is afkomstig uit die growwe meel. Witbrood bevat omtrent helfte soveel yster as growwebrood. Al die yster is nie biologies beskikbaar nie, maar die inname is so groot dat daar geen gevaar van 'n ystertekort bestaan nie.

„Wat uitgawe aan kos betref, is die gemiddelde syfer per hoof per week 62.7 pennies (S.D. ±20.8, S.E. ± 2.78, variasie-koëffisiënt 33.17%) in die genoemde Karatara-families."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Samevattend wil ons sê dat alvorens daar nie gegewens oor vergelykbare gemeenskappe in die Unie bestaan nie, dit moeilik is om afleidings i.v.m. siektes en doodsoorsake t.o.v. die bestudeerde gemeenskap te maak. Daar bestaan blykbaar 'n groot behoefte aan psigosomatiese artsenykunde in hierdie streek.

Hoewel die voedseltoestand verbeter het, is daar blykbaar nog 'n tekort aan eiwitstowwe, minerale en aan die B- vitaminegroep.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk IX.

## SLOTBESKOUING.

Die oortuiging word gehuldig dat hierdie verhandeling onvolledig is indien daar nie praktiese wenke, vir sover dit die oplossing van die vraagstuk betref, aan die hand gedoen word nie. Trouens, die insig in die vraagstuk wat deur middel van die ondersoek verwerf is, sou minder betekenis en waarde hê as daar nie uitvoering aan die gemelde vereiste gegee word nie.

In die slotbeskouing word 'n drieërlei taak aangepak. Eerstens, sal getrag word om die vraagstuk kernagtig op te som, sodat daar 'n duidelike beeld voor oë gehou kan word by die bespreking van die tweede en derde take. Tweedens, sal 'n oorsig van die vroeëre beoordeling en benadering van die vraagstuk gegee word.sodat aanknopingspunte vir die derde taak, t.w. 'n toekomsbeleid, verkry kan word.

### 1. DIE PROBLEEM.

In die voorafgaande hoofstukke is getrag om die vraagstuk t.o.v. oud-boswerkers en hul nakomelinge te omskryf en te verklaar. Dit blyk dat die vraagstuk tot stand gekom het ingevolge 'n lang proses van verarming en veragtering. Hoewel die neiging mag ontstaan om die waarneembare verskynsel, t.w. armoede, as die eerste en belangrikste vraagstuk te beskou, is daar so 'n noue verband tussen armoede en agterlikheid dat

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n beklemtoning van die een of die ander 'n eensydige vertolking aan die vraagstuk gee.

Hier het ons met twee aspekte van dieselfde probleem te doen. Terwyl verarming betrekking op die stoflike aspek het, benadruk veragtering die sosiaal-sielkundige sy. Ander verskynsels soos ondertrouing, maatskaplike en bloedvermenging, gesondheids- en voedingstoestande ens. moet as newe-produkte van die wisselwerking tussen armoede en agterlikheid gesien word. Terwyl boswerkers en hul gesinne vir verskeie geslagte slegs armoede ondervind het, het die armoede nie tot die uitwendige beperk gebly nie. Armoede het onuitwisbare spore op die gees van hierdie mense nagelaat. Die uitvloeisel hiervan is agterlikheid in lewenshouding en lewenswyse.

## II. VROEËRE BEOORDELING EN BENADERING VAN DIE VRAAGSTUK.

By die bespreking van die vroeëre beoordeling van die boswerkersvraagstuk en die beleid wat gevolg is, moet in gedagte gehou word dat hierdie bevolkingsgroep deurgaans gesien moet word as 'n deel van die maatskaplik-ekonomiese struktuur van die hele bevolking. Skemas wat tans aan die hand gedoen word, kon immers nie 'n eeu gelede geprobeer gewees het nie omdat enige welsynspoging as 'n produk van 'n bepaalde tyd gesien moet word.

Vervolgens moet die aandag daarop gevestig word dat besonderhede hier buite rekening gelaat word aangesien hierop reeds breedvoerig ingegaan is. Die besondere taak is hier

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dus om die aandag op belangrike beginsels wat aanvaar is, toe te spits.

1. Die Bosstreek bied 'n Oplossing.

Die moontlikheid dat die vraagstuk in die bosstreek self opgelos moet word, is aanvaar. Uitsprake in hierdie verband vind ons o.a. in die bevindings van die Stalsverslag nl.,

„Dat algemene voorligting en ontwikkeling ten grondslag moet lê van die opbou van 'n selfstandige bevolking alhier."(1)

Ter ondersteuning van hierdie beginsel word in 73 aanbevelings(2) wenke aan die hand gedoen.

Die aanbevelings beklemtoon o.m. die volgende :

(a) Voordele vir boswerkers en plantasiewerkers;

(b) die bevordering van landbou in die bosstreek;

(c) die instelling van addisionele padmotordienste;

(d) die stigting van nedersettings vir bosbouwerkers;

(e) die ontwikkeling van houtprodukte;

(f) die ontwikkeling van 'n visnywerheid;

(g) beter onderwysfasiliteite;

(h) beter behuising;

---

(1) „Rapport van 'n komitee oor die Maatskaplike Wantoestande in die George-Knysna-Zitzikamabosstreek" 1935, p.104.
(2) Stalsverslag: pp. 105 - 111.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(i) maatskaplike en gesondheidsdienste;

(j) die stigting van 'n korttermyn-kredietvereniging;

Die „onbeperkte moontlikhede" van die bosstreek vir sover dit sy bewoners betref, is 'n sienswyse wat in die verlede oor en oor uitgespreek is.

In die reisbeskrywing van Janssons gedateer 24 April 1803, wat deur de Jager aangehaal word, word na die Outinikwaland verwys as 'n plek waar 'n „Europese Kolonie" aangelê moet word.

„Het land schynt een uitgebreide grasryke weide, en de grond allervrugbaarst...... Het is waterryk genoeg, en de grote bosschen geven velen hout............." (3)

Soos reeds aangetoon, het die beskouing altyd bestaan dat boswerkers 'n noodsaaklike diens verrig en dat indien hulle tegemoet gekom word, hulle wel 'n bestaan sal kan maak.

Verder is hierdie sienswyse gesterk deur die onwilligheid van hierdie bevolking om die bosstreek te verlaat.

Onder al die gemelde omstandighede was ondersoekers en beoordelaars „verplig" om uitweë in die bosstreek self te soek.

Met hierdie vertolking van die vraagstuk voorop, sal 'n uiteensetting gegee word van skemas wat ingevoer is ter verbetering van

---

(3) De Jager : Gedenkboek van die Gemeente George, 1942, p.2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maatskaplik-ekonomiese toestande rakende die streek in die algemeen en die boswerker in die besonder.

## 2. Bestaan Verbonde aan Boswese.

In 1939 is boswerk as 'n beroep in staatsbosse afgeskaf. Die ontginning van inheemse staatsbosse is tans by plantasiewerk ingeskakel. Boswerk as sodanig val dus weg as 'n beroepsmoontlikheid in hierdie streek. Boswerkers wat in partikuliere bosse werk, vorm 'n baie beskeie aantal en hulle kan dus vir praktiese doeleindes buite rekening gelaat word.

Beroepe wat verbonde is aan boswese sluit dus in, plantasiewerk, werk in saagmeulens en meubelfabrieke. Die loonskale in hierdie beroepe wissel tussen £15 en £30 p.m. In die plantasies in Knysna was daar in 1948, 405 plantasiewerkers (blankes) en 328 nie-blankes. Daar kan by benadering gesê word dat ongeveer 400 blanke werkers betrokke is by die houtnywerheid.

Dat hierdie blanke werkers nie swakker daaraan toe is as spoorwerkers of padwerkers nie, word nie betwyfel nie. Trouens, indien hierdie werkers se posisie met dié van die destydse boswerker vergelyk word, is die verbetering onteenseglik. Die vraag wat egter op ons afgedwing word is : kan plantasiewerk beskou word as 'n prysenswaardige loopbaan? Daar die meeste van die werkers in meubelfabrieke en saagmeulens louter as ongeskoolde fabriekswerkers beskou word, is hul lone ongeveer dieselfde as dié van die plantasiewerkers.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Derhalwe skyn dit ook nie 'n lonende beroep te wees nie.

Vir sover dit die bestryding van armoede betref, kan hierdie loopbaan as aanneemlik beskou word. Die nadele verbonde aan hierdie beroep is dat die proses van opheffing vertraag word omdat die vaskleef aan die streek aangemoedig en bevorder word. Die nadelige uitwerking op die kinders kan dus nie genoeg beklemtoon word nie.

3. Die Landbou.

Vir die afgelope honderd jaar is van tyd tot tyd gewys op die noodsaaklikheid van die beoefening van landbou deur boswerkers om daardeur hul inkomste uit die bosse aan te vul. Vir hierdie doel is persele uitgegee aan boswerkers, 'n stelsel wat — hoewel dit goed bedoel was — vandag 'n vraagstuk op sigself is omdat oud-boswerkers en hul nakomelinge vaskleef aan hierdie persele waarop uiters onbewoonbare krotte staan.

Hierdie sienswyse word ook gelug deur dr. A.D. Luckhoff. Die stadige vordering wyt hy aan die feit dat dit langer as 'n geslag sal vat om boswerkers in tuiniers te omskep. Hy wys nietemin daarop dat daar 'n toename in tuinbou is en loof die uitgee van landbouhoewes as 'n verstandige skema.

Ten spyte van hierdie optimistiese sienswyse kom dieselfde skrywer tot die gevolgtrekking dat, benewens die vleie-streek slegs die some van die bosse vir tuinbou geskik is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"But even this soil cannot be cultivated without a good supply of manure or guano..........

"The sourness and poorness of the soil, and the fact that manure is a luxury which few can afford, easily tend to discourage the woodcutter....... Many woodcutters have simply abandoned the idea of gardening on account of the scarcity of manure." (4)

Hierdie en ander gesaghebbende uitsprake is verantwoordelik vir pogings deur die staat, hoe halfhartig ook al, om die oplossing van die maatskaplik-ekonomiese vraagstukke in hierdie streek deur middel van die landbou te bewerkstellig.

Trots al hierdie pogings het nóg die landbou nóg die veeteelt onder die hand van die boswerker ontwikkel. Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Knysna is geen landboustreek nie. Dit moet hoofsaaklik gewyt word aan die ligging en die gehalte van die grond. Bewyse van die ondoeltreffendheid van boerdery is volop. Byna alle groot grondbesitters het benewens hul boerdery ook ander bronne van inkomste. Word die natuurlike weiding van Knysna vergelyk met dié van Noord-Transvaal, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat 'n kudde in Knysna gereeld op stal gevoer moet word om dieselfde kon-

---

(4) A.D. Luckhoff : Enquiry into the Poor White Question as affecting the Cape Province, 1911, t.a.p., p.18.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

disie as die hoëveldse dier te hê.

Behalwe hierdie natuurlike hindernis is daar ook nog ander faktore wat die moontlikhede van landbou en veeteelt tot 'n minimum reduseer in die proses van rehabilitasie in hierdie streek. Een van die grootste faktore is dat die nakomelinge van boswerkers geen grondbesitters is nie. Dié wat wel grond besit, het sulke klein persele dat landbou en veeteelt op 'n lonende basis nie daarop gedryf kan word nie. Al sou die staat onder 'n voorskotskema sulke persone aan grond help, sal hulle nooit in staat wees om die verbande af te los nie.

Die onpraktiese aspek van grootskaalse boerdery is blykbaar besef want deurgaans word na tuinbou verwys wat op klein stukkies grond beoefen kan word. Hier is egter twee groot probleme, t.w. verafgeleë markte en afwesigheid van waterleiding. Die Knysnase tuinier kan nie op die Kaapstadse mark met die tuinier op die Kaapse vlakte meeding nie. Boonop vereis fyntuin dikwelse en gereëlde water wat nie deur reën verskaf word nie maar slegs deur besproeiing.

Tot sy ontsteltenis moes die Departement van Volkswelsyn uitvind dat die persele van die nedersetters op Karatara nie lonend bewerk kan word omdat daar geen besproeiing is nie. Die Departement was verplig om 'n waterskema — 'n skema wat hy nooit in gedagte gehad het by die aanlê van die nedersetting nie — aan te lê. Dit bestaan uit 'n vyfduimpyplyn van oor die drie myl. Die skema kos by die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

£9,000 en verskaf water aan 128 nedersetters-gesinne.

'n Sterker bewys dat Knysna sonder waterleiding geen groenteproduserende distrik kan wees nie, het ons immers nie nodig nie. Hierby moet in gedagte gehou word dat elke duim grond bemesting nodig het. Die vraag ontstaan of sulke duur waterskemas en bemestingstowwe ooit sal loon om van Knysna 'n groenteproduserende distrik te maak. Dit is interessant om hier te meld dat tamaties wat in Knysna gedurende die wintermaande gekoop word, van die Transvaalse Laeveld afkomstig is. Die klimaat van Knysna wat subtropies is, is seer sekerlik bevorderlik vir hierdie gewas, dog nóg boswerker nóg boer het dit tot dusver geprobeer. Wat wel goed in hierdie streek aard, is bessies („Youngberries").

Die produksie van hierdie gewas is egter afhanklik van die aanvraag by die konfytfabrieke en oorproduksie kan maklik ontstaan.

Daar moet beklemtoon word dat groentesoorte soos patats en artappels hier redelik goed aard. Dit moet as 'n belangrike rede beskou word waarom die boswerkers, ten spyte van hul armoede, nie van honger omgekom het nie.

Wanneer op hierdie bestaansmoontlikheid kritiek uitgeoefen word, word nie voorgegee dat elke gesin, sonder leiwater, nie voldoende groente vir eie gebruik kan kweek nie. Trouens, langs die vleie word pragtige groente in die somer gekweek. Die kritiek gaan hier oor die landbou

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as bestaan „überhaupt". In vergelyking met die ander streke kan hier nie op so 'n groot skaal landbouprodukte verbou word sodat 'n selfstandige bestaan gemaak kan word nie. Sonder leiwater en bemesting kan uit tuinbou nie 'n gereëlde bestaan gemaak word nie, afgesien van die verafgeleë mark.

Wat veeteelt betref, meld die Stalsverslag as volg:

„Die natuurlike weiding in hierdie dele is baie swak gevolglik het veeteelt g'n opgang gemaak nie. Gelukkig egter is dit reeds tot 'n seker mate bewys dat uitheemse grasse goed aard in die deel. Die klimaat en reënval is uiters geskik daarvoor. Dit bring meteens die moontlikheid mee dat suiwelboerdery 'n goeie toekoms in die deel het as op die regte wyse te werk gegaan word. As elke boer byvoorbeeld 'n paar morge grond onder kikuye plant, behoorlik versorg en sistematies laat bewei deur goeie koeie, dan kan dit heelwat bydra tot die plaasinkomste." (5)

Benewens die feit dat hier nie na die verarmde deel verwys word nie, kan daar nie baie waarde aan hierdie sienswyse geheg word nie. Die skrywer het sorgvuldige waarnemings gemaak van die versorging van melkkuddes in hierdie streek. Hierdie kuddes sluit departementele koeie en dié van vier ander eienaars in. In twee gevalle is dit welgestelde boere, in een geval is die eienaar 'n onderwyser en in die ander 'n gemiddelde boer. Die indruk wat die skrywer ge-

---

(5) Stalsverslag: t.a.p., bylae C.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kry het, is dat te veel kapitaal in die vorm van voer belê moet word om die kudde in 'n melk-kondisie te hou. Waar die eienaar oor genoeg kapitaal beskik om die nodige weiding en voer te kweek, mag dit lonend wees. Vir die besit-lose in hierdie streek is dit buite die kwessie. Boonop moet onthou word dat die nakomelinge van boswerkers feitlik geen vee besit nie en weinig kennis van en liefde vir diere het.

Gekoppel aan die voorafgaande vind ons die verskynsel dat die distrik Knysna reeds digbevolk is en dit word betwyfel of 'n groot landboubevolking hier gedra kan word. Uit die jongste gegewens blyk dit dat die blankes per vierkante myl vir vyf distrikte as volg is: Knysna 10.75, George 14.75, Humansdorp 4.39, Oudtshoorn 9.64 en Mosselbaai 11.18.(6)

4. Behuising.

Die ontkenning dat behuising 'n integrerende deel van enige welsynsprogram vorm, beteken die gewisse mislukking van sodanige wel-synspoging. Behuising het voor Unie geen aandag geniet as 'n middel ter verbetering van die toe-stande van die verarmde bevolkingsgroep nie. Wat huise genoem is, was eintlik krotte, hutte en skerms —— 'n louter „beskutting" teen die natuur.

Behuising in hierdie streek, histories gesien, staan in direkte verband met

---

(6) Verkry van die Departement Sensus en Statistiek, Pretoria; die syfers is vir 1946.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die stelsel van okkupasie. Boswerkers het as plakkers op staatsgrond gewoon wetende dat hulle aangesê mag word om die persele te ontruim. Toe persele aan hulle onder die erfpagstelsel uitgereik is, het hulle nóg die vermoëns nóg die begeerte gehad om behoorlike wonings op te rig. Met die opkoms van Knysna het honderde gesinne as plakkers aan die soom en nabyheid van die dorp gewoon. Dit sou beter wees om te sê dat die dorp in die omgewing van plakkers-gemeenskappe ontstaan het — vergelyk Ouplaas en Soutrivier.

Vir sover dit die grootste gedeelte van die minderbevoorregte bevolking betref, is die owerheid vandag nog verplig om 'n enigsins fatalistiese houding in te neem, t.w. daar bestaan geen skema om die saak op te ruim nie.

Die eerste konkrete stap wat in verband met behuising gedoen is, het saamgeval met die skema van die Departement van Bosbou wat die stigting van nedersettings vir plantasie-werkers ingevoer het.

Op die bosbounedersettings het die Departement van Bosbou twee-en-drie-slaapkamer-huisies van sooie, sink en hout met grondvloere opgerig. Hoewel hierdie huisies 'n groot verbetering was op die hutte waarin die bewoners vroeër gewoon het, was hulle tog nie 'n danige faktor om huislike trots te kweek nie.

'n Verbeterde behuisingskema is sedert 1946 deur dieselfde departement begin en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tans vind daar 'n geleidelike sloping van die ou huisies plaas en hulle word vervang deur netjiese baksteengeboue met plafonne en plankvloere. In hierdie wonings kan 'n huislike trots ontwikkel en deugde soos netheid en sindelikheid aangekweek word.

Sedert 1941 is die Departement van Volkswelsyn besig met 'n nedersetting vir totaalongeskikte oud-boswerkers en plantasiewerkers. Daar sal uiteindelik op Karatara 200 sodanige gesinne gehuisves kan word. Ook hierdie onderneming is as behuisingskema 'n groot sukses en strek die betrokke departement tot eer.

Benewens die gemelde staatsondernemings en enkele wonings deur 'n meubelfabriek opgerig, is daar letterlik niks aan behuising gedoen nie. Trouens, die toestande is nog net so swak as wat die Stalskommissie dit gevind het.

Die plattelandse behuising- en rehabilitasieskema wat in 1934 begin is, is ook in hierdie streek geloods, dog eweas in die geval van ander dele was dit ook hier 'n mislukking.

Hier het ons te doen met 'n vraagstuk wat haas onoplosbaar is. Daar is die honderde gesinne in die omgewing van die dorp Knysna, honderde gesinne wat onder die erfpagstelsel val, honderde gesinne wat bywonershuisies bewoon en by die 200 gesinne op die Kerknedersetting naby George — almal gesinne wat onder uiters treurige behuisingstoestande woon.

Die vraag doen hom onwillekeurig voor of dit ekonomies is om 'n grootskeepse

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

poging aan te wend om die behuisingsvraagstuk in hierdie streek op te los. 'n Behuisingskema, indien ekonomies geregverdig, moet rekening hou met die algemene bestaansmoontlikhede in hierdie streek.

Dit sou onekonomies wees om huise te verskaf aan gesinne wat nie deur die plaaslike arbeidsmark absorbeer kan word nie. Boonop sal dit onverstandig wees om behuisingstoestande aantreklik te maak, terwyl die ekonomiese toestande in die streek agterlikheid in die hand werk.

## 5. Die Stigting van Nedersettings.

Soos reeds aangetoon, is sedert 1866 'n beleid gevolg waarvolgens boswerkers op strategiese punte in die bosstreek gelokaliseer is. Die motief was om boswerkers in staat te stel om hul karige verdienste in die bos deur middel van die bewerking van hul persele aan te vul.

Na aanleiding van die verslag wat in 1911 deur ds. Luckhoff uitgebring is, is in 1914 deur die Regering besluit om die plaas Olifantshoek aan die kerkraad van George te skenk op voorwaarde dat dit vir 'n Arbeidskolonie gebruik word. Onder leiding van wyle ds. J.A. Beyers is daar toe deur die kerkraad van George so 'n arbeidskolonie gestig. Hierdie plaas is 1220 morge groot. As gevolg van die skynbare sukses van hierdie skema is daar in 1921 deur die kerkraad besluit om die aan-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grensende plaas Wildernes hoogte, 1039 morge groot, vir dieselfde doel aan te koop. Hoewel die skemas hoofsaaklik bedoel was vir behoeftige boswerkersgesinne, is arm gesinne uit die nabye Karoo ook toegelaat. As gevolg hiervan is armoede as verskynsel in hierdie gebied vergroot.(7)

Die staat het self, deur middel van die Departemente van Arbeid en Bosbou nedersettings gestig. In sy skema van onderstandwerk het die staat twee nedersettings, t.w. Karatara en Bergplaats, in die bosstreek opgerig waar verarmde gesinne 'n heenkome in plantasiewerk kon vind. Hierdie nedersetters was afkomstig van die boswerkersgemeenskap, en van die nabye Karoo. Ook is 'n groot aantal stakers van die Witwatersrandse goudmyne na die nedersetting op Karatara gestuur, dog hulle is almal onverwyld terug na Johannesburg.

Die bosboustasies Karatara en Bergplaats was die middelpunt van die nedersettings en ook was daar op elkeen 'n skool en 'n welsynsbeampte. Op die oomblik bestaan slegs die nedersetting op Bergplaats in die distrik George.

Die behuisingskemas wat tans deur die Departement van Bosbou by die verskillende Bosboustasies opgerig word, het nie die betekenis

---

(7) Die besonderhede wat hier verstrek is, is skriftelik aan skrywer verstrek deur dr. A.D. Luckhoff. Ook moet gemeld word dat arbeidskolonie 'n ander betekenis het as dié wat in die Werk-kolonie wet bedoel word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 'n nedersetting nie maar is slegs bedoel om huisvesting te verskaf aan plantasiewerkers in diens van die Departement van Bosbou.

As integrerende deel van sy beleid om nedersettings op te rig vir arbeidsongeskikte persone en oues van dae, het die Departement van Volkswelsyn in 1941 'n aanvang gemaak met die oprigting van 'n nedersetting op Karatara vir oud-boswerkers en plantasiewerkers wat ongeskik vir die arbeidsmark geraak het.

Met hierdie kort oorsig oor die ontwikkeling van 'n beleid van vestiging van die verarmde gesinne in die bosstreek wil ons volstaan. Voorts sal 'n paar opmerkings oor elk van hierdie ondernemings gemaak word.

Die oogmerk om boswerkers 'n byverdienste te laat ontwikkel deur middel van die erfpagstelsel, was tot 'n mislukking gedoem. Die grootste rede hiervoor is die reeds gemelde feit t.w. dat tuinbou en landbou weinig toekoms in hierdie streek het. Verder was boswerkers onverskillig teenoor hierdie ondernemings. Trouens, dit het geen verskil in hul toestand teweeggebring nie want toe hul as plakkers vryelik in die bosse gewoon het, kon hulle ook tuine aangelê het. Hierdie stelsel van bewoning het selfs nadelige gevolge gehad. Nie alleen het hulle voortgegaan met die oprigting van bouvallige krotte nie maar ook is hulle in dieselfde buurt saamgebring met kleurlingboswerkers. Vandag woon op hierdie persele blankes en kleurlinge deurmekaar.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die mees nadelige verskynsel bestaan egter daarin dat die gesinne nie bereid is om hierdie persele te verlaat nie. Sodra 'n boswerker 'n krot opgerig het op die toegekende perseel, het hy geweier om dit te verlaat. So bv. het daar in 1879 groot ontevredenheid ontstaan toe 'n boswerker geweier het om sy perseel te ontruim vir 'n Britse nedersetter.(8)

Vandag is dit onmoontlik om 'n gesin wat 'n staatspensioen ontvang, te beweeg om na Karatara-nedersetting te gaan waar hy nie alleen beter huisvesting nie, maar ook talle ander voordele sal ontvang. Tans bewoon talle gesinne hierdie persele onder uiters haglike toestande. Sommige het daar opgegroei en hul kinders sal op hul beurt die erfgename van die persele word. Van sowel 'n welsyns- as 'n ekonomiese standpunt was hierdie skema 'n totale mislukking.

Kom ons tot die kerknedersettings op Olifantshoek en Wildernesshoogte dan kan daar net een gevolgtrekking wees nl. dat die skema vanuit 'n welsynstandpunt 'n mislukking is. Hoewel hierdie nedersettings aanvanklik 'n uitkoms vir verarmde gesinne was, het dit hul posisie geensins verbeter nie. Die oogmerk was en is om aan behoeftige gesinne landbouhoewes van 'n aantal morge (drie tot sewe) te verhuur teen sowat £4 per jaar. Die huurders moet hul eie

---

(8) Location of Agricultural Immigrants in the George and Knysna Divisions, Cape Town, (A47 - '82), p.7, e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wonings oprig. Daar is tans sowat 180 gesinne. Daar is twee laerskole en 'n superintendent wie se hooffunksie is om die huurgelde in te samel en persele toe te ken.

Hoewel die grond in hierdie omgewing redelik vrugbaar was omdat groot lappe bosse uitgekap is, is die grond reeds baie uitgeput en het die nedersetters ook te kampe met droogtes aangesien daar geen waterleiding is nie. Benewens 'n paar lofwaardige uitsonderings is die behuisingstoestand baie treurig. Die meeste wonings bestaan uit sink, hout en sooie.

Die algemene ekonomiese toestand is treurig. 'n Groot aantal gesinne ontvang die een of ander vorm van staatshulp. Omdat baie geen bestaan kan maak uit die landbouhoewes nie, werk hulle van tyd tot tyd in die plantasies of in die staatsaagmeule op George. Diegene wat aangewese is op hul hoewes vir 'n bestaan, het sonder uitsondering aansoek gedoen om 'n gesinstoelae omdat hulle inkomste minder as £12 p.m. is. Die meeste het hul inkomste uit die hoewes as sowat £7 per maand opgegee.

Die nadelige gevolg van die metode waarvolgens nedersetters hul eie huise moet oprig, is dat hulle hierdeur die gedagte laat vaar om die nedersetting ooit weer te verlaat. Die nedersetting word aanvaar as 'n permanente verblyfplek. Hierdie sienswyse word nie slegs deur die ouers gehuldig nie maar ook die kinders beskou die woning as 'n erfstuk, die gebruik waarvan benut sal word na die dood van die ouers. Gevolglik

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wend die kinders ook geen poging aan om elders 'n heenkome te vind nie. Uit 'n opname wat die skrywer op hierdie nedersettings gemaak het, het geblyk dat byna die helfte van die jongge-troude pare op die nedersetting gebore is. Die onbeweeglikheid van families in 'n beperkte om-gewing werk ook ondertrouing in die hand.

Die onbeweeglikheid — veral vir sover dit die jeug betref — word deur die beheer aangemoedig in soverre dit toelaatbaar is dat kinders by hul ouers kan aanbly nadat hulle die skool verlaat het. Die gevolg is dat daar talle kinders is wat by hul ouers aanbly. Die seuns wil nie elders gaan werk nie „omdat hulle pa help in die grond werk". Die dogters bly tuis totdat hulle in die huwelik tree, meestal met 'n seun van 'n nedersetter.

'n Verdere leemte in die skema is dat daar benewens die werk wat deur die skool verrig word, geen of weinig welsynsdienste ver-rig word. Welsynsfasiliteite bestaan nie. Besoeke aan gesinne deur welsynwerksters is hoof-saaklik roetinebesoeke i.v.m. die administrasie van departementele pensioenskemas.

Ontleed ons die oorspronklike aan-beveling vir die stigting van hierdie nederset-tings in die lig van die huidige posisie dan is dit duidelik dat die grootste rede vir die aan-beveling uit die versoek van die boswerkers self spruit. Nog nooit het die boswerkers om hulp gevra wat werklik in hul belang was nie.

Die aanbeveling in die verslag tesaam

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


met die redes vir die aanbeveling lui as volg:

"The immediate accommodation on Olifantshoek (demarcated forest reserve in the George division) of either twenty or forty woodcutter families (now resident along the lakes), which are at present squatters on the holdings of the nineteen small proprietors........."

"For years past the people of the Lakes have cast hungry eyes on this farm — portions of which can compare with the finest in the Division for cultivation — and for years their hands have been itching to cultivate its fat soil, yet notwithstanding, the farm has been withheld them and has been lying idle and useless all these years.........

"Best of all is their general desire to quit the Forest altogether and to devote all their energies to the tilling of the soil. If ever woodcutters were obedient to the call 'Quit the forest and till the soil' these people have been."(9)

Hier mag gesê word dat hierdie gemeenskap plakkers was op staatsgrond, plakkers op grond van hul bure en nou is hulle plakkers op kerkgrond. Hulle bly 'n besitlose groep.

Dit is oorbodig om kommentaar te lewer oor die nedersettings onder beheer van die Departement van Bosbou, aangesien hierdie skema feitlik totaal in onbruik geraak het. Ons vol-

(9) Luckhoff-verslag : t.a.p., pp. 6 en 25.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

staan deur te sê dat dit nóg 'n sukses was as behuisingskema — te oordeel na die sinkpondokkies wat opgerig is — nóg 'n sukses vanuit 'n welsynstandpunt aangesien die seuns van plantasiewerkers in die voetspore van hul vaders gevolg het en daar geen deurdagte welsynsbeleid in swang was nie.

Ten slotte, vind ons die nedersetting vir ongeskiktes wat deur die Departement van Volkswelsyn administreer word. Hoewel daar sowat 'n honderd gesinne is, sal die nedersetting by voltooiing sowat twee-honderd gesinne huisves. Hierdie gesinne bewoon goeie departementele wonings huurvry, kry 'n toelae van sowat £8 per maand en kry melk van departementele koeie teen 'n geringe betaling. Boonop kan die mans — indien hul tuine goed bewerk is — nog 2/6 per dag verdien deur strate te skoffel en ander werk op die nedersetting te verrig.

'n Paar gesonde beginsels is op hierdie nedersetting van toepassing, t.w. die nedersetter besef dat hy geen aanspraak op 'n reg het nie maar wel dat dit 'n voorreg is om op die nedersetting te woon. Die kinders van nedersetters mag nie by hul ouers woon nadat hulle skool verlaat het nie. Aan hulle word werk verskaf binne of buite die bosstreek. Uitsonderings word gemaak in gevalle wat hul werk vanuit die ouerhuis kan bereik of wat sieklik is of wat onontbeerlik vir die sorg van sieklike ouers is. Verder het die departement

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n waterskema ontwerp wat voldoende water aan die nedersetting verskaf vir die deeglike bewerking van die persele. Ten slotte moet gemeld word dat die behuising eersterangs is.

Weliswaar moet die feit onder oë gesien word dat die nedersetting bedoel is vir mislukteс —— d.w.s. mense wat gedurende die produktiewe stadium nie in staat was om tot die peil van selfstandigheid te kom nie. Wat die ouers betref, is die nedersetting dus 'n laaste rusplek. Diegene wat voldoende herstel, gaan gewoonlik terug na die plantasie —— die werk wat hulle die beste verstaan. Diegene wat halfgeskik raak, kan oorgeplaas word na 'n nedersetting vir halfgeskiktes. Aangesien laasgenoemde buitekant die bosstreek geleë is, val dit te betwyfel of hulle geneë sal wees om daarheen te gaan.

Vir sover dit die vraagstuk van ongeskiktes betref, raak die nedersetting net ten dele aan die vraagstuk. Daar is talle gesinne wat onder hierdie gunstige omstandighede kan woon, dog onwillig is om hul krotte te verlaat. Om hierdie vraagstuk op meer omvangryke skaal te raak, moet die vryheid van die betrokke gesinne aangetas word.

### 6. Welsyns- en Gesondheid-sentrum.

Daar sal opgemerk word dat die beleid wat gevolg is, hoofsaaklik, indien nie uitsluitend nie, betrekking het op die ekonomiese aspek van die vraagstuk. Weliswaar, is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar verwys na onderwys en godsdienstige bearbeiding, dog hierdie verwysing is meer van 'n roetine-aard as enigiets anders.

Na aanleiding van die Stalsverslag is besef dat die vraagstuk benewens 'n ekonomiese ook 'n maatskaplike en 'n gesondheidsaspek het.

Met hierdie sienswyse in gedagte het die Departement van Volkswelsyn dit goedgedink om op Karatara 'n dubbele diens te verrig, t.w. die stoflike versorging en maatskaplike en gesondheidsorg vir ongeskiktes en hul gesinne. Benewens die nedersetting, d.w.s. wonings en omheinde persele, is daar ook 'n welsyns- en gesondheidsentrum opgerig. Daarin is onder meer voorsiening gemaak vir 'n saal, kantore, hospitaal, spreekkamers, tandheelkundige kliniek ens. Dit sou 'n gesamentlike onderneming wees deur die Departemente van Welsyn en Gesondheid en elke departement sou sy eie personeel voorsien.

Nie alleen sou die nedersetters onder hierdie skema val nie maar ook die bewoners van die omliggende gebied. Wonings is voorsien vir die personeel op die nedersetting. Vir ongeveer twee-en-'n-half jaar het die Departement van Volkswelsyn amptenare op die nedersetting gehad, terwyl daar vir ongeveer een jaar 'n mediese beampte op die nedersetting was.

Die Kaaplandse Departement van Onderwys het 'n ruim moderne skool wat toegerus is met klaskamers vir kookkuns en houtwerk op die nedersetting opgerig.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die Welsyns- en Gesondheidsentrum is aan die begin van 1948 gesluit en tans is die groot gebou feitlik heeltemal in onbruik. Die amptelike rede vir die toestand is dat die twee departemente, veral die departement van Gesondheid, nie die nodige personeel kon vind wat bereid was om op die nedersetting te werk en te woon nie. Boonop het die Departement van Gesondheid sy eie skema van gesondheidsentrums vir sosiale geneeskunde ingevoer. Ook is gevind dat 'n Uniale Departement nie 'n hospitaal in stand kan hou nie aangesien dit die funksie van die Provinsiale Administrasie is.

Besware is ook ingebring teen die ligging van die sentrum. Geografies gesien is die dorp Knysna die middelpunt van die distrik. Vanuit Karatara kan die hele distrik moeiliker bearbei word as vanuit Knysna. Om hierdie rede het die Departement van Gesondheid 'n sentrum in Knysna opgerig ten spyte van die verstandhouding dat Karatara vir die doel gebruik sal word.

Dat 'n sentrum van hierdie aard 'n stap in die regte rigting is, kan nie ontken word nie, maar 'n sentrum sonder meer dra niks tot die bestryding van die vraagstuk by nie.

Uit die voorafgaande blyk dit baie duidelik dat die skema misluk het omdat die nodige samewerking tussen staatsdepartemente nie bestaan het nie. Dit geld egter nie net vir die betrokke twee departemente nie maar ook vir ander departemente wat belang by die vraagstuk het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Ander tekortkoming was die afwesigheid van welsynsfasiliteite. Hoewel die geboue redelik doeltreffend is, was daar geen fasiliteite hoegenaamd om enige welsynsprogram toe te pas nie. Hier was dit die geval van 'n ambagsman wat sonder gereedskap moes werk.

7. Die Onderwys.

In die tydperk voor Unie is vry weinig aandag geskenk aan die doeltreffendheid van die leerplan in die bosstreek. Weliswaar, is onderwys vir boswerkerkinders bepleit, dog daarby is dit gelaat.

In sy verslag in 1911 maak dr. A.D. Luckhoff die volgende aanbevelings:

(1) Die onderwysstelsel moet aangepas word by die behoeftes van die mense; (2) talryke beurse moet toegestaan word aan skrander kinders en hulle moet alle aanmoediging kry om hulle te bekwaam vir ander beroepe; (3) onderwysers moet opgelei word op George en Knysna; (4) kosskole moet opgerig word op Karreedouw om boswerkerkinders te huisves; (5) ambagskole moet opgerig word by Karreedouw of Knysna; (6) seuns moet opleiding kry in landbou en inrigtings vir hierdie doel moet by Robertson vir die westelike provinsie en by Grootfontein (Middelburg) vir die oostelike provinsie opgerig word; (7) wasserye moet vir blanke dogters opgerig word; en (8) inrigtings vir die ontvangs van behoeftige kinders moet vermeerder word.(10)

(10) Luckhoff-verslag: t.a.p., p.29 e.v.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

As gevolg van die bevindings van die Stalsverslag is daar in 1936 'n onderwyskonferensie op Knysna belê waar die volgende besluit is:

„Dat die primêre leerplan vir plattelandse primêre skole so ingerig sal word dat daar meer tyd gewy kan word aan praktiese vakke."(11)

In die praktyk is beoog dat in die leerplan voorsiening gemaak moet word vir landbou en handwerk vir seuns en huishoudkunde en naaldwerk vir dogters. Die grondgedagte was die kweek van 'n liefde vir die bodem en vir diere en die ontwikkeling van 'n skeppingsvermoë by kinders.

Omdat die bosstreek so dig bevolk is, is hierdie deel afgesonder vir 'n paar proefskole. In George is vier plaasskole, in Knysna drie en in Humansdorp vier vir die doel uitgesoek.

In sy verslag vir 1946 verwys die Superintendent-generaal van Onderwys as volg na hande-arbeid in die Kaaplandse skole :

„Ons moeilikheid is egter om 'n plek daarvoor te vind saam met die immer toenemende aantal vakke wat almal meeding om in die leerplan opgeneem te word. Dit is inderdaad 'n stuk —— 'n belangrike stuk —— van die kaleidoskopiese vraagstuk van Onderwysheropbou ..........."(12)

---

(11) Onderwysverslag en Onderwysstatistieke, Kaap die Goeie Hoop, 1938, p.58.
(12) Verslag van die Superintendent-generaal van Onderwys, Kaapland, 1946, p.76.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dat daar 'n mate van sukses behaal is met die proefskole, word nie ontken nie, dog die feit kan nie uit die oog verloor word dat die onderwyser in die eerste en belangrikste instansie aandag moet en sal skenk aan die eksamen vakke.

Beperk ons die bespreking tot die bosstreek, dan moet in gedagte gehou word dat daar met 'n bepaalde sienswyse van die ouer rekening gehou moet word. Die gemiddelde ouer het 'n onontwikkelde begrip van die onderwys. Sy houding is "dat hy nie sy kind skooltoe stuur om vir die onderwyser tuin te maak nie en dat die artikels wat hy in houtwerk maak huistoe gebring moet word." Allig word die kind se mislukking in die eksamen aan die onderwyser se "handwerk" toegedig.

Boonop kan daar in so 'n digbewoonde streek waar families in aanraking met mekaar is, nie uitsonderings gemaak word nie. Die ouer het geen begrip van proefskole nie. Hy wil slegs weet waarom sy kind in die tuin moet werk, terwyl dié van sy broer dit nie hoef te doen nie.

Hoewel hierdie poging sal aandui watter kinders 'n aanleg vir handewerk het, kan hierdie vakke in die leerplan die vraagstuk nie oplos nie. Kinders wat die skool verlaat sonder of met Std VI, het nog seer weinig gebaat by die praktiese onderrig op skool.

Die opvoedkundige vraagstuk in hierdie streek is nie in die laerskool geleë nie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar wel in die opleiding na Std VI.

## III. VOORGESTELDE BELEID.

### 1. Uitgangspunt.

Die welslae waarmee 'n welsynsprogram in die bosstreek deurgevoer kan word, is tot op groot hoogte van die benadering van die vraagstuk afhanklik. 'n Paar grondbeginsels sal in hierdie verband voorop gestel word :

(a) Daar is op gewys dat die boswerkersvraagstuk hoofsaaklik vanuit 'n ekonomiese standpunt benader is. Hierdie aspek, hoewel die belangrikheid daarvan nie geringskat word nie, word tans nog tot so 'n mate beklemtoon dat ander ewe belangrike aspekte feitlik oorskadu word. Om hierdie sienswyse te staaf, word 'n aanduiding van die bedrag wat aan welsyn en gesondheid in Knysna en distrik bestee word, gegee: Onderhoudstoelaes, gesinstoelaes, ongeskiktheidstoelaes, ouderdomspensioene, blindepensioene en oudstryderspensioene aan blankes kos die staat sowat £1,825 per maand. Die toelaes aan nedersetters op Karatara kos sowat £1000 per maand. Aan toelaes alleen word daar sowat £2,825 per maand of £33,900 per jaar uitbetaal.

Gedurende 1946/47 het die Gesondheidsentrum, Knysna, volgens die mediese beampte, £8,587 aan medisyne, salarisse, e.d. gekos.

Die totale koste verbonde aan die nedersetting op Karatara het tot dusver £60,806 beloop waarvan die sentrum alleen meer as £12,000 bedra.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(b) 'n Aspek wat grootliks uit die oog verloor word, is 'n ernstige poging om deur middel van ontsluiting van die verarmde gemeenskap prosesse aan die gang te sit waarvolgens hierdie gemeenskap in die res van die samelewing opgeneem kan word. Dit gaan hier nie om 'n doelbewuste poging om hierdie gemeenskap te laat migreer nie. Dit gaan om 'n verandering in die lewenshouding van hierdie mense. Indien welsynswerk tot sy logiese konsekwensies gevoer word, is dit in aard en wese opvoeding. Derhalwe moet van opvoedingsmetodes gebruik gemaak word om tot 'n oplossing te geraak.

(c) Die vraagstuk moet as 'n geheel gesien en aangepak word. Die vraagstuk in hierdie streek is nie alleen uniek nie maar sy vertakkings raak verskeie staatsdepartemente direk. 'n Onhoudbare toestand bestaan op die oomblik. Verskeie staatsdepartemente het direkte belang by dieselfde gemeenskap en nogtans volg elkeen sy eie beleid sonder gereëlde raadpleging met ander departemente. Nie alleen bemoeilik hierdie toestand die benadering tot die vraagstuk nie maar in velerlei opsig word botsende beleide ten nadele van die betrokke gemeenskap gevolg. Die departemente wat veral belang by hierdie gemeenskap het, is Welsyn, Gesondheid, Bosbou, Onderwys (Uniaal en Provinsiaal). Tensy 'n behoorlike koördinasie tussen hierdie departemente bewerkstellig word, sal die vraagstuk nie sy oplossing nader nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


(d) 'n Welsynsprogram moet nie beperk bly tot staatsdepartemente nie. Die gegoede deel van die gemeenskap moet 'n aandeel daarin hê. Trouens, die stimulerende invloed wat van die gewone omgewing uitgaan, vergemaklik nie alleen die taak nie maar verhoog die prestasie. Uit ondervinding kan verklaar word dat die gegoede deel van die publiek in die bosstreek nie alleen simpatiek staan nie maar volle hulp aan enige welsynspoging sal verleen.

(e) Die verspreiding van die bevolking wat groepsgewys in die bosstreek woonagtig is, moet nie uit die oog verloor word by die toepassing van 'n welsynsprogram nie. 'n Gesentraliseerde diens is buite die kwessie omdat natuurlike hindernisse en die afwesigheid van vervoermiddels dit onmoontlik maak vir die gemeenskap om van 'n gesentraliseerde diens gebruik te maak. Daar moet 'n gedesentraliseerde diens wees wat die dorpe Knysna en George onderskeidelik as hoofkwartiere het.

Dit bly 'n voorwaarde dat die departement van Volkswelsyn vir sover dit die bosstreek betref, 'n unieke beleid moet volg, anders sal hy hier louter 'n hulpbestedende Departement wees in die vorm van pensioene, toelaes en rantsoene.

2. <u>Probleemvormende Gemeenskappe</u>.

(a) <u>Die Plantasiewerkers</u>.

Die plantasiewerkers is in die bosstreek versprei en is woonagtig by en in die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omgewings van die onderskeie bosboustasies. Daar is op die oomblik 14 bosboustasies met 405 plantasiewerkers in die distrik Knysna en vir George is die onderskeie syfers 7 en 290 en vir Humansdorp 6 en 152. Sommige plantasiewerkers woon in departementele huise (hoofsaaklik die ou tipe huis), terwyl andere weer in die omgewing van die bosboustasie in huurhuise of in hul eie huise woon.

Behuising is 'n belangrike vraagstuk vir die plantasiewerkers want sowel die ou tipe departementele huis as huurhuise en eie huise is in die meeste gevalle ongeskik vir menslike bewoning. Tans is die Departement van Bosbou besig om die ou tipe huis te sloop en netjiese baksteenhuise te bou. Indien die ideaal bereik is dat nuwe huise vir alle plantasiewerkers opgerig is, sal die behuisingsvraagstuk opgelos wees.

Daar is egter 'n paar punte van belang in verband met die huidige behuisingskema. In die eerste plek word beoog om hierdie wonings in die onmiddellike omgewing van die Bosboustasie op te rig, omrede die werkers beskikbaar moet wees in geval van 'n bosbrand, ens. Wat betref sekere Bosboustasies is hierteen geen beswaar nie. Daar is egter Bosboustasies wat sowat agt myl van die grootpad af is en diep in die bosse geleë is. Voorbeelde hiervan is Millwood en Gouna. Dit is hier waar die noodsaaklikheid van 'n gesamentlike beleid van departemente van belang is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Departement van Bosbou is in die eerste instansie begaan — en heeltemal begryplik ook — oor die doeltreffende aanplanting van bome en ontginning van bosse. Die welsyn van die plantasiewerkers is uit die aard van die saak van sekondêre belang. Afgesonderdheid was een van die nadelige faktore en deur die oprigting van wonings op sulke geïsoleerde kolle geniet die welsyn van die werker en sy gesin seer seker nie voorrang nie. Boonop is dit nie 'n tydelike behuisingskema nie maar wel 'n permanente skema en ook moet daar spesiaal voorsiening gemaak word vir onderwysgeriewe in hierdie geïsoleerde kolle. Toe skrywer hierdie sy van die saak onder die aandag van 'n verantwoordelike amptenaar gebring het, het hy erken dat hy nie daaroor gedink het nie.

Daar is egter 'n ander aspek wat van belang is in die saamgroepering van klompies plantasiewerkers by die talle bosboustasies, nl. dat daar 'n onnodige verdubbelling van fasiliteite, veral onderwysgeriewe, plaasvind. Hierdie talle klein skooltjies in die bosstreek vorm op sigself 'n vraagstuk. Verder woon gesinne op verafgeleë en versteekte plekke wat moeilik deur mediese en welsynsbeamptes bereik kan word in gevalle waar dringende besoeke nodig is. Die steil paaie deur die bosse is dikwels seepglad sodat hierdie gesinne dan nie besoek kan word nie. Boonop moet in gedagte gehou word dat daar geen openbare vervoer op die bospaaie is nie en ook beskik hierdie gesinne

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


nie oor hul eie vervoer nie. Die patetiese toestand van hierdie „versteekte" gesinne kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Die beginsel wat die Departement van Bosbou in sy behuisingskema moet toepas, is die plasing van werkersgesinne in gesentraliseerde plekke waar van bestaande geriewe gebruik gemaak kan word. Waar sodanige lokaliteite te vér van die werkplek verwyder is, moet die departement vervoer aan sy werkers verskaf. Departementele vervoer sal boonop 'n groot ontevredenheid uitskakel. Talle klagtes bestaan reeds lank dat werkers wat stap of per fiets ry, op pad werk toe natreën. Soms reën dit by hul huise en nie by die bosboustasie nie en dan stry die werker, ten regte of ten onregte, dat dit by sy huis gereën het, ens. ens.

Wat bosbrande betref, kan sodanige werkers ook met die minste tydverlies per vragmotor na die brand vervoer word.

In die tweede plek laat die voeding van die plantasiewerkers wat dikwels vir 'n week lank in die plantasies in skerms woon, veel te wense oor. Die gedagte aan 'n gesamentlike kombuis word nie deur die betrokke amptenare aanbeveel nie omdat hulle hul mense ken wat deurgaans skepties en agterdogtig staan teenoor „nuwe dinge". Ontevredenheid met die kok en die hoë prys van die maaltye sou dan die grootste besware hierteen wees. In hierdie geval — eweas in die geval van die welsyn van hul kinders — moet daar nie te veel raadpleging wees nie. Tans trek die Departement van Bos-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bou 15/- per maand af van hul loon t.o.v. huishuur. Hieroor is daar geen klagte nie want dit is 'n integrerende deel van hul diensvoorwaardes. Indien 'n nominale bedrag afgetrek word vir sê een warm maaltyd per dag, of hulle van die voedsel gebruik maak of nie, sal dit eweëens 'n instelling word waarsonder hulself nie sal kan klaarkom nie. Feit bly dat daar eenstemmigheid bestaan dat die voedsel van hierdie werkers op die oomblik uiters onbevredigend is.

(b) Nedersettings.

In die bosstreek bestaan daar tans drie nedersettings. Een op Karatara (distrik Knysna) onder beheer van die Departement van Volkswelsyn en twee (Olifantshoek en Wilderneshoogte in die distrik George) wat onder die beheer van die kerkraad van George is.

Vir sover dit die departementele nedersetting betref, moet verklaar word dat hier 'n uiters netjiese dorpie met goeie wonings en ander geriewe bestaan. Omdat hierdie nedersetting vir geheel-ongeskikte oud-boswerkers en plantasiewerkers bedoel is, word die vereiste gestel dat hulle geen werk buite die nedersetting mag aanvaar nie, aangesien dit bewys dat hulle nie totaal ongeskik is nie. Sou hulle buite die nedersetting wil gaan werk, moet hulle die nedersetting verlaat.

Geskiktheid en ongeskiktheid vir die arbeidsmark is relatiewe begrippe. Op die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nedersetting is daar tans verskeie „ongeskikte" persone wat werk kan verrig wat ruim net so veeleisend is as dié van die plantasiewerkers. Die aanbou van die waterskema op Karatara het hierdie feit bewys. By die aanbou van hierdie skema het geskikte en ongeskikte dieselfde werk verrig. Kortom, op Karatara is nedersetters wat bereid sal wees om in die plantasie te gaan werk, mits hulle toegelaat word om op die nedersetting aan te bly.

Daar is baie goeie amptelike redes waarom dit nie toegelaat word nie, maar terselfdertyd is 'n uitsondering reeds gemaak deurdat daar wel, volgens 'n ooreenkoms tussen die betrokke departemente, 'n aantal plantasiewerkers is wat in nedersetters-huise woon.

Trouens, die vraag word gestel waarom die staat deur middel van die betrokke departement(e) nie 'n gesamentlike behuisingskema vir sowel nedersetters as plantasiewerkers op sentrale punte oprig nie? 'n Beter onderlinge raadpleging ten einde sorg te dra dat sowel die belange van die Departement van Bosbou as die welsyn van die gemeenskap behartig word, blyk noodsaaklik te wees.

Die argument mag gebruik word dat die regulasies van toepassing op nedersetters nie op plantasiewerkers toegepas kan word nie. Hierdie moeilikheid is oorkomelik aangesien dieselfde regulasies op albei van toepassing kan wees vir sover dit die algemene gedrag op die nedersetting betref. Vir sover dit toelaes be-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tref, is daar regulasies wat niks te doen het met nedersetters as sodanig nie maar wel op almal wat staatshulp ontvang.

Die anomalie wat tans bestaan, is dat op die nedersetting sekere geboue vir ontspanning aangebring is, dog plantasiewerkers wat in die omgewing woon is bevooroordeeld hierteenoor omdat hierdie gebou vir die nedersetters opgerig sou wees maar nie vir hulle nie. Om eksklusiewe gemeenskappe in hierdie streek op te rig, is fataal. Dit bemoeilik die werk van die opvoeder, die mediese beampte en die maatskaplike werkster geweldig.

'n Verdere ongerymdheid is dat daar ongeveer 'n-ander-half myl vanaf die nedersetting 'n behuisingskema opgerig word deur die Departement van Bosbou vir plantasiewerkers.

Die nedersetting op Karatara kan 'n dorpie word waar sowel nedersetters (± 200 gesinne) en plantasiewerkers vir die bosboustasies Karatara en Farleigh (± 100 gesinne) gehuisves is. Daar bestaan reeds duur geboue, en 'n duur waterskema en 'n pragtige moderne skool. Die funksies van die Bosboubeampte kan totaal geskei word van die funksies van die Superintendent. Eersgenoemde het met die gesinshoof te doen as werker, terwyl laasgenoemde te doen het met die welsyn van die hele gesin.

Terloops moet hier gemeld word dat die enigste "Bosbounedersetting" op Bergplaas ook totaal versteek is. Dit sal wenslik wees om by sloping van die huidige huisies, die behuising-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skema in die omgewing van Woodville op te rig.

Vir sover dit die nedersettings van die kerk op Olifantshoek en Wilderneshoogte betref, is dit noodsaaklik — om redes wat alreeds aangevoer is — dat hier 'n radikale verandering moet plaasvind. Die mees gewenste beleid wat hier gevolg kan word, is dat gesinne, waar die broodwinner totaal ongeskik is, oorgeplaas word na die nedersetting op Karatara. Waar broodwinners werksaam is in die plantasies of die staatssaagmeule in George moet hulle oorgeplaas word na behuisingskemas van die departement van Bosbou namate huise beskikbaar word. Diegene wat landbou as loopbaan wil volg, moet oorgeplaas word na nedersettings soos Kakamas of nedersettings onder beheer van die Departement van Lande.

As alternatief kan hierdie twee nedersettings so ingerig word dat hulle ooreenstem met die nedersetting op Karatara volgens die voorgestelde wysiging.

Dit is te betreur dat op hierdie nedersettings talle skoolverlaters teëgekom word wat sogenaamd „boer" of „hul pa in die grond help werk". Die swak behuisingstoestande wat enige poging tot welsynswerk in die kiem smoor, is op sigself 'n voldoende rede om hierdie nedersettings te veroordeel. Mediese beamptes en welsynwerkers kan nie anders as om die versukkelde toestand van baie van die bewoners op te merk nie.

Hoe lofwaardig en hoe moedig die

© University of Pretoria

aanvanklike poging ook al was, die feit bly staan dat hierdie nedersettings in 'n tyd van progressiewe opheffingswerk uitgedien is. Die merkwaardige voorbeeld wat die Departement van Volkswelsyn met die modeldorpie op Karatara gestel het, was 'n rewolusionêre stap in vergelyking met die betreurenswaardige en halfhartige behuisingspogings van die verlede. So moet dit ook wees — veral in die bosstreek. Ons welsynspoging kan toestande nie so laat as waaraan die vertraagde gemeenskap gewoond was nie. Ons kan nie toelaat en toesien dat hierdie gemeenskap onder ons toesig net so leef as 'n paar dekades gelede nie.

(c) Erfpagbewoners en Lewensregbewoners.

Die tyd het aangebreek dat bewoners van erfpaggronde ("Woodcutters localities") stelselmatig op ander plekke gevestig moet word. Aan die some van die bosse vind ons hierdie gemeenskappe — die oorblyfsel van vroeëre rehabilitasiepogings. Verskeie van hierdie gesinne ontvang pensioene of toelaes. Hulle bewoon meestal onbewoonbare krotte en boonop woon daar verskeie kleurlinggesinne. Sommige van hierdie broodwinners is in die plantasies werksaam, andere is weer werksaam by saagmeulens en meubelfabrieke.

Diegene wat staatspensioene ontvang, is onwillig om na die nedersetting op Karatara te gaan. Die een rede hiervoor is dat hulle hul „eiendom" nie wil verlaat nie. Maar die grootste rede is dat hulle hier sonder dissipline

© University of Pretoria

voortbestaan. Hul tuin bewerk hulle nie en hulle gaan en kom wanneer hulle dit goed dink. Die gebrekkige dissipline word ook opgemerk by die kinders op skool. Vertraging op skool en traagheid om die studies na Std VI voort te sit, is resultate van die gebrekkige dissipline en belangstelling tuis.

Die voedingtoestand, as gevolg van die gebrek aan gereëlde melk, groente en vleis en 'n oordeelkundige huishouding, is uiters swak onder hierdie gesinne. Alle pogings tot maatskaplike opheffing in hierdie gebiede word verongeluk as gevolg van die talle negatiewe faktore wat bestry moet word.

Die tyd het ook aangebreek vir optrede in verband met die sogenaamde lewensreggrond. Hierdie grond word tans gebruik deur plakkersgemeenskappe. Van boerdery in die een of ander vorm is daar feitlik geen sprake nie. Baie van hierdie gesinshoofde is pensioentrekkers of plantasiewerkers. Voorsiening vir sodanige gesinne kan gemaak word op nedersettings of op die plantasies. Hier word ook 'n bestaan gevoer waar geen toesig of dissipline uitgeoefen word nie met dieselfde nadelige gevolge vir die opgroeiende kinders.

## 3. Die proses van Ontsluiting.

Daar is reeds op gewys dat die grootste vraagstuk in hierdie streek opvoedkundig in wese en in aard is. Die uitwendig waarneembare verskynsel, t.w. armoede, is tot 'n mate ook wel die simptoom van agterlikheid en 'n afhanklik-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heidsgevoel, hoewel die armoede die agterlikheid in die hand gewerk het. Dit sou dan ook 'n onverstandige stap wees om 'n welsynsplan wat nie die bestryding van 'n grondmoeilikheid ten doel het nie, neer te lê. Groter pensioene, groter aalmoese, groter tegemoetkomings mag die stoflike aspek verlig, dog die opvoedkundige vraagstuk sal toeneem.

Hoewel die onderwys 'n groot faktor in die proses van ontsluiting is, soos aangetoon sal word, word in der waarheid iets meer as net die bybring van kennis bedoel. Die onderwys moet die beroepsveld buite die bosstreek aan die kind ontsluit.

Volledige besonderhede is van die bestemming van 77 dogters wat aan die Huishoudskool, Knysna, verbonde was, verkry. Hoewel hierdie dogters nie almal uit boswerkersfamilies spruit nie, is daar 'n sterk toename in hierdie dogters wat die Huishoudskool besoek.

Uit tabel L1 blyk dit dat die drie belangrikste beroepe winkel- en kantoorklerke, verpleegsters en assistent-matrones is. Sowat 60 persent van die dogters val in hierdie drie beroepsgroepe.

Die opleiding in hierdie verband is veral van belang daar dit die dogters so toerus dat hulle die beroepsveld buite die bosstreek kan betree. In soverre lewer die onderwys 'n direkte bydrae tot die proses van ontsluiting. Enige onderwys- en opleidingstelsel wat slegs die minimum onderwysverplig-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tings nakom, beteken vry weinig vir die deurtastende aanpak van die vraagstuk.

Tabel Ll.

Die Bestemming van Dogters wat die Huishoudskool, Knysna, gedurende 1945, 1946 en 1947 verlaat het.

| Beroep. | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Winkel- en kantoorklerke | 15 | 19.5 |
| Verpleging | 16 | 20.7 |
| Assistent-Matrones | 15 | 19.5 |
| Fabriekswerk | 6 | 7.8 |
| Kafee en Hotelbediendes | 7 | 9.1 |
| Bewaarskoolassistente | 2 | 2.6 |
| Wassery, Hospitaal | 1 | 1.3 |
| Getroud | 9 | 11.7 |
| Handelskool | 5 | 6.5 |
| Oorlede | 1 | 1.3 |
| Totaal.................. | 77 | 100.0 |

(a) Welsynsentrum(s).

Die grootste vereiste wat aan 'n welsynsentrum gestel word, is nie groot en indrukwekkende geboue nie. Dit is die fasiliteite wat aan 'n gebou verbonde is, wat deurslaggewend is. Die sierlike sentrum op Karatara het juis om hierdie rede misluk. Daar was geen fasiliteite en toerusting waarmee bv. 'n werksklas en werkswinkel in stand gehou kon word nie. Daar was geen boeke om 'n biblioteek mee te begin nie. Daar was geen projeksietoestel vir die vertoning van opvoedkundige rolprente nie, of 'n radiogram om gesellige aande mee op te luister nie. Daar was geen toerusting vir 'n kleuterskool nie of

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitrusting vir liggaamsopvoeding nie, of 'n ontspanningsterrein vir buitehuislike spel nie.

Hoewel aanvaar kan word dat hierdie geriewe 'n elementêre voorwaarde is vir 'n maatskaplike sentrum in 'n streek soos hierdie het dit geblyk dat die meeste van hierdie funksies amptelik by ander departemente as Volkswelsyn tuishoort — departemente wat van hierdie onderneming niks weet nie. Twee feite blyk duidelik, t.w. dat duisende ponde bestee is om 'n gebou op te rig maar dat honderde ponde nie bestee kan word om die geboue te gebruik nie. Verder kom die futiliteit van staatsdepartemente wat onafhanklik van mekaar met dieselfde probleme werk aan die lig.

In hierdie streek bestaan die behoefte nie aan één groot welsynsentrum nie maar wel aan 'n aantal klein sentrums. Die verspreiding van die gemeenskap in kleiner groepe maak dit noodsaaklik. Trouens, al wat elkeen van hierdie gemeenskappe nodig het, is 'n saal met 'n paar kleiner vertrekke. Hierdie geboue kan netjies en stewig van hout teen 'n baie geringe koste gemaak word.

'n Mobiele personeel kan met gemak die maatskaplike dienste by die verskillende sentrums lewer. Benewens die maatskaplike of groeps dienste wat met behulp van geskikte plaaslike kragte gelewer kan word, kan dieselfde personeel ook die indiwiduele dienste of gesinsorg verrig. In hierdie streek is dit besonder noodsaaklik dat indiwiduele versorging aan groepsdiens gekoppel

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet wees. Die behoefte van die gemeenskap is groot vir sover dit inligting, voorligting en leiding betref. Hiertoe is die radio, die film en die literatuur die doeltreffendste middels. Maar ook wil hulle deur konkrete voorbeelde ingelig word soos deur handwerksentrums, 'n kleuterskool en gimnastiekafrigting.

Die gesinsorg sluit by hierdie groepsdiens aan en met takt en geduld moet die algemene voorligting in besondere huishoudings toegepas word.

Die groot belangstelling wat daar in die gemeenskap vir die rolprent bestaan, het geblyk tydens 'n toer wat deur die Departement van Unie-onderwys in hierdie streek gereël is. In hierdie verband kan die skool self baie verrig. Tot onlangs het nog net één skool in die landelike streek 'n projeksietoestel gehad.

(b) Die Organisasie.

Dit is 'n onbetwisbare noodsaaklikheid dat daar in hierdie streek 'n behoorlikbeplande masjinerie in werking gestel moet word vir die doeltreffende uitvoering van 'n welsynsplan. Eweas die sentrums moet gedesentraliseerde welsynskomitees gevorm word wat elk tot die plaaslike gebied beperk sal wees. Hierdie komitees moet wye funksies hê sodat al die maatskaplike dienste tuisgebring kan word onder een dak.

By hierdie komitees moet ingesnoer word plaaslike verteenwoordigers van die belanghebbende departemente en die publiek. Hierdie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

komitees moet as hooftaak hê die reëling van funksies wat normaalweg verbonde is aan 'n gemeenskapsentrum. Die gevallewerk moet aan welsynwerkers(sters) oorgelaat word.

Langs hierdie weg sal die nodige ko-ordinasie en doeltreffende werking van bestaande dienste bewerkstellig word.

Die skrywer kan daarvan getuig dat daar nie alleen 'n groot behoefte aan sodanige komitees bestaan nie, maar dat so 'n komitee met groot doeltreffendheid bestaan het, dog weens gebrek aan fasiliteite moes die komitee ontbind.

In hierdie onderneming moet die Departement van Volkswelsyn, deur middel van sy plaaslike verteenwoordiger(s) die voortou neem en ook moet die staat deur middel van sy betrokke departemente vir die nodige fasiliteite voorsiening maak. Indien dit nie gedoen word nie, sal die Departement van Volkswelsyn hier hoogstens 'n hulpbestedende departement bly. Stoflike hulp sonder meer sal 'n nuttelose instrument bly.

(c) Gesins- en Groepsorg.

Die welsynsentrums moet die brandpunt van alle welsynsaktiwiteite in die beperkte gemeenskappe wees. Welsynsdienste en verwante dienste soos onderwys en opvoeding en gesondheid moet deur middel van die welsynsentrum gekoördineer word. Behoorlike koördinasie in welsyns- en verwante dienste sal die ontwerping en toepassing van 'n opvoedingsideaal moontlik

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


maak.

Die groepsorg moet bestaan uit werksaamhede soos werksklasse, werkswinkels, musiek, sang, gesellige byeenkomste, sportbyeenkomste, die rolprent e.d.m. Trouens, opvoeding van volwassenes, in die wydste sin van die woord, moet toegepas word. Dit is gebiedend noodsaaklik dat diegene wat die leiding gee, eenstemmigheid en duidelikheid oor hul doel en strewe moet hê. Voortdurend moet die opvoedingsideaal wat bereken is om die lewenshouding van die mense te verander, voor oë gehou word. Die verbetering van hul houding teenoor die gemeenskap, teenoor mekaar, teenoor hul probleme, teenoor die skool, ens. moet voortdurend die oogmerk van die groepsorg wees. Kortom, voortdurend moet besef word dat die sukses van opheffingswerk van die mate waarin die lewenshouding verander kan word, afhang.

Gesinsorg is en bly die kern van die welsynstaak in die bosstreek. Wat in die groepsorg meer in die algemeen gedoen word, word in die gesinsorg meer indiwidueel en meer intensief gedoen. Hierdie taak moet hoofsaaklik, indien nie uitsluitend nie, deur opgeleide maatskaplike werksters behartig word. Dit is by uitnemendheid 'n vereiste dat die maatskaplike werkster oor kennis en/of opleiding in huishoudkunde sal beskik. Omdat die huishouding in hierdie streek so veel te wense oorlaat, moet haar aandag veral hierop toegespits wees. Die maak van klere vir die kinders, die voorbereiding

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van maaltye, die kweek van deugde soos sindelikheid, netheid en die aanwakkering van estetiese gevoelens moet as belangrike pligte van die maatskaplike werkster beskou word.

Die toestande in talle wonings laat die waarnemer sidder indien aan die onbevoegde hande wat kinders moet versorg, gedink word. Dit is nie 'n leemte wat uit onverskilligheid of moedswilligheid voortspruit nie, maar wel 'n gebrek wat 'n gevolg van die jammerlike agterlike toestande is. Ook hier is dit die taak van die maatskaplike werkster om die lewensbeskouing van elke ouer so te beïnvloed dat hy (sy) 'n spontane bydrae maak. Kortom, die leiding wat gegee word, moet opleiding en opvoeding wees.

(d) Jeugsorg.

Beplande jeugsorg vorm 'n uiters belangrike skakel in 'n welsynsplan vir die bosstreek. Hoewel die samewerking van die ouers noodsaaklik is, is hulle in baie gevalle té oud vir groot veranderings of té sieklik om hulle in nuwe bane te beweeg. Die jeug van die bosstreek, die ouers van môre, is die mense wat die noukeurigste aandag nodig het. In hierdie groot taak kan die skool en die welsynsentrum van onskatbare waarde wees.

Ook hier bestaan dieselfde leemte, t.w. gebrek aan voorligting. Reeds op die laerskool kan baie gedoen word om die jeugdige gees in die regte rigting te beïnvloed. Benewens die voorligting wat deur middel van die leerplan en die rolprent verskaf kan word, kan die jeug

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


ook in aanraking met groot stede soos Kaapstad en Port Elisabeth gebring word. Daar kan vakansies deurgebring word in hierdie stede en die jeug kan sodoende oor nywerhede, fabrieke e.d. ingelig word. Kortom, op 'n vroeë stadium reeds moet hierdie kinders in aanraking gebring word met 'n wêreld wat ruimer, groter en meer vol moontlikhede is as dié een waaraan hulle gewoond is.

Die skrywer is bewus van slegs één sodanige onderneming wat deur 'n onderwyser in die bosstreek aangepak is. Hierdie kinders is per bus geneem na plase in die Gamtoos-vallei.

Daar word verkeerdelik van die standpunt uitgegaan dat die seuns in hierdie streek 'n natuurlike voorliefde vir landbou en veeteelt het. Vandaar dan ook die standpunt dat hulle geleentheid in hierdie rigting moet kry. Hierdie seuns het in landbou net so min belang as wat hulle in klerklike werk het. Die verklaring hiervoor is voor die hand liggend. Hul liefde is vir die bos omdat hulle hul vaders naboots. Nog nooit kon hulle liefde vir diere of plante ontwikkel nie, omdat hulle nog nooit gesien het hoe plante en diere versorg word nie.

Benewens geleenthede wat daar vir seuns in die nabyheid van die bosstreek bestaan, vir sover dit die opleiding in landbou (Riversdal) en in ambag (Oudtshoorn) betref, lê daar in hierdie streek 'n groot veld braak, t.w. die opleiding in die boubedryf. Dit is opvallend

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dat geskoolde ambagsmanne in hierdie streek kleurlinge is. Waar openbare geboue soos skole opgerig word, word daar byna uitsluitend van kleurlinge gebruik gemaak. 'n Groot bou-aannemer het aan skrywer meegedeel dat hy geen blanke arbeid kan kry nie. Seuns wat as vak-leerlinge inskryf, bly eenvoudig weg van hul werk en uiteindelik moet die kontrak kanselleer word. By ondersoek het dit geblyk dat, aangesien hulle as plantasiewerkers in diens geneem kan word wanneer hulle agtien jaar is, laat vaar hulle die vakleerlingskap omdat hulle in die plantasie meer kan verdien. Ook hier moet 'n liefde by die seuns gekweek word vir die boubedryf omdat hulle slegs van hutte en krotte as menslike skuilings kennis dra.

Indien daar ooit 'n behoefte was vir 'n opleidingsentrum in die boubedryf dan is dit in hierdie streek. 'n Gulde geleentheid bied hom tans aan waar sowel die departement van Volkswelsyn as die departement van Bosbou met behuisingskemas besig is. Reeds het hierdie departemente 'n kans verspeel deur nie 'n op-leidingskema (onder die vakleerlingwet) hier van stapel te stuur nie. Instede hiervan gebruik hierdie departemente halfgeskoolde en ongeskoolde-werksmense. Hoewel die staat dus tydelik die werkgewer is, baat hierdie mense nie daarby nie omdat hulle nie die vereistes van die vak-leerlingwet nagekom het nie. Sodra die werk afgehandel is, is hulle werkloos. Hier is 'n geleentheid om tot die proses van ontsluiting

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by te dra.

Die behuisingstoestand in sowel die distrik as in die dorp Knysna laat veel te wense oor. Indien die opleidingsentrum gekoppel kan word aan 'n Munisipale Behuisingskema of dié van 'n Utiliteitsmaatskappy kan 'n groot diens aan hierdie streek bewys word.

Jeugsorg maak die toepassing van strenger dissipline in hierdie streek gebiedend noodsaaklik. Daar behoort 'n algemene strenge ontmoediging by Bosbou te wees om seuns uit daardie omgewing in plantasiediens te neem. 'n Stap in die regte rigting sou wees indien die Departement van Bosbou hul werkers in Bosbouhuise sal belet om hul seuns wat reeds skool verlaat het, te laat inwoon by hulle. Daar is etlike gevalle bekend waar seuns wat na Std VI skool verlaat het, by hul ouers werkloos woon totdat hulle die ouderdom van agtien jaar bereik, sodat hulle ook in plantasiediens kan kom. 'n Stap in die regte rigting sou ook wees indien die Departement van Bosbou die ouderdom van agtien jaar, opskuif na vyf-en-twintig jaar of selfs dertig jaar.

(c) <u>Die Gesondheidsdiens</u>.

Die gesondheidsdiens moet ook by die algemene welsynsplan ingeskakel word, hoewel hierdie departement, eweas die ander geensins van sy eie identiteit afstand behoef te doen nie. Hoewel erken word dat die gesondheidsdiens in 'n belangrike mate 'n bestrydende diens is, met name ten opsigte van aansteeklike siektes (veral

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder kleurlinge), moet daar nie 'n eensydige betekenis aan bestryding geheg word nie. Voorkoming verdien baie groter beklemtoning. Die grootste behoefte van hierdie gemeenskap is, eweas op ander gebiede, om inligting te bekom oor gesonde lewensgewoontes. Hierdie voorligting dek onderwerpe soos voeding, versorging van babas, reinheid e.d.m. Soos reeds vermeld, is 'n groot gros van die pasiënte wat hulle by die dokter aanmeld, slagoffers van neurotiese toestande. Deur middel van die welsynsentrums kan die mediese beamptes met die hulp van die rolprent baie tot die algemene voorligting bydra. Trouens, die nouste samewerking tussen gesondheid en welsyn is in hierdie streek noodsaaklik.

(f) Die Onderwys.

Daar bestaan in sekere kringe 'n wanbegrip in verband met die onderwys. Die sienswyse word gelug dat indien die leerplan verander word, daar 'n groot bydrae tot die oplossing van die vraagstuk gelewer sal word. Daar moet nadruklik verklaar word dat die leerplan op die laerskool met die vraagstuk niks te doen het nie. Om 'n leerplan te ontwerp wat sogenaamd aanpas by die Knysnase kinders het met die vraagstuk niks te doen nie. Die algemene leerplan wat in skole gevolg word, berus op die praktyk en die deskundiges wat met die saak belas is, is voldoende bekwaam om dit van tyd tot tyd in belang van die kind in die algemeen te wysig. Hoofsaak is dat indien die leerplan

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



elders geskik is, dit ook geskik vir die Knysnase kind is. Die invoer van handewerk op die laerskool sal as sodanig nie die vraagstuk oplos nie. Indien sodanige praktiese vakke ingevoer word, moet dit as 'n gewone saak beskou word en nie as 'n buitengewone stap nie.

Daar is egter vraagstukke verbonde aan die landelike skole in Knysna wat van baie meer aktuele belang as die leerplan is.

Die eerste en belangrikste vraagstuk is die groot aantal skooltjies wat 'n paar myl van mekaar verwyder is. 'n Stelsel van oordeelkundige sentralisasie is hier noodsaaklik. In hierdie skema is die nouste samewerking van die Departement van Bosbou wat behoort sorg te dra dat sy werknemers nie in die bosse versteek raak nie, absoluut noodsaaklik. Daar kan byvoorbeeld op Karatara die volgende skole deur middel van vervoer sentraliseer word, t.w. Karatara, Redlands, Kraaibosch en Middelrug. Die skole Sedgefield en Ruigtevlei kan op Elandskraal sentraliseer word. Ook kan Highwayskool met Leeuwbosch geamalgameer word. Die huidige gedesentraliseerde stelsel is 'n ongesonde ontwikkeling wat oogluikend geduld word.

Deur 'n gesonde stelsel van sentralisasie sal hierdie gemeenskap as 'n geheel geweldig baat. So kan daar, waar die getalle dit regverdig, spesiale klasse in gevolge die wet op belemmerde kinders ingestel word. Reeds in die Carnegie-verslag word melding van die hoë persentasie subnormale kinders gemaak en tog be-

© University of Pretoria

staan daar geen voorsiening in die landelike streek vir hierdie kinders nie. Onder die huidige toestande kan geen stap in hierdie rigting gedoen word nie. Die subnormales sukkel voort in dieselfde klasse as die normale kinders.

Verder, sal 'n gesentraliseerde stelsel dit moontlik maak dat daar 'n voltydse opgeleide persoon benoem kan word vir liggaamsopvoeding. Hiervoor bestaan daar 'n baie groot behoefte. Benewens die doseer van liggaamsopvoeding kan daar baie meer aan die verskillende sportsoorte gedoen word. Die gebrek aan georganiseerde sport, soos voetbal en netbal, is 'n tragiese leemte in die landelike skole.

'n Verdere noodsaaklikheid wat ernstige oorweging kan geniet, is die invoer van 'n kadetstelsel by die laerskole in die distrikte. Dissipline is 'n groot faktor in die proses van menslike vorming en veral hier is dit van groot belang.

Deur middel van die gedesentraliseerde maatskaplike sentrums kan verskeie kleuterskole ook in die distrik geopen word. Die vóórskoolse kind behoort veral in hierdie streek nie verwaarloos te word nie. Indien die kind reeds op hierdie vroeë stadium aan opvoedingsinvloede onderwerp word, sal hy baie meer baat by die onderwys vind.

Dit is ook noodsaaklik dat die samewerking van die ouers en hul belangstelling aangemoedig sal word. Hier kan sowel die skool as die welsynsentrum geweldig baie doen om 'n

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meer simpatieke houding by die ouer teenoor die onderwys en opvoeding gaande te maak. Terwyl die agterlike huislike omstandighede en die verkeerde houding van ouers so 'n negatiewe uitwerking op die vordering van die kind het, moet op hierdie aspek konsentreer word.

Die gebrekkige belangstelling by ouers in verband met die opening van die skool in 'n nuwe jaar en by die verwelkoming van 'n nuwe prinsipaal het die skrywer by 'n paar geleenthede baie opgeval. Baie ouers beskou die onderwyser nie as een van hul beste vriende nie; daarom sal hulle ook nie die sake rakende hul kinders openlik met die onderwyser gaan bespreek nie. Die skool is vir hulle nie 'n noodsaaklike instelling in die samelewing nie.

Verskeie skoolfunksies, oueraande, gesellige en sportbyeenkomste is o.a. middels wat aangewend moet word om die belangstelling van die ouer op te wek.

Indien die houding van die ouer teenoor die skool, die onderwys en opvoeding radikaal verander kan word, sal die opvoedingsprobleem in hierdie streek tot op groot hoogte opgelos wees.

Ten slotte moet beklemtoon word dat welsyn, gesondheid en onderwys die kern van 'n welsynsplan wat die ontsluiting van die gemeenskap ten doel het, vorm.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# AANGEHAALDE EN GERAADPLEEGDE WERK.


Annexures to Votes and Proceedings of Parliament. 1880, 1889, 1890, 1906.

Biesheuwel, S : African Intelligence, Institute of Race Relations, Johannesburg, 1943.

Brown, J.C. : Crown Forests at the Cape of Good Hope. London. Simpkin, Marshall & Co., 1887.

Campbell, I.D. : The Danish Folk School. Its Influence in the life of Denmark and the North. New York, 1928.

Conservator of Forests: Annual Report, Cape Town, 1911.

Coetzee, J.H. : Verarming en Oorheersing: Die tweede Trek-reeks, No. XXII, Nas. Pers, Bpk., Bloemfontein, 1942.

Cronjé, G. : Egskeiding en Huweliks- en Gesinsontbinding. 'n Sosiologiese Studie. N.V. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1934.

De Jager, D.M. : Gedenkboek van die Gemeente, George. George 1932.

Den Hollander, A.N.J. : De Landelijke Arme Blanken in het Zuiden der Vereenigde Staten. J.B. Wolters, Groningen 1933.

De Vos Malan-verslag : Report of the Inter-departmental Committee on deviate Children. U.G. 30/1945. Staatsdrukker.

Fick, M.L. : „Vocational Guidance". Verslag van die Nas. Konferensie oor Maatskaplike Werk. Johannesburg, 1936.

Gesondheid, Departement van : Jaarverslag 1945 (U.G. 6-1946).

Gesondheid, Departement van : Jaarverslag, Gesondheidsentrum, Knysna 1947 (Ongepubliseerd).

Grosskopf, J.F.W : Plattelandsverarming en Plaasverlating. Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel I, Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1932.

Jackson-Verslag : Location of Immigrants in the George and Knysna Division. Cape Town (A 47- '82).

Kestell, J.D. : My Nasie in Nood. Die tweede Trekreeks No. III. Nas. Pers Bpk., Bloemfontein, 1941.

King, N.L. : „The Knysna Forests and the Woodcutter Problem". Journal of the S.A. Forestry Ass. No.3, 1939, Pretoria.

Laughton, F.S. : Houtteelt van die Inheemse Houtbosse van die Unie van S.A. Staatsdrukker, Pretoria, 1938.

Le Riche, Harding : A Note on the diet and Health of European Woodcutters of Veldmanspad, Knysna 1948. (Ongepubliseerd.)


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Le Riche, Harding : Physique and Nutrition. S.A . Council for Educational and Social Research Series No. 13, 1940.

Le Vaillant, M : Travels into the interior Parts of Africa by way of the Cape of Good Hope. (1780-1785 London, MDCCXC.

Lichtenstein : Travels in Southern Africa, van Riebeck Society, Cape Town. Vol I, 1928, Vol. II, 1930.

Luckhoff, A.D. : Enquiry into the Poor White Question as affecting the Cape Province, 1911. (ongepubliseerd)

Malherbe, E.G. : Onderwys en die Armblanke. Verslag van die Carnegie-Kommissie. Pro Ecclesia-drukkery. Deel III, Stellenbosch, 1932.

Meyers, G.E. : Principles and Techniques of Vocational Guidance. Mc Grew-Hill Book Co., Inc. New York and London, 1941.

Meyers, G.E. : The Problem of Vocational Guidance. MacMillin, New York, 1927.

Murray, W.A. : Die fysieke toestand van die Armblanke. Verslag van die Carnegie-Kommissie. Deel IV. Pro Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1932.

Nel, B.F. : Druiping by Skoolleerlinge. Voortrekkerpers Bpk. Johannesburg, 1945.

Nel, B.F. : Luiheid by Skoolleerlinge. Voortrekkerpers Bpk. Johannesburg, 1943.

Oedin, S. : De Gemeente Huissen. Proeve eener Sociaal - Geographische Analyse. Imperator. N.V. Lisse, 1946.

Onderwysgaset, Die: Kaap die Goeie Hoop, Deel XLII. No.4, Kaapstad, 21.1.43.

Pauw, S. : Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad. Stellenbosch, 1946.

Phillips, J.F.V : History of the Midlands Forests. Diepwalle, 1923 (ongepubliseerd).

Report of the Departmental forest Commission 1894, with minutes of Proceedings, minutes of evidence and appendices. Cape Town, W.A. Richards and Sons, Govt. Printers (G65 - '94).

Report on the Nutritional Condition of European School Children in the Union of South Africa : Department of Public Health, 26th February 1940. (ongepubliseerd)

Riemersma, R.T. : Sekère Sielkundig opvoedkundige en Maatskaplike aspekte van die Intelligensie Kwosiënt. Pretoria 1944. (ongepubliseerd)

Robbertse, P. M. : Die Verhouding tussen die skoolprestasie en huislike milieu van Laerskoolleerlinge in sover dit Ekonomiese, Beroeps- en strukturele omstandighede van die Gesinne betref. Pretoria, 1946. (ongepubliseerd).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rothmann, M.E. : A Comparison. A Report on certain social and economic conditions in two areas. Leslie County, Kentucky, U.S.A. & Knysna District, S.A. Pretoria, 1940.

Schermerhorn, W : De Boeren in Onze Volksgemeenschap. Van Loghum Slaterus. Arnhem. MCMXXXIV.

Schoeman, H.S. : Skoolverwisseling en Vertraging". Volkswelstand. Jaargang I, Nommer 4, Junie 1940.

Schoeman, H.S. : Die Gedruipte Leerling. Pretoria, 1941 (ongepubliseerd).

Schumann, C.G.W.: Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner. Die tweede Trek-Reeks. Nas. Pers. Bpk. Bloemfontein, 1940.

Sparrman, Andrew : A Voyage to the Cape of Good Hope etc. 1772-1776. Vol. I. Dublin.

Stalsverslag: Rapport van 'n Komitee oor die Maatskaplike Wantoestande in die George-Knysna-Zitzikamabosstreek. 1935 (ongepubliseerd).

Steinmetz, S.R. : Inleiding tot de Sociologie, Haarlem 1931.

Stern, W. : De Puberteitsleeftyd, Groningen, 1935.

S.G.O : Onderwysstatistiek, Departement van Openbare Onderwys. Die Kaap die Goeie Hoop, Kaapstad 1947.

S.G.O : Onderwysverslag en Onderwysstatistieke, Kaap die Goeie Hoop. Kaapstad 1938.

S.G.O : Onderwysverslag, Kaapstad 1947.

Tönnies, Ferdinand: Gemeinschaft und Gesellschaft. Berlin, 1926.

Unie-Jaarboeke: 1911, 1921, 1931, 1936 en 1946.

Van der Merwe, P.J. : Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842). Nas. Pers Bpk. Kaapstad 1938.

Van der Merwe, P.J. : Pioniers van die Dorsland. Nas. Pers Bpk. 1941.

Van der Merwe, P.J. : Trek. Nas. Pers Bpk. Kaapstad, 1945.

Van Wyk, . Het Sierteeltcentrum Boskoop. Kemmink en Zoon, Dompleinz, Utrecht, 1941.

Van Zuylen, H.J. : De Gemeente Herten : Proeve van een Sociaal-Geografiesche Monografie van een Midden-Limburgse Gemeente; J.G. Wolters' Uitgevers-Maatschappij, Groningen, 1940.

Wessel, B.B. : A Ethnic Survey of Woonsocket. The University of Chicago. Press. Chicago. 1931.

© University of Pretoria

Willcocks, R.W. [illegible]giese Verslag. Verslag van die Carneg[illegible]e. Deel II. Pro Ecclesia Drukkery. Stellenbosch, 1932.

Zimmerman and Frampton : Family and Society. a Study of the Sociology of Reconstruction. London. Williams and Norgate, Ltd. 1936.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

EL: No

ONDERSOEKER VOLLEDIGE ADRES

DATUM

| BESONDERHEDE | VADER | MOEDER. |
|---|---|---|
| 1. Volle naam (gee nooiensvan) | | |
| 2. Verwantskap | | |
| 3. Geboortedatum en plek | | |
| 4. Std. Geslaag | | |
| 5. Beroep en Tydperk. | | |
| 6. Vorige Beroepe. | | |
| 7. Datum van huidige Huwelik. | | |
| 8. Huw. bevestiger. | | |
| 9. Vorige Huwelike (gee name van eggenoot(e) en oorsaak van ontbinding. | | |
| 10. Name van ouers en verwantskap. | 1<br>2 | 3<br>4 |
| 11. Name van grootouers en verwantskap. | 5<br>6<br>7<br>8 | 9<br>10<br>11<br>12 |
| 12. Loopbaan (a) Vader.<br>(b) Grootvader. | 1<br>5<br>7 | 3<br>9<br>11 |
| 13. Literatuur. | | |
| 14. Kerk | | |
| 15. Dorpe en stede besoek. | | |
| 16. Verdienste p.m. | | |
| 17. Besittings roerend en onroerend. | | |
| 18. Huurgeld. | | |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## KINDERS :

Getroud: ____________
Ongetroud: ____________
Oorlede: ____________

TOTAAL: ____________

| NAAM. | GEBOORTE DATUM. | SKOOL. | STD. | BEROEP EN PLEK. | LOON | HUW. STAAT. | X ALGE-MEEN |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | |

X Meld kinders van verskillende huwelike asook buite-egtelike of aangenome kinders.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Woning op erfpaggrond wat deur 'n plantasiewerker en sy gesin bewoon word.

'n Oudboswerker en sy vrou wat as bywoners in 'n houthuisie woon. Die heuwels in die agtergrond is naby die kus tussen die Vleie en Knysna.

Ten spyte van hierdie treurige huise weier hierdie oud-boswerker en sy vrou om na die nedersetting op Karatara te gaan.

'n Oud-boswerker en sy vrou wat op erfpaggrond woon.

Die nuwe woning wat tans deur die Departement van Bosbou vir plantasiewerkers opgerig word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Tipiese bywonershuis. Dit word deur 'n oud-boswerker en sy vrou bewoon. Hoewel sy reeds nege maande bedlêend is, weier sy om hospitaal toe te gaan. Let op die watertenk.

'n Plantasiewerkersgesin op Staatsgrond. Hierdie houthuisies kom dikwels onder plantasiewerkers voor.

'n Houthuisie op die Kerknedersetting.

© University of Pretoria

'n 86-jarige oud-boswerker wat saam met 'n ongetroude seun woon. Die seun wat 'n produk van neef en niggie is, ly aan swak oë.

'n Bloedverwantskapshuwelik. Die vader is 68 jaar oud, terwyl sy vrou 28 jaar oud is. Die enigste inkomste is van staatspensioene afkomstig. Let op die vat en tenk.

Leerlinge van Kraaibosch-skool. Die meeste is kinders van plantasiewerkers.

'n Groep plantasiewerkers, Farleigh. Die jeugdige ouderdom van hierdie manne is opvallend. In die agtergrond kan die dennebome gesien word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Drie-slaapkamer-woning op die Nedersetting Karatara deur die Departement van Volkswelsyn opgerig. Huislike deugde word deur so 'n woning moontlik gemaak.

Die Maatskaplike en Gesondheidsentrum, Karatara. Die middelste blok wat vir 400 mense voorsiening maak, is die saal, terwyl die flanke vir 'n kliniek, hospitaal en kantore bedoel is.

'n Gesin op die nedersetting Karatara. Albei ouers is subnormaal en die kinders ly aan ondervoeding. Hulle is vertraag op skool. Die ouers is neef en niggie.

Gesin op die nedersetting. Albei ouers is subnormaal. Die tweede oudste dogter ly aan vallende siekte en moes die skool verlaat. Die oudste dogter is skrander en is op Hoërskool. Die ouers is klein-neef en -niggie.

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vader en seun. Laasgenoemde is die produk van dubbel-neef en -niggiehuwelik en is swaksinnig.

Die tragiese gevolg van maatskaplike en bloedvermenging.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




© University of Pretoria